DEUR
RUAN KLOPPERS



# WETTE VAN DIE BYBLE

*direk van uit die Byble uit*

# VOORWOORD

***Toe ek die eerste keer vir God begin volg het, was ek oorweldig deur die omvang en kompleksiteit van Sy Woord. Ek wou weet hoe om my lewe volgens Sy wil te leef, maar ek het nie geweet waar om te begin nie. Dis toe dat ek die wette van die Bybel begin bestudeer het.***

***Soos ek dieper in die wette gedelf het, het ek besef dat dit nie net 'n stel reëls is om te volg nie, maar 'n weerspieëling van God se karakter en Sy liefde vir ons. Elke wet is gegee om ons te beskerm en ons te lei na 'n lewe van geregtigheid en heiligheid.***

***Hierdie boek is die resultaat van my reis in die bestudering van die wette van die Bybel. Dit is my hoop dat dit sal dien as 'n omvattende gids vir diegene wat, soos ek, poog om hul lewens volgens God se wil te leef.***

***In hierdie boek sal jy 'n gedetailleerde lys van elke wet in die Bybel vind, tesame met die tekste wat dit ondersteun. Alhoewel die wette self aanvanklik skrikwekkend kan lyk, moedig ek jou aan om hulle met 'n oop hart en verstand te benader. Soos jy hulle bestudeer, sal jy begin sien hoe hulle almal met mekaar verbind is en hoe hulle wys na 'n lewe van liefde, deernis en geregtigheid.***

***Ek bid dat hierdie boek 'n waardevolle hulpbron vir jou sal wees op jou reis na 'n lewe wat vir God welgevallig is. Mag dit jou inspireer om Sy wil in alles te soek en om op die pad van geregtigheid te wandel wat Hy ons voorgehou het.***

***Seëninge,***

1 VERANDWOORDELIKHEDE TEENOOR GOD (4)

2 VERANDWOORDELIKHEDE TEENOOR MENS (85)

3 VERANDWOORDELIKHEDE TEENOOR MENS WET (97)

4 VERANDWOORDELIKHEDE TEENOOR SABATWET (116)

5 MISDADE VAN ONMOREALITEIT (133)

6 MOREALE SAKE (151)

7 OUERS EN KINDERS (177)

8 HUWELIK EN EGSKEIDING (187)

9 VERANTWOORDELIKHEDE TEENOOR DIERE (208)

10 VERANTWOORDELIKHEDE TEENOOR WERKGEWER-WERKNEMER (213)

11 VERPLIGTINGE TEEN REGERING (224)

12 WETTE VAN REGERING (229)

13 HEILIGE DAE (233)

14 OFFERGAWES (251)

15 KRIMINELLE WET (278)

16 EIENDOMS WETTE (291)

17 ERFENINS WET (303)

18 GESONDHEIDS WET (309)

19 MILITERE WET (334)

20 PERSOONLIKE EIENDOM (346)

21 VORMS VAN REGERING (376)

22 HIGIENE WET (397)

23 WET PROSEDURE (408)

## 24 TEMPLE DIENS (461)

# 1 VERANDWOORDELIKHEDE TEENOOR GOD

## JY MAG GEEN ANDER GODE VOOR MY AANGESIG HE. (EERSTE GEBOD)

**OT=Eks. 20:2,3;** Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte ,uit die plek van slawerny, bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
**34:14**; Julle mag nie ‘n ander god vereer nie want Ek die Here eis die onverdeelde trou aan My. Daarom noem hulle My : “Die God wat onverdeelde trou eis.”
**Deut. 5:6- 7** Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte uit die plek van slawerny bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie
**6:5** Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hart en siel met al jou krag.
**NT=Matt. 4:10**; Maar Jesus se vir hom:’’ Gaan weg, Satan want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.’’

**22:37-38**;Jesus antwoord hom :" Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod.
**Luk 10:25-27** Daar was ‘n wetgeleerde wat aan Jesus ‘n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en vra :" Meneer wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry? Jesus se vir hom :" Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?" Hy antwoord :" Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand en jou naaste soos jouself.

# ISRAEL SAL NIE DIE AFVALLGIHEID VAN VALSE PROFETE VOLG NIE

**OT=Deut. 13:1-5** Wanneer ‘n profeet of iemand wat drome uitlê by jou kom en vir jou vertel van ‘n teken of ‘n wonder vind plaas soos hy gesê het ,en hy dan op grond daarvan vir jou se;" Kom ons gaan dien ander gode al het jy hulle nie vroeër gedien nie, moet jy nie na hom luister nie. Die Here jou God stel net op die proef om vas te stel of jy Hom lief het met hart en siel. Jy moet getrou

bly aan die Here jou God en Hom eer, jy moet sy gebooie gehoorsaam en na sy bevele luister, jy moet Hom dien en aanhang. Daardie profeet of droomuitlêer moet dood gemaak word, want hy het jou aangehits om in opstand te kom  teen die Here jou God wat jou uit Egipte laat trek het en jou bevry het uit die plek van slawerny. Daardie man wil jou laat optree in stryd met die wil van die Here jou God wat Hy aan jou geopenbaar het. Jy moet hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.

**NT=Matt. 24:5**,Baie sal onder my Naam kom en se ;" Ek is die Christus en hulle sal baie mense mislei.

**23-24**;As iemand in daardie tyd vir julle se : " Kyk hier is die Christus ! of Kyk daar is Hy ! moet julle dit nie glo nie. Daar sal vals Christusse en vals profete na vore kom en hulle sal groot tekens en wonderwerke doen om as dit moontlik was selfs die uitverkorenes te mislei.
**Mark 13:21-23**;As iemand in daardie tyd vir julle se:" Kyk hier is die
Christus ! of Kyk daar is Hy ! moet julle dit nie glo nie. Daar sal vals Christusse en vals profete na vore kom en hulle sal tekens en wonderwerke

doen om as dit moontlik was die uitverkorenes te mislei. Julle moet daarvoor op julle hoede wees. Ek het alles vir julle vooruit gesê.

**Hand 20:29-30** Ek weet dat daar na my vertrek wrede wolwe onder julle sal indring en hulle sal die kudde nie ontsien nie. Ja uit julle eie geledere sal daar mense na vore kom wat met leuens die gelowiges agter hulle aan sal probeer verlei.

**II Kor. 11:13-15**;Sulke mense is vals apostels hulle gaan oneerlik te werk deur voor te gee dat hulle apostels van Christus is geen wonder nie ! Satan self doen hom voor as ‘n engel van die lig. Daarom is dit ook nie snaaks dat sy dienaars hulle voordoen as mense wat die wil van God doen nie. Aan die einde sal hulle kry wat hulle vir hulle dade verdien.

**I Tim.4:1-3**;Die gees se uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van duiwels aanhang. Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is. Hulle verbied mense om te trou en om bepaalde soorte kos te eet.

**6:3-5**;As iemand ‘n ander leer verkondig en nie hou by die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en by die leer van ons godsdiens nie is hy

verwaand en weet hy niks. Hy het ‘n sieklike beheptheid met twisvrae en met stryery oor woorde. Daaruit ontstaan afguns, twis beledigings gemene verdagmakery voortdurende rusie van mense wat verstandelik verward en van die waarheid beroof is. Hulle dink dat die godsdiens iets is om geldelike wins mee te maak.
**II Tim 4:3-4**; want daar sal ‘n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal se wat hulle graag wil hoor. Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend.
**II Pet 2:1-2**;Maar daar was ook vals profete onder die volk en so sal daar ook onder julle vals leraars kom .hulle sal verderflike dwaalleer insmokkel en die Here wat hulle vrygekoop het verloën. So sal hulle hulleself baie gou in die verderf stort. Baie mense sal hulle losbandigheid navolg en deur hulle toedoen sal mense kwaad praat van die weg van die waarheid.
**3:17**; Geliefdes julle weet dit nou vooruit. Wees dus op julle hoede dat julle nie meegesleep word deur die dwaling van beginsellose mense en so van julle eie standvastigheid beroof word nie.
**I Joh. 4:1-3**;Geliefdes moenie enigeen glo wat se

dat hy die Gees van God het nie want daar is nou reeds baie vals profete in die wêreld maar ondersoek elkeen of sy gees van God afkomstig is. Hieraan ken julle die Gees van God : elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het,  het die Gees wat van God afkomstig is. En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. **II Joh. 7** Daar het baie misleiers te voorskyn gekom in die wêreld. Hulle erken nie dat Jesus die Christus is wat mens geword het nie. Dit is wat ek met die misleier die Antichris bedoel.

# ISRAEL WORD VERTEL HOE OM VALSE PROFETE TE ONDERSKEI

**OT=Deut. 18:18-20** ;Ek sal ‘n profeet vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote Hy sal soos jy wees. Ek sal my woorde in sy mond gee, en hy sal vir sy volksgenote alles se wat Ek hom beveel. Ek sal self rekenskap eis van elkeen wat nie gehoorsaam is aan my woorde wat die profeet in My naam se nie. ’n Profeet wat hom dit aanmatig om in my Naam  iets te se wat Ek hom nie beveel het nie, moet sterf. Dit geld ook van ‘n profeet wat in die naam van ander gode praat.;

**NT=Matt. 7:15-20** Pas op vir vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. Kry ‘n mens dan druiwe aan doringstruike of vye aan dissels? Elke goeie boom dra tog goeie vrugte maar ‘n slegte boom dra slegte vrugte. ’n Goeie boom kan tog nie slegte vrugte dra nie en ‘n slegte boom nie goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie word uitgekap en in die vuur gegooi. So sal julle die vals profete dan aan hulle vrugte ken.

# ISRAEL MOET NIE DIE AFVALLIGHEID VAN NAASBESTAANDES VOLG NIE

**OT=Deut. 13:6-10** Dit kan gebeur dat jou broer, jou ma se seun, of jou dogter of jou eie vrou of jou boesemvriend jou in die geheim wil verlei en vir jou se ; ’Kom ons gaan dien ander gode. ’Dit kan gode wees wat jy en jou voorvaders nie geken het nie, gode wat naby is of ver, gode in die een uithoek van die land of in die ander uithoek. Dan mag jy nie voor hom swig en na hom luister nie. Jy mag hom nie verskoon en wegsteek nie. Jy moet hom sonder meer dood maak. Jy moet daarmee

begin en dan moet die volk jou daarin bystaan. Jy moet hom met klippe doodgooi, want hy wou jou verlei om ontrou te word aan die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.

# ISRAEL MOET NIE DIE AFVALLIGHEID VAN DIE MENSE VAN DIE STEDE VOLG NIE

**OT=Deut. 13:12-16** Wanneer jy hoor dat kwaadstokers gekom het in een van die stede wat die Here jou God vir jou sal gee om in te woon, en hulle sy inwoners verlei het deur hulle aan te spoor om vreemde gode te dien waarvan julle nie geweet het nie, moet jy die saak deeglik ondersoek en haarfyn daarna uit vra. As die gerug waar is en die afskuwelike daad wel tussen julle plaasgevind het, moet jy die inwoners van daardie stad sonder meer dood maak. Die stad met alles daarin, selfs sy vee moet as brandoffer vernietig word. Jy moet alles in die stad op die stadsplein bymekaar maak en saam met die stad geheel en al verbrand as ‘n offer aan die Here jou God. Die stad moet vir altyd ‘n puinhoop bly. Dit mag nie weer herbou word nie.

# ISRAEL MOET VREEMDE LEERINGE VERMY

**NT=Gal. 1:6-7**; Dit verbaas my dat julle so gou van God wat julle deur die genade van Christus geroep het, afvallig geword en ‘n ander evangelie aanneem. Daar is geen ander evangelie nie ! Tog is daar mense wat die evangelie van Christus probeer verdraai, en dit is hulle wat vir julle in verwarring bring.

**Heb. 13:9** Moet julle nie meevoer deur allerhande vreemde leringe nie. Die goeie is daarin geleë dat die hart deur genade verstrek word, nie deur eet gebruike nie. Dié wat hulle aan hierdie gebruike gehou het ,het niks daarby gebaat nie.

# ISRAEL MOET VALSE AANBIDDING VERMY

**NT= I Joh. 5:21** Liewe kinders, bly dus weg van die afgode af.

# JY MAG NIE VIR JOU GEEN GESNEDE BEELDE MAAK NIE.

**OT=Eks. 20:4-6**;Jy mag nie vir jou ‘n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek ,die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van die wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van die wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.
**22:20**;Iemand wat aan enige god behalwe aan die Here offer moet om die lewe gebring word.
**34:17** Julle mag nie afgodsbeelde maak nie.
**Lev. 17:7**;Die Israeliete mag nooit weer diere slag vir die veld gode en so aan die Here ontrou wees nie. Hierdie bepaling moet ‘n vaste reël wees vir alle toekomstige geslagte.
**19:4**;Julle mag nie afgode dien nie en julle mag nie vir julle afgodsbeelde maak nie. Ek is die Here julle God.
**26:1**Julle mag vir julle geen gode maak nie. Julle mag geen beelde of klip pilare oprig nie. Julle mag in julle land geen klippe met afbeeldings hê wat deur julle vereer word nie. Ek die Here is julle God.
**Deut. 4:16-19**, Moenie julle eie ondergang soek deur vir julle ‘n afbeelding as afgodsbeeld te maak

nie : nie van ‘n man of ‘n vrou nie,  nie van enige dier op die aarde of van enige voel in die lug nie, nie van enigiets wat op die aarde kruip of van enige vis in die waters onder die aarde nie. Wanneer julle na die hemelruim opkyk die son die maan en die sterre enige hemelliggaam moet julle nie julle hoop op hulle vestig nie. Moet julle nie laat verlei om hulle te vereer en te dien nie. Die Here julle God het hulle toegeken aan al die volke van die aarde.

**5:8-10**;Jy mag nie vir jou ‘n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie want Ek die Here jou God eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag van die wat My haat maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van die wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.

**11:16-17**; Pas op  dat julle nie verlei word om ander gode te gaan dien en vereer nie want dan sal die toorn van die Here teen julle ontvlam en Hy sal dit nie laat reën nie, die aarde sal nie meer sy opbrengs lewer nie en julle sal baie gou verdwyn uit die goeie land wat die Here aan julle gee.

**13:1-3**;Wanner ‘n profeet of iemand wat drome uitlê by jou kom en vir jou vertel van ‘n teken of ‘n wonder en die teken kom uit of die wonder vind plaas soos hy gesê het en hy dan op grond daarvan vir jou se :” Kom ons gaan dien ander gode al het jy hulle vroeër gedien nie moet jy nie na hom luister nie Die Here jou God stel jou net op die proef om vas te stel of jy Hom liefhet met hart en siel

**5-17** Daardie profeet of droomuitlêer moet doodgemaak word want hy het jou aangehits om in opstand te kom teen die Here jou God wat jou uit Egipte laat trek het en jou bevry het uit die plek van slawerny. Daardie man wil jou laat optree in stryd met die wil van die Here jou God wat Hy aan jou geopenbaar het. Jy moet hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.

**NT= I Kor. 10:14**;Daarom my geliefdes moet niks met die afgodsdiens te doen hê nie.

**I Joh. 5:21** Liewe kinders bly dus weg van die afgode af.

# ISRAEL BEVEEL OM NIE NEER TE BUIG OF DIE GODE VAN DIE NASIES TE DIEN NIE.

**OT=Eks 23:24**, Jy mag nie hulle gode aanbid of dien nie. Jy mag nie daardie nasies se gewoontes oorneem nie. Jy moet hulle klip pilare afbreek en stukkend slaan.
**32-33** Jy mag nie met hulle of hulle gode ‘n verdrag sluit nie. Hulle mag nie in jou land woon nie want dan sal hulle jou verlei om teen My te sondig deur hulle gode te dien. Dan sal hulle jou tot ‘n val bring.
**Deut. 6:14**;Jy mag nie ander gode aanhang nie ook nie gode van die volke in jou omgewing nie.
**NT=I Tess. 1:9** Die mense vertel self hoe julle ons ontvang het en hoe julle julle van die afgode tot God bekeer het en nou die lewende en ware God dien.

# ISRAEL NIE TE OFFER AAN DUIWELS OF HEIDENSE GODE

**OT=Lev. 17:7**; Die Israeliete mag nooit weer diere slag vir die veld gode en so aan die Here ontrou wees nie. Hierdie bepaling moet ‘n vaste reël wees

vir alle toekomstige geslagte.

# ISRAEL MOET AL DIE HEIDENSE TEMPELS VERNIETIG

**OT=Eks. 34:12-13**; Moenie ‘n verdrag sluit met die inwoners van die land waarheen julle gaan nie. Hulle sal julle tot ‘n val bring. Nee, vernietig hulle altare, breek hulle klippilare af en kap hulle, gewyde pale stukkend.
**Deut. 7:5**,Maar wat jy met die nasies moet doen is dit :’’ breek hulle altare af breek hulle klippilare stukkend kap hulle gewyde pale in stukkies en verbrand hulle afgodsbeelde.
**25-26**;Jy moet hulle afgodsbeeld verbrand. Moenie die silwer en goud wat aan die beelde is begeer en vir jou vat nie .Jy kan daar deur in ‘n valstrik trap: die afgodsbeelde is afskuwelike goed in die oë van die Here jou God.
**12:2-3** Vernietig elke plek waar die nasies vir wie julle gaan verdryf hulle gode gedien het op hoe berge, op heuwels en onder elke groen boom . Breek hulle altare af breek hulle klippilare stukkend verbrand hulle gewyde pale vernietig hulle afgodsbeelde en verwyder elke teken van hulle bestaan uit die land uit.

# OFFER VAN KINDERS AAN VALSE GODE VERBODE VIR DIE ISRAELIETE

**OT=Lev. 18:21**; Jy mag nie een van jou kinders wy aan Molek en so die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die Here.
**20:2-5**;Se vir die Israeliete; Elke Israeliet en vreemdeling in Israel wat sy kind aan  Molek wy moet met die dood gestraf word: die burgers moet hom met klippe dood gooi anders sal Ek self teen so iemand optree en hom van sy volksgenote afsny omdat  die wyding van ‘n kind aan Molek my heiligdom onrein maak en my heilige Naam ontheilig. As die burgers hulle oë sluit vir so ‘n oortreding en nie die skuldige doodmaak nie sal Ek self ingryp en so iemand en sy familie sowel as almal wat saam met hom ontrou is en vir Molek dien van sy volksgenote afsny.

# ISRAEL MOET NIE IN DIE GEBRUIKE OF DIE GRUWELS VAN DIE HEIDENE VOLG NIE

**OT=Lev. 18:3**, Julle mag nie maak soos die

Egiptenaars by wie julle gewoon het, of soos die Kanaäniete na wie se land toe Ek julle bring nie. Julle mag hulle gebruike nie navolg nie.
**26-30**; Julle almal die gebore Israeliete en die vreemdelinge by julle moet my voorskrifte en bepalings gehoorsaam. Julle mag geen van die afstootlike dinge doen nie. Omdat die vorige inwoners hierdie afstootlike dinge gedoen het is die land verontreinig. As julle die land verontreinig sal Hy julle ook uitspoeg soos Hy die heidene voor julle uit geploeg het. Elkeen wat enige van hierdie afstootlike dinge doen sal van sy volksgenote afgesny word. Wees gehoorsaam aan wat  Ek julle beveel. Vermy die afstootlike gebruike van die vorige inwoners en hou julleself rein, Ek is die Here julle God.
**20:23**;Julle mag nie gebruike van die nasies wat Ek voor julle gaan uitdryf navolg nie. Ek het juis ‘n afsku in hulle gekry omdat hulle al hierdie dinge doen.
**Deut. 12:29-31**;Die Here julle God sal die nasies verslaan na wie toe julle op pad is om hulle te verdryf. As julle hulle oorwin het en in hulle land woon moet julle sorg dat julle nie self nadat hulle deur julle verslaan is deur hulle valstrik gelei word wanneer julle na hulle gode sou begin uitvra nie .

Moenie se :" Hoe vereer hierdie nasies hulle gode? Ek sou dit ook so wou doen nie. Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop hulle hulle gode dien nie want wat hierdie nasies doen is afskuwelik vir die Here: hulle verbrand selfs hulle seuns en dogters vir hulle gode. Die Here haat dit alles.

**18:9-14** Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God vir jou sal gee moet jy nie die afskuwelike praktyke van daardie nasies aanleer nie. Daar mag nie iemand by jou wees wat sy seun of dogter as offer laat verbrand nie. Daar mag nie 'n besweerder by jou wees nie en ook nie 'n towenaar of iemand wat voortekens lees of 'n goëlaar of 'n slangbesweerder of iemand wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg nie, Die Here het 'n afsku van elkeen wat hierdie soort ding doen. Trouens dit is juis oor die afskuwelike praktyke van die Kanaäniete dat die Here jou God hulle in jou belang gaan verdryf. Jy moet opreg wees voor die Here jou God. Hierdie nasies wat jy gaan verdryf luister na towenaars en besweerders. Maar die Here jou God verbied jou om dit te doen.

**II Kron. 36:14**;Al die leiers van die priesters en die volk het ook weer in groot troueloosheid verval na die voorbeeld van die afskuwelike optrede van die

heiden nasies en hulle het die huis van die Here wat Hy in Jerusalem geheilig het ontwy.

# OFFER VAN KINDERS AAN VALSE GODE

**OT=Deut. 12:31**; Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop hulle hulle gode, dien nie, want wat hierdie nasies doen, ís afskuwelik vir die Here; hulle verbrand selfs hulle seuns en dogters vir hulle gode. Die Here haat dit alles. **Deut. 18:9-14**;Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God jou sal gee moet jy nie die afskuwelike praktyke van daardie nasies aanleer nie. Daar mag nie iemand by jou wees wat sy seun of dogter as offer laat verbrand nie. Daar mag nie ‘n besweerder by jou wees nie en ook nie ‘n towenaar of iemand wat voortekens lees of ‘n goëlaar  of ‘n slangbesweerder of iemand wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg nie. Die Here het ‘n afsku van elkeen wat hierdie soort ding doen. Trouens dit is juis oor die afskuwelike praktyke van die Kanaäniete dat die Here jou God hulle in jou belang gaan verdryf. Jy moet opreg wees voor die Here jou God. Hierdie nasies wat jy gaan verdryf luister na towenaars en besweerders.

Maar die Here jou God verbied jou om dit te doen. **Eseg. 20:30-33**; Se vir Israel: So se die Here my God : Julle het julle verontreinig op dieselfde wyse as julle voorvaders en julle het in julle ontrou aan My hulle afstootlike afgode gedien. As julle vir afgode geskenke aan dra en julle kinders as offers verbrand as julle julle nog steeds verontreinig met julle afgode moet Ek My deur julle laat raadpleeg Israel? So seker as Ek leef se die Here my God, " Ek sal My nie deur julle laat raadpleeg nie. Wat in julle gedagtes opgekom het sal nie gebeur nie .Julle dink : ons wil soos die ander nasies wees soos die mense in ander lande ons wil hout en klip dien. So seker as Ek leef se die Here my God " Ek sal oor julle regeer met mag en krag en Ek sal my toorn oor julle laat los breek.

.

# HEKSE MOET GEDOOD WORD.

**OT=Eks. 22:18** Jy mag nie towenaars laat lewe nie.

# VERSIERING VAN BOME, SOOS KERSFEES BOME

**Jer. 10:2-5** So se die Here; Moenie die gewoontes van die heiden nasies aanleer nie. Moenie bang

wees vir die tekens aan die hemel nie, want dit is die heiden nasies wat daarvoor bang is. Hulle voorskrif om ‘n god te kry is sinloos; hulle kap ‘n boom in die bos af, ’n ambags man kerf dit uit met ‘n beitel, hy versier dit met silwer en goud, met hamer en spykers slaan hy dit vas dat dit nie omkantel nie. Sulke gode kan net so min praat as ‘n voëlverskrikker in ‘n komkommer land ; hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Moenie vir hulle bang wees nie, want hulle het geen mag om goed of kwaad te doen nie.

# ISRAEL MOET NIE DIE GESELSKAP HOU MET AFGODSDIENAARS OF DIE GODDELOSE OF SELFS BROEDERS WAT IN STRYD MET DIE WOORD VAN GOD WANDEL

**OT=Psalm 26:5**; Ek vermy die geselskap van misdadigers en hou my nie op met goddeloses nie.

**II Kron. 19:2** Daar het die siener Jehu seun van Ganani hom voorgestaan en vir koning Josafat gesê :” Wou u ‘n goddelose help en aan ‘n hater van die Here liefde betoon? Met hierdie optrede van u het u die toorn van die Here op u laat kom.

**NT=I Kor. 5:9-13**; In die vorige brief het ek aan julle geskryf om nie met mense om te gaan wat in onsedelikheid leef nie. Daarmee het ek glad nie die onsedelikes of die geldgieriges , bedrieërs of afgodsdienaars van hierdie wêreld bedoel nie want om hulle te vermy sou julle uit die wêreld moes pad gee. Wat ek geskryf het was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself ‘n gelowige noem maar wat onsedelik of geldgierig of ‘n afgodsdienaar of kwaad prater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie. Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel; ’Verwyder die slegte mense onder julle uit!’’
**II Kor. 6:14-18**; Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis? Hoe kan daar eenstemmigheid wees tussen Christus en Belial? Hoe kan ‘n gelowige dieselfde belange hê as ‘n ongelowige? Hoe kan ‘n ooreenkoms tot stand kom tussen die tempel van God en afgode? Ons is immers die tempel van die lewende God. Dit is soos God gesê het:” Ek sal onder hulle woon

en wandel en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.” Daarom : “ Gaan van hulle af weg en sonder julle af” se die Here en moenie wat onrein is aanraak nie.” Dan sal Ek julle aanneem en Ek sal vir julle ‘n Vader wees en julle sal vir my seuns en dogters wees.

**II Thess. 3:6**,Ons beveel julle broers in die Naam van ons Here Jesus Christus: Onttrek julle aan elke broer wat leeglê en hom nie hou aan die opdragte wat julle van ons ontvang het nie.

**14**.En as iemand nie ons bevele soos ons dit in hierdie brief vir julle gee gehoorsaam nie sonder dan daardie man af en vermy hom dat hy kan skaam kry. Moet hom egter nie soos ‘n vyand behandel nie maar wys hom tereg soos ‘n broer.

# JY MAG NIE DIE NAAM VAN DIE HERE JOU GOD NIE YDELLIK GEBRUIK NIE. (DERDE GEBOD)

**OT=Eks. 20:7**; jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.

**Deut. 5:11** Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie want die Here sal die een wat

sy Naam misbruik nie ongestraf laat bly nie.

# JY MOET  NIE ‘N EED AF LE NIE.

**NT=Matt. 5:33-37** Verder het julle gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is:’’ Jy mag nie jou eed verbreek nie en ‘n eed in die Naam van die Here moet jy nakom. ’Maar Ek se vir julle: ’Moet glad nie ‘n eed  aflê nie, nie by die hemel nie, want dit is  die troon van God, nie by die aarde nie, want dit is die rusplek vir sy voete, nie by Jerusalem nie want dit is die stad van die  groot Koning. Jy moet ook nie jou kop op die spel plaas as jy ‘n eed aflê nie want jy kan nie een haar wit of swart maak nie. Laat julle ‘ja’ eenvoudig ‘ja’ wees en julle ‘nee’, ’nee’. Wat meer gesê word as dit kom van die Bose.’’

# VLOEK OF LASTER TEEN GOD VERBODE.

**OT=Lev. 24:15-16**;Se dan vir die Israeliete: Elkeen wat vir God laster sal die straf daarvoor kry. Wie die Naam van die Here oneerbiedig gebruik moet die doodstraf kry .  Die hele gemeente moet hom met klippe doodgooi. Dit geld vir gebore Israeliete en vir vreemdelinge: wie die

Godsnaam oneerbiedig gebruik moet sterf.
**NT=Matt. 12:31**;Daarom se Ek vir julle :’’Elke sonde en lastering kan die mens vergewe word maar die lastering teen die Heilige Gees kan nie vergewe word nie.
**Mark 3:28-29** Dit verseker Ek julle : Alles sal die mense vergewe kan word al die sondige lastertaal wat hulle praat. Wie egter teen die Heilige Gees laster word tot in ewigheid nie vergewe nie maar bly ewig skuldig aan die sonde.

# ISRAEL GOD SE DIENSKNEG RAS.

**OT=Eks. 19:5-6**;As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, ’n koninkryk wat My as priesters dien ,en ‘n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My. Dit is wat jy aan die Israeliete moet vertel.
**NT=Rom. 9:4**;Hulle is tog Israeliete ; vir hulle het God as sy kinders aangeneem en in sy heerlikheid laat deel met hulle het Hy die verbonde gesluit en aan hulle die wet van Moses gegee asook die tempeldiens en die beloftes.

# GOD SE WET GEGEE AAN DIE VOLK ISRAEL.

**OT=Deut. 4:5-10**,Kyk ,ek het julle die voorskrifte en die bepalings geleer soos die Here my God my beveel het. Julle moet daarvolgens lewe wanneer julle in die land kom en dit in besit neem. Gehoorsaam die voorskrifte en lewe daarvolgens, want daaraan sal die ander volke sien dat julle wysheid en insig het. Hulle sal van al hierdie voorskrifte hoor en se ; ’Net hierdie groot nasie het wysheid en insig. ‘Watter groot nasie se god is so by hom soos die Here ons God by ons is , elke keer as ons tot Hom bid? Watter groot nasie se voorskrifte en bepalings is so billik as hierdie wet wat ek vandag vir julle gee? Pas net op en wees baie versigtig om so lank julle leef, nie hierdie dinge te vergeet of te verontagsaam nie. Julle moet dit alles vir julle kinders en julle klein kinders inskerp. Julle moet hulle van die dag laat leer toe julle by Horebberg gestaan het in die teenwoordigheid van die Here julle God, van die dag toe Hy vir my gesê het; ‘Maak die volk vir my bymekaar dat Ek hulle my gebooie wat hulle moet ken, kan meedeel sodat hulle My kan dien so lank hulle in hierdie land lewe en sodat hulle my

gebooie vir hulle kinders kan leer.
**40**; Gehoorsaam sy voorskrifte en sy gebooie wat ek julle vandag beveel sodat dit goed kan gaan met julle en julle nageslag en julle kan woon in die land wat die Here julle God vir altyd aan julle wil gee.

# ISRAEL VERMAAN OM GEHOORSAAM TE WEES AAN GOD SE WET.

**OT=Eks. 15:26**; Hy het gesê; ”julle moet goed luister na wat Ek, die Here julle God, sê! Julle moet doen wat reg is in my oë, gehoor gee aan my gebooie en alles doen wat Ek vir julle voorskryf. Dan sal Ek geeneen van die siektes waarmee Ek Egipte getref het, oor julle bring nie, want dit is Ek, die Here, wat julle gesond hou.
**Lev. 18:4-5**, Julle moet my bepalings nakom en my voorskrifte gehoorsaam deur daarvolgens te lewe. Ek is die Here julle God. Wees gehoorsaam aan my voorskrifte en bepalings. Wie dit doen sal lewe. Ek is die Here.
**26**,Julle almal die gebore Israeliete en die vreemdelinge by julle moet my voorskrifte en bepalings gehoorsaam. Julle mag geen van die

afstootlike dinge doen nie.
**30**;Wees gehoorsaam aan wat Ek julle beveel. Vermy die afstootlike gebruike van die vorige inwoners en hou julleself rein. Ek is die Here julle God.
**20:22**; Julle moet al my voorskrifte en bepalings gehoorsaam en dit uitvoer. As julle dit nie doen nie sal die land waarheen Ek julle laat trek om daar te woon julle uitspoeg.
**Deut. 4:40**;Gehoorsaam sy voorskrifte en gebooie wat ek julle vandag beveel sodat dit goed kan gaan met julle en julle nageslag en julle lank kan woon in die land wat die Here julle God vir altyd aan julle wil gee.
**5 ;32-33**;Julle moet nougeset  doen wat die Here julle God julle beveel het. Julle moet nie in enige opsig daarvan afwyk nie. Bly op die pad wat die Here julle God vir julle aangewys het sodat julle kan bly lewe en voorspoedig kan wees en lank kan woon in die land wat julle in besit sal neem.
**6:17**, Julle moet die gebooie van die Here julle God sy verordeninge en sy voorskrifte wat Hy jou gegee het stiptelik gehoorsaam.
**25**;Ons sal die wil van die Here ons God doen as ons hierdie hele wet in sy teenwoordigheid gehoorsaam en daarvolgens lewe soos Hy ons

beveel het.
**8:6**,Jy moet die gebooie van die Here jou God gehoorsaam en Sy wil doen.
**11**;Sorg dat jy nie die Here jou God vergeet deurdat jy nie gehoorsaam is aan sy gebooie en bepalings en voorskrifte wat ek jou vandag gee nie.
**11:8**,Julle moet alles gehoorsaam wat ek julle vandag beveel sodat julle sterk kan optree en die land wat julle gaan verower kan binnegaan en in besit neem.
**26:16**;Die Here jou God beveel jou vandag om volgens hierdie voorskrifte en bepalings te leef en om hulle te gehoorsaam. Jy moet dit doen met hart en siel
**27:8-10**; Jy moet hierdie hele wet duidelik leesbaar skryf op die klippe wat jy opstapel. Moses en die Levitiese priesters het vir die hele Israel gesê:" Bly stil en luister Israel! Vandag het jy die volk van die Here jou God geword. Jy moet na die Here jou God luister en jy moet lewe volgens die gebooie en voorskrifte wat ek jou vandag beveel.
**29:9**;Sorg dat julle doen wat hierdie verbond bepaal en lewe daarvolgens sodat julle voorspoedig sal wees in alles wat julle aanpak.
**30:10**,Wanneer  jy die Here jou God gehoorsaam

en sy gebooie en voorskrifte nakom wat opgeteken is in hierdie wetboek en wanneer jy met hart en siel terugkom na die Here jou God sal Hy Hom weer oor jou verbly soos Hy Hom oor jou voorvaders verbly het en sal dit met jou goed gaan.
**16;**As jy die Here jou God liefhet en sy wil doen deur Sy gebooie , Sy voorskrifte en Sy bepalings wat ek jou vandag gegee het, te gehoorsaam sal jy lewe en baie word en sal die Here jou God jou voorspoedig maak in die land wat jy in besit gaan neem.
**I Kon 8:57-58**,Mag die Here ons God by ons wees soos Hy by ons voorvaders was. Mag Hy ons nooit verlaat of laat vaar nie. Mag Hy ons gewillig maak om altyd volgens sy wil te leef en ons te hou aan sy gebooie sy voorskrifte en sy bepalings wat Hy ons voorvaders opgelê het.
**61**; Mag julle met volle oorgawe voor die Here ons God leef volgens sy voorskrifte en julle hou aan sy gebooie soos dit vandag is.
**Eseg. 20:19** Ek die Here is julle God. Leef volgens my voorskrifte kom my bepalings na en leef daarvolgens.
**NT=Matt. 5:17-19**; Moenie dink dat Ek gekom het om die wet  of die profete ongeldig te maak nie. Ek

het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is .Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer sal die minste geag word in  die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer sal hoog geag  word in die koninkryk van die hemel

**Hand 5:29** Petrus en die ander apostels het geantwoord:” ‘n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!

**Rom. 3:31**; Hef ons dan deur die geloof die wet op ? Beslis nie .Ons laat die wet juis tot sy reg kom.

**6:14-15**;Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie want julle staan nie onder die wet van Moses nie maar onder die genade. Wat beteken dit? Kan ons nou maar sonde doen omdat ons nie onder die wet van Moses staan nie maar onder die genade? Beslis nie.

**7:1**, Julle weet broers en ek praat met mense wat op hoogte is van die wet van Moses- dat die wet gesag het oor ‘n mens so lank as hy lewe.

**22**; Diep in my wese vind ek vreugde in die wet

van God.
**Gal.3:10** Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet val onder die vloek want daar staan geskrywe: “Daar rus ‘n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie.

# SEËNINGE VIR GEHOORSAAMHEID

**Deut. 7:12-24**; As jy goed luister na hierdie bepalings en hulle gehoorsaam en daarvolgens lewe sal die Here jou God sy verbond nakom en sy troue liefde aan jou betoon soos Hy aan jou voorvaders met ‘n eed beloof het. Hy sal jou liefhê Hy sal jou voorspoedig maak en jou ‘n groot volk maak. Hy sal jou nageslag voorspoedig maak en Hy sal jou grond ‘n ryk oes laat lewer; volop koring, wyn en olie. Hy sal jou grootvee en jou kleinvee vinnig laat aanteel. Dit alles sal Hy doen in die land wat Hy met ‘n eed aan jou voorvaders beloof het om vir jou te gee. Dit sal met jou beter gaan as met al die volke nie een van jou mense of jou vee sal onvrugbaar wees nie. Die Here sal elke soort siekte van jou af weghou. Nie een van Egipte se dodelike siektes wat jy maar alte goed ken ,sal Hy jou laat tref nie. Hy sal dit jou vyande laat tref. Jy moet al die volke wat deur die Here jou

God in jou mag oorgegee word, uitroei. Moenie een van hulle spaar nie en moenie hulle gode dien nie: hulle is valstrikke vir jou. Jy kan dalk dink: hierdie nasies is sterker as ek. Hoe sal ek hulle kan verdryf? Moenie vir hulle bang wees nie. Dink net wat die Here jou God met die Farao en die hele Egipte gedoen het. Jy het met jou eie oë gesien met watter groot plae en tekens en wonders met watter magtige dade en wonderdade die Here jou God jou bevry het. Hy sal met al die volke vir wie jy bang is ,maak soos met Egipte. Die Here jou God sal die nasies die skrik op die lyf jaag totdat ook die wat oorgebly het en vir jou weggekruip het, uitgewis is. Moenie vir hulle bang wees nie, want die Here jou God is by jou en Hy is ‘n groot en magtige God. Hy sal daardie nasies die een na die ander verdryf .Jy sal hulle nie almal sommer dadelik kan uitwis nie, want dan sal die wilde diere vir jou te veel word. Die Here jou God sal die nasies in jou mag oorgee. Hy sal hulle in groot verwarring bring totdat hulle uiteindelik vernietig is. Hy sal hulle konings in jou mag gee, en jy sal hulle heeltemal van die aarde af wegvee. Niemand sal jou kan teenstaan nie, jy sal hulle uitdelg. Jy moet hulle afgodsbeelde verbrand. Moenie die silwer en goud wat aan die beelde is

begeer en vir jou vat nie. Jy kan daardeur in ‘n valstrik trap: die afgodsbeelde is afskuwelike goed in die oë van die Here jou God. Moenie so iets afskuwelik in jou huis inbring nie, want dan is jy gedoem om vernietig te word. Jy moet dit verafsku en as afskuwelik beskou; dit moet vernietig word. **Joshua 1:7-8**;Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees waar jy ook al gaan. Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy se. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen jy sal voorspoedig wees.

# VLOEKE VIR ONGEHOORSAAMHEID

**OT=Lev. 26:14-45** As julle egter nie na My luister nie en nie alles doen wat Ek julle beveel nie, as julle my voorskrifte en bepalings verwerp en met minagting behandel, sodat julle nie my bevele nakom nie en my verbond verbreek sal Ek die volgende doen: Ek sal julle lewens vol angs maak. Julle sal geteister word deur tering en koors,

siektes wat ‘n mens blind maak en jou laat wegkwyn. Julle sal tevergeefs saai, want julle vyande sal julle oeste opeet. Ek sal my rug vir julle draai sodat julle deur julle vyande verpletter sal word. Julle haters sal dit vir julle so ondraaglik maak dat julle sal vlug al word julle nie agtervolg nie. As julle na al hierdie dinge nog nie na My luister nie, sal Ek julle nog swaarder straf oor julle sondes: Ek sal alles waarop julle staatmaak laat verdwyn. Daar sal geen druppel reën val nie: dit sal wees asof die hemel van yster en die grond van brons is. Julle sal julle kragte tevergeefs inspan: daar sal geen oes op julle lande wees nie en julle bome sal geen vrugte dra nie. As julle My bly teenstaan en nie na My wil luister nie, sal Ek julle nog swaarder straf soos julle verdien oor julle sondes; Ek sal roofdiere tussen julle loslaat en hulle sal julle kinders vang en julle veetroppe uitroei. Hulle sal julle so uitdun dat die paaie verlate sal wees. As dit julle nie tot ander insigte bring nie en julle My nog bly teenstaan sal Ek julle ook teenstaan. Ek sal julle nog swaarder straf oor julle sondes: Ek sal ‘n oorlog oor julle bring. Dit sal die wraak wees oor julle ontrou aan My verbond. As julle veiligheid soek in julle stede sal Ek pes onder julle loslaat sodat julle sal moet oorgee. Ek

sal julle meel so min laat word dat tien vrouens saam net genoeg sal hê vir een baksel. Die stukkie wat vir elkeen afgeweeg word sal nie julle honger kan stil nie. As julle hierna nog nie na My luister nie en My nog steeds teenstaan sal Ek julle in woede teenstaan. Ek sal julle nog swaarder straf oor julle sondes: julle sal die vleis van julle eie kinders moet eet! Ek sal julle hoogtes verwoes en julle wierookaltaartjies vernietig. Ek sal so ‘n afsku van julle hê dat Ek julle lyke bo-op julle lewelose afgodsbeelde sal gooi. Ek sal puinhope maak van julle stede, Ek sal julle heiligdomme verwoes. Ek sal geen offer van julle aanvaar nie. Ek sal die land so verniel dat julle vyande wat daarin gaan woon daaroor verstom sal staan. Vir julle sal Ek met swaard uitmekaar laat jaag en julle onder die heiden nasies verstrooi. Julle land sal verlate wees en julle stede puinhope. Wanneer die land dan verlate lê en julle vyande se gebied is sal die grond uiteindelik sy verdiende rusjare kry. Dan sal die land rus en die verlore sabbatsjare inhaal. So lank as die land verlate is sal dit die rus kry wat dit om die sewe jaar moes gehad het maar nooit gekry het toe julle dit bewoon het nie. Die van julle wat oorbly sal Ek in die lande van hulle vyande in so ‘n spanning laat

leef dat die geritsel van ‘n droë blaar hulle op die loop sal jaag. Hulle sal hardloop tot hulle neerslaan, asof iemand met ‘n swaard agter hulle aan is, maar daar  sal niemand wees nie. Die vrees vir oorlog sal hulle oormekaar laat val om weg te kom van agtervolgers wat nie bestaan nie. Julle sal geen krag hê om weerstand te  bied teen julle vyande nie! Julle sal tussen  die heiden nasies omkom ,in die land van julle vyande sal julle sterf. Die van julle wat daarna  nog oor is ,sal in die lande van julle vyande wegkwyn onder die selfverwyt oor hulle sonde. Hulle sal ook wegkwyn onder die wroeging oor die sondes van hulle voorvaders. Hulle sal hulle sonde en die wat hulle voorvaders teen My begaan het ,bely. Hulle sal erken dat hulle My teengestaan het, dat Ek hulle ook teengestaan het  en hulle na hulle vyande se lande toe gevat het om te sien of hulle dan oor hulle ongehoorsaamheid berou sal kry  en hulle skuld sal erken. Wanneer hulle dit doen, sal Ek die beloftes wat Ek aan Jakob aan Isak en aan Abraham  gegee het weer van krag maak. Ek sal my beloftes oor die land weer van krag maak. Maar die land sal eers  sonder sy mense verlate moet lê om die verlore rusjare in te haal. Hulle sal hulle skuld  moet erken, dat hulle my bepalings

verwerp het en my voorskrifte met minagting behandel het. En tog al sou hulle ballinge word in die lande van hulle vyande, sal Ek hulle nie so verwerp, so minag dat hulle heeltemal sal verdwyn en dat my verbond met hulle tot niet sal gaan nie, want Ek is die Here hulle God.
**Deut. 8:19-20**;As jy ooit die Here jou God vergeet en ander gode aanhang en hulle dien en vereer verklaar ek vandag dat jy beslis tot niet sal gaan. Omdat jy dan nie gehoorsaam is aan die woord van die Here jou God nie sal jy net so omkom soos die nasies vir wie die Here laat omkom het.
**11:26-28**;Let op ek hou julle vandag die seën en die straf voor : die seën sal kom as julle die gebooie van die Here julle God gehoorsaam wat ek julle vandag gee die straf sal kom as julle ongehoorsaam is aan die gebooie van die Here julle God en die pad verlaat wat ek julle vandag aangewys het en ander gode aanhang waarvan julle nou nog nie eers weet nie.

**Hosea 4:6-7** My volk gaan onder omdat hulle nie aan My toegewy is nie. Omdat jy jou taak om hulle aan My toe te wy verwerp het verwerp Ek jou as my priester. Omdat jy die wil van jou God verontagsaam het verontagsaam Ek die priesters

wat onder jou dien. Hoe meer priesters daar is hoe meer sondig hulle teen My .Ek sal die aansien wat hulle geniet in vernedering verander.

# DIEGENE WAT WEIER OM GOD SE WET TE HOOR EN TE GEHOORSAAM

**OT=Spr. 28:9**; As iemand hom doof hou vir die wet van die Here sal die Here ‘n afsku hê van so ‘n man se gebed.

**Jer. 5:3** En dit terwyl U waarheid eis Here! U het hulle geslaan maar hulle het hulle nie aan U gesteur nie; U het hulle hard geslaan maar hulle het hulle nie laat leer nie, hulle koppe was harder as klip, hulle het geweier om hulle te bekeer.

**NT=Titus 1:16**; Hulle gee voor dat hulle God ken, maar hulle dade weerspreek dit. Hulle is verfoeilik en koppig en deug vir geen goeie werk nie.

# HERSTEL EN SEËN VIR OPBRENGS EN GEHOORSAAMHEID AAN GOD SE WET

**OT=II Kron. 7:14** My volk oor wie my Naam uitgeroep is ,toon berou en bid en vra na My wil en

draai terug van hulle bose wee af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.

# ISRAEL MOET GOD SE WET BESTUDEER EN INSTAND HOU

**OT=Lev. 18:5**; Wees gehoorsaam aan My voorskrifte en bepalings. Wie dit doen ,sal lewe. Ek is die Here.

**19:37**;Gehoorsaam al my voorskrifte en bepalings en leef daarvolgens. Ek is die Here.

**Deut. 4:1-2**, Israeliete julle moet luister na die voorskrifte en bepalings waarin Ek julle onderrig. Julle moet daarvolgens lewe dan sal julle bly lewe en die land binnegaan en in besit neem wat die Here die God van julle voorvaders vir julle sal gee. Moenie iets byvoeg by wat ek julle beveel nie en moet ook nie iets daarvan wegvat nie maar gehoorsaam die Here julle God se gebooie wat ek julle gegee het.

**5-6**,Kyk ek het julle die voorskrifte en die bepalings geleer soos die Here my God my beveel het. Julle moet daarvolgens lewe wanneer julle in die land kom en dit in besit neem. Gehoorsaam die voorskrifte en lewe daarvolgens want daaraan sal

die ander volke sien dat julle wysheid en insig het .Hulle sal van al hierdie voorskrifte hoor en se: “Net hierdie groot nasie het wysheid en insig.
**5:1**;Moses het die hele volk bymekaargeroep en vir hulle gesê: ”Israeliete luister na die voorskrifte en bepalings wat ek vandag hier in julle teenwoordigheid aankondig. Julle moet dit leer dit gehoorsaam en daarvolgens lewe.
**6:1-9**,Dit is die wet die voorskrifte en die bepalings wat die Here julle God my beveel het om vir julle te leer sodat julle daarvolgens kan lewe in die land wat julle in besit gaan neem. So sal jy die Here jou God jou lewe lank kan dien en gehoorsaam wees aan sy voorskrifte en gebooie wat ek jou gegee het jy en jou nageslag en dan sal jy ‘n lang lewe hê. As jy luister Israel en as jy gehoorsaam is en lewe volgens my gebooie sal jy voorspoedig wees en uitermate baie word in die land wat oorloop van melk en heuning. Dit is wat die Here die God van jou voorvaders jou beloof het. Luister Israel die Here is ons God Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel met al jou krag. Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is as jy op pad is as jy gaan slaap

en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande en dit moet ‘n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.

**25**;Ons sal die wil van die Here ons God doen as ons hierdie hele wet in sy teenwoordigheid gehoorsaam en daarvolgens lewe soos Hy ons beveel het.

**11:18-22**; Hierdie woorde van die Here moet julle lewe vul. Julle moet dit as herinneringsteken vasbind aan julle hande en dit moet ’n merk op julle voorkoppe wees. Leer dit vir jou kinders deur met hulle daaroor te praat as jy in jou huis is en as jy op pad is as jy gaan slaap en as jy opstaan. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte, Dan sal julle en julle nageslag lank ja so lank as die hemel en die aarde sal bestaan bly woon in die land wat die Here met ’n eed beloof het om aan julle voorvaders te gee. As jy julle al hierdie gebooie wat ek julle  vandag gee stiptelik gehoorsaam deur  daarvolgens te lewe en die Here julle God lief te hê Sy wil te doen en Hom aan te hang

**31:11-12**; wanneer die hele Israel in die teenwoordigheid van die  Here julle God moet verskyn op die plek wat Hy sal kies moet julle

hierdie wet lees in die teenwoordigheid van die hele Israel waar hulle dit kan hoor. Julle moet die volk bymekaarroep: mans , vrouens  en kinders en ook die vreemdeling wat in julle stede by julle woon sodat hulle kan luister en die wet kan leer sodat hulle die Here julle God kan dien en gehoorsaam sodat hulle kan leef volgens alles wat in hierdie wet staan.

**Joshua 1:7-8**; Wees veral versterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees waar jy ook al gaan. Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy se. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen jy sal voorspoedig wees.

**Psalm 1:2**; maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind dit dag en nag oordink.

**Spr. 7:1-3** Maak wat ek vir jou se jou eie my seun hou by wat ek jou voorskryf.

**NT 25**,Ons sal die wil van die Here ons God doen as ons hierdie hele wet in sy teenwoordigheid gehoorsaam en daarvolgens lewe soos Hy ons beveel het.

**Joh. 5:39**; Julle ondersoek die Skrif, omdat julle

dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig.
**14:23**; Jesus antwoord hom:'' As iemand My liefhet sal hy my woorde ter harte neem en my Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.
**Hand17:11**; Die mense daar was ontvankliker as die in Tessalonika. Hulle het met groot belangstelling na die woord geluister en elke dag die Skrif ondersoek om te sien of dit is soos Paulus se.
**24:14**;Dit erken ek wel voor u:" Ek dien die God van my voorvaders volgens die leer van Christus wat hulle 'n dwaal rigting noem. Ek glo steeds alles wat in die wet en die profete geskrywe staan.
**26:22**;Omdat God my tot vandag toe bewaar het staan ek hier as sy getuie voor klein en groot. Ek verkondig maar net waarvan die profete en Moses gepraat het.
**Kol. 3:16**;Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.
**II Tim. 2:15**;Le jou daarop toe  om jou tot beskikking van God te stel as 'n arbeider wat die

goedkeuring van God wegdra, ‘n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie wat die woord van die waarheid suiwer verkondig.
**Op. 22:18-19** Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor; As iemand iets hieraan byvoeg sal God vir hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is.

# ISRAEL MAG NIE BY VOEG OF AFBREUK DOEN AAN GOD SE WET.

**OT=Deut. 4:2**; Moenie iets byvoeg by wat ek julle beveel nie en moet ook nie iets daarvan wegvat nie, maar gehoorsaam die Here julle God se gebooie wat ek julle gegee het.
**NT=Op. 22:18-19** Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is ;en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die

boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is.

# GOD SE WET IS VIR EWIG.

**NT=Matt. 5:17-19**; Moet nie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker Ek julle; Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letter strepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is. Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel.

# SONDE IS DIE OORTREDING VAN GOD SE WET.

**OT=Deut. 17:2**Dit kan gebeur dat jy in een van die dorpe wat die Here jou God vir jou sal gee, 'n man of 'n vrou kry wat die verbond verbreek en doen wat verkeerd is in die oë van die Here jou God.
**NT=I Joh. 3:4** Elkeen wat sonde doen, oortree die

wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God.

# DEUR DIE WET IS DIE KENNIS VAN SONDE.

**NT=Rom. 3:20**; Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel, deur die wet leer mens wat sonde is.

# ONS WORD VERMAAN OM NIE SONDE TE PLEEG NIE.

**NT=Rom. 6:12-15**,Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse begeertes laat gehoorsaam nie. Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as ‘n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil. Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie ,want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.

**23**; Die loon wat die sonde gee is die ewige dood; die genadegawe wat God gee is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.
**Joh. 3:9** Met die tong loof ons die Here en Vader en met die tong vloek ons die mense wat as die beeld van God gemaak is.

# NIE DIE GENOT VAN DIE SONDE TE GENIET.

**NT=Rom. 1:32;** Hulle is mense wat die verordening van God ken dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie ,maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen.
**Heb. 11:25**;Hy het verkies om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om  die kortstondige genieting van sonde te hê
**Jak 5:5** Hier op aarde lewe julle in weelde en oordaad; julle smul na hartelus en dit terwyl die slagdag reeds daar is.

# NIE TE BEGEER NA SLEGTE DINGE

**NT=I Kor. 10:6** Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons dat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie.

# NIE ONSSELF TE MISLEI OOR DIE SONDE.

**NT=I Joh. 1:8** As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie.

# WEG BLY  VAN DIE VOORKOMS VAN DIE BOSE.

**NT=I Thess.. 5:22** en bly weg van alles wat sleg is.

# HY WAT DIE SONDE DOEN, IS UIT DIE DUIWEL.

**NT=I Joh. 3:8-12** wie aanhou sonde doen, behoort aan die duiwel, want die duiwel  hou van die begin af aan met sondig. En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak. Iemand wat ‘n kind van God is ,doen nie meer sonde nie, omdat die gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie, omdat hy ‘n kind van God is. Hieraan is dit duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is; iemand wat nie regverdig lewe nie en nie sy broer liefhet

nie, behoort nie aan God nie. Dit is immers die boodskap wat julle van die begin af gehoor het; Ons moet mekaar liefhê Moenie soos Kain wees nie. Hy het aan Bose behoort en het sy broer vermoor. En waarom het hy hom vermoor? Omdat sy eie dade sleg was en sy broer s’n reg.

# EWIL, KOM UIT DIE HART VAN DIE MENS.

**OT=I Kon 8:38-39**; luister tog na elke gebed, elke smeking wat van enige mens of van U hele volk Israel mag kom soos elkeen sy plaag te kenne gee en sy hande na hierdie tempel toe uitstrek luister tog uit die hemel, U woonplek ,vergeef en gryp in en gee aan elkeen wat hy verdien soos U sy hart ken, want net U ken elke mens se hart

**Jer. 17:9-10** Die hart is bedriegliker as enige iets anders hy is ongeneeslik wie kan hom verstaan? Ek die Here deurgrond en toets hart en verstand Ek laat die mens kry wat hy verdien wat hom toekom vir wat hy doen.

**NT=Matt. 15:18-19** Maar wat by die mond uitkom ,kom uit die hart en dit is die dinge wat die mense onrein maak. Uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vals

getuienis, kwaadpratery.

# DIE STRAF VAN DIE OORTREDING IS DEUR:

# VERSLAAN

**OT=II Kron. 12:5** Die profeet Semaja kom toe na Rehameam en die leiers van Juda toe wat in Jerusalem saamgetrek het uit vrees vir Sisak en se vir hulle:'' So se die Here: Julle het My verlaat en nou het Ek : Julle verlaat en is julle in Sisak se mag''

# OORLOG

**OT=II Sam. 12:9-10** Waarom het jy nou die woord van die Here geminag deur so 'n verkeerde ding te doen? Jy het Urija die Hetiet met die swaard dood gemaak en toe sy vrou vir jou gevat. Ja, jy het hom vermoor met die swaard van die Ammoniete. Daarom sal die swaard nou nooit meer uit jou huis weggaan nie, want jy het My geminag toe jy Urija die Hetiet se vrou vir jou gevat het.

# GEVANGENIS

**OT=Neh. 1:8** Dink tog aan die belofte wat U aan u

dienaar Moses gemaak het; “As julle ontrou is ,sal Ek  julle onder die volke verstrooi.’’

# ELLENDE

**OT=Psalm 107:17** Party het dwaas opgetree, en deur hulle rebelse optrede, hulle sonde, het hulle in die ellende beland.

# DOOD IN DIE HEL

**OT=Is. 66:24** Wanneer hulle uit die stad uitgaan sal hulle die lyke van die mense wat hulle teen My verset het. Die wurms wat aan hulle vreet, sal nie vrek nie, en die vuur waarin hulle brand sal nie geblus word nie; hulle sal iets afgrysliks wees vir al wat leef.

# VERNIETIGING

**OT=Deut. 8:1**, Jy moet elke gebod wat ek jou vandag gee, gehoorsaam en daar volgens lewe. Dan sal jy bly lewe, baie word, die land ingaan en dit in besit neem soos die Here met ‘n eed aan jou voorvaders beloof het.

**20**;Omdat jy dan nie gehoorsaam is aan die woord van die Here jou God nie sal jy net so omkom soos die nasies vir wie die Here laat omkom het.

**30:17-18** Maar ek verkondig vandag aan julle : As jy van die Here af wegdraai en Hom nie gehoorsaam nie en as jy jou laat verlei om ander gode te vereer en te dien sal  julle almal omkom; julle sal nie lank bly woon in die land wat jy in besit gaan neem sodra jy deur die Jordaan getrek het nie.

# DIE WET WAS GEMAAK VIR DIE WETTELOSE EN ONGEHOORSAME

**NT=Gal. 3:19**; Watter doel dien die wet dan? Dit is later bygevoeg as gevolg van die sonde, en dit is bedoel vir die tyd totdat die nakomeling op wie die belofte betrekking het, sou kom. Engele het die wet deur middel van ‘n tussen ganger aan die volk gegee

**I Tim. 1:8-10** Ons weet dat die wet goed is as ʼn mens dit op die regte manier gebruik. ʼn Mens moet onthou dat die wet nie vir wetsgehoorsame bedoel is nie maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is die wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, die wat meineed pleeg of

enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is.

# ALLE ONGEREGTIGHEID IS SONDE

**NT=I Joh. 5:17** Alle ongeregtigheid is sonde maar daar is sonde wat nie tot die dood lei nie.

# ONGEREGTIGHEID IS 'N GRUWEL VIR DIE HERE

**OT=Deut. 25:16** Die Here jou God het ‘n afsku van almal wat oneerlik is en ander bedrieg

# BOOSHEID IS 'N GRUWEL VIR DIE HERE.

**OT=Spr. 8:7**;Ek praat net die waarheid , ek het ’n afsku van wat verkeerd is.
**15:9** Die Here het ’n afsku van die lewenswyse van goddeloses; maar Hy het die lief wat volgens sy wil lewe.

# ISRAEL MOET NIE DIE DINGE WAT 'N GRUWEL IS VIR DIE HERE BEOEFEN NIE.

## AANBIDDING VAN HEIDENSE GODE

**OT=Deut. 17:2-5**; deur ander gode te dien en te vereer; die son of die maan of enige ander hemel liggaam. Die Here het nie hierdie soort diens beveel nie. Wanneer dit vir jou vertel word of wanneer jy dit hoor, moet jy noukeurig navraag doen daaroor en as dit waar is dat so iets afskuwelik in Israel gedoen is , moet jy die man of die vrou wat die verkeerde ding gedoen het, laat uitbring na die stadspoort toe en hy of sy moet daar met klippe dood gegooi word.

## HEIDENSE AFGODERY

**OT=Deut. 7:25**; Jy moet  hulle afgodsbeelde verbrand. Moet nie die silwer en goud wat aan die beelde is begeer en vir jou vat nie. Jy kan daardeur in  ‘n valstrik trap; die afgodsbeelde is

afskuwelike goed in die oë van die Here jou God.
**12:30-31**;Moenie se : Hoe vereer hierdie nasies hulle gode? Ek sou dit ook so wou doen nie. Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop hulle hulle gode dien nie want wat hierdie nasies doen is afskuwelik vir die Here ; hulle verbrand selfs hulle seuns en dogters vir hulle gode. Die Here haat dit alles.
**27:15** Daar rus ŉ vloek op elkeen wat ŉ afgodsbeeld uitsny of giet en dit in die geheim êrens neersit om te vereer. Die Here het ŉ afsku daarvan. Dit is mensewerk.

## HEIDENSE PRAKTYKE (TOWERY, HEKSERY, ENS,)

**OT=Deut. 18:9-12**; Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God vir jou sal gee, moet jy nie die afskuwelike praktyke van daardie nasies aanleer nie. Daar mag nie iemand by jou wees wat sy seun of dogter as offer laat verbrand nie. Daar mag nie ‘n besweerder by jou wees nie en ook nie ‘n towenaar of iemand wat voortekens lees of ‘n goëlaar of ‘n slangbesweerder of iemand wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg nie. Die Here het ‘n afsku van elkeen wat hierdie soort

ding doen. Trouens, dit is juis oor die afskuwelike praktyke van die Kanaäniete dat die Here jou God hulle in jou belang gaan verdryf.

# KIND OFFER

**OT=Deut. 12:31**; Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop hulle hulle gode dien nie, want wat hierdie nasies doen, is afskuwelik vir die Here; hulle verbrand selfs hulle seuns en dogters vir hulle gode. Die Here haat dit alles.
**18:10** Daar mag nie iemand by jou wees wat sy seun of dogter as offer laat verbrand nie.

# EWIL PRAKTYK IN GOD SE HUIS.

**OT=II Kron. 36:14**; Al die leiers van die priesters en die volk het ook weer in groot troueloosheid verval na die voorbeeld van die afskuwelike optrede van die heiden nasies, en hulle het die huis van die Here wat Hy in Jerusalem geheilig het, ontwy.
**Jer. 7:30** Die Judeërs het gedoen wat verkeerd is in my oë se die Here: hulle het hulle afskuwelike afgode gesit in die huis wat na my Naam genoem is en dit so ontwy.

## DIEGENE WAT BEHAE HET IN GRUWELS

**NT=Rom. 1:29-32** Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en praat kwaad; hulle haat God ,hulle is hooghartig, aanmatigend verwaand; hulle is mense wat kwaad uit dink ,ongehoorsaam aan hulle ouers hulle is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig. Hulle is mense wat die verordening van God ken dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen.

## DIE WEË VAN DIE GODDELOSE.

**OT=Spr. 15:8-9** Die Here het 'n afsku van die offers van goddeloses, maar Hy aanvaar die gebede van opregtes. Die Here het 'n afsku van die lewenswyse van goddeloses maar Hy het die lief wat volgens sy wil lewe.

## DIEGENE WAT VINNIG IS OM TE DOEN WAT VERKEERD IS.

**OT=Spr. 24:8** Gedagtes wat met komplotte besig

is ,voete wat net een koers ken, die van die kwaad

# DIEGENE WAT DIE GODDELOSE REGVERDIG.

**OT= Spr. 17:15**;Die Here het ‘n afsku van wie die skuldige onskuldig verklaar en van wie die onskuldige skuldig verklaar.

# OWERSPEL

**OT=Lev. 18:20**,Jy mag nie met jou naaste se vrou gemeenskap hê en jouself so verontreinig nie.
**20:10**; Iemand wat egbreuk pleeg met die vrou van ŉ medeburger moet doodgemaak word. Dit geld vir die man en ook vir die vrou wat egbreuk pleeg.

# HOMOSEKSUALITEIT EN LESBIANISME

**OT=Lev. 18:22**, Jy mag nie ‘n homoseksuele verhouding hê nie. Dit is ‘n afstootlike sonde.
**20:13**,Twee mans wat homoseksueel verkeer doen ŉ afskuwelike sonde. Hulle moet dood gemaak word. Hulle verdien die dood.
**NT=Rom. 1:24-28**; Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vrouens verander die

natuurlike omgang in ’n teen-natuurlike omgang.Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelik hede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit. En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings sodat hulle doen wat onbetaamlik is.

# GEMEENSKAP MET DIERE

**OT=Lev. 18:23**,Jy mag met geen dier geslagsgemeenskap hê en jouself so besoedel nie. ’n Vrou mag dit ook nie doen nie. Dit is iets afskuweliks.

# PROSTITUSIE

**OT=Deut. 23:17-18** Jy mag nie prostitute by die tempel aanhou nie, of dit nou vrouens of mans uit Israel is. Wanneer jy ‘n gelofte afgelê het ,mag jy nie die loon van ‘n prostituut ,of dit nou die van ‘n man of ‘n vrou is, ná die huis van die Here jou God toe bring nie. Hy het ‘n afkeer van hierdie twee dinge.

# MOORD

**OT=Spr. 6:17** hande wat met bloed bevlek is

# VALS GETUIENIS

**OT=Spr. 6:19**;’n getuie wat lieg en iemand wat rusie stook tussen broers.

# PROBLEEM MAKERS

**OT=Spr. 6:18-19** gedagtes wat met komplotte besig is, voete wat net een koers ken, die van die kwaad, ‘n getuie wat lieg en iemand wat rusie stook tussen broers.

# BOSE GEDAGTES

**OT=Spr. 15:26**;Die Here het ‘n afsku van bose planne.

**NT=Hand 8:22** Bekeer jou van hierdie dwaling en bid tot die Here: miskien sal Hy jou hierdie gesindheid van jou hart vergewe.

# TROTS VAN HART,

**OT= Spr. 6:17**; oë wat straal van hoogmoed

**16:5** Die Here het ŉ afsku van ŉ verwaande mens dit staan vas: so ŉ mens sal nie ongestraf bly nie.

# SELFREGVERDIGING

**NT=Luk 16:15**; Hy sê toe vir hulle; ’Julle is die wat julle voor die mense as goeie mense voordoen, maar God ken julle harte. Wat deur die mense as belangrik beskou word, is ‘n gruwel voor God.
**Rom. 11:20** Dis waar. Hulle is uitgekap omdat hulle nie geglo het nie jy is daar geënt omdat jy glo. Moenie daaroor hoogmoedig wees nie; hou rekening met God.

# DIE GEBEDE VAN DIEGENE WAT HULLE HARTE VERHARD.

**OT=Spr. 28:9** As iemand hom doof hou vir die wet van die Here, sal die Here ‘n afsku hê van so ‘n man se gebed.

# VERKEERD DRAG

**OT=Deut. 22:5** ‘n Vrou mag nie mansklere dra nie, en mans mag nie vrouens klere aantrek nie. Die Here jou God het ‘n afsku in mense wat dit doen.

# DIE EET VAN SEKERE VOEDSELSOORTE

**OT=Lev. 11:10-23**; Maar enige ding wat in die water lewe en nie vinne en skubbe het nie, is vir julle verbode. Hulle is vir julle verbode en julle mag glad nie van die diere eet of selfs raak aan een wat dood is nie. Alle waterdiere wat nie vinne en skubbe het nie, is dus vir julle verbode. In die geval van diere met vlerke is die volgende soorte verbode en hulle mag dus nie geëet word nie, arende, lammervangers en visarende; aasvoëls en valksoorte ;al die kraai soorte; volstruise, nagvalke, seemeeue en  alle soorte roofvoëls, uile visvangers, ibisse, flaminke, pelikane, swane, ooievaars, al die reiersoorte, hoep-hoep en vlermuise. Alle insekte wat vlerke het en op pote loop, is vir julle verbode. Julle mag egter die eet waarvan die pote so is dat hulle kan spring, Dit sluit in alle soorte sprinkane en krieke. Alle ander insekte wat vlerke het en op pote loop ,is vir julle verbode.

**41-43** Alle klein diertjies wat volop voorkom in die veld, is vir julle verbode; of hulle nou seil of op vier pote loop of baie pote het, julle mag nie een van hulle eet nie, want dit is verbode. Julle moet julle

nie besoedel met een van die diere dat julle onrein word nie.
**11; 1-8** Van al  die diere wat op land hou, mag julle net die eet wat volledig gesplete kloue het en herkou. Maar die wat net herkou of net gesplete kloue het, mag julle nie eet nie. Dit geld vir kameel, want alhoewel die dier herkou, het hy nie gesplete kloue nie. Julle moet hom dus as onrein beskou. Dit geld ook vir dassie en vir haas. ʼn Vark het weer volledig gesplete kloue, maar hy herkou nie. Hy is vir julle dus ‘n onrein dier. Julle mag nie die vleis van hierdie diere eet of selfs aan hulle karkasse raak nie; hulle is vir julle onrein

## OFFER VAN VERVORMDE DIERE

**OT=Deut. 17:1** Jy mag nie vir die Here jou God ‘n bees of ‘n skaap offer wat ‘n liggaamsgebrek of ‘n letsel het nie. So iets is afskuwelik vir die Here jou God.

## VALS BALANSE-DIVERSE MATE EN GEWIGTE

**OT=Deut. 25:13-16**; Jy mag nie met gewigte werk wat nou sus dan so, nou groot dan klein is nie. Jy moet billik en regverdig afweeg en afmeet. Dan sal

jy lank leef in die land wat deur die Here jou God aan jou gegee word. Die Here jou God het ‘n afsku van almal wat oneerlik is en ander bedrieg.’’

**Spr. 11:1**;Die Here het ʼn afsku van ʼn skaal wat nie reg weeg nie net die regte gewig dra sy goedkeuring weg.

**20:10**;Die Here het ʼn afsku van mate en gewigte wat nou sus en dan so is.

**Miga 6:10-11** Goddelose plek moet Ek die verkeerde maatlyn bly verdra of die vals inhoudsmaat wat Ek so haat? Moet Ek die eienaar van ʼn onbetroubare weegskaal vryspreek een met ʼn sak vol vals gewigte

# WAARNEMINGS WAT GEVOLG MOET WORD TOT EER VAN DIE HERE

# AANBID

**OT=I Kron. 16:29**; Prys die Here om die eer van sy Naam! Kom na Hom toe, bring vir Hom offers! Buig voor die Here by sy heilige verskyning;

**Psalm 95:6**;Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer kom ons buig kom ons kniel voor die Here ons Skepper.

**96:9** Buig voor die Here by sy heilige verskyning

betoon eerbied aan Hom almal op aarde,
**NT=Matt. 4:10**; Maar Jesus se vir hom : Gaan weg Satan want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
**Joh. 4:23-24**;Maar daar kom ŉ tyd en dit is nou wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid dit so moet doen, God is Gees en die wat hom aanbid moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.
**Hand 24:14**;Dit erken ek wel voor u:Ek dien die God van my voorvaders volgens die leer van Christus wat hulle ŉ dwaal rigting noem. Ek glo nog steeds alles wat in die wet en die profete geskrywe staan.
**Op 14;7** Vrees God en gee aan Hom die eer want tyd het aangebreek vir sy oordeel. Aanbid Hom wat die hemel en die aarde die see en die waterbronne gemaak het.

# EERBIED

**OT=Deut. 10:12**; En nou, Israel ,die Here jou God vra net dat jy Hom moet eer, sy wil moet gehoorsaam, Hom moet liefhê en dien met hart en siel.
**Psalm 89:7** Wie in die hemel kan met die Here

vergelyk word? Wie onder die hemel wesens is soos die Here?
**NT=Heb. 12:9** Verder ons het ons aardse vaders gehad wat ons getug het en ons het vir hulle eerbied gehad. Sal ons ons nie nog des meer aan die hemelse Vader onderwerp en lewe nie?

# DANKBAARHEID

**OT=Deut. 8:10**; Telkens wanneer jy genoeg geëet het ,moet jy die Here jou God dank vir hierdie goeie land wat Hy aan jou gegee het.
**Psalm 95:1-7**; Kom laat ons jubel tot eer van die Here laat ons juig oor die rots by wie ons redding vind laat ons na Hom toe gaan met lof laat ons Hom toe juig met lofsange want die Here is die almagtige God die groot koning oor al die gode. Die dieptes van die aarde behoort aan Hom die kruine van die berge is Syne. Die see is Syne Hy het dit gemaak; sy hande het die land gevorm. Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons kniel voor die Here ons Skepper! Hy is ons God en ons is sy volk sy kudde, sy skape deur sy hand versorg.
**103:1-2**;Ek wil die Here loof met alles wat in my is wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie sy weldade vergeet nie.

**105:1**;Loof die Here! Roep Hom aan ! Maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het.
**106:1**;Prys die Here! Loof die Here want Hy is goed aan sy liefde is daar geen einde nie!
**107:1**;Loof die Here, want Hy is goed, aan Hy sy liefde is daar geen einde nie!

# GEHOORSAAMHEID

**OT=Deut. 6:4-5**; Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.
**11:8**;Julle moet alles gehoorsaam wat ek julle vandag beveel sodat julle sterk kan optree en die land wat julle gaan verower kan binnegaan en in besit neem.
**28:1-2** As jy goed luister na die Here jou God en jy gehoorsaam al sy gebooie wat ek jou vandag gee en jy lewe daarvolgens sal die Here jou God jou oor al die nasies van die aarde stel.
**NT=Matt. 12:50**; Daar is my moeder en my broers! Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is die is my broer en my suster en my moeder.
**Joh. 14:15**, As julle my liefhet sal julle my

opdragte uitvoer.
**23**; Jesus antwoord hom :’’As iemand My liefhet sal hy my woorde ter harte neem en my Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.
**I Peter 2:13** Wie sal julle kwaad aandoen as julle julle beywer vir wat goed
is ?

# LIEFDE

**OT=Deut. 6:4-5**;Luister,Isreal,die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.
**10:12**; En nou Israel, die Here jou God vra net dat jy Hom moet eer, sy wil moet gehoorsaam, Hom moet liefhê en dien met hart en siel.
**30:6**,Die Here jou God sal jou lewe en die lewe van jou nageslag aan Hom wy sodat jy Hom sal liefhê met hart en siel.
**NT=Mark 12:30**;Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.

# DIENS

**OT=Deut. 10:12**,En nou Israel ,die Here jou God

vra net dat jy Hom moet eer, sy wil moet gehoorsaam, Hom moet liefhê en dien met hart en siel.
**20**;Jy moet die Here jou God eer, Hom dien en aanhang, en wanneer jy ‘n eed aflê ,moet jy dit in Sy naam doen.
**11:13-15** As julle al die gebooie wat ek julle vandag gee stiptelik gehoorsaam en die Here julle God liefhet en dien met hart en siel sal Hy vir julle land sy reën gee op die regte tyd, lengte- en somerreëns en julle sal koring, wyn en olie oes. Die Here sal sorg vir groen gras op julle veld vir julle vee en julle sal oorgenoeg hê om te eet.
**NT=Matt. 4:10**; Maar Jesus se vir hom :’’Gaan weg satan want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.’’

# BEHOUD VAN GELOFTES AAN DIE HERE

**OT= Deut. 23:21-23** Wanneer jy ‘n gelofte aflê teenoor die Here jou  God ,moet jy nie traag wees om dit na te kom nie, anders sal die Here jou God jou tot verantwoording roep en sal jy skuldig wees. Wanneer jy nie ‘n gelofte aflê nie, sal jy nie skuldig wees nie, maar as jy vrywillig ‘n gelofte teenoor die

Here jou God aflê moet jy versigtig wees met wat jy se en moet jy die gelofte nakom.
**NT=Matt. 5:33** Verder het julle gehoor dat daar van die ou tyd af aan mense gesê is :’’Jy mag nie jou eed verbreek nie en ŉ eed in die Naam van die Here moet jy nakom.’’

# AANSPREEKLIKHEID TOT DIE HERE

# UNIVERSEEL

**NT=Hand 17:30-31**;God het die tye van onkunde oorgesien maar nou roep Hy al die mense oral op om hulle te bekeer want Hy het ŉ dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur ŉ Man wat Hy uitverkies het. As bewys daarvan vir almal het Hy Hom uit die dood laat opstaan.
**Rom. 14:12** Elkeen van ons sal dus oor homself aan God rekenskap moet gee.

# NATIONAAL

**OT=Joshua 1:11-13**; ‘’Gaan die kamp deur en se vir die mense; maak vir julle padkos gereed, want

oor drie dae trek julle deur die Jordaan en gaan die land in besit neem wat die Here julle God julle as besitting gee’ ’Vir die stamme Ruben en Gad en vir die halwe Manasse stam het Josua gesê; ’’Julle onthou die woorde van Moses die dienaar van die Here. Hy het vir julle gesê; ’’Die Here julle God sal vir julle ‘n vaste woonplek gee; Hy sal julle hierdie gebied gee.

**Psalm 33:12**;Dit gaan goed met die nasies wie se God die Here is met die volk wat Hy vir Hom as sy eie gekies het.

**Spr. 14:34**; Gehoorsaamheid aan die Here laat ŉ volk sterk staan; sonde bring skande oor ŉ volk.

**Is. 26:2**;Maak oop die poorte dat die nasie wat gered is kan ingaan die nasie wat aan God gehoorsaam is

**Jer. 4:2**,Wanneer jy ŉ eed aflê en se ;” So seker as die Here leef moet dit in waarheid wees, moet jy reg laat geskied en reg doen. Dan sal die nasies hulle seën van die Here verwag en in Hom roem.

**9:9**; Sou Ek nie hieroor rekenskap van hulle eis nie? Se die Here sou Ek My nie wreek op so ŉ nasie nie?

**12:17**;Maar as hulle nie luister nie sal Ek so ŉ volk heeltemal uitruk en vernietig se die Here

# FAMILIE

**OT=Joshua 1:14-18**; julle vrouens en kinders en julle vee kan in die gebied aan hierdie kant van die Jordaan bly wat Moses aan julle toegeken het maar julle, elke weerbare man, moet in formasie voor julle volksgenote uit optrek en hulle help. Eers nadat die Here aan julle volksgenote ‘n vaste woonplek gegee het soos vir julle, en hulle ook die gebied in besit geneem het wat die Here julle God aan hulle gee, kan julle terugkom. Dan kan julle julle eie gebied wat  Moses die dienaar van die Here aan julle oos van die Jordaan toegeken het, in besit neem’ ’Hulle het Josua geantwoord; “Ons sal alles doen wat u ons opdra, ons sal gaan waar u ons ook al stuur. Soos ons aan Moses gehoorsaam was, so sal ons aan u gehoorsaam wees. Mag die Here u God by u wees soos Hy by Moses was. Elke man wat hom teen u bevele verset en nie gehoorsaam is aan al die bevele wat u gee nie, sal dood gemaak word.

# PERSOONLIK

**OT=II Sam. 24:1-15**; Op  ‘n keer was  die Here vertoorn op Israel  hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê; ’’Gaan tel die Israeliete en die

Judeërs ’’Die koning het vir Joab , die hoof van die leer ,wat by hom was gesê;’’ Trek rond deur al die Israelitiese stamme van die noorde tot die suide en tel die volk. Ek wil weet hoeveel hulle is. ’’Joab het die koning geantwoord; ’’Selfs al sou die Here u God die volk honderd maal laat vermeerder en die koning sien dit self, watter genot sou dit u verskaf?. ‘Toe die koning egter vir Joab en die leëroffisier nadruklik so beveel, is hulle van hom af weg om die volk te tel.

**Job 34:10-11**; Maar  luister na my, julle wat alles verstaan! God doen nie verkeerd nie, die Almagtige begaan nie ‘n onreg nie. Hy straf die mens net vir wat hy doen Hy laat hom maar net kry wat hy verdien.

**Psalm 62:12-13** Een ding het ek God hoor se, nee twee: dat net God mag het en  ŉ mens net op U Here kan vertrou en dat U met elkeen handel volgens sy verdienste.

**NT=Matt. 12:36**;Dit se Ek vir julle : Van elke ligsinnige woord wat die mense se sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag. Op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word.

**16:27**; Die seun van die mens gaan saam met sy engele kom. Hy sal beklee wees met dieselfde

heerlikheid as sy Vader en sal elkeen volgens sy dade vergeld.
**Luk 21:36**;Maar wees waaksaam en bid altyd deur dat julle die krag ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan gebeur behoue deur te kom en om voor die Seun van die mens te verskyn.
**Rom. 14:10-12**;Jy waarom oordeel jy dan jou broer? En jy waarom verag jy jou broer? Ons sal tog almal voor die regterstoel van God moet verskyn want daar staan geskrywe: So seker as Ek lewe se die Here voor My sal elke knie buig en elke tong sal bely dat Ek God is.
**II Kor. 5:10**; Daarmee het ek glad nie die onsedelikes of die geldgieriges, bedrieërs of afgodsdienaars van hierdie wêreld bedoel nie want om hulle te vermy sou julle uit die wêreld moes padgee. Wat ek geskryf het was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself ŉ gelowige noem maar wat onsedelik of geldgierig of ŉ afgodsdienaar of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie.
**Gal. 6:7**;Moenie julleself mislei nie :God laat nie met Hom spot nie .Wat ŉ mens saai dit sal hy ook oes.
**Eph. 6:8**;Julle weet tog dat die Here elkeen sal

beloon as hy iets goeds gedoen het of hy nou slaaf is of vry.
**Jud. 1:14-15**;Maar ŉ mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna as die begeertes bevrug geraak het bring dit die sonde voort en as die sonde ryp geword het loop dit uit op die dood.

# ISRAEL TOT 'N GROOT NASIE EN 'N MENIGTE VAN NASIES,

**OT=Gen. 12:2**; Ek sal jou ’n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou ‘n man van groot betekenis maak, en jy moet tot ‘n seën wees.

# ISRAEL SO BAIE SOOS DIE SAND IN DIE SEE EN DIE STERRE VAN DIE HEMEL TE WEES

**OT=Gen. 13:16**; Ek sal jou nageslag so baie maak soos die stof van die aarde. As iemand die stof van die aarde kan tel, sal jou nageslag ook getel kan word.

# GOD SE VOLK, ISRAEL BEKEND GEWORD AS DIE SEUN VAN DIE LEWENDE GOD.

**OT=Jer. 50:6**,My volk was skape wat weggeraak het hulle herders het hulle laat verdwaal, hulle in die berge laat rondswerf; die skape het van een berg na die ander toe geloop en vergeet waar hulle rusplek is.
**17**;Isreal is ‘n verjaagde skaap, leeus het hom rondgejaag. Eers het die koning van Assirië hom opgevreet, en nou het koning Nebukadneser van Babel sy bene skoon gevreet.

# ISRAEL DEUR 'N NUWE NAAM GENOEM WORD.

**NT=Hand 11:26**;In Antiogie is die gelowiges die eerste keer Christene genoem.

# AS CHRISTENE,  WORD ISRAEL AFGESIEN VAN DIE WÊRELD EN SY EUWELS

**NT=Matt. 16:26**; Wat sal dit ‘n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor,

of wat sal ‘n mens gee in ruil vir sy lewe?
**Mark 8:36**;Wat help dit ŉ mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor?
**Luk 9:25**; Wat help dit ŉ mens as hy die hele wêreld as wins verkry maar homself verloor of te gronde gaan ?
**Joh. 15:19**;As  julle aan die wêreld behoort het sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het daarom haat die wêreld julle.
**Rom. 12:2**;Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is wat Hy goed en aanneemlik en volmaak is.
**Gal. 1:4**; wat Homself  vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en so die wil van God ons Vader volbring.
**Eph. 6:12**;Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie maar teen die bose magte van hierdie sondige wêreld teen die bose geeste in die lug.
**Kol. 2:8, 20**;Pas op dat iemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense op wettiese godsdienstige

reëls en nie op Christus nie.
**Jak 4;4** Weet julle nie julle ontroues dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie ? Wie ʼn vriend van die wêreld wil wees wys daarmee dat hy ʼn vyand van God is.
**II Pet 2:20**; Mense wat van die besmetting van die wêreld vrygekom het deurdat hulle ons Here en Verlosser Jesus Christus leer ken het en wat weer daarin vasgevang en daardeur oorweldig word is aan die einde slegter daar aan toe as aan die begin.
**I Joh. 2:15-17** Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge- alles wat die sondige mens begeer alles wat sy oë sien en begeer al sy gesteldheid op besit kom nie van die Vader nie maar uit die wêreld. En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby maar wie die wil van God doen bly ewig lewe.

# TERWYL HY NOG IN PALESTINA WOON, HET GOD BELOWE OM SY VOLK, ISRAEL, 'N NUWE LAND IN TE WOON.

**OT=II Sam. 7:10**;Ek het ‘n woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos voorheen.

# NASIONALE ISRAEL GEEN ALLIANSIE MET DIE NASIES TE MAAK.

**OT=Eks. 22:31**; Julle moet mense wees wat aan My gewy is. Julle mag nie vleis eet van diere wat in die veld verskeur is nie. Gooi dit vir die honde. **34:12**, Moenie ‘n verdrag sluit met die inwoners van die land waarheen julle gaan nie. Hulle sal julle tot ‘n val bring.

# ISRAEL UIT TE LEEN, MAAR NIE VAN DIE ANDER NASIES TE LEEN NIE.

**OT=Deut. 15:6**; Die Here jou God sal jou

voorspoedig maak soos Hy beloof het ,en jy sal aan baie nasies kan uitleen sonder dat jy self hoef te leen. Jy sal oor baie nasies heers, maar oor jou sal hulle nie heers nie.
**28:12** Die Here sal sy goeie voorraadskuur, die hemel ,vir jou oop maak om vir jou land reën te gee op die regte tyd, om alles wat jy doen, te seën. Dan sal jy aan baie nasies kan leen, maar self sal jy nie hoef te leen nie.

# DAAR IS EEN WET VIR ISRAEL EN DIE VREEMDELING

**OT=Eks. 12:49**; Een  en dieselfde bepaling moet geld vir die gebore Israeliet en vir die vreemdeling wat julle beskerming geniet.
**Num. 9:14**;As ŉ vreemdeling wat by julle woon die Paasfees vir die Here wil vier moet hy dit volgens bestaande voorskrifte en bepalings doen, een en dieselfde voorskrif geld vir julle almal vir vreemdeling en vir die landsburger.
**15:15**,Daar moet in die gemeente dieselfde voorskrif wees vir julle en vir die vreemdeling wat by julle woon. Dit is ŉ vaste voorskrif vir julle nageslag dat die vreemdeling net soos julle moet wees voor die Here.

# BUITELANDER OM TE BLY BY GOD SE WET.

**OT=Lev. 16:29**; Julle moet dit as ‘n vaste instelling handhaaf dat julle almal, die gebore Israeliete en die vreemdelinge wat by julle woon, moet vas en alle werk moet staak op die tiende dag van die sewende maand.

**17:12**,beveel Ek elke Israeliet en elke vreemdeling by julle om geen bloed te eet nie.

**18:26**;Julle almal die gebore Israeliete en die vreemdelinge by julle moet my voorskrifte en bepalings gehoorsaam. Julle geen van die afstootlike dinge doen nie.

**24:16**,Wie die Naam van die Here oneerbiedig gebruik moet die doodstraf kry. Die hele gemeente moet hom met klippe doodgooi. Dit geld vir gebore Israeliete en vir vreemdelinge: wie die Gods naam oneerbiedig gebruik moet sterf.

# 2

# VERANDWOORDELIKHEDE TEENOOR MENS

## EER JOU VADER EN JOU MOEDER

**OT=Eks. 20:12**, Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly leef in die land wat die Here jou God vir jou gee.

**Lev. 19:3**; Elkeen van julle moet eerbied hê vir sy ma en sy pa. Julle moet my gebooie oor die Sabbat gehoorsaam. Ek is die Here julle God.

**Deut. 5:16** Eer jou vader en jou moeder soos die Here jou God jou beveel het dan sal jy 'n lang lewe hê en sal dit goed gaan met jou in die land wat die Here jou God vir jou gee.

**NT=Matt. 15:3-6**;God het tog gesê:" Eer jou vader en jou moeder en Wie sy vader of sy moeder vloek moet sekerlik doodgemaak word." Maar julle bepaal: "As iemand vir sy pa of sy ma se : Die hulp wat u van my sou kon kry maak ek 'n offergawe vir God dan hoef hy nie meer sy plig teenoor sy pa na te kom nie." So ontneem julle die woord van God sy gesag ter wille van julle oorgelewerde gebruike.

**Kol. 3:20** Kinders wees in alles aan julle ouers gehoorsaam ,want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo.

# JY SAL NIE MOOR NIE

**OT=Eks. 20:13**;Jy mag nie moord pleeg nie.
**21:21**;Wanner ‘n man sy slaaf of slavin met ‘n stok slaan dat hy of sy onmiddellik doodgaan, moet dit gewreek word.
**Lev. 24:17**, Iemand wat moord pleeg moet die doodstraf kry.
**21**;As iemand ‘n ander se dier dood maak moet hy dit vervang maar as iemand ‘n moord pleeg moet hy die doodstraf kry.
**Num. 35:31**;Julle mag nie loskoop geld aanneem vir die lewe van ‘n moordenaar wat die dood skuldig is nie. Hy moet beslis doodgemaak word.
**Deut. 5:17** Jy mag nie moord pleeg nie.
**NT=Matt. 5:21-22**;Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is:” Jy mag nie moord pleeg nie en elkeen wat moord pleeg is strafbaar voor die regbank.” Maar Ek se vir julle : “ Elkeen wat vir sy broer kwaad is , is al strafbaar voor die regbank. Verder elkeen wat sy broer uitskel vir ‘n gek is strafbaar voor die Joodse Raad en wie hom uitskel vir ‘n idioot is strafbaar met die

helse vuur.
**Jak 2:11** God wat gesê het : “ Jy mag nie egbreuk pleeg nie het ook gesê :” Jy mag nie moord pleeg nie.” As jy nou nie egbreuk pleeg nie maar wel moord is jy tog ‘n oortreder van die hele wet.

# JY MAG NIE EGBREEK NIE

**OT=Eks. 20:14**;Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
**Lev. 20:10**;Iemand wat egbreuk pleeg met die vrou van ‘n mede burger moet dood gemaak word. Dit geld vir die man en ook vir die vrou wat egbreuk pleeg.
**Deut. 5:18**; Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
**22;22-24** Wanneer ‘n man betrap word terwyl hy gemeenskap het met ‘n ander man se vrou , moet die man en die vrou wat gemeenskap gehad het al twee doodgemaak word. So moet jy hierdie soort kwaad tussen die Israeliete uitroei. Wanneer ‘n man ‘n verloofde meisie in die stad raakloop en met haar gemeenskap het moet jy al twee na die stadspoort toe uitbring en met klippe doodgooi. Hulle moet sterf : die meisie omdat sy nie in die stad om hulp geroep het nie en die man omdat hy die verloofde van sy volksgenoot onteer het. So moet jy hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.
**NT=Matt. 5:27-28**;Julle het gehoor dat daar gesê

is : “ Jy mag nie egbreuk pleeg nie.” Maar Ek se vir julle :” Elkeen wat na ‘n vrou kyk en haar begeer het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.
**Joh. 8:3-11**; Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe ‘n vrou wat op owerspel betrap is en laat haar in die middel van die kring mense staan. Hulle het vir Hom gesê: ”Meneer hierdie vrou is op heter daad betrap waar sy owerspel gepleeg het. Moses het ons in die wet beveel om sulke vrouens te stenig maar U wat
se U ? Dit het hulle gevra om Hom uit te lok sodat hulle iets kon kry waaroor hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond geskrywe .Toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy regop gekom en vir hulle gesê:” Laat die een van julle wat ‘n skoon gewete het eerste ‘n klip op haar gooi.” Daarna het Hy weer gebuk en op die grond geskrywe. Toe hulle hoor wat Hy se het hulle een vir een begin wegloop die familiehoofde eerste. Jesus is alleen agter gelaat saam met die vrou daar in die middel van die kring mense. Toe het Hy regop gekom en vir haar gevra: ”Mevrou waar is hulle ? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie? Niemand nie Here se sy . Toe se Jesus :” Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.

**I Kor. 6:18**; Julle moet niks met losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat ‘n mens doen vind buite jou liggaam  plaas maar iemand wat seksueel losbandig lewe vergryp hom aan sy eie liggaam.
**Heb. 13:4** Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar want ontugtiges en egbreker sal onder die oordeel van God kom.

# JY MAG NIE STEEL  NIE

**OT=Eks. 20:15**;Jy mag nie steel nie.
**Deut. 5:19** Jy mag nie steel nie.

# JY MAG NIE VALS GETUIENIS LEWER NIE

**OT=Eks. 20:16**;Jy mag nie vals getuienis teen ‘n ander gee nie.
**Deut. 5:20**; Jy mag nie vals teen ‘n ander getuig nie.
**19:16-19**; Wanneer ‘n kwaadwillige getuie iemand van ontrou aan die Here beskuldig moet die twee mans wat in die saak betrokke is voor die Here verskyn voor die priesters en die regters wat aan diens is. Die regters moet die saak deeglik

ondersoek en sal dit blyk dat die persoon wat sy volksgenoot beskuldig het ‘n vals getuie is moet julle hom aan doen wat hy sy volksgenoot wou aandoen. So moet die soort kwaad tussen julle uitgeroei word.

**Spr. 6:16-19**;Die Here haat ses dinge nee daar is sewe waarvan Hy ‘n afsku het : oë wat straal van hoogmoed, ‘n tong wat lieg, hande wat met bloed bevlek is ,gedagtes wat met komplotte besig is ,voete wat net een koers ken, die van kwaad, ‘n getuie wat lieg en iemand wat rusie stook tussen broers.

**12:17**;wie die waarheid aan die lig bring, lewer betroubare getuienis ; ‘n getuie wat lieg maak alles vals.

**19:5**,’n Vals getuie bly nie ongestraf nie; wie leuens kwytraak kom nie vry nie.

**9**;’n Vals getuie bly nie ongestraf nie ;wie leuens kwytraak gaan tot niet.

**25:18** ‘n Knopkierie , ‘n swaard ‘n skerp pyl, so is ‘n man wat vals teen sy naaste getuig.

**NT=Matt. 12:35-37**;Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart ; die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge in sy hart. Dit se Ek vir julle: “Van elke ligsinnige woord wat

die mense se sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag. Op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word.
**15:19**;Uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vals getuienis, kwaadpratery.

# JY MAG NIE BEGEER NIE

**OT=Eks. 20:17**; Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie ‘n slaaf of slavin, ’n bees of ‘n donkie, of enige iets anders wat aan hom behoort nie.
**Deut. 5:21**;Jy mag nie iemand anders se vrou begeer nie. Jy mag nie sy huis begeer nie ook nie sy grond ,sy slaaf of slavin, sy bees of donkie of enige iets  anders wat aan hom behoort nie.
**Miga 2:2** Hulle begeer ‘n stuk grond en vat dit huise en lê beslag daarop. Hulle kul ‘n man uit sy besittings uit. Daarom so se die Here ; “ Ek beplan ‘n ramp teen hierdie mense hulle sal dit nie kan ontwyk nie. Hulle sal nie meer regop kan loop nie want dit sal ‘n tyd van swaarkry wees.
**NT=Luk 12:15**;Toe se Hy  vir hulle :” Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid want ‘n mens se lewe is nie afhanklik van die

oorvloed van sy besittings nie.
**Eph. 5:3**;Soos dit gelowiges betaam moet daar van ontug onsedelikheid in enige vorm of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie.
**I Tim. 6:10**;Geldgierigheid is ‘n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; Daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal.
**Heb. 13:5** Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het gesê: ”Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Daarom kan ons met vertroue se: “Die Here is my helper ,ek ken geen vrees nie: wat kan ‘n mens aan my doen?”

# HE JOU NAASTE LIEF SOOS JOUSELF

**OT= Lev. 19:17-18** Jy mag nie haatdraend wees teenoor jou volksgenoot nie. Maak die geskil openlik met hom uit, moenie wat hy verkeerd gedoen het, teen hom bly hou nie. Jy mag nie wraak neem of ‘n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.
**NT=Matt. 7:12**;Alles wat julle wil hê dat die mense

aan julle moet doen moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete.
**22:39**;En die tweede wat hiermee gelyk staan is :" Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."
**Mark 12:31**,Die tweede is :" Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Geen ander gebod is groter as die twee nie."
**33**; En om Hom lief het met jou hele hart en met jou hele denke en met al jou krag en om jou naaste lief te hê soos jouself is van meer belang as al die brandoffers en ander diereoffers.
**Luk 6:31**;Behandel ander mense soos julle self behandel wil word.
**10:27**;Hy antwoord:" Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand en jou naaste soos jouself.
**Joh. 13:34-35**;Ek gee julle 'n nuwe gebod:" julle moet mekaar liefhê Soos Ek julle liefhet moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar lief het sal almal weet dat julle dissipels van My is."
**15:12**,Dit is my opdrag :" Julle moet mekaar lief hê soos Ek julle lief het.
**17**; Dit beveel Ek julle : Julle moet mekaar lief hê.
**Rom. 12:10**;Betoon hartlike broederlike liefde

teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.
**13:8**; Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy mede mens liefhet voer die hele wet van God uit.
**Gal. 5:14**; Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat:" Jy moet jou naaste liefhê soos jouself"
**I Thess.. 4:9**; Oor broederlike liefde hoef ons nie aan julle te skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê.
**Heb. 13:1**; As broers moet julle mekaar altyd liefhê.
**Jak 2:8**; As julle werklik die wet van die koningryk van God onderhou soos dit in die Skrif staan:" Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" dan doen julle reg.
**I Pet 1:22**;Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ontveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê.
**2:17**;Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God Eer die keiser
**3:8**;Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig.
**I Joh. 3:11**, Dit is immers die boodskap wat julle

van die begin af gehoor het: Ons moet mekaar liefhê.
**14-18**;Ons weet dat ons  klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie lief het nie, bly in die dood. Elkeen wat sy broer haat is ‘n moordenaar en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe in hom het nie. Hieraan weet ons wat liefde is : Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê. Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly maar geen gevoel vir hom het nie - hoe kan die liefde van God in hom wees? Liewe kinders ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie maar moet met daad bewys word en dan in opregtheid.
**4:7**, Geliefdes ons moet mekaar liefhê want liefde kom van God en elkeen wat lief het is ‘n kind van God en ken God.
**11-12**,Geliefdes as dit hoe God sy liefde aan ons bewys  het behoort ons mekaar ook lief te hê. Niemand het God nog ooit  gesien nie maar as ons mekaar lief het bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.
**20-21**;As iemand se :” Ek het God lief “ en haat sy broer is hy ‘n leuenaar want wie sy broer wat hy kan sien  nie lief het nie kan onmoontlik vir God

liefhê wat hy nie kan sien nie. En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet moet ook sy broer liefhê.

**II Joh. 1;5** En nou het ek ‘n versoek geagte vrou. Dit is nie iets nuuts wat ek vir julle voorskrywe nie, maar ‘n gebod wat ons van die begin af gehad het: Ons moet mekaar liefhê.

# 3 VERANDWOORDELIKHEDE TEENOOR MENS WET

## MENSLIKE WETTE TEENOOR PERSONE

## WEDUWEES EN WEESKINDERS

**OT=Eks. 22:22-23**; Jy mag geen weduwee of weeskind veronreg nie. As jy tog so iemand veronreg, en hy na My roep ,sal Ek na sy hulpgeroep luister. Om die drie jaar moet jy die volle tiende van daardie jaar se opbrengs in jou dorpe gaan wegpak. Dan kan die Leviete wat nie ‘n eie grondgebied as besitting saam met jou gekry het nie, die vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees in jou omgewing genoeg eet. As jy dit doen sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy aanpak.
**Deut. 14:28-29**; Jy mag nie die regte van ‘n vreemdeling of ‘n weeskind van hulle af weg vat nie. Jy mag nie die klere van ‘n weduwee as pand neem nie. Jy moet onthou dat jy in Egipte ‘n slaaf

was, en dat die Here jou God jou daaruit bevry het. Daarom beveel ek jou om al hierdie dinge te doen. Wanneer jy jou lande afoes en jy vergeet ‘n gerf op die land moet jy nie omdraai om dit te gaan haal nie. Dit moet bly vir ‘n vreemdeling of ‘n weeskind of ‘n weduwee. Dan sal die Here jou God jou seën in alles wat jy aanpak. Wanneer jy olywe afslaan van jou olyfboom af ,mag jy nie agterna weer gaan afslaan nie. Wat agtergebly het ,moet bly vir ‘n vreemdeling of ‘n weeskind of ‘n weduwee. Wanneer jy jou wingerd oes, mag jy nie agterna weer gaan oes nie. Wat agtergebly het, moet bly vir ‘n vreemdeling of ‘n weeskind of ‘n weduwee.

**Job 31:16-22**;Het ek armes geweier wat hulle gevra het en weduwees van honger laat vergaan? Het ek my stukkie kos alleen geëet en die weeskind nie ook daarvan laat eet nie? Inteendeel, van my jeug af was ek vir die weeskind ‘n pa, van my kindsdae af het ek vir die weduwee gesorg. Het ek ‘n arme sonder klere sien rondswerwe en hom nie iets gegee om aan te trek nie? Het hulle my nie juis geprys omdat my skape se wol hulle warm gehou het nie? Het ek my hand teen weeskind opgelig omdat ek kon reken op die partydigheid van die regters? As ek aan iets

hiervan skuldig is, mag my bo-arm afgeskeur word van my skouer af, mag my arm af gebreek word.
**Is. 1:17**;Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker tee. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwee.
**Jer. 22:3**;So se die Here; Handhaaf die reg en wees regverdig! Red die wat beroof word uit die mag van die uitbuiter ook die vreemdeling, die weeskind en die weduwee. Moenie die reg vertrap nie, moenie geweld pleeg en moenie mense onskuldig om die lewe bring in hierdie plek nie.
**Zech. 7:9-10**;So het die Here die Almagtige gesê; Laat reg geskied aan almal, bewys ,liefde en barmhartigheid aan mekaar; moenie die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie; moenie bose planne teen mekaar bedink nie.
**Mal. 3:5** Dan sal Ek na julle toe kom as regter; Ek sal sonder versuim regspreek teen die wat hulle met toordery ophou, teen die egbrekers en die wat vals ede aflê teen die wat die dagloner te kort doen, die weduwee en die weeskind veronreg en die vreemdeling verdring, teen die wat nie vir My eerbied het nie, sê die Here die Almagtige
**NT=Luk 18:5-7**;maar aangesien hierdie weduwee

so aanhou om my lastig te val, sal ek haar regsaak help, anders kom klap sy my op die ou end ook nog. Toe se die Here; ’Hoor wat se die onregverdige regter. Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag? Ek se vir julle; Hy sal hulle help en gou ook! Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?

**I Tim. 5:3-16**;Versorg die weduwees wat werklik alleen agtergelaat is. Maar as ‘n weduwee kinders of klein kinders het  moet die kinders leer om as gelowiges allereers hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom en so hulle ouers en grootouers iets te vergoed. Dit is volgens die wil van God. ’n Weduwee wat alleen agtergelaat is en niemand het om vir haar te sorg nie, vestig haar hoop volkome op God en volhard dag en nag met smeking en gebede. Maar ‘n weduwee wat uitspattig lewe is dood al leef sy nog. Skerp ook hierdie dinge in ,sodat almal onberispelik kan wees. As iemand nie vir sy eie mense en veral nie vir sy eie huisgesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as ‘n ongelowige. ’n Weduwee kan op die lys van dienende weduwees kom as sy minstens sestig jaar oud is en aan haar

getrou was. Sy moet bekend wees om haar goeie dade, naamlik dat sy haar kinders goed opgevoed het, vreemdelinge gehuisves het, die voete van die gelowiges gewas het, die verdruktes gehelp het en goed gedoen het waar sy kon. Jonger weduwees moet jy nie in die lys op neem nie. Hulle liggaamlike begeertes kan hulle daartoe bring om hulle af te wend van Christus af en weer te wil trou. Dan is hulle daaraan skuldig dat hulle  vroeër belofte aan Hom verbreek het. Buitendien leer hulle om hulle tyd te verkwis deur net van die een huis na die ander rond te kuier. Hulle is nie net ledig nie, maar ook bemoeisiek en praatsiek en hulle praat oor dinge waaroor nie gepraat moet word nie. Daarom verkies ek dat die jonger weduwees weer trou, kinders kry, hulle huise versorg en geen teenstanders aanleiding gee om kwaad te praat van ons nie. Daar is reeds party wat agter die Satan aan afgewyk het.as ‘n gelowige vrou weduwees in haar familie het, moet sy vir hulle sorg. Sy moet nie die las op die gemeente lê nie, sodat die gemeente die weduwees kan help wat alleen agtergelaat is.

# NAASTE

**OT=Lev. 19:13**,Jy mag nie jou naaste uitbuit of

hom beroof nie.
**18** Jy mag nie wraak neem of ‘n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.
**NT=Matt. 19:19**;jy moet jou naaste lief hê soos jouself
**22:37-39**;Jesus antwoord hom; ’Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod .En die tweede wat hiermee gelyk staan is ;’’Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
**Joh. 13:34**;Ek gee julle ‘n nuwe gebod; julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.
**Rom. 13:9-10**;Al die gebooie; ’Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat; ”Jy moet jou naaste liefhê soos jouself’ ’Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet.
**Eph. 4:25** Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.

# ARMES

**OT=Eks. 22:25**;As jy aan ‘n man uit my volk geld leen, moet jy nooit teenoor hom soos ‘n skuldeiser optree nie, Jy mag hom ook nie rente vra nie.
**23**:6,wanneer jy regspreek, mag jy ‘n arme nie in ‘n hofsaak veronreg nie
**11**;maar die sewende jaar moet jy dit laat braak lê. Die armes onder jou mense mag van die opslag eet, en wat hulle laat oor bly kan die wilde diere vreet. So moet jy ook met jou wingerd en olyfbome maak.
**Lev. 19:9-10**,Wanneer julle julle lande afoes, moet julle nie die wenakkers afoes nie en ook nie die are wat bly lê agterna optel nie. Julle moet ook nie die wingerde ‘n tweede keer oes of die korrels wat val optel nie. Laat dit alles bly vir die armes en die vreemdelinge. Ek is die Here julle God.
**15**;Jy mag nie onregverdig wees in die regspraak nie; jy mag nie partydig wees vir die wat geen aansien het nie of die vooraanstaande bevoordeel nie. Oordeel regverdig oor jou naaste.
**23:22**;Wanneer julle julle lande oes, moet julle nie die wenakkers afoes of die are wat bly lê optel nie. Julle moet dit los vir die armes en die vreemdelinge. Ek is die Here julle God.

**25:35-37**;Wanner ‘n mede-Israeliet so in die skuld raak by jou dat hy nie kan betaal nie, moet jy hom help soos jy ‘n vreemdeling of ‘n bywoner sou help en hom by jou aan die lewe hou. Jy mag hom geen rente van enige aard laat betaal nie. Uit eerbied vir jou God moet jy jou mede-Israeliet by jou aan die lewe hou. As jy aan hom geld leen, moet dit dus rentevry wees en as jy aan hom kos verskaf moet dit teen kosprys wees.
**Deut. 15:7-11**;As daar in een van die dorpe in die land wat die Here jou God aan jou gee ‘n arme is ‘n mede-Israeliet ,moet jy nie hard en suinig wees teenoor so ‘n broer van jou wat arm is nie. Wees vrygewig teenoor hom en leen hom wat hy nodig het. Moenie sondige gedagtes herberg en dink dit is nie goed om jou broer wat arm is te help nie omdat die sewende jaar die jaar van afskrywing, op hande is nie. Hy mag hom teen jou op die Here beroep en jy sal skuldig staan. Gee vryelik aan jou broer wat arm is, moenie sleg voel omdat jy vir hom gegee het nie want juis omdat jy vir hom gee sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy doen en aanpak. Daar sal altyd armes in jou land wees en daarom het ek jou beveel om vrygewig te wees  teenoor jou mede-Israeliet wat in nood is en arm is.

**24:14-15**;Jy mag nie ‘n huurling wat arm en behoeftig is laat swaarkry nie of nou al ‘n volksgenoot is of ‘n vreemdeling wat by jou woon in een van jou land se stede. Jy moet hom sy loon nog dieselfde dag gee ,voor die son ondergaan, want hy is arm en reken op sy loon. As jy dit nie doen nie sal hy by die Here kla oor jou en sal jy skuldig wees.
**Job 31:16-22**;Het ek armes geweier  wat hulle gevra het en weduwees van die honger laat vergaan? Het ek my stukkie kos alleen geëet en die weeskind nie ook daarvan laat eet nie? Inteendeel van my jeug af was ek vir die weeskind ‘n pa van my kindsdae af het ek vir die weduwee gesorg. Het ek ‘n arme sonder klere sien rondswerwe en hom nie iets gegee om aan te trek nie? Het hulle my nie juis geprys omdat my skape se wol hulle warm gehou het nie? Het ek my hand teen ‘n weeskind opgelig omdat ek kon reken op die partydigheid van die regters? As ek aan iets hiervan skuldig is, mag my bo-arm afgeskeur word van my skouers, mag my arm afgebreek word.
**Psalm 82:3-4**; Julle moet reg laat geskied aan die mens in nood en aan die weeskind ‘n regverdige uitspraak vir die hulpelose en die behoeftige lewer, julle moet die mens in nood en die arme bevry

hulle uit die mag van die goddelose red
**Spr. 14:21**,Wie sy naaste verag, doen sonde; wie medelye het met die mens in nood, met hom gaan dit goed.
**31**;Wie ‘n arm mens verdruk, beledig sy Maker; wie hom oor ‘n arm mens ontferm eer God.
**19:17**;Wie hom oor ‘n arm mens ontferm, gee ‘n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed
**21:13**;As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van ‘n arm mens, sal jy ook nie antwoord kry as jy roep nie.
**28:6**;Liewer arm wees en eerbaar lewe as oneerbaar lewe en ryk wees.
**Zech. 7:10** moenie die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie; moenie bose planne teen mekaar bedink nie.
**NT=Matt. 25:34-40**;Dan sal die Koningin vir die aan sy regterkant se; Kom julle wat deur my Vader geseën is! Die koningryk  is van die skepping van die wêreld af vir julle voor berei. Neem dit as erfenis in besit ,want Ek was honger en julle het My iets gegee om te eet ;Ek was dors en julle het My iets gegee om te drink; Ek was ‘n vreemdeling en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere en julle het vir My klere gegee; siek en julle het My

verpleeg; in die tronk en julle het My besoek. Dan sal die wat die wil van God gedoen het, Hom vra; Here wanneer het ons U honger gesien en U gevoed of dors en U iets gegee om te drink? En wanneer het ons U ‘n vreemdeling gesien en U gehuisves of sonder klere en vir U klere gegee? Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek? En die koning sal hulle antwoord; Dit verseker Ek julle; Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.
**Luk 3:11**; Hy antwoord hulle; Wie twee kledingstukke het, moet dit deel met iemand wat nie het nie en wie kos het moet dieselfde doen
**14:13-14** Nee as jy ‘n feesmaal gee nooi dan die armes, kreupeles verlamdes en blindes. Jy kan jou gelukkig ag dat hulle niks het om jou mee te vergoed nie, want God sal jou vergoed by die opstanding van die wat reg gedoen het.

# OORSAKE VAN ARMOEDE LUIHEID

**OT=Spr. 6:10-11**, Nog ‘n bietjie slaap, nog ‘n bietjie sluimer, nog ‘n bietjie hande vou en bly lê, en daar oorval die armoede jou soos ‘n rower,

daar oorrompel die gebrek jou soos ‘n inbreker.
**12:24**; Hardwerkende mense kom in mag posisies; lui mense word dwangarbeiders.
**19:15**,Luiheid laat ‘n mens diep slaap; ’n lui mens ly honger.
**24**; ‘n Luiaard steek sy hand in die skottel, maar bring dit nie terug na sy mond toe nie.
**20:4**; ‘n Luiaard ploeg nie in die saaityd nie en soek in die oestyd na iets wat nie daar is nie.
**21:25**; ‘n Lui mens soek sy dood want hy wil nie sy hande uit sy moue steek nie;
**22:13** Die lui mens se ; ’’Daar is ‘n leeu daarbuite! Ek kan doodgemaak word as ek dit buite waag!’’

# GEBREK VAN DIE INDUSTRIE

**OT=Spr. 24:30-34** Ek het by ‘n lui mens se land verbygestap, by ‘n onverstandige mens se wingerd; dit was heeltemal oortrek van die onkruid, toegegroei onder die bossies, en die klipmuur was omgeval. Toe ek dit sien, het ek daaroor nagedink en daar iets uit geleer nog ‘n bietjie slaap, nog ‘n bietjie sluimer, nog ‘n bietjie hande vou om te slaap, en daar kom armoede aangestap, daar oorval die gebrek jou soos ‘n inbreker, sonder dat jy dit kan keer.

# LIEFDE VIR PLESIER

**OT=Spr. 21:17** Wie  plesier voorop stel, word arm; wie lief is vir wyn en lekker kos, word nie ryk nie.

# HARDKOPPIGHEID

**OT=Spr. 13:18**  Armoede en vernedering wag vir iemand wat hom nie wil laat leer nie, wie ‘n teregwysing ter harte neem, word geëer.

# LOS LEWE.

**OT=Spr. 28:19** Wie sy grond bewerk, het volop om  te eet; wie hom besig hou met nuttelose dinge, word brandarm.

# DRONKENSKAP

**OT=Spr. 21:17**; Wie plesier vooropstel word arm; wie lief is vir wyn en lekker kos, word nie ryk nie.
**23:21** want die suiplap en die vraat word arm; dronkenskap laat jou in vodde loop.

# ONDERDRUKKING VAN DIE ARMES

**OT=Spr. 22:16** Wie arm mense uitbuit, verryk homself; wie aan ryk mense geskenke gee, word self arm .

# LIEFDE VIR SLAAP

**OT=Spr. 6:9-11**; Hoe lank gaan jy nog lê luiaard, wanneer gaan jy opstaan? Nog ‘n bietjie slaap, nog ‘n bietjie sluimer, nog ‘n bietjie hande vou en bly lê, en daar oorval die armoede jou soos ‘n rower ,daar oorrompel die gebrek jou soos ‘n inbreker.

**20:13** As jy nie wil arm word nie, moenie lief wees vir slaap nie; staan vroeg op, en jy sal oorgenoeg hê om te eet.

# VREEMDELINGE

**OT=Lev. 19:33-14**; Jy mag nie jou naaste uitbuit of hom beroof nie. Jy mag nie ‘n dagloner se loon terughou tot die volgende dag nie. Uit eerbied vir jou God mag jy nie ‘n dowe vloek of ‘n hindernis in die pad van ‘n blinde lê nie. Ek is die Here.

**Deut. 10:19**;Jy moet ook die vreemdelinge liefhê want jy was self ‘n vreemdeling in Egipte.

**24:14**,Jy mag nie ‘n huurling wat arm en behoeftig is laat swaarkry nie of hy nou al ‘n volksgenoot is of ‘n vreemdeling wat by jou woon in een van jou stede.

**17**,Jy mag nie die regte van ‘n vreemdeling of van ‘n weeskind van hulle af wegvat nie. Jy mag nie

die klere van ‘n weduwee as pand neem nie.
**19-22**,Wanneer jy jou lande afoes en vergeet ‘n gerf op die land moet jy nie omdraai om dit te gaan haal nie. Dit moet bly vir ‘n vreemdeling of ‘n weeskind of ‘n weduwee. Dan sal die Here jou God jou seën in alles wat jy aanpak. Wanneer jy olywe afslaan van jou olyfboom af, mag jy nie agterna weer gaan afslaan nie. Wat agtergebly het, moet bly vir ‘n vreemdeling of ‘n weeskind of ‘n weduwee. Wanneer jy jou wingerd oes, mag jy nie agterna weer gaan oes nie. Wat agtergebly het, moet bly vir ‘n vreemdeling of ‘n weeskind of ‘n weduwee. Jy moet onthou dat jy in Egipte ‘n slaaf was. Dit is waarom ek jou beveel om al hierdie dinge te doen.
**27:19** Daar rus ’n vloek op elkeen wat nie reg laat geskied aan ‘n vreemdeling ’n weeskind of ‘n weduwee nie!
**NT=Matt. 25:34-40** Dan sal die Koning vir die aan sy regterkant se; Kom julle wat deur my Vader geseën is! Die koningryk  is van die skepping van die wêreld af vir julle voor berei. Neem dit as erfenis in besit ,want Ek was honger en julle het My iets gegee om te eet ;Ek was dors en julle het My iets gegee om te drink; Ek was ‘n vreemdeling en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere en

julle het vir My klere gegee; siek en julle het My verpleeg; in die tronk en julle het My besoek. Dan sal die wat die wil van God gedoen het, Hom vra; Here wanneer het ons U honger gesien en U gevoed of dors en U iets gegee om te drink? En wanneer het ons U ‘n vreemdeling gesien en U gehuisves of sonder klere en vir U klere gegee? Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek? En die Koning sal hulle antwoord; Dit verseker Ek julle; Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.

# GESTREMDE
# DIE BLINDE EN DOWE

**OT=Lev. 19:14**,Uit eerbied vir jou God mag jy nie ‘n dowe vloek of ‘n hindernis in die pad van ‘n blinde lê nie. Ek is die Here.

**Deut. 27:18** Daar rus ‘n vloek op elkeen wat ‘n blinde op ‘n verkeerde pad lei! Dan moet die hele volk antwoord Amen!

**NT=Luk 14:13-14** Nee ,as jy ‘n feesmaal gee, nooi dan armes, kreupeles, verlamdes en blindes. Jy kan jou gelukkig ag dat hulle niks het om jou mee te vergoed nie, want God sal jou vergoed by die

opstanding van die wat reg gedoen het.’’.

# KREUPELES

**NT=Luk 14:13-14** Nee ,as jy ‘n feesmaal gee, nooi dan armes, kreupeles, verlamdes en blindes. Jy kan jou gelukkig ag dat hulle niks het om jou mee te vergoed nie, want God sal jou vergoed by die opstanding van die wat reg gedoen het.’’

# DIE SWAKKE

**NT=Rom. 15:1** Op ons wat sterk is in die geloof, rus die verpligting om die swakhede te verdra van die wat nie sterk is nie. Ons moenie aan onsself dink nie.

# RESPEK VIR OUES

**OT=Lev. 19:32**; Uit eerbied vir jou God moet jy eerbied bewys aan oumense en hulle met respek behandel. Ek is die Here.

**Spr. 20:29**; Die trots van jongmense lê in hulle krag; die versiering van oumense is hulle grysheid

**23:22** Wees gehoorsaam aan jou vader en moeder, jy is hulle kind en moet hulle nie verag as hulle oud geword het nie.

**NT=I Tim. 5:1-4**;’n Ouer man moet jy nie skerp tereg wys nie maar vermaan asof hy jou vader is.

Vernaam die jonger mans soos jou broers die ouer vroue soos moeders en die jonger vroue soos susters in alle eerbaarheid. Versorg die weduwees wat werklik alleen agtergelaat is. Maar as ‘n weduwee kinders of kleinkinders het moet die kinders leer om as gelowiges allereers hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom en so hulle ouers en grootouers te vergoed. Dit is volgens die wil van God.
**I Pet 5:5** En julle wat jonger is, moet aan die ouer mense onderdanig wees. Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help want ‘’God weerstaan die hoogmoediges maar aan die nederiges gee Hy genade.’’

# DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE WELSYN ONTVANGER DIE MENS MOET WERK AS HY WIL EET

**OT=Gen. 3:19** net deur harde werk sal jy kan eet, totdat jy terugkeer na die aarde toe, want daaruit is jy geneem. Stof is jy, en jy sal weer stof word.’’
**NT=II Thess.. 3:8-12** Inteendeel ons het dag en nag geswoeg en gesweet om nie vir een van julle ‘n las te wees nie. Nie dat ons nie die reg het op

onderhoud van julle nie, maar ons wou julle voorbeeld wees wat julle moet volg. Toe ons nog by julle was, het ons vir julle uitdruklik gesê; ’’As iemand nie wil werk nie ,moet hy ook nie eet nie. Ons sê dit omdat ons verneem dat daar mense by julle is wat leeglê wat self nie werk nie en hulle net met ander se sake bemoei. Sulke mense beveel en gebied ons op gesag van die Here Jesus Christus dat hulle hulle aandag by hulle werk moet bepaal en hulle eie brood verdien.

# 4 VERANDWOORDELIKHEDE TEENOOR SABATWET

## ONTHOU DIE SABBAT EN HOU DIT HEILIG

**OT=Eks. 20:8-11**; Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag ingestel en dit geheilig.

**1:14-17**; Onderhou dus die Sabbat. Dit moet vir julle ‘n gewyde dag wees. Hy wat dit ontwy  moet

doodgemaak word. Wie op die dag werk moet van sy volk afgesny word. Ses dae kan daar gewerk word maar die sewende dag is ‘n rusdag, ‘n Sabbat wat gewy is aan My, die Here. Elkeen wat op die Sabbatdag werk moet doodgemaak word. Die Israeliete moet die Sabbat onderhou. Ook op hulle nageslag lê die verbond ‘n blywende verpligting om die Sabbat te onderhou. Dit sal vir altyd ‘n teken wees tussen My en die Israeliete. In ses dae het Ek die Here die hemel en die aarde gemaak maar op die sewende dag het Ek nie gewerk nie maar gerus.

**Deut. 5:12-15**;Jy moet die Sabbatdag so deurbring dat jy dit heilig hou soos die Here jou God jou beveel het. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet maar die sewende dag is die Sabbatdag van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie ,nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk of jou bees of jou donkie of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie, sodat jou werksmense kan rus soos jy. Jy moet daaraan dink dat jy in Egipte ‘n slaaf was en dat die Here jou God jou deur sy groot krag en met magtige dade daaruit bevry het. Daarom het die Here jou God jou beveel om die Sabbatdag te onderhou.

**Eseg. 20:20** hou my Sabbatte heilig sodat hulle die teken kan wees van die verhouding tussen My en julle sodat julle kan weet dat Ek , die Here, julle God is.
**NT=Mark 2:27-28** Jesus het verder vir hulle gesê:” Die Sabbatdag is vir mense gemaak en nie die mens vir die Sabbatdag nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook oor die Sabbat.

## HOU SABAT AS N DAG VAN RUS

**OT=Gen. 2:2-3**;Op die sewende dag was God reeds klaar met die skeppings werk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het. Hy het die sewende dag as gereelde rusdag ingestel en dit geheilig, want op daardie dag het Hy gerus na al die skeppings werk wat Hy gedoen het.
**Eks. 16:23**; Dit is soos die Here gesê het: More is ‘n rusdag ‘n gewyde Sabbat van die Here . Maak alles gaar, bak wat julle wil bak en kook wat julle wil kook en wat oorbly nadat julle geëet het moet julle wegsit en bewaar vir more.
**20:8**,Sorg dat julle die Sabbatdag heilig hou.
**11**;Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak die aarde  en alles daarop die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus

en daarom het die Here dit as gereelde rusdag ingestel en dit geheilig
**31:13**, Jy moet vir die Israeliete se :” Onderhou my Sabbatte. Dit is van geslag tot geslag ‘n teken tussen My en julle sodat julle kan besef dat Ek die Here, julle vir My geheilig het.
**15-17**;Ses dae kan daar gewerk word maar die sewende dag is ‘n rus dag ‘n Sabbat wat gewy is aan My die Here. Elkeen wat op die Sabbatdag werk moet doodgemaak word.
**34:21**;Ses dae moet jy werk maar op die sewende dag moet jy rus . Of dit nou ploegtyd of oestyd is jy moet rus .
**35:2**;Ses dae moet julle julle werk doen maar die sewende dag moet vir julle ‘n gewyde dag wees. Dit is ‘n rusdag tot eer van die Here. Elkeen wat op die dag werk moet doodgemaak word.
**Lev. 19:3**;Julle moet my gebooie oor die Sabbat gehoorsaam .Ek is die Here julle God.
**23:3**;Ses dae moet julle werk maar die sewende dag is ‘n rusdag ‘n Sabbatdag waarop julle ‘n gewyde byeenkoms moet hou . Dan mag julle geen werk doen nie. Julle moet die Sabbatdag aan die Here wy waar julle ook al woon.
**Deut. 5:12-13**; Jy moet die Sabbatdag so deurbring dat jy dit heilig hou soos die Here jou

God jou beveel het. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet
**Jes. 56:2**;Dit gaan goed met die mens wat die Sabbat onderhou en dit nie onheilig nie wat sorg dat hy niks verkeerds doen nie. Dit gaan goed met die mens wat hom hieraan hou.
**Eseg. 20:12**,Ek het ook my Sabbatte aan hulle gegee om vir hulle ‘n teken te wees van die verhouding tussen hulle en My en sodat hulle sou weet dat Ek die Here hulle geheilig het.
**20** hou My Sabbatte heilig sodat dit die teken kan wees van die verhouding tussen My en julle sodat julle kan weet dat Ek die Here julle God is.
**NT=Luk 23:54-56**;Dit was Vrydag en die Sabbat het al begin aanbreek. Die vroue wat saam met Jesus van Galilea af gekom het , het saamgeloop en die graf gesien en gekyk hoe sy liggaam neergelê word. Daarna het hulle huis toe gegaan en reukolie en salf reggemaak. Op die Sabbatdag het hulle gerus soos die gebod bepaal.
**Heb. 4:9-11** Daar wag dus nog steeds ‘n Sabbatsrus vir die volk van God want elkeen wat in die rus van God ingaan rus van sy werk net soos God van Syne. Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan ,sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook

oorkom nie.

# NIE WERK OP DIE SABBAT

**OT=Eks. 20:9-10**; Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie.

**23:12**; In ses dae moet jy jou werk doen, maar op die sewende dag moet jy nie werk nie sodat jou beeste en donkies kan uit rus en jou werksmense en die vreemdelinge by jou ‘n bietjie kan asem skep.

**31:14**;Onderhou dus die Sabbat. Dit moet vir julle ‘n gewyde dag wees. Hy wat dit ontwy moet doodgemaak word. Wie op die dag werk moet van sy volk afgesny word.

**35:2-3**;Ses dae moet julle werk doen maar die sewende dag moet vir julle ‘n gewyde dag wees. Dit is ‘n rusdag tot eer van die Here. Elkeen wat op die dag werk moet doodgemaak word. Julle mag op die Sabbat geen vuur in enige van julle wonings maak nie.

**Lev. 23:3**;Ses dae moet julle werk maar die sewende dag is ‘n rusdag ‘n Sabbat waarop julle ‘n

gewyde byeenkoms moet hou. Dan mag julle geen werk doen nie. Julle moet die Sabbat aan die Here wy waar julle ook al woon.
**Deut. 5:14**; maar die sewende dag is die Sabbatdag van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie ,nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk of jou bees of jou donkie of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie, sodat jou werksmense kan rus soos jy
**Jer. 17:22** moet niks uit julle huise bring op die Sabbatdag nie moet geen werk doen nie. Hou die Sabbatdag heilig soos Ek julle voorvaders beveel het.

# NIE JOU EIE PLESIER TE SOEK OP DIE SABBAT

**OT=Is. 58:13-14** As jy nie op die Sabbat oortree nie op my heilige dag doen net wat jy wil nie as jy die Sabbat ‘n vreugde noem  as jy die heilige dag van die Here in ere hou as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie te doen net wat jy wil nie en nie handel dryf nie sal jy vreugde vind in die Here. Ek sal jou die land weer in besit laat neem Ek sal jou laat eet van die opbrengs van die

land van jou vader Jakob. Ek die Here het dit gesê.

## NIE TE KOOP OP DIE SABBAT

**OT=Neh. 10:31**; Wanneer die heidene handelsware of graan op die Sabbatdag bring om te verkoop ,sal ons dit nie op die Sabbat of op enige ander gewyde dag van hulle koop nie.
**13:15-22**; Daardie tyd het ek in Juda gesien dat mense die wynpers op die Sabbat trap, en vragte koring en ook wyn, druiwe, vye en allerhande pakke op donkies laai en in Jerusalem inbring op die Sabbat. Ek het hulle gewaarsku om nie op die dag kos te verkoop nie. Die Tiriers wat in Jerusalem gewoon het, het vis en allerhande koopware ingebring en op die Sabbat aan die Judeërs en in Jerusalem verkoop. Ek het die vooraanstaande burgers van Juda sterk aangespreek en vir hulle gesê; ’’Hoe kan julle so ‘n verkeerde ding doen dat julle die Sabbat ontheilig? Dit is presies wat julle voorvaders gedoen het sodat ons God al hierdie onheil oor ons en oor hierdie stad gebring het! Nou vererger julle die toorn wat op Israel rus deur die Sabbat te ontheilig! Ek het toe opdrag gegee dat die poorte van Jerusalem gesluit moes word sodat dit daar

begin donker word op die aand voor die Sabbat en dat die poorte nie oopgesluit moes word voor na die Sabbat nie. Ek het van my eie dienaars by die poorte geplaas sodat daar geen vrag op die Sabbat sou inkom nie. Toe het die handelaars en smouse ‘n keer of twee net buite Jerusalem geslaap. Ek het hulle gewaarsku en vir hulle gesê; ’’Waarom slaap julle hier teen die muur? As julle dit weer doen, sal ek julle straf’’Daarna het hulle nie weer op die Sabbat gekom nie. Ek het die Leviete opdrag gegee om hulle te reinig en die poorte te kom bewaak sodat die Sabbatdag heilig gehou sou word. Onthou tog ook dit, my God, ontferm U oor my in U groot liefde!

# GEEN KOOP VAN KOS OP DIE SABBAT

**OT=Neh. 10:31**; Wanneer die heidene handelsware of graan op die Sabbatdag bring om te verkoop ,sal ons dit nie op die Sabbat of op enige ander gewyde dag van hulle koop nie.

# AS HONGER KAN JY VAN DIE VELD EET

**NT=Matt.12:1-8**; In die tyd het Jesus op ‘n

Sabbatdag deur gesaaides geloop. Sy dissipels het honger geword en are begin pluk en van die koring geëet. Toe die Fariseërs dit sien, se hulle vir Hom; ’’Kyk daar! U dissipels doen iets wat op die Sabbatdag nie gedoen mag word nie. ’’Maar Hy se vir hulle; ’’Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne honger geword het nie? Hy het in die huis van God ingegaan en van die offerbrood geëet, wat hy en sy manne nie mag gedoen het nie, maar net die priester. Of het julle nie in die wet van Moses gelees dat die priester op die Sabbatdag in die tempel diens moet doen nie? Hulle oortree dus die Sabbat gebod, en tog is hulle nie skuldig nie. ’Ek se vir julle; Hier is Een wat groter is as die tempel. As julle begryp het wat dit beteken; ’Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie, dan sou julle nie mense wat onskuldig is ,veroordeel het nie. Die Seun van die mens is immers Here oor die Sabbat.’’

**Mark 2:23-26**; Eenkeer toe Jesus op ‘n Sabbatdag tussen gesaaides loop het sy dissipels so in die loop are begin afpluk. Die Fariseërs se toe vir Hom:” Kyk daar! Waarom doen hulle iets wat nie op die Sabbatdag gedoen mag word nie? Hy se vir hulle :”Het julle nog nooit gelees wat Dawid

gedoen het toe hy en sy manne nie kos gehad het nie en honger gekry het? Hy het in die tyd van die hoëpriester Abjatar in die huis van God ingegaan en van die offerbrood geëet wat niemand anders as die priesters mag geëet het nie en ook vir sy manne daarvan gegee.

# KOOK VERBODE OP DIE SABBAT

**OT=Eks. 16:23**; Dit is soos die Here gesê het; More is ‘n rusdag, ’n gewyde Sabbat van die Here. Maak alles gaar, bak wat julle wil bak, en kook wat julle wil kook, en wat oorbly nadat julle geëet het, moet julle wegsit en bewaar vir more.’’
**35:3** Julle mag op die Sabbat geen vuur in enige van julle wonings maak nie.

# SEKERE BENODIGDHEDE ( SOOS GENESING ) GEOORLOOF OM OP DIE SABBAT

**NT=Matt. 12:10-13**;Daar was juis ‘n man met ‘n gebreklike hand Hulle vra Hom toe ; ’’Mag mens iemand op die Sabbatdag gesond maak? ’Hulle bedoeling daarmee was om ‘n klag teen Hom te kry. Hy se vir hulle; ’Wie van julle sal nie die een skaap wat hy het en wat op ‘n Sabbatdag in ‘n

sloot val, dadelik uithaal nie? Hoeveel is ‘n mens nie meer werd as ‘n skaap nie? Dan mag ‘n mens mos op die Sabbatdag die doen. ’Toe se Hy vir die man; ’Steek jou hand uit. ’Hy het dit gedoen, en sy hand was reg soos die ander een.

**Luk 13:10-17**; eenkeer op ‘n Sabbatdag was Jesus in een van die sinagoges besig om die mense te leer. Daar was ook ‘n vrou wat al agtien jaar lank gely het onder ‘n bose gees wat haar heeltemal verswak het Sy  was krom getrek en kon glad nie meer regop kom nie. Toe Jesus haar sien , roep Hy haar nader en se vir haar :” Mevrou jy is van jou gebrek verlos!” Toe het Hy haar hande opgelê en sy het onmiddellik regop gestaan en God geprys. Die hoof van die sinagoge was verontwaardig omdat Jesus op die Sabbatdag iemand gesond gemaak het. Hy se toe vir die mense :” Daar is ses dae in die week waarop ‘n mens moet werk. Julle moet op een van daardie dae kom om julle te laat gesond maak nie op die Sabbatdag nie.” Toe se die Here vir hom :” Julle huigelaars! Maak elkeen van julle nie op die Sabbatdag sy bees of sy donkie van die krip los en lei hom weg om hom te laat suip nie? En hier is ‘n vrou, ‘n kind van Abraham wat werklik al agtien jaar lank deur die Satan gebind is .Mag sy dan nie

op die Sabbatdag van hierdie band losgemaak word nie? “Deur dit te se het Jesus al sy teenstanders laat skaam kry maar die hele skare was bly oor die wonderlike dinge wat Hy gedoen het.

**14:1-5**;Op ‘n Sabbatdag toe Jesus na die huis van ‘n vooraanstaande Fariseër toe gegaan het om daar te eet het hulle Hom fyn dopgehou. Reg voor Hom was daar ‘n man wat aan water gely het. Jesus praat toe met die wetgeleerdes en Fariseërs en vra :” Mag ‘n mens iemand op die Sabbatdag gesond maak of nie?” Toe trek Jesus die sieke nader maak hom gesond en laat hom gaan .Daarna se Hy vir hulle :” Se nou ‘n seun of ‘n bees van een van julle val in ‘n put sal hy hom nie dadelik uithaal nie al is dit op ‘n Sabbatdag? Hulle kon daar niks antwoord nie.

# DIERE MOET RUS OP DIE SABBAT

**OT=Eks. 20:10**; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God .Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of vreemdeling by jou nie.

**Deut. 5:14** maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God .Dan mag jy geen werk doen

nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of jou bees of jou donkie of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie, sodat jou werksmense kan rus soos jy.

## SABBAT GEMAAK VIR DIE MENS

**NT=Mark 2:27-28** Jesus het verder vir hulle gesê; ’’Die Sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die Sabbatdag nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook oor die Sabbat.’’

## STRAF VIR NIE DIE SABBAT TE HOU NIE IS DIE DOOD

**OT=Num. 15:32-36** Terwyl die Israeliete in die woestyn was ,het hulle ‘n man gekry wat op die Sabbat hout bymekaar maak. Die mense wat hom gekry het terwyl hy besig was om hout bymekaar te maak, het hom na Moses, Aaron en die hele gemeente toe gebring. Hulle het hom aangehou, want dit was nie duidelik wat hulle met hom moes doen nie. Die Here het toe vir Moses gesê; ’’Die man moet beslis sterwe. Die hele gemeente moet hom buite die kamp met klippe doodgooi. ’’Hulle het hom toe uitgebring buite die kamp en hom met klippe doodgegooi. So het hy dan gesterf, soos die

Here vir Moses beveel het.

# EERSTE DAG VAN DIE WEEK WORD WAARGENEEM DEUR CHRISTENE TER ERE VAN CHRISTUS SE OPSTANDING UIT DIE DOOD .

**NT=Joh. 20:1**; Die Sondag more vroeg ,toe dit nog donker was, kom Maria Magdalena by die graf en sien dat die klip van die graf af weggerol is.
**Hand 20:7**;Ons het die Sondag bymekaargekom vir die gemeenskaplike maaltyd. Paulus het die gelowiges toegespreek en aangesien hy die volgende dag sou vertrek het hy tot middernag aangehou.

# VEREISTES VAN DIE GEMEENTE IN DIE KERK.
# VROUENS MOET STIL BLY.

**NT=I Kor. 14: 34-35**; Soos in al die Christelike gemeentes moet die vrouens ook in julle byeenkomste stilbly , want hulle word nie toegelaat om te praat nie. Hulle moet onderdanig wees,

soos die wet ook se .  As hulle iets te wete wil kom ,moet hulle tuis hulle eie mans vra, want dit is lelik vir ‘n vrou om in die erediens te praat.
**I Tim. 2:11** ’n ‘ Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer.

# VROU BID OF PROFETEER MET BEDEKTE HOOF

**NT=I Kor. 11:5-6**,Maar elke vrou wat bid of God se boodskap verkondig sonder iets op haar kop, doen haar hoof, haar man, oneer aan, want dan is sy net soos ‘n vrou wie se hare afgeskeer is. As ‘n vrou nie iets op haar kop wil; sit nie kan sy ewe goed haar hare laat afsny. Maar aangesien dit ‘n skande is vir ‘n vrou om haar hare te laat afsny of afskeer, moet sy iets op haar kop sit.
**10**,Daarom behoort die vrou ‘n teken van die man se gesag oor haar op haar kop te hê ter wille van die engele
**13**,Oordeel julle nou maar self : is dit betaamlik vir ‘n vrou om sonder iets op haar kop in die erediens tot God te bid ?
**15** Lang hare is immer vir haar gegee as ‘n bedekking.

# MANS BID OF PROFETEER MET ONBEDEKTE HOOF

**NT=I Kor. 11:4**,Elke man wat bid of God se boodskap verkondig met iets op sy kop ,doen sy hoof ,Christus ,oneer aan.
**7** ‘n Man behoort nie iets op sy kop te sit nie. Hy is die beeld en heerlikheid van God, maar die vrou is die heerlikheid van die man.

# NIE IN ONBEKENDE TALE TE PRAAT SONDER 'N TOLK.

**NT=I Kor. 14:28** As daar  nie iemand is wat dit kan uitlê nie, moet die een wat ongewone tale of klanke gebruik, stilbly in die byeenkoms van die gemeente en net tuis met homself en met God praat.

# 5 MISDADE VAN ONMOREALITEIT

## ONSEDELIKHEID VEROORDEEL DEUR GOD

## OWERSPEL

**OT=Eks. 20:14**; Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
**Lev. 20:10**; Iemand wat  egbreuk pleeg met die vrou van ‘n mede burger, moet doodgemaak word. Dit geld vir die man en ook vir die vrou wat egbreuk pleeg.
**Deut. 5:18**;Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
**22:22-24**;Wanner ‘n man betrap word terwyl gemeenskap het met ‘n ander man se vrou, moet die man en die vrou wat gemeenskap gehad het al twee doodgemaak word. So moet jy hierdie soort kwaad tussen die Israeliete uitroei. Wanneer ‘n man ‘n verloofde meisie in die stad raakloop en met haar gemeenskap het, moet jy al twee na die stadspoort toe uitbring en met klippe doodgooi. Hulle moet sterf; die meisie omdat sy nie in die stad om hulp geroep het nie en die man omdat hy die verloofde van sy volksgenoot onteer het. So

moet jy hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.
**Spr. 6:25-33**;Moenie dat haar skoonheid jou begeerte wek nie moenie dat sy jou vang met haar oë nie. Jy kan ‘n prostituut kry vir ‘n stuk brood maar owerspel kan jou lewe kos. Kan jy kole vuur in die vou van jou klere in hark sonder dat jou klere aan die brand raak? Kan jy op brandende kole loop sonder dat jy jou voete verbrand? Net so min kan jy by ‘n ander man se vrou slaap sonder om gestraf te word, jy sal nie vry kom as jy met haar lol nie. ’n Dief word verag as hy steel, ook al steel hy om sy honger te stil, en as hy uitgevind word moet hy sewevoudig teruggee selfs al kos dit hom alles wat hy besit. Maar ‘n man wat owerspel pleeg moet van sy verstand af wees iemand wat dit doen verwoes sy lewe. Hy sal slae op die lyf loop en verneder word sy skande sal nooit uitgewis word nie. Die woede van die vrou se man is ‘n gloeiende vuur sy wraak ken nie perke nie hy laat hom nie afkoop nie geen betaling is vir hom genoeg nie.
**NT=Matt. 5:27-28**,Julle het gehoor dat daar gesê is;’’ Jy mag nie egbreuk pleeg nie. ’’Maar Ek se vir julle ;Elkeen wat na ‘n vrou kyk en haar begeer het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.
**32**;Maar Ek se vir julle; Elkeen wat van sy vrou

skei behalwe oor owerspel maak dat sy egbreuk pleeg en iemand wat met die geskeide vrou trou pleeg ook egbreuk.
**Mark 10:11-12**;Hy se toe vir hulle ;''Elkeen wat van sy vrou skei en met ‘n ander een trou ,pleeg egbreuk teen sy vrou. En as ‘n vrou van haar man skei en met ‘n ander een trou ,pleeg sy egbreuk.
**Luk 16:18**;Elkeen wat van sy vrou skei en met ‘n ander een trou pleeg egbreuk en iemand wat met ‘n geskeide vrou trou pleeg ook egbreuk.
**18:20**;Jy ken die gebooie ;jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis gee nie, eer jou vader en moeder.
**Rom. 7:3**;Maar as sy ‘n ander man se vrou word so lank as haar man lewe sal sy as ‘n egbreekster beskou word. As haar man gesterf het is sy egter vry van die wet en is sy nie ‘n egbreekster as sy ‘n ander man se vrou word nie.
**Heb.; 13:4**;Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar ,want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.
**Op. 2:22** Kyk ,Ek gee haar aan ‘n siekbed oor en die mense wat met haar owerspel gepleeg het, aan swaar lyding-as hulle hulle nie van haar

praktyke bekeer nie.

# HOERERY

**NT=I Kor. 6:13**,’n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is.
**18**;Julle  moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat ‘n mens doen ,vind buite sy liggaam plaas maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam.
**7:2**;maar weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man.
**10:8**;Laat ons ook nie onsedelikheid pleeg nie soos sommige van hulle onsedelikheid gepleeg het en op een dag het daar drie en twintig duisend omgekom.
**Eph. 5:3**;Soos dit gelowiges betaam moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie.
**Kol. 3:5-6**;Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is; onsedelikheid ,onreinheid, wellus ,slegte begeertes en gierigheid wat afgodery is.
**I Thess. 4:3**;Dit is die wil van God dat julle heilig

moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid
**Jud. 1;7** En dink ook aan die mense van Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle.Net soos daardie engele het hulle onsedelike dade gepleeg en omgang gesoek met vreemde wesens. As waarskuwing vir almal word hulle nou gestraf met die vuur wat ewig brand.
**Op. 2:20-21** Maar Ek het dit teen julle dat julle die vrou Isebel laat begaan. Sy doen haar as profetes voor en leer en verlei my dienaars om onsedelikheid te bedrywe en afgodsoffervleis te eet. Ek het haar kans gegee om haar te bekeer maar sy wil haar nie van haar onsedelikheid bekeer nie.

# HOMOSEKSUALITEIT EN LESBIANISME

**OT=Gen. 19:5-7** Hulle het  vir Lot geroep en vir hom gevra;'' Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom  het? Bring hulle uit na ons toe .Ons wil geslagsgemeenskap met hulle hê. Toe het Lot na die mans van Sodom toe uitgegaan .Nadat hy die deur agter hom gesluit het, het hy gesê; ''Nee, vriende ! Moenie so ‘n verkeerde ding doen nie.
**Lev. 18:22**;Jy mag nie ‘n homoseksuele

verhouding hê nie. Dit is ‘n afstootlike sonde.
20:13,Twee mans wat homoseksueel verkeer doen ‘n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.
**Deut. 23:17**;Jy mag nie prostitute by die tempel aanhou nie of dit nou vrouens of mans uit Israel is.
**Rig 19:22-23** Net toe hulle begin vrolik raak omsingel ‘n klomp straatboewe van die stad die mans en hulle slaan op die deur. Hulle se toe vir die ou man aan wie die huis behoort; ’Bring uit die man wat in jou huis gekom het. Ons wil geslagsgemeenskap met hom hê. ’Die man aan wie die huis behoort is na hulle toe uit en hy se vir hulle; ’Nee vriende moenie hierdie man kwaad aan doen nadat hy in my huis ingekom het nie. Julle moet hom nie so lae ding aandoen nie.
**NT=Rom. 1:24-28** Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper aan wie die lof toekom vir ewig. Amen Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in ‘n teen-natuurlike omgang.Net so laat vaar mans ook die natuurlike

omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit. En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings sodat hulle doen wat onbetaamlik is.
**32**;Hulle is mense wat die verordering van God ken dat die wat sulke dinge doen die dood verdien en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen.
**I Kor. 6:9-10** Of weet julle nie dat mense wat onreg doen geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geld gieriges of dronkaards of kwaad praters of bedrieërs sal deel kry aan die koningryk van God nie.
**I Tim. 1:9-10** ‘n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is die wat vader of moeder dood maak, moordenaars, ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars,

die wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is.

# BLOEDSKANDE

**OT=Lev. 18:6-18**;Niemand mag met ‘n naby bloedverwant geslagsgemeenskap hê nie. Ek is die Here.

**20:11-12**,Iemand wat gemeenskap het met een van sy pa se vrouens ,bring skande oor sy pa. Hy en die  vrou moet albei doodgemaak word. Hulle verdien die dood.

**14**,Iemand wat met ‘n ma en haar dogter trou ,begaan ‘n afskuwelike sonde. Hulle moet al drie ‘n vuur dood sterf. Julle mag sulke afskuwelike sondes nie duld nie.

**17**,As ‘n man met sy suster of half suster se toestemming gemeenskap met haar het is dit ‘n skandelike daad. Hulle moet in die openbaar van hulle volksgenote afgesny word. Hy het skande oor sy suster gebring en moet die gevolge dra.

**19-22**;Niemand mag gemeenskap hê met sy  tante aan sy moederskant of vaderskant nie want sy is ‘n naaste bloedverwant. As dit gebeur moet albei gestraf word. As iemand met sy oom se vrou gemeenskap het, bring hy skande oor sy oom. Die man en die vrou moet die gevolge dra; hulle sal

sterf as mense wat alle regte verbeur het. As ‘n man sy broer se vrou afneem, is dit ‘n skandelike daad. Die man het skande oor sy broer gebring. Die man en die vrou verbeur al hulle regte. Julle moet al my voorskrifte en bepalings gehoorsaam en dit uitvoer. As julle dit nie doen nie sal die land waarheen Ek julle laat trek om daar te woon, julle uit spoeg.

**Deut. 22:30**;’n Seun mag nie met sy pa se vrou trou nie. ’n Seun mag nie gemeenskap hê met ‘n vrou wat aan sy pa behoort nie.

**27:20**,Daar is ‘n vloek op elkeen wat gemeenskap het met sy pa se vrou want hy  het haar wat aan sy pa behoort ontbloot. Dan moet die hele volk antwoord; ’Amen!”

**22**,Daar rus ‘n vloek op elkeen wat gemeenskap het met sy suster, ’n dogter van sy pa of sy ma . Dan moet die hele volk antwoord; ‘Amen’!

**23** Daar rus  ‘n vloek op elkeen wat gemeenskap het met sy skoonma! Dan moet die hele volk antwoord ;’Amen’!

# GEMEENSKAP MET DIERE

**OT=Eks. 22:19**;Elkeen wat met ‘n dier geslags gemeenskap het ,moet dood gemaak word.

**Lev. 18:23**;Jy mag met geen dier

geslagsgemeenskap hê en jouself so besoedel nie. ’n Vrou mag dit ook nie doen nie. Dit is iets afskuweliks

**20:15-16** ‘n Man wat met ‘n dier geslagsgemeenskap het ,moet doodgemaak word en die dier ook. ’n Vrou wat met ‘n dier geslagsgemeenskap het ,moet doodgemaak word en die dier ook. Sulke mense moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood,

**Deut. 27:21** Daar rus ‘n vloek op elkeen wat gemeenskap het met enige dier ! Dan moet die hele volk antwoord Amen!

# VERLEIDING

**OT=Eks. 22:16-17**; Wanneer ‘n man ‘n jong meisie wat nog nie verloof is nie, verlei om met hom geslagsgemeenskap te hê, moet hy aan haar pa die volle bruidsprys betaal en met haar trou. As haar pa volstrek weier om haar aan hom te gee, moet hy nogtans die volle bruidsprys vir jongmeisies betaal, en dit met silwer.

**Deut. 22:28-29** Wanneer ‘n man ‘n meisie raakloop en haar gryp en met haar gemeenskap het, en hulle word betrap, moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, vyf honderd en sewentig gram silwer aan haar pa gee en met haar

trou. Hy het haar onteer en daarom mag hy nooit van haar skei nie.

# VERKRAGTING

**OT=Deut. 22:25-27** Maar as ‘n man ‘n verloofde meisie in die veld raak loop en haar oorweldig en met haar gemeenskap het, moet net die man sterf. Die meisie moet ongestraf bly. Sy het niks gedoen wat die dood verdien nie.

# PROSTITUSIE

**OT=Lev. 19:29**;Niemand van julle mag sy dogter die skande aandoen om haar ‘n tempel prostituut te laat word nie. Dit lei tot hoerery en afskuwelike sondes in die land.

**21:9;**As ‘n priester se dogter haar ontwy deur te hoereer, ontwy sy ook haar pa. Sy moet verbrand word.

**Deut. 23:17-18** Jy mag nie prostitute by die tempel aan hou nie of dit nou vrouens of mans uit Israel is. Wanneer jy ‘n gelofte afgelê het mag jy nie die loon van ‘n prostituut of dit nou die van ‘n man of ‘n vrou is na die huis van die Here jou God toe bring nie. Hy het ‘n afkeer van hierdie twee dinge.

**NT=I Kor. 6:15-18** Weet julle nie dat julle liggaam

deel is van Christus nie? Sal ek nou deel van Christus neem en dit ‘n deel van ‘n ontugtige vrou maak? Beslis nie! Of weet julle nie dat iemand wat met ‘n ontugtige vrou omgang het, liggaamlik een met haar is nie? God se immers: ’Die twee sal een word “Maar wie hom met die Here verenig is geestelik een met Hom. Julle moet niks met seksuele losbandigheid  te doen hê nie. Elke ander sonde wat ‘n mens doen vind buite sy liggaam plaas maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam.

# NAAKTHEID

**OT=Gen. 3:7**, Hulle al twee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is. Toe werk hulle vyeblare aanmekaar en hang dit om vir klere.
**10**,En die mens  antwoord: ’Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword want ek is kaal’ ’Toe het ek weggekruip
**11**,Die Here God vra toe ;’’Hoe het jy te wete gekom dat jy kaal is? Het jy tog nie van die boom geëet waarvan Ek jou verbied het om te eet nie?
**21**;Daarna het die Here God vir die mens en sy vrou velklere gemaak en hulle dit aangetrek
**Eks. 28:42**;Jy moet vir hulle linnebroek maak om hulle naaktheid te bedek. Die broeke moet van die

heupe af tot by die bobene strek.
**Hab. 2:15-16** Ellende wag vir hom wat toe hy vir ‘n ander drank gegee het dit met gif gemeng het en hom dronk gemaak het om na sy geslagsdele te kan kyk. Jy sal self met skande in plaas van eer oorlaai word en jou ontbloot! Die Here sal jou die oordeel beker wat in sy hand is gee om te drink en jou eer sal in skande verander word.
**NT=II Kor. 5:3**; Ons wil nie ontklee wees en naak voor God staan nie.
**Op. 3:18**;koop wit klere sodat julle julle kan aantrek en julle skande julle naaktheid nie gesien word nie.
**16:15** Kyk Ek kom soos ‘n dief in die nag. Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie.

# VLEESLIKE BEGEERTES

**NT=Matt. 5:28**; Maar ek se vir julle; ’Elkeen wat na ‘n vrou kyk en haar begeer ,het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.’’
**Gal. 5:16-17**,Wat ek bedoel is dit; Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. Wat ons sondige natuur

begeer, is in stryd met wat die Gees wil en wat die Gees wil is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie.

**19-21**;Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend; onsedelikheid,onreinheid,losbandigheid,afgodsdiens,towery,vyandskap,haat naywer, woede, rusie, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het; Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.

**Eph. 4:22**;Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het ;breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word.

**II Tim 2:22**;Vermy die begeertes wat ‘n jongmens in gevaar bring en streef na opregtheid ,geloof, liefde en vrede saam met almal wat uit ‘n rein hart die Here aanroep.

**4:3-4**;want daar sal ‘n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaar maak wat net sal se wat hulle graag wil

hoor. Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend.
**Titus 2:11-12**;Die genade van God wat verlossing bring het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe.
**3:3** Vroeër was  ons ook onverstandig, ongehoorsaam op die verkeerde pad, verslaaf aan allerlei begeertes en sinsgenot ons het ons lewe in kwaadwilligheid en jaloesie deurgebring ons was haatlik en het mekaar gehaat.;
**Jak 1:14-15**; Maar ‘n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna as die begeertes bevrug geraak het bring dit die sonde voort en as die sonde ryp geword het loop dit uit op die dood.
**Pet 2:1**;Hou dan op met elke vorm van kwaad met alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpratery.
**4:1-2**;Omdat Christus dan liggaamlik gely het moet julle julle ook met die gedagte wapen dat wie liggaamlik gely het met die sonde afgereken het; vir die res van sy aardse bestaan word sy lewe nie meer beheers deur menslike begeertes nie maar deur die wil van God.

**II Pet 2:10**;Veral hulle sal gestraf word wat toegee aan hulle wellustige vleeslike begeertes en wat die gesag van die Here verag. Hierdie leraars is uitdagend en verwaand en huiwer nie om hemelse wesens te beledig nie.
**3:3**;Veral moet julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word.
**I Joh. 2:15-17** Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld lief het is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge -alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit-kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby maar wie die wil van God doen bly ewig lewe.

# ABORSIE

**OT=Eks. 20:13**; Jy mag nie moord pleeg nie
**Psalm 139:13-16**; U het my gevorm my aanmekaar geweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek verseker; geen been

van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaar geweef is diep in die moederskoot. U het my al gesien toe ek nog ongebore was al my lewensdae was in U boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.
**Eccles. 11:5**;Net so min as wat jy kan verstaan hoe gees en liggaam by mekaar uitkom in die skoot van ‘n swanger vrou net so min kan jy die werk van God verstaan. Hy doen dit alles.
**Is. 44:2**,So se die Here wat jou gemaak het Hy wat jou gevorm het in die moederskoot en jou nog help
**24**;So se die Here jou Verlosser wat jou in die moederskoot gevorm het
**49:1**, Die Here het my voor my geboorte al geroep; toe ek nog in my moeder se liggaam was het Hy my op my naam genoem.
**5**;En nou maak die Here ‘n aankondiging Hy wat my in die moederskoot al sy dienaar gemaak het om Jakob na Hom toe terug te bring sodat Israel nie meer verstrooi sal wees nie. Die Here het my ‘n belangrike opdrag gegee en my God gee my die krag om dit te doen.
**Jer. 1:5**;Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is

het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.

# 6 MOREALE SAKE

## KARAKTER EINSKAPPE WAT VERBIED WORD DEUR GOD

**OT=Lev. 19:16**;Jy mag nie loop en skinder nie.
**Psalm 15:3** nie kwaad praat nie, sy medemens nie kwaad aandoen nie en niemand beledig nie.
**Spr. 18:8**;Skinderstories word gretig verslind; mens sluk dit so maklik
**20:3**;Dit is eerbaar om ‘n rusie te vermy; enige dwaas kan ‘n rusie begin
**26:20**;Sonder hout bly ‘n vuur nie brand nie; sonder ‘n kwaadstoker hou ‘n rusie nie aan nie
**NT=II Thess. 3:11-12**;Ons se dit omdat ons verneem dat daar mense by julle is wat leeglê wat self nie werk nie en hulle net met ander se sake bemoei. Sulke mense beveel en gebied ons op gesag van die Here Jesus Christus dat hulle hulle aandag by hulle werk moet bepaal en hulle eie brood verdien.
**I Tim 5:13**;Buitendien leer hulle om hulle tyd te verkwis deur net van die een huis na die ander rond te kuier. Hulle is nie net ledig nie maar ook bemoeisiek en praatsiek en hulle praat oor dinge

waaroor nie gepraat moet word nie.
**I Pet 4:15** As een van julle ly moet dit nie wees omdat hy ‘n moordenaar is of ‘n dief of ‘n misdadiger of ‘n kwaadstoker nie.

# SKINDER STORIES

**OT=Lev. 19:16**;Jy mag nie loop en skinder nie, jy mag nie jou medemens se lewe in gevaar stel nie. Ek is die Here.
**Psalm 15:3**; nie kwaad praat nie, sy medemens nie kwaad aan doen nie en niemand beledig nie.
**Spr. 11:13**;Iemand wat loop en skinder, lap geheime uit; ’n betroubare mens bewaar ‘n geheim.
**18:8**;Skinderstories word gretig verslind; mens sluk dit so maklik
**20:3**;Dit is eerbaar om ‘n rusie te vermy; enige dwaas kan ‘n rusie begin
**26:20** Sonder hout bly ‘n vuur nie brand nie; sonder ‘n kwaadstoker hou ‘n rusie nie aan nie

# BEDROG

**OT=Lev. 19:13**; Jy mag nie jou naaste uitbuit of hom beroof nie.
**Psalm 10:7** Hy lê ‘n vloek op almal hy onderdruk

en bedrieg, hy bedink onheil en onreg.
**NT=Mark 10:19**;Jy ken die gebooie: Jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis aflê nie, jy mag nie iemand veronreg nie, eer jou vader en jou moeder.
**I Kor. 6:7-8**;Eintelik is julle saak al klaar verlore omdat julle hofsake met mekaar het. Waarom ly julle nie liewer onreg nie? Waarom laat julle julle nie liewer te kort doen nie ?In plaas daarvan pleeg julle onreg en doen ander te kort en dit doen julle aan medegelowiges.
**II Kor. 7:1-2**;Geliefdes hierdie beloftes is ook vir ons. Laat ons ons dan reinig van alles wat liggaam en gees verontreinig en ons in gehoorsaamheid aan God volkome aan Hom toewy. Maak vir ons plek in julle harte. Ons het niemand onreg aangedoen nie ons het niemand benadeel nie ons het niemand uitgebuit nie.
**I Thess. 4:6**;Ook mag niemand hom in hierdie verband te buite gaan en sy broer bedrieg nie want die Here straf al sulke dinge. So het ons julle trouens al vroeër gewaarsku ons het julle nadruklik hierop gewys.

# AFGUNS

**OT=Spr. 14:30**;n' Kalm gemoed hou die liggaam gesond; hartstog vreet ‘n mens op.

**23:17**;Moenie afgunstig wees op sondaars nie ;wees altyd ywerig om die Here te dien.

**24:1**, Moenie slegte mens beny nie, moenie by hulle wil wees nie; al waaroor hulle dink.is geweld, en al waaroor hulle praat is moeilikheid maak.

**19-20**; Moet jou nie ontstel oor skelms ,jou kwel oor goddelose mense nie, want ‘n slegte mens het nie ‘n toekoms nie; die lewenslig van die goddeloses word uitgedoof.

**Eseg. 35:11** So seker as Ek leef se die Here my God Ek gaan met jou maak wat jy met Israel gemaak het in jou haat teen hulle in jou woede en jou afguns. Ek sal hulle laat besef wie Ek is wanneer Ek jou straf.

**NT=Hand 17:5**;Maar die Jode was hieroor afgunstig en het met die hulp van ‘n klomp nikswerd leeglêers ‘n betoging op tou gesit wat die stad in oproer gebring het. Hulle het na Jason se huis toe opgeruk en wou vir Paulus en Silas hê om hulle voor die volk te bring.

**Rom. 13:13**;Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid geen ontug en onsedelikheid geen

rusie en jaloesie wees nie.
**I Kor. 3:3** ;want julle is nog wêreldse mense. Daar kom jaloesie en twis onder julle voor. Is dit nie omdat julle nog wêrelds is en julle wêrelds gedra nie?
**13:4**;Die liefde is geduldig die liefde is vriendelik dit is nie afgunstig nie is nie grootpraterig nie is nie verwaand nie.
**II Kor. 12:20-21**;Ek is bang dat wanneer ek kom ek julle miskien nie sal vind soos ek dit graag wil hê nie en dat julle my ook nie sal vind soos julle dit graag wil hê nie. Ek is bang vir twis naywer,onbeheerstheid,selfsug,kwaadpratery,nuusdaery,verwaandheid en wanordelikheid. Ek is ook bang dat wanneer ek weer kom my God my by julle in verleentheid sal bring en dat ek sal moet treur oor baie van julle wat geruime tyd al 'n sondige lewe lei en wat oor hulle onreinheid, ontug en losbandigheid nie tot berouvolle inkeer gekom het nie.
**Gal. 5:26**; Ons moenie verwaand wees ,mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie.
**I Tim. 6:4-5;**Hy het 'n sieklike beheptheid met twisvrae en met stryery oor woorde. Daaruit ontstaan afguns, twis, beledigings, gemene verdagmakery, voortdurende rusie van mense wat

verstandelik verward en van die waarheid beroof is. Hulle dink dat die godsdiens iets is om geldelike wins mee te maak.
**Jak 3:14**,Terwyl daar bittere naywer en selfsug in julle harte is  moet julle nie daarmee spog dat julle wysheid het nie want dan praat julle nie die waarheid nie.
**16**;want waar daar naywer en selfsug is kom daar wanorde en allerhande gemene dade.
**I Pet 2:1-2** Hou dan op met elke vorm van kwaad met alle bedrog ,huigelary, jaloesie en kwaadpratery. Soos pasgebore kindertjies smag na melk moet julle smag na die suiwer geestelike melk sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry.

# ONEERLIKHEID

**OT= Eseg. 22:13**,Ek slaan my hande saam oor die oneerlike wins wat jy maak en oor die bloed wat daar in jou vergiet is.
**27** Die amptenare in die land is soos verskeurende wolwe. Hulle moor, hulle laat mense doodgaan, hulle maak oneerlike wins.
**NT=Rom. 12:17**;Moenie  kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense.
**13:13**;Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die

daglig hoort. Daar moet geen drinkery ,en uitspattigheid geen ontug en onsedelikheid geen rusie en jaloesie wees nie.
**II Kor. 4:2**;Ons vermy praktyke wat nie die lig kan verdra nie en waaroor ons ons sou moes skaam. Ons gaan nie met bedrog te werk nie en ons vervals nie die woord van God nie. Inteendeel ons maak die waarheid openlik bekend en beveel onsself so aan by elkeen wat voor God ‘n eerlike gewete het
**13:7** Ons bid God dat julle niks verkeerds doen nie. Dit bid ons nie dat dit as bewys moet dien dat ons die toets deurstaan het nie. Ons wil hê dat julle die goeie doen selfs al sou dit lyk asof ons die toets nie deurstaan het nie.
**I Thess. 4:12;**Dan sal julle eerbare leefwyse die agting van die mense buite die gemeente afdwing en julle sal van niemand afhanklik wees nie.
**Heb. 13:18**;Hou aan om vir ons te bid want ons is daarvan oortuig dat ons gewete skoon is omdat ons in elke opsig probeer doen wat reg is.
**I Pet 2:12** Gedra  julle altyd goed onder die heidene sodat al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is ,hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.

# LIEG

**OT=Lev. 19:11**; julle mag nie lieg of mekaar bedrieg nie.

**Psalm 31:6**, Jy mag nie loop en skinder nie, jy mag nie jou medemens se lewe in gevaar stel nie. Ek is die Here.

**62:4**;Hoe lank wil julle almal nog beskuldigings bly slinger en my probeer doodmaak ‘n man wat reeds is soos ‘n muur wat wil omval, ‘n klipmuur wat omgestoot word?

**120:2** Red my uit die mag van leuenaars Here, uit die mag van bedrieërs.

**Spr. 6:16-19**,Die Here haat ses dinge nee daar is sewe waarvan die Here ‘n afsku het: oë wat straal van hoogmoed, ’n tong wat lieg, hande wat met bloed bevlek is, gedagtes wat met komplotte besig is, voete wat net een koers ken, die van kwaad, ’n getuie wat lieg en iemand wat rusie stook tussen broers.

**12:19**;Die waarheid hou vir altyd ‘n leuen net ‘n oomblik.

**19:5**,’n Vals getuie bly nie ongestraf nie; wie leuens kwytraak, kom nie vry nie.

**9**;’n Vals getuie bly nie ongestraf nie; wie leuens kwytraak ,gaan tot niet

**Jer. 23:14**;Ek het iets afskuweliks onder Jerusalem se profete gesien: hulle hoereer ,hulle lieg en bedrieg hulle help die wat verkeerd doen met die gevolg dat niemand hom van sy verkeerde dade bekeer nie. Hulle het almal vir My soos Sodom geword, Jerusalem se inwoners het soos Gomorra geword.

**25-26**;Ek het gehoor wat se die profete wat sonder opdrag in My Naam as profete optree. Hulle se: ’Ek het ‘n droom gehad, ek het ‘n droom gehad! “Hoe lank sal die profete wat sonder opdrag optree, die profete wat leuens uit dink om te verkondig, nog aanhou hiermee?

**Eseg. 13:8-9**;Ek tree op teen die profete wat gesigte sien wat nie daar was nie en wat leuens uitgee vir waarsêery. Hulle sal nie plek hê in die vertroulike byeenkoms van my volk nie, nie opgeskryf word in die boek van Israel nie en nie op die grond gebied van Israel kom nie. Dan sal hulle besef dat Ek die Here God is.

**Zeph. 3:13** Die wat van Israel oorgebly het, sal nie onreg doen nie en nie lieg nie; daar sal uit hulle mond nie valsheid kom nie; Hulle sal kudde wees wat wei en gaan lê en rus sonder dat iemand hulle skrikmaak.

**NT=Joh. 8:44**;Julle is kinders van die duiwel ;hy is

julle vader en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af ‘n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is ‘n leuenaar en die vader van die leuen.

**Eph. 4:25**;Noudat julle die valsheid afgelê het moet julle onder mekaar die waarheid praat want ons is lede van dieselfde liggaam.

**I Joh. 2:4**,Iemand wat se; ’Ek ken Hom,”’ maar nie sy gebooie gehoorsaam nie is ‘n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie.

**21-23**;Ek skrywe nie vir julle omdat julle nie die waarheid sou ken nie maar juis omdat julle dit ken en weet dat daar geen leuen uit die waarheid voortkom nie. Wie is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie? Hy is die Antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken ,erken ook die Vader

**Op. 3:9**;Kyk ,Ek beskik dat van die lede van die sinagoge van die Seun, die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is en dit nie is nie maar lieg-kyk, Ek sal maak dat hulle kom en voor julle kniel en erken dat Ek julle liefhet.

**21:8**,Maar die wat bang en ontrou geword het die losbandiges , moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en al die leuenaars hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood.
**27** Niks onreins en niemand wat iets losbandiges en vals doen sal ooit daarin kom nie maar net die wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam geskrywe staan.

# SKINDER

**OT=Lev. 19:16**; Jy mag nie loop en skinder nie, jy mag nie jou medemens se lewe ingevaar stel nie. Ek is die Here.
**Psalm 101:5**;Wie sy naaste beskinder, wil ek uitwis. Hoogmoed en vermetelheid verdra ek nie.
**Spr. 10:18**;Agter die woorde van ‘n huigelaar sit daar haat; wie skinderstories versprei, is ‘n dwaas.
**Jer. 9:4** Wees selfs vir ‘n vriend op jou hoede moenie eens ‘n broer vertrou nie. Elke broer is ‘n onderkruiper en elke vriend ‘n kwaadsteker.
**NT=I Tim. 3:11**;Net so moet vroue ook van goeie karakter wees, nie skinder nie, nugter en in alles betroubaar.
**Titus 3:2** Hulle moet van niemand kwaadpraat nie

en nie rusie soek nie. Hulle moet inskiklik wees en altyd bedagsaam teenoor almal.

# GROOT PRAAT

**OT=Psalm10:3**;Die goddelose verlustig hom nou al in wat hy hoop om in die hande te kry. Die een wat hom wil verryk ten koste van ‘n ander, wens homself by voorbaat geluk. Hy verag die Here.
**Psalm 94:4**;Hulle kook oor van vermetelheid; almal wat onreg doen, spog daarmee.
**Spr. 27:1** Moenie roem oor wat jy more verwag nie; jy weet nie wat die dag sal oplewer nie.
**NT=Eph. 2:8-9**;Julle is inderdaad uit genade gered deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ‘n gawe van God .Dit kom nie deur julle eie verdienste nie en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.
**Jak 4:16** Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpratery is verkeerd.

# TROTS

**OT=Psalm 10:4**; Neus in die lug se hy; ’God vra tog geen rekenskap nie’ ’In al sy planne is daar geen plek vir God nie.
**Spr. 8:13**;Om die Here te dien is om te haat wat

verkeerd is. Daarom haat ek hoogmoed en hovaardigheid ‘n verkeerde lewe en slinkse woorde.

**13:10**;Selfverheffing lei altyd tot twis; die wat goeie raad aanneem, het wysheid.

**16:18**;Op hoogmoed volg ondergang, op selfverheffing volg die val.

**Jer. 49:16**;Die vrees wat ander vir jou het en jou vermetelheid het jou mislei. Jy woon  teen die kranse, jy klou vas aan die hoe bergtoppe maar al bou jy jou nes daar in die hoogte soos ‘n aasvoël, Ek sal jou daar afhaal, sê die Here.

**Dan. 5:20-23** Maar toe hy hoogmoedig en verwaand geword het is hy uit die koninkryk afgesit en het hy sy roem verloor. Hy is uit die menslike samelewing uitgestoot en het soos die wilde diere geword hy het saam met die wildedonkies gebly en moes gras eet soos beeste, hy is snags deur die dou van die hemel natgemaak. Hy moes erken dat die allerhoogste God mag het oor die koninkryke op aarde en daaroor aanstel wie Hy wil. Maar Belsasar wat hom opgevolg het ,u het u nie verootmoedig nie, alhoewel u dit alles weet. U het verwaand opgetree teenoor die Here in die hemel: die bekers uit sy tempel is na u toe gebring en u en u

hoofamptenare, u vrouens en u byvrouens het daaruit wyn gedrink. U het die gode van silwer en goud en van brons, yster, hout en klip geprys, gode wat nie kan sien nie en nie kan hoor nie en niks weet nie. U het nie die God geëer van wie u lewensasem ontvang en wat oor u lewe beskik nie.
**NT=Mark 7:21-23** Van binne af uit die hart van die mens kom die slegte gedagtes:
onkuisheid,diefstal,moord,owerspel,hebsug,kwaad willigheid,bedrog,
losbandigheid, afguns, kwaadpratery, hoogmoed, ligsinnigheid. Al hierdie dinge kom van binne af en dit maak ‘n mens onrein.
**I Tim. 3:6**;Hy moet ook nie iemand wees wat maar onlangs tot geloof gekom het nie. So iemand kan verwaand word en dan tref dieselfde oordeel hom as vir die duiwel.
**I John 2:16** Die wêrelds dinge-alles wat die sondige mens begeer alles wat sy oë sien en begeer al sy gesteldheid op besit - kom nie van die Vader nie maar uit die wêreld.

# GULSIGHEID

**OT=Spr. 1:18-19**;maar hierdie mense span vir hulleself ‘n net, hulle gaan hulle ondergang met

oop oë tegemoet. So gaan dit met elkeen wat vat wat hom nie toekom nie; rowery kos hom sy lewe.
**11:4**;Rykdom baat nie wanneer die Here straf nie; om te lewe volgens sy wil red van die dood.
**15:27**;Wie hom verryk ten koste van ‘n ander maak dat sy gesin verstoot word; wie omkoop geskenke weier sal lewe.
**21:26**;Die regverdige kan gee sonder om suinig te wees.
**23:4**;Moet nie jou afsloof om ryk te word nie en moenie jou sin vir waardes verloor nie.
**28:11**; ‘n Ryk man kan dink hy het wysheid en pag maar ‘n arm man mens met insig sien deur hom.
**Is. 56:10-11**;Die wat oor my volk moet waak is almal blind hulle weet niks nie. Hulle is almal stom honde, hulle kan nie blaf nie, hulle lê net, hulle wil net slaap. Hulle is gulsige honde, hulle ken nie so iets soos genoeg kry nie. Hulle is herders sonder insig, hulle slaan elkeen sy eie koers in, elkeen is op sy eie voordeel uit.
**Jer. 9:23**;So se die Here: ’Die wyse man moet nie in sy wysheid roem nie, die soldaat nie in sy krag nie, die ryk man nie in sy rykdom nie.
**Eseg. 22:12** Hulle laat hulle in jou omkoop om moord te pleeg, hulle vat rente en woekerwins, hulle pleeg bedrog en doen ander tekort: hulle

maak of Ek nie daar is nie’ sê die Here my God.
**NT=Mark 10:23**;Jesus kyk toe na sy dissipels rondom Hom en se vir hulle: ’Hoe moeilik sal mense wat ryk is ,in die koninkryk van God kom.”
**Luke 6:24**;Maar ellende wag vir julle wat ryk is, want julle het julle lekker lewe al weg.
**Eph. 4:19**;Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met ‘n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is te doen.
**I Tim. 3: 8**;Net so moet diakens ook manne van goeie karakter wees. Hulle moenie uit twee monde praat nie en nie aan drank verslaaf of op oneerlike winsbejag uit wees nie.
**6:6-11**,Die godsdiens is ‘n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het, want ons het niks in die wêreld ingebring nie; ons kan ook niks daaruit wegneem nie. As ons dan kos en klere het moet ons daarmee tevrede wees. Maar die wat ryk wil word, val in versoeking. Hulle loop hulle vas in die strik van baie sinlose en skandelike begeertes waardeur mense in verderf en ondergang gestort word. Geldgierigheid is ‘n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal. Maar jy man van God, moet van hierdie dinge af wegvlug. Streef na

opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minsaamheid.
**17-19**.Die wat in hierdie wêreld ryk is moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet, Spoor hulle aan om goed te doen ,om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle ‘n skat as ‘n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry.
**Jak 5:2-4** Julle rykdom sal tot niet gaan en julle klere sal deur motte opgevreet word, julle goud en silwer sal verroes. Die roes sal teen julle getuig en aan julle vreet soos ‘n vuur, Julle maak skatte bymekaar en dit terwyl dit die laaste dae is.
**Jud. 11** Verskriklik sal hulle lot wees want hulle het dieselfde pad as Kain geloop vir geld het hulle dieselfde bedrog as Bileam gepleeg soos Korag het hulle in opstand gekom en dit was hulle ondergang.

# WOEDE

**OT=Psalm 37:8**;Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie; dit bring net ellende.

**Spr. 14:17**;Wie kort van draad is begaan dwaashede.
**15:1**;’n sagte antwoord laat woede bedaar; ’n krenkende woord laat woede ontvlam.
**16:32**;’n geduldige mens het meer waarde as ‘n bedrewe vegter, ’n mens met selfbeheersing meer as iemand wat ‘n stad inneem.
**19:11**;’n Verstandige mens beteuel sy humeur en stel sy eer daarin om vergewensgesind te wees.
**NT=Matt. 5:22**;Maar Ek se vir julle: ‘Elkeen wat vir sy broer kwaad is ,is al strafbaar voor die regbank. Verder elkeen wat sy broer uitskel vir ‘n gek is strafbaar voor die Joodse Raad en wie hom uitskel vir ‘n idioot is strafbaar met die helse vuur.
**Eph. 4:26**;As julle kwaad word moenie sondig nie en moenie ‘n dag kwaad afsluit nie.
**Kol.3:8** Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie,

# LUIHEID

**OT=Spr. 19:15;** Luiheid laat mens diep slaap; ’n lui mens ly honger.
**20:4**,’n Luiaard ploeg nie in die saaityd nie en soek in die oestyd na iets wat nie daar is nie.
**21:25** ‘n Lui mens soek sy dood want hy wil nie sy

hande uit sy moue steek nie.
**NT=II Thess. 3:7-12** Julle weet watter voorbeeld ons vir julle gestel het om te volg. Ons het nie daar by julle leeggelê of op ander geteer nie. Inteendeel ons het dag en nag geswoeg en gesweet om nie vir een van julle ‘n las te wees nie. Nie dat ons nie die reg het op onderhoud van julle nie maar ons wou vir julle ‘n voorbeeld wees wat julle moet volg. Toe ons nog by julle was het ons vir julle uitdruklik gesê: ’As iemand nie wil werk nie moet hy ook nie eet nie. Ons se dit omdat ons verneem dat daar mense by julle is wat leeglê wat self nie werk nie en hulle net met ander se sake bemoei. Sulke mense beveel en gebied ons op gesag van die Here Jesus Christus dat hulle hulle aandag by hulle werk moet bepaal en hulle eie brood verdien.

# SONDE

**OT=Spr. 14:9**, Die skuld offer wat deur dwase gebring word, maak hulle bespotlik; mense wat opreg lewe, geniet die guns van God.
**34** Gehoorsaamheid aan die Here laat ‘n volk sterk staan; sonde bring skande oor ‘n volk.
**NT=Joh. 16:8**;En wanneer Hy kom sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde en dat die reg aan my kant is en dat die oordeel al gekom het.

**Rom. 6:1-2**; Wat moet ons nou hiervan se? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem? Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir sonde nog daarin voortlewe?
**I Joh. 3:8-12** Wie aanhou sonde doen behoort aan die duiwel want die duiwel hou van die begin af aan met sondig. En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak. Iemand wat ‘n kind van God is doen nie meer sonde nie ,omdat die Gees van God in hom bly en hy kan nie meer sondig nie, omdat hy ‘n kind van God is. Hieraan is dit duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is ;iemand wat nie regverdig lewe nie en nie sy broer liefhet nie behoort nie aan God nie

# SONDE IN ONSSELF

**OT=Psalm 38:18**; Ek kan dit byna nie meer uit hou nie; ek is nooit sonder pyn nie.
**103:10-11** Hy handel met ons nie volgens ons sonde nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie, want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is ,so groot is sy liefde vir die wat die Hom dien.
**NT=Mark 9:43-48**; As jou hand jou van My afvallig

laat word, kap hom af! Dit is beter dat jy vermink in die lewe ingaan as dat jy altwee jou hande het en na die hel toe gaan in die onblusbare vuur. En as jou voet jou van My afvallig laat word, kap hom af! Dit is beter dat jy kreupel die lewe ingaan as dat jy al twee voete het en in die hel gegooi word. En as jou oog jou van MY afvallig laat word, pluk hom uit! Dit is beter dat jy  met een oog die koninkryk van God ingaan as dat jy al twee oë het en in die hel gegooi word. Daar gaan wurms nie dood nie en word die vuur nie uitgeblus nie.
**Joh. 1:8**, Hy was self nie die lig nie maar hy moes oor die lig getuig.

# EWIL

**OT= 37:27**;Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, dan sal jy die land altyd bewoon.
**Spr. 17:13**;As jy goed met kwaad vergeld, sal die kwaad nooit uit jou huis wyk nie.
**Amos 5:15** Julle moet haat wat verkeerd is, julle moet liefhê wat goed is, julle moet opkom vir die reg in die howe. Dan sal die Here die almagtige God Hom dalk ontferm oor wat daar van Josef oor is.
**NT=Luk 6:45**; Die goeie mens bring die goeie te

voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart en die slegte mens bring die slegte dinge te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. Waar die hart van vol is loop die mond van oor.
**Joh. 3:20**; Elkeen wat kwaad doen , haat immers die lig en kom nie na die lig toe nie, sodat sy dade nie aan die kaak gestel moet word nie.
**Rom. 12:9**, Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is.
**17**,Moenie kwaad met kwaad vergeld nie.
**21**;Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie maar oorwin die kwaad deur die goeie.
**II Kor. 6:14-17** Moet nie met ongelowiges  in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis? Hoe kan daar eenstemmigheid wees tussen Christus en Belial? Hoe kan ‘n gelowige dieselfde belange hê as ‘n ongelowige? Hoe kan ‘n ooreenkoms tot stand kom tussen die tempel van God en afgode? Ons is immers van die lewende God. Dit is soos God gesê het: ’Ek sal onder hulle woon en wandel en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.’’ Daarom : ‘’Gaan van hulle af weg en sonder julle af’’ se die Here en moenie wat onrein is aanraak nie. Dan sal Ek julle aanneem.

**I Thess. 5:22**;Moenie iemand oorhaastig die hande oplê en jou so aan die sondes van ‘n ander medepligtig maak nie. Sorg dat jy onberispelik bly.
**II Tim. 4:18**;Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in sy hemelse koninkryk bring. Aan Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid! Amen
**I Pet 3:9-12** Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met beleding nie. Inteendeel antwoord met seënwens want daartoe is julle geroep sodat julle die seën van God kan verkry. Daar staan geskrywe: As iemand die lewe liefhet en ‘n lang lewe begeer om die goeie te geniet moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens. Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is soek vrede en jaag dit na! Die Here sorg vir die opregtes en luister na hulle hulpgeroep maar Hy tree op teen die wat kwaad doen.

# FOUTE

**NT=Rom. 16:17**; Ek druk julle dit op die hart, broers; Pas op vir die wat verdeeldheid veroorsaak en die mense afvallig maak van die leer wat julle ontvang het. Bly weg van hulle af.
**II Tim. 3:5**; Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af.

**II Joh. 10-11** As daar iemand na julle toe kom wat ‘n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie en hom selfs nie groet nie, want wie hom groet, is saam skuldig aan die kwaad wat hy doen.

# VERGELDING

**OT=Deut. 32:35**; Ek straf  en Ek vergeld op die dag as hulle voete gly. Die dag van hulle ondergang is naby; wat oor hulle besluit is, kom gou.
**Jer. 11:20**; Here, Almagtige, regverdige Regter, wat hart en verstand toets, laat my sien hoe U op hulle wraak neem, want ek het my saak aan U toevertrou.
**20:12**; Here ,Almagtige u oordeel is reg U sien raak wat diep in ‘n mens is. Laat my sien hoe U my vyande straf want ek gee my saak in u hande.
**NT=Rom. 16:17**; Ek druk julle dit op die hart boers: Pasop vir die wat verdeeldheid veroorsaak en die mense afvallig maak van die leer wat julle ontvang het. Bly weg van hulle af.
**Heb. 10:30** Ons weet tog wie Hy is wat Hy gesê het: ” Dit is my reg om te straf ;Ek sal vergeld; en verder ‘’ Die Here sal oor sy volk oordeel.’’

# VERSOEKING

**OT=Spr. 1:10-16** As sondaars jou wil verlei my seun moenie toegee nie. Hulle sal vir jou se : “Kom ons gaan lê iemand voor en vermoor hom ,ons oorval sommer iemand, al het hy ons niks gedoen nie kom ons laat mense verdwyn soos die dood dit doen, ons maak gesonde mense dood! Ons vat al wat waardevol is en ons maak huise vol met wat ons roof. Jy kan deel in die buit ,dit sal ons almal s’n wees.’’ Moenie met hulle saamgaan nie, my seun bly van hulle pad af; hulle is daarop uit om kwaad te doen hulle wil gaan moord pleeg.

**NT=Mark 14:38**;Julle moet waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak''

**Luk 22:46**;Hy se toe vir hulle: ’Waarom slaap julle? Staan op en bid ,sodat julle nie in versoeking kom nie.’’

**I Kor. 10:13**; Geen versoeking wat meer is as wat ‘n mens kan weerstaan het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.

**Jak 1:12-16**;Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deur staan het, sal hy as oorwinnings prys die lewe

ontvang wat die Here belowe het aan die wat Hom liefhet. Iemand wat in versoeking kom moet nooit sê: ’’Ek word deur God versoek nie want God kan nie verlei word nie en self verlei Hy niemand nie. Maar ‘n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna as die begeertes bevrug geraak het bring dit die sonde voort en as die sonde ryp geword het loop dit uit op die dood. Moenie julleself mislei nie my liewe broers.

**II Pet 2:9**;Die Here weet dus om die wat Hom dien uit beproewing te red maar om die goddeloses te straf en vir die oordeelsdag gevange te hou.

# 7 OUERS EN KINDERS

## KINDERS MOET HULLE OUERS EER

**OT=Eks.20:12**; Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.
**Lev.19:3**; Elkeen van julle moet eerbied  hê vir sy ma en sy pa. Julle moet my gebooie oor die Sabbat gehoorsaam. Ek is die Here julle God.
**Deut. 5:16**;Eer jou vader en jou moeder soos die Here jou God jou beveel het , dan sal jy 'n lang lewe hê en sal dit goed gaan met jou in die land wat die Here jou God vir jou gee.
**Spr.23:22** Wees gehoorsaam aan jou vader en moeder  jy is hulle kind en moet hulle nie verag as hulle oud geword het nie.
**NT=Eph. 6;1-3**; Kinders wees as gelowiges  aan julle ouers gehoorsaam want dit is wat die wet van God vereis. Eer jou vader en jou moeder is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.
**Kol. 3:20** Kinders wees in alles aan julle ouers

gehoorsaam want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo.
**NT=I Tim. 5:4** Maar as "'n weduwee kinders of kleinkinders het, moet die kinders leer om as gelowiges allereers  hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom en so hulle ouers en grootouers iets te vergoed. Dit is volgens die wil van God.

# KINDERS MOET OUERS GEHOORSAAM

**OT=Gen. 28:7**;Toe Esau verneem dat Jakob na sy pa en ma geluister het en na Paddan-Aram toe is,
**Spr. 6:20** My seun ,hou vas aan wat jou vader jou voorskryf; wat jou moeder jou leer, moet jy nie in die wind slaan nie.
**NT=Eph.6:1**; Kinders wees as gelowiges  aan julle ouers gehoorsaam want dit is wat die wet van God vereis.
**Kol. 3:20** Kinders wees in alles aan julle ouers gehoorsaam want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo

# KINDERS WAT WEIER OM ONDERDANING TE WEES AAN OUERS

OT=Deut. 28:18-21; Daar sal "'n vloek rus op jou nageslag en op die opbrengs van jou lande, op jou kalweroes en jou lammeroes. Daar sal 'n vloek op jou rus waar jy ook gaan. Die Here sal die vloek oor jou stuur, verwarring en terugslae in alles wat jy aanpak en doen, totdat Hy jou uitgeroei het en jou skielike ondergang bewerk het oor al die verkeerde dinge wat jy gedoen het deurdat jy Hom verlaat het. Die Here sal peste en plae aan jou laat kleef totdat Hy jou uitgeroei het uit die land waarheen jy op pad is om dit in besit te neem.

**27:16**;Daar rus 'n vloek op elkeen wat sy pa of ma minag. Dan moet die hele volk antwoord: "Amen"

**Spr. 30:17** Die oë van 'n man wat met sy vader spot en vir wie dit benede hom is om sy moeder te gehoorsaam sal uitgepluk word deur die kraaie, opgevreet word deur die roofvoëls.

# KINDERS WAT AAN OUERS SLAAN

**OT=Eks. 21:15** Wie aan sy pa of ma slaan ,moet doodgemaak word.

# KINDERS MAG NIE OUERS VLOEK

**OT= Eks. 21:17**; Wie sy pa of ma vloek ,moet doodgemaak word.

**Lev. 20:9**; Wanneer iemand sy pa of ma vloek moet hy doodgemaak word. Hy het sy pa of ma gevloek en hy verdien die dood.

**Spr. 20:20** As jy jou vader en moeder vervloek is jou lewe daarmee heen en bly net pikdonker oor.

**NT=Matt. 15:3-6** God het tog gesê:" Eer jou vader en jou moeder en wie sy vader of sy moeder vloek moet sekerlik doodgemaak word. Maar julle bepaal : "As iemand vir sy pa of sy ma se: Die hulp wat u van my sou kon kry maak ek 'n offergawe vir God dan hoef hy nie meer sy plig teenoor sy pa na te kom nie. So ontneem julle die woord van God sy gesag ter wille van julle oorgelewerde gebruike.

# KINDERS MAG NIE VAN OUERS STEEL NIE

**OT= Spr. 28:24** Wie sy ouers besteel en se; 'Ek doen niks verkeerds nie, 'is niks anders as 'n rower nie.

# KINDERS IS N GESKENK VAN GOD

**OT=Gen. 33:5**; Esau het opgekyk en die vrouens en kinders gesien en toe se hy; ’Wie is al hierdie mense by jou? ’Jakob het geantwoord; ’Dit is die kinders wat God in sy liefde aan my gegee het.’’
**48:9**;Josef het sy pa geantwoord:” Dit is my seuns. God het hulle vir my in hierdie land gegee.”
**Psalm 127:3**; Seuns is geskenke van die Here, kinders word deur Hom gegee.
**Is. 8:18** Hier is ek en die kinders wat die Here vir my gegee het. Ons is in Israel lewende getuienis van die Here die Almagtige wat op Sionsberg woon.

# PA HET GESAG OOR KINDERS

**OT=Num. 30: 3-5** As ‘n  jong vrou wat nog in haar ouer huis is ,’n gelofte aan die Here doen of ‘n verpligting op haar neem ,en haar pa hoor van die gelofte of die verpligting en hy maak nie daarteen beswaar nie, bly al die geloftes of verpligtinge wat sy op haar geneem het, van krag. Maar as haar pa dit af keur  wanneer hy daarvan hoor ,is die gelofte of die verpligting wat sy op haar geneem het, nie meer van krag nie. Die Here sal dit nie teen haar hou nie omdat haar pa dit afgekeur het.

# OUERS MOET KINDERS DISIPLIENEER

**OT=Deut. 8:5**; Jy moet diep in jou hart weet; soos 'n man dissipline by sy seun kweek ,so het die Here jou God vir jou dissipline geleer.

**Spr. 3:12**; want die Here straf die mens wat Hy lief het net soos 'n vader doen met sy seun.

**13:24**;Wie sy seun nie straf nie het hom nie lief nie as hy hom liefhet sal hy hom straf wanneer dit nodig is.

**19:18**; Behandel jou seun streng dan is daar hoop maar moet jou nie te buite gaan en hom doodmaak nie.

**22:15**; Onverstandigheid is eie aan 'n jong mens maar 'n pakslae haal dit uit hom uit.

**23:13-14**; Moenie huiwer om 'n kind te straf nie want as jy hom slaan red jy sy lewe. Jy moet hom juis slaan om hom van die dood te red.

**29:15**, 'n Pak slae en 'n teregwysing bring wysheid 'n kind wat sonder dissipline grootword steek my in die skande

**17** Gee jou seun 'n goeie opvoeding en jy sal gerus wees oor hom; hy sal jou baie vreugde verskaf.

**NT=Heb. 12:7**,Verdra die tug as opvoeding want God behandel julle as sy kinders. Is daar miskien ‘n kind wat nie deur sy vader getug word nie?
**11** Wanneer ons getug word lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir die wat daardeur gevorm is ‘n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God.

# OUERS MOET KINDERS OPVOED

**OT=Gen. 18:19**; Ek het hom gekies dat hy sy kinders en sy nageslag kan beveel om op my pad te bly deur te doen wat goed en reg is ,sodat Ek vir Abraham kan doen wat Ek hom beloof het.
**Deut. 4:9-10**;Pas net op en wees baie versigtig om so lank julle leef nie hierdie dinge wat julle gesien het te vergeet of te verontagsaam nie. Julle moet dit alles vir julle kinders en julle kleinkinders inskerp. Julle moet hulle van die dag laat leer toe julle by Horebberg gestaan het in die teenwoordigheid van die Here julle God van die dag toe Hy vir my gesê het:” maak die volk vir My bymekaar dat Ek hulle my gebooie wat hulle moet ken kan meedeel sodat hulle My kan dien so lank hulle My kan dien so lank hulle in hierdie land lewe en sodat hulle my gebooie vir hulle kinders kan

leer.
**6:6-7**;Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is as jy gaan slaap en as jy opstaan.
**11:18-19**;Hierdie woorde van die Here moet julle lewe vul. Julle moet dit as herinneringsteken vasbind aan julle hande en dit moet ‘n merk op julle voorkoppe wees. Leer dit vir jou kinders deur met hulle daaroor te praat as jy in jou huis is en as jy op pad is as jy gaan slaap en as jy opstaan.
**Spr. 1:8**;My seun jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee moenie wat jou moeder jou leer verontagsaam nie.
**22:6** Gee leiding aan ‘n jongmens oor hoe hy moet leef en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie.
**NT=Eph. 6:4**;En vaders moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.
**II Tim. 3:14** Maar jy bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo Jy weet tog wie jou leermeesters was.

# OUERS MOET VIR KINDERS SORG

**NT=I Tim.5:8** As iemand nie vir sy eie mense en veral vir sy huis gesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as ‘n ongelowige.

# OUERS MOET HUWELIK REEL

**OT=Gen. 21:21**; Hy het in Paranwoestyn gewoon, en sy ma het hom met ‘n vrou uit Egipte laat trou.

# PA’S MAG NIE GEDOOD WORD VIR KINDERS SE SONDE EN KINDERS VIR HUL PA SE SONDE

**OT=Deut. 24:16**;Vaders mag nie oor die optrede van kinders en kinders nie oor die optrede van vaders dood gemaak word nie. Elkeen kan net vir sy eie sonde die dood straf kry.

**II Kon 14:6**;Hy het nie die kinders van die moordenaars ook laat doodmaak nie soos dit op bevel van die Here geskrywe staan in die wetboek van Moses:” Vaders mag nie oor die optrede van kinders en kinders nie oor die optrede van vaders doodgemaak word nie. Elkeen kan net vir sy eie sondes die doodstraf kry.

**II Kron. 25:4**;Hy het nie hulle kinders ook laat

doodmaak nie want soos op bevel van die Here geskrywe staan in die wet in die boek van Moses: ”Vaders mag nie oor die optrede van kinders en kinders nie oor die optrede van vaders doodgemaak word nie. Elkeen kan net vir sy eie sonde die doodstraf  kry.
**Jer. 31:29-30**;In daardie tyd sal hulle  nie meer se:” Die pa’s het groen druiwe geëet en die kinders se tande het stomp geword nie. Elke mens sal oor sy eie  sondes sterf : wie groen druiwe eet se tande sal stomp word.
**Eseg. 18:20** Die mens wat sondig sal sterwe. ’n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie en ‘n pa sal nie die straf op sy seun se sondes dra nie. Wie leef volgens my wil sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is sal die straf daarvoor dra.

# 8 HUWELIK EN EGSKEIDING

## HUWELIK INGESTEL DEUR GOD

**OT=Gen. 1:27-28**; God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê; ”wees vrugbaar, word baie bewoon die aarde en bewerk dit.

**2:18**,Verder het die Here God gesê: ’Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help sy gelyke.’’

**NT=Matt. 19:4-6**; Hy het hulle geantwoord: ‘’Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? Daarby het Hy gesê: ’Daarom sal ‘n man sy pa en sy ma verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees. Hulle is dus nie meer twee nie maar een. Wat God dan saamgevoeg het mag ‘n mens nie skei nie.’’

**Mark 10:6-9** Maar van die begin af van die skepping af, het God hulle man en vrou gemaak.

Daarom sal ‘n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees, sodat hulle nie meer twee is nie maar een. Wat God dan saamgevoeg het mag ‘n mens nie skei nie.

# HUWELIK IS LEWENS LANK

**NT=Rom. 7:2**;Die getroude vrou, byvoorbeeld is deur die wet aan haar ,man gebind so lank as hy lewe. As haar man te sterwe kom, is sy onthef van die wet wat haar aan haar man gebind het.

**I Kor. 7:39-40** ‘n Vrou is aan haar man gebind so lank as hy lewe. As hy sterwe is sy vry om te trou met wie sy wil mits dit met ‘n gelowige is. Tog is sy na my mening gelukkiger as sy ongetroud bly, en ek dink dat ek ook die Gees van God het.

# MANS EN VROUENS OM KINDERS TE HE

**OT=Gen. 3:16** Vir die vrou het die Here God gesê; ”Ek sal jou baie swaar laat kry met jou swangerskappe; met pyn sal jy kinders in die wêreld bring. Na jou man sal jy hunker, en hy sal oor jou heers.”

**NT=I Tim. 5:14** Daarom verkies ek dat die jonger

weduwees weer trou, kinders kry hulle huise versorg en geen teenstander aanleiding gee om kwaad te praat van ons nie.

# GEBOORTE TE GEE DEUR PYN

**OT=Gen. 3:16** Ek sal jou baie swaar laat kry met jou swangerskappe; met pyn sal jy kinders in die wêreld bring
**NT=John 16:21**; 'n Vrou kry swaar wanneer haar tyd gekom het en haar kindjie gebore word. Maar wanneer die kindjie gebore is ,dink sy nie meer aan die pyn nie, so bly is sy dat daar 'n mens in die wêreld gekom het.

# MANS HOOF VAN DIE VROU

**OT=Gen. 3:16** Na jou man sal jy hunker, en hy sal oor jou heers."
**NT=I Kor. 11:3**,Ek wil egter hê hulle moet weet dat Christus die hoof is van elke man en 'n man die hoof van sy vrou, en God die hoof van Christus.
**7-9**;'n Man behoort nie iets op sy kop te sit nie. Hy is die beeld en heerlikheid van God maar die vrou is die heerlikheid van die man. Die man is nie uit die vrou geneem nie maar die vrou uit die man.

Die man is ook nie ter wille van die vrou geskep nie maar die vrou ter wille van die man.
**Eph. 5:23** Die man is die hoof van die vrou soos Christus die hoof van die
kerk is .Christus is ook die Verlosser van die liggaam sy kerk.

# VERPLIGTEING VAN N MAN TEENOOR SY VROU

# LIEF WEES IR SY VROU

**NT=Eph.5:25-33**; Mans ,julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy ,nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem ,sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou lief het, het homself lief, want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit ,soos Christus met sy kerk doen omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is. Daar staan in die Skrif; “Daarom sal ‘n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees.

Hierin lê daar ’n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk. Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself lief het, en ‘n vrou moet aan haar man eerbied betoon.
**Kol. 3:19** Mans julle moet julle vrouens liefhê moenie die lewe vir hulle bitter maak nie.

# SY VROU EER

**NT=I Kor. 7:3-5**;Die man moet sy huwelikspligte teenoor sy vrou nakom, en net so ook die vrou teenoor haar man. Die vrou beskik nie oor haar eie liggaam nie, maar die man; net so beskik die man ook nie oor sy eie liggaam nie, maar die vrou. Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir ‘n bepaalde tyd om julle aan gebed te wy. Daarna moet julle weer saamkom, sodat die Satan julle nie miskien weens julle gebrek aan selfbeheersing verlei nie.

**I Peter 3:7** Mans julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe se genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder.

# VIR SY FAMILIE VOORSIEN

**NT=I Tim. 5:8** As iemand nie vir sy eie mense en veral nie sy huisgesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as ‘n ongelowige.

# GETROU WEES AAN SY VROU

**OT=Mal. 2:14-15** en julle vra; ‘Waarom dan nie? ‘Dit is omdat die Here weet wat gebeur het tussen jou en die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is; jy was ontrou aan haar, ontrou aan jou eie vrou, die vrou aan wie jy plegtig trou belowe het. Die Here het man en vrou een  gemaak, een liggaam en gees. En waarom een? Omdat Hy wil hê dat daar ‘n nageslag moet wees, wat Hom eer. Beheers julle moenie ontrou wees aan die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is nie.

# TEVREDE WEES MET SY VROU

**OT=Spr. 5:18-19** Sing die lof van jou eie fontein, verheug jou oor jou eie vrou, so vol liefde, so mooi soos ‘n takbok, soos ‘n ribbok. Geniet voluit van haar liefkosing, laat dit jou deurentyd bedwelm.

# LEWENS LANK SAAM LEEF

**OT=Gen. 2:24** Daarom sal ‘n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.

**NT=Matt. 19:5** Daarby het Hy gesê: ‘Daarom sal ‘n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees. Hulle is dus nie meer twee nie maar een. Wat God dan saamgevoeg het mag ‘n mens nie skei nie.’’

# SY VROU ONDERRIG

**NT= I Kor. 14:34-35** Moet die vrouens ook in hulle byeenkoms stilbly, want hulle word nie toegelaat om te praat nie. Hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê . As hulle iets te wete wil kom, moet hulle tuis hulle eie mans vra, want dit is lelik vir ‘n vrou om in die erediens te praat.

# VERPLIGTING VAN N VROU TEENOOR HAAR MAN

# LIEF WEES VIR HAAR MAN EN KINDERS

**NT=Titus 2:4** sodat hulle die jonger vrouens kan

leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees,

# EERBIED HET VIR HAAR MAN

**NT=Eph. 5:33** ‘n vrou moet aan haar man eerbied betoon.

# DEUGSAAM WEES

**OT=Spr. 31:10-11**’n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene. Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk.

# ONDERDANIG WEES AAN HAAR MAN

**NT=Eph. 5:22-24**;Vrouens ,wees aan julle mans onderdanig ,net soos julle aan die Here onderdanig is. Die man is die hoof van die vrou ,soos Christus die hoof van die kerk is Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.
**Kol. 3:18**; Vrouens wees aan julle mans onderdanig soos dit pas by mense wat in die Here glo.

# GOEIE HUISHOUDSTER WEES

**NT= Titus 2:5** verstandig en kuis, goeie huisvrouens, onderdanig aan hulle mans. Dan sal die woord van God nie in diskrediet kom nie.

# SORG VIR FAMILIE SE BEHOEFTES

**OT=Spr. 31:10-31**”n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene. Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk. Sy bring vir hom net voordeel, nie nadeel nie, haar hele lewe lank. Sy maak wol en vlas bymekaar en geniet dit om dit te verwerk. Sy is soos die handelskepe, sy bring die kos van ver af in. Sy staan op as dit nog nag is en maak kos vir haar huisgesin; ook haar slavinne kry hulle deel. Sy oorweeg die waarde van ’n stuk grond en koop dit sy sit dit onder wingerd met geld wat sy self verdien het. Sy pak die werk aan met krag, haar hande staan vir niks verkeerd nie. Sy stel vas of die wins goed is, haar lamp bly heelnag brand. Sy werk met die spinwiel, haar hande bly besig met die weefstoel. Sy het ‘n oop hand vir die armes, sy is vrygewig teenoor die behoeftiges. Sy is gerus oor haar huisgesin as dit sneeu; hulle dra almal warm klere. Sy maak self vir haar dekens en sy dra klere van linne en wol. Haar man is

welbekend by die stadspoort waar hy saam met die leiers beraadslaag. Sy maak klere en verkoop dit, sy lewer gordels aan die handelaars. Alles aan haar spreek van "'n sterk en edel persoonlikheid; sy ken geen kommer oor die toekoms nie. As sy praat, is dit met wysheid; as sy leiding gee, is dit met liefde. Sy hou goeie toesig oor haar huishouding; lui is sy nie. Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar: 'Daar is baie knap vrouens ,maar jy oortref hulle almal! 'Uiterlike skoonheid hou nie, mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien dan verdien 'n vrou om geprys te word. Gee haar wat haar toekom vir alles wat sy doen; laat haar roem wees in die stadspoorte.

# VROU NIE HAAR MAN SE GESAG ONDERMEIN NIE

**NT=I Tim. 2:12** Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen nie; sy moet stil wees.

# ISREALIETE NET TROU BINNE HULLE EIE VOLK.

**OT=Num. 36:1-12** as hulle nou met mans uit ander Israelitiese stamme trou, sal hulle grond

wegval uit ons familie besittings en gevoeg word by die van die stam waaraan hulle dan sal behoort. So sal die grond wat aan ons toegewys is ,van ons weggeneem word.

# ISRAELIETE VERBIED OM NABY SY NAASTE BLOEDVERWANT TROU.

**OT=Lev. 18:6-18**; Niemand van julle mag nie met ‘n naby bloedverwant geslagsgemeenskap hê nie. Ek is die Here. ‘Jy mag nie jou pa die skande aan doen dat jy met jou ma gemeenskap het nie. Sy is immers tog jou ma . Jy mag nie met haar gemeenskap hê nie. Jy mag ook nie met ‘n ander vrou van jou pa gemeenskap hê nie. Dit sal skande oor jou pa bring. Jy mag nie met jou suster gemeenskap hê nie, ook nie met ‘n halfsuster aan vaderskant of aan moederskant, of hulle nou deel is van die gesin of nie. Jy mag nie met jou kleindogter gemeenskap hê nie, want sy is jou nageslag. Jy mag nie met ‘n halfsuster aan vaders kant gemeenskap hê nie, want sy is jou suster. Jy mag nie met jou tante aan vaderskant gemeenskap hê nie, want sy is jou pa se bloedverwant. Jy mag nie met jou tante aan moeders kant gemeenskap hê nie, want sy is jou

ma se bloed verwant. Jy mag nie jou oom skande aandoen dat jy met sy vrou gemeenskap het nie. Sy is immers jou tante. Jy mag nie met jou skoondogter gemeenskap hê nie. Sy is jou seun se vrou. Jy mag nie met haar gemeenskap hê nie. Jy mag nie met jou skoonsuster gemeenskap hê nie, want dit sal skande oor jou broer bring. Jy mag nie gemeenskap hê met ‘n vrou en met haar dogter nie. Jy mag die vrou nie die skande aandoen dat jy met ‘n kleindogter van haar trou nie. Hulle is haar nageslag en dit sal ‘n afstootlike daad wees. Solank jou vrou lewe, mag jy nie met haar suster trou nie. Daar sal vyandskap tussen hulle ontstaan as jy met albei gemeenskap het.
**Deut. 22:30** ‘n Seun mag nie met sy pa se vrou trou nie. ’n Seun mag nie gemeenskap hê met ‘n vrou wat aan sy pa behoort nie.
**27:20**,Daar rus ‘n vloek op elkeen wat gemeenskap het met sy pa se vrou want hy het haar wat aan sy pa behoort ontbloot
**22-23** Daar rus ‘n vloek op elkeen wat gemeenskap het met sy suster, ’n dogter van sy pa of sy ma .
**NT=I Kor. 5:1** ‘n Mens hoor werklik van onsedelikheid onder julle en dan nogal onsedelikheid van so aard as wat selfs onder die

heidene nie voorkom nie naamlik dat ‘n man en sy stiefma as man en vrou saamleef.

# TROU MET DIE ONGELOWIGE VERBODE

**OT=Gen. 28:6**; Jy mag nie met ‘n Kanaänitiese meisie trou nie.
**Eks. 34:16**;Julle sal julle seuns met hulle dogters laat trou en wanneer hulle dogters onsedelikheid bedryf in die verering van hulle gode sal hulle julle seuns tot dieselfde soort onsedelikheid verlei.
**Deut. 7:1-4**;Jy mag nie met hulle ondertrou nie; jou dogter mag jy nie aan een van hulle seuns gee nie en vir jou seun mag jy nie een van hulle dogters as vrou vat nie want hulle sal jou kinders wegrokkel van die Here af en hulle sal ander gode dien. Dan sal die toorn van die Here teen jou ontvlam en Hy sal jou uitdelg.
**Joshua 23:12-13**;As julle egter ‘n ander pad loop en julle verbind aan die mense wat oor is van hierdie nasies wat nog tussen julle woon en julle ondertrou met hulle en julle kom by hulle en hulle by julle weet dan seker dat die Here julle God hierdie nasies nie verder sal verdryf voor julle nie. Hulle sal vir julle strikke en wippe word, swepe op

julle rûe en skerp dorings in julle oë en uiteindelik sal julle verdwyn uit hierdie goeie land wat die Here julle God aan julle gegee het.
**Rigters 3:5-8**;Die Israeliete het toe gewoon tussen die  Kanaäniete , Hetiete , Amoriete , Feresiete , Hewiete en Jebusiete. Die Israeliete het met die dogters van hierdie nasies getrou en hulle dogters met hierdie nasies se seuns laat trou. Die Israeliete het hierdie nasies se gode gedien. Die Israeliete het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hulle het die Here hulle God vergeet en die Baäls en die gewyde pale gedien. Toe het die Here kwaad geword vir die Israeliete. Hy het hulle oorgegee in die mag van Mesopotamië en hulle was agt jaar sy onderdane.
**I Kon 11:2-4**;Dit was die nasies waarvan die Here vir die Israeliete gesê het :''Julle mag nie met hulle omgaan nie en julle mag nie toelaat dat hulle met julle omgaan nie want hulle sal julle net verlei om hulle gode te aanbid." Salomo het egter juis op hierdie vrouens verlief geraak. Hy het sewe honderd vrouens uit vorstelike families gehad en ook nog drie honderd byvroue . Dit was sy vrouens wat hom verlei het.
**Ezra 10:10-11**;Toe staan die priester Esra op en se vir hulle: 'Julle het troueloos opgetree. Julle het

met vreemde vrouens getrou en daardeur die oortredings van Israel teen God nog meer gemaak. Doen belydenis voor die Here die God van julle voorvaders en doen wat Hy wil hê :skei julle af van die heiden nasies en die vreemde vrouens.
**Neh. 10:30**;Verder het hulle onderneem : ‘’Ons sal ons dogters nie met die heiden volke laat trou nie en hulle dogters nie met ons seuns nie.
**13:25**;Ek het met die mense geraas, hulle vervloek, party geslaan, hulle hare uitgetrek en hulle voor God ‘n eed laat aflê: ’’Julle sal julle dogters nie laat trou met die heidene se seuns nie en hulle dogters nie met julle seuns of met julleself nie.
**Mal. 2:11-12** Juda was ontrou. Daar is iets afskuweliks gedoen in Israel ,in Jerusalem. Juda het die heiligdom van die Here ontwy, die heiligdom waarvoor die Here  lief is; die manne van Juda het met vrouens getrou wat in diens van ‘n ander god staan.
**OT=Deut. 7:3-4** Jy mag nie met hulle ondertrou nie; jou dogter mag jy nie aan een van hulle seuns gee nie en vir jou seun mag jy nie een van hulle dogters as vrou vat nie, want hulle sal jou kinders weg rokkel van die Here af en hulle sal ander gode

dien .Dan sal die troon van die Here teen jou ontvlam en Hy sal jou gou uitdelg.
**NT=II Kor. 6:14-17** Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis? Hoe kan daar eenstemmigheid wees tussen Christus en Balial ? Hoe kan 'n gelowige dieselfde belange hê as 'n ongelowige? Hoe kan 'n ooreenkoms tot stand kom tussen die tempel van God en afgode? Ons is immers die tempel van die lewende God. Dit is soos God gesê het: ''Ek sal onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. Daarom :''Gaan van hulle af weg en sonder julle af se die Here en moenie wat onrein is aanraak nie. Dan sal Ek julle aanneem.

# POLIGAMIE VERBODE.

**OT=Gen. 2:24** Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam lewe ,en hulle sal een word
**NT=Matt. 19:5-6**;Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees. Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie.
**Mark 10:7-8**; Daarom sal 'n man sy pa en ma

verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees, sodat hulle nie meer twee is nie ,maar een.
**I Kor. 7:2** maar weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man

# BISKOPE MAG NET EEN VROU HE

NT=I Tim. 3:2'n Ouderling moet onberispelik wees ,getrou aan sy vrou,

# PRIESTERS NET MAAGDE TROU

**OT=Lev. 21:14**;Met 'n weduwee, ŉ geskeide vrou, ŉ vrou wat nie meer 'n maagd is nie of met 'n prostituut mag hy nie trou nie. Hy mag alleen met 'n maagd uit sy eie stam trou.
**Ez. 44:22** Hulle mag ook nie trou met weduwees of geskeide vrouens nie, hulle mag net trou met Israelitiese jongmeisies of met jong weduwees van priesters

# PRIESTERS NIE VROUENS TROU WAT GESKEI,WEDUWEES OF PROSTITIETE IS NIE.

**OT=Lev. 21:7**,'n Priester mag nie trou met 'n

prostituut of met ‘n meisie wat nie meer ‘n maagd is nie. Hy mag ook nie met ‘n geskeide vrou trou nie ,hy is aan sy God gewy.
**14**;Met ‘n weduwee, ’n geskeide vrou, ’n vrou wat nie meer ‘n maagd is nie of met ‘n prostituut mag hy nie trou nie. Hy mag alleen met ‘n maagd uit sy eie stam trou.
**Ez. 44:22** Hulle mag ook nie trou met weduwees of geskeide vrouens nie, hulle mag net trou met Israelitiese jongmeisies of met jong weduwees van priesters

# CHRISTEN WEDUWEE MAG MET CHRISTEN MAN TROU

**NT=Rom. 7:3**;Maar as sy ‘n ander man se vrou word so lank as haar man lewe sal sy as ‘n egbreekster beskou word. As haar man gesterf het is sy egter vry van die wet en is sy nie ‘n egbreekster as sy ‘n ander man se vrou word nie.
**I Kor. 7:8-9**,Vir die ongetroudes en die weduwees se ek: ’’Dit is vir julle goed om ongetroud te bly soos ek. Maar as hulle nie in onthouding kan leef nie moet hulle trou want dit is beter om te trou as om deur hartstog verteer te word.
**39** ‘n Vrou is aan haar man gebind so lank as hy

lewe. As hy sterwe is sy vry om te trou met wie sy wil mits dit met ‘n gelowige is.

## NUUT GETROUD MOET 'N EEN JAAR WITTEBROOD HE

**OT=Deut. 24:5** Wanneer ‘n man pas getroud is ,mag hy nie saam met die leer optrek om te gaan oorlog maak nie. Hy mag ook nie met enige verpligting belas word nie. ’n Jaar lank moet hy van alles vry gestel wees om sy vrou met wie hy getroud is, gelukkig te maak.

## ERGSKEIDING

## EGSKEIDING IS SLEGS TOEGELAAT VIR HOERERY

**NT=Matt. 5:31-32**;Daar is gesê; ’’elkeen wat van sy vrou skei , moet aan haar ‘n skei brief gee.’’ Maar Ek se vir julle; Elkeen wat van sy vrou skei behalwe oor owerspel, maak dat sy egbreuk pleeg, en iemand wat met die geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk.’’

**19:9**;Ek se vir julle; Elkeen wat van sy vrou skei,

behalwe oor owerspel en met ‘n ander trou pleeg egbreuk.
**Mark 10:11-12** Hy se toe vir hulle :’’Elkeen wat van sy vrou skei en met ‘n ander een trou pleeg egbreuk teen sy vrou. En as ‘n vrou van haar man skei en met ‘n ander een trou pleeg sy egbreuk.

# MAN OF VROU IS NIE GEBIND AAN ONGELOWIGE MAAT WAT STERF

**NT=I Kor. 7:15** As die ongelowige egter wil skei, laat hom skei. In sulke gevalle is die gelowige man of vrou nie gebind nie. God het hulle geroep om in vrede te lewe.

**OT=Deut. 24:1-4**; Wanneer ‘n man met ‘n vrou trou kan dit gebeur dat hy haar nie meer liefhet nie omdat hy iets onbetaamliks aan haar gevind het. Dan mag hy ‘n skeibrief skryf en dit vir haar gee en haar uit sy huis uit wegstuur. Sy kan dan uit sy huis uit gaan en met ‘n ander man trou. As haar tweede man haar ook later nie meer liefhet nie en ‘n skeibrief skryf en dit vir haar gee en haar uit sy huis uit wegstuur, of as haar tweede man sterf, mag haar eerste man wat haar weggestuur het, nie weer met haar trou nie. Sy is verontreinig, en

as hy weer met haar trou, sal dit vir die Here iets afskuweliks wees. Jy mag nie die land wat die Here jou God vir jou as besetting sal gee, onder jou sonde laat ly nie’’.
**Jer. 3:1** Die Here vra: ’Mag ‘n man as hy van sy vrou skei en sy hom verlaat en ‘n ander man se vrou word na haar toe teruggaan? Sou die land nie vreeslik verontreinig word nie? Én jy wat by so baie minnaars geslaap het, wil jy na My toe terugkom? vra die Here.

# 9 VERANTWOORDELIKHEDE TEENOOR DIERE

## LASDIERE - BEESTE

**OT Deut. 25:4**;Jy  mag nie ‘n bees waarmee jy graan dors, se bek toe bind nie.

**Spr. 12:10** Die regverdige sorg goed vir sy diere maar die goddelose is wreed.

## WILDE DIERE

**OT=Lev. 25:5-7** -.Dit moet vir julle ‘n jaar van algehele rus wees. Julle, julle slawe, julle slavinne, julle dagloners en die bywoners in julle land sowel as julle diere en die wild moet dan leef van wat die veld oplewer.

## MA EN DIE JONG

**OT=Eks. 23:19**;Jy mag nie ‘n boklam in sy ma se melk kook nie.

**34:26**;Jy mag nie ‘n boklam in sy ma se melk kook nie.

**Deut. 14:21**;Julle mag nie ‘n dier wat gevrek het eet nie. Gee dit vir die vreemdeling wat by julle bly en hy kan dit eet of verkoop dit aan ‘n uitlander. Julle is ‘n gewyde volk julle behoort aan die Here julle God. Julle mag nie ‘n boklam in sy ma se melk kook nie.
**22:6-7** Wanneer jy afkom, op ‘n voëlnes in ‘n boom of op die grond en daar is kleintjies of eiers in die nes en die wyfie sit daarop mag jy nie die wyfie saam met die kleintjie vir jou vat nie. Jy mag die kleintjies vir jou vat maar jy moet die wyfie laat wegvlieg. Dan sal dit goed gaan met jou en sal jy ‘n lang lewe hê.

# OORWEEGING VAN JOU BROER SE DIERE.

**OT=Deut. 22:1-4** Jy mag jou nie blind hou wanneer jy ‘n verdwaalde bees of skaap van jou volksgenoot sien nie. Jy moet dit na hom terugvat. As hy nie naby jou bly nie of as jy hom nie ken nie , moet jy die dier na jou huis toe vat, en dit moet daar bly tot hy dit kom soek. Dan moet jy dit vir hom teruggee. So moet jy ook maak met ‘n donkie of ‘n kledingstuk van jou volksgenoot of enige iets anders wat wegraak en jy kry dit. Jy mag nie

onverskillig staan daarteenoor nie. Jy mag nie onverskillig staan teenoor ‘n donkie of ‘n bees van jou volksgenoot as jy dit sien val nie. Jy moet hom die dier help optel.

# DIESELFDE OORWEEGING MOET GENEEM WORD MET N VYAND SE DIERE.

**OT=Eks. 23:4-5** Wanneer jy ‘n verdwaalde bees of donkie van jou vyand raakloop, moet jy dit beslis na hom toe terugbring. Wanneer jy iemand wat jou haat, se donkie sien lê onder sy vrag , moet jy hom nie sonder hulp los nie; gaan help hom met sy vrag.

# VERGOEDING MOET BETAAL WORD AS JOU DIER N ANDER PERSOON BESEER.

**OT=Eks. 21:28-32** Wanneer ‘n bees ‘n man of ‘n vrou doodstoot moet die bees met klippe doodgegooi word, en sy vleis mag nie geëet word nie. Daar is nie ‘n saak teen die eienaar van die bees nie. As die bees tevore al stoterig was, en die eienaar se aandag daarop gevestig is, maar hy

dit nogtans nie behoorlik oppas nie, sodat dit die dood van ‘n man of ‘n vrou veroorsaak, moet die bees met klippe doodgegooi word. Die eienaar van die bees moet ook doodgemaak word. As hy egter loskoop geld  moet betaal, moet hy alles wat hom opgelê is ,betaal as afkoopgeld vir sy lewe, as ‘n bees ‘n seun of ‘n dogter stoot ,moet volgens dieselfde regs beginsel gehandel word. As ‘n bees ‘n slaaf of ‘n slavin doodstoot, moet drie honderd en veertig gram silwer aan die eienaar betaal word, en die bees moet met klippe dood gegooi word.

## WANNEER JOU DIER N ANDER DIER BESEER

**OT=Eks. 21:35-36** Wanneer ‘n man se bees iemand anders se bees doodstoot, moet hulle die lewende bees verkoop en die geld gelykop onder mekaar verdeel; ook die dooie dier moet gelykop verdeel word. Of as dit bekend is dat die bees tevore al bakleierig was , maar sy eienaar dit nie behoorlik opgepas het nie, moet hy ‘n ander bees in die plek van die dooie bees gee. Die dooie dier sal syne wees.

# WANNEER JOU DIER ANDER SE EIENDOM SKADE AAN DOEN

**OT=21:33-34** Wanneer ‘n man ‘n put oop laat of wanneer hy ‘n put grawe en dit nie behoorlik toemaak nie, en ‘n bees of ‘n donkie val daarin, moet die eienaar van die put vir die verlies vergoed; hy moet die eienaar van die dier uit betaal en die dooie dier kan hy vat.

# 10 VERANTWOORDELIKHEDE TEENOOR WERKGEWER-WERKNEMER

## VERPLIGTING TEEN OOR WERKNEMERS

**OT=Lev. 19:13**;Jy mag nie ‘n dagloner se loon terug hou tot more nie.

**Deut. 24:14-15**;Jy mag nie ‘n huurling wat arm en behoeftig is laat swaar kry nie of hy nou al ‘n volksgenoot is of ‘n vreemdeling wat by jou woon in een van jou land se stede. Jy moet hom sy loon nog dieselfde dag gee voor die son ondergaan, want hy is arm en reken op sy loon. As jy dit nie doen nie sal hy by die Here kla oor jou en jy sal skuldig wees.

**Jer. 22:13**;Ellende wag vir hom wat sy huis met onreg bou sy bokamers met minagting van die reg vir hom wat sy mense sonder betaling laat werk wat hulle nie hulle geld gee nie.

**Mal. 3:5** Dan sal Ek na julle toe kom as regter: Ek sal sonder versuim regspreek teen die wat hulle met toordery ophou, teen die egbrekers en die wat

vals ede aflê en die wat die dagloner te kort doen, die weduwee en die weeskind veronreg en die vreemdeling verdring, teen die wat nie vir My eerbied het nie, sê die Here die Almagtige
**NT=Jak 5:4** Ja julle hou die loon agter van die werkers wat julle lande afgeoes het. Dit skreeu ten hemel die geroep van die wat geoes het, het tot by die Here die Almagtige gekom

# HUURLINGE

**OT=Deut. 24:14** Jy mag nie ‘n huurling wat arm en behoeftig is, laat swaarkry nie, of hy nou al ‘n volksgenoot is of ‘n vreemdeling wat by jou woon in een van jou land se stede
**NT=Kol. 4:1**;Eienaars behandel julle slawe reg en billik in die wete dat julle ook onder iemand staan onder die Here in die hemel.
**I Pet 2:18** Bediendes onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers of hulle nou goedhartig en vriendelik is of onredelik.

# DAAGLIKSE BETALING VAN LONE

**OT= Lev. 19:13**;Jy mag nie jou naaste uitbuit of hom beroof nie. Jy mag nie “’n dagloner se loon terug hou tot more nie.

**Deut. 24:15** Jy moet hom sy loon nog dieselfde dag gee, voor die son ondergaan ,want hy is arm en reken op sy loon. As jy dit nie doen nie, sal hy by die Here kla oor jou en sal jy skuldig wees.

# REGVERDIGE LONE WORD VEREIS

**NT=Kol. 4:1** Eienaars behandel julle slawe reg en billik in die wete dat julle ook onder iemand staan, onder die Here in die hemel.

# TERUG HOU VAN LONE VERBODE

**NT= Jak 5:4** Ja julle hou die loon agter van die werkers wat julle lande afgeoes het. Dit skreeu ten hemel die geroep van die wat geoes het, het tot by die Here die Almagtige gekom

# PLIGTE VAN MEESTERS EN SLAWE

**OT=Lev. 22:10** Geen onbevoegde persoon mag van die gewyde gawes eet nie, ook nie ‘n bywoner of dagloner van ‘n priester mag daarvan eet nie.
**NT=Eph. 6:5-9**;Slawe wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met ‘n opregte hart asof dit vir Christus is. Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se

guns te kom nie, werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen. Al is julle slawe doen julle werk met lus soos vir die Here en nie vir mense nie. Julle weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het of hy nou slaaf is of vry. En eienaars behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is en Hy trek niemand voor nie.

**I Tim. 6:1-2** Gelowiges wat as slawe onder ‘n juk staan moet hulle eienaars met alle eerbied bejeën sodat niemand sal kwaad praat van die Naam van God en van die Christelike leer nie. Slawe wat gelowige eienaars het moet aan hulle nie minder eerbied betoon omdat hulle saam broers is nie. Hulle moet hulle eerder beter dien omdat die wat uit hulle werk voordeel trek met hulle een is in geloof en liefde.

# PLIGTE VAN MEESTERS EN SLAWE

**OT=Eks. 21:2-6**; Wanneer jy ‘n Hebreeuse slaaf koop, moet hy ses jaar vir jou werk ,maar in die sewende jaar moet jy hom vrylaat sonder dat hy jou iets daarvoor betaal. As hy alleen was toe hy jou slaaf geword het, moet hy  alleen vrygelaat

word. As hy toe getroud was, moet sy vrou saam met hom vrygelaat word. As sy eienaar vir hom ‘n vrou gegee het, en sy vir hom seuns of dogters in die wêreld gebring het, behoort die vrou en haar kinders aan die eienaar en dan hoef net die slaaf vrygelaat te word. As die slaaf egter uitdruklik sou sê; ‘Ek is lief vir my eienaar en vir my vrou en my kinders. Ek wil nie vrygelaat word nie’’, moet sy eienaar hom in die teenwoordigheid van God bring, by die heiligdom se deur of kosyn en daar moet die eienaar ‘n gaatjie in sy slaaf se oor steek met ‘n els. Dan is hy vir altyd sy eienaar se slaaf.

**Lev. 25:39-43**;Wanneer ‘n mede-Israeliet in jou omgewing so in die skuld raak dat hy hom aan jou verkoop as slaaf mag jy hom nie slawewerk laat doen nie. Jy moet hom soos ‘n dagloner of soos ‘n bywoner behandel. Hy moet tot die herstel jaar in jou diens bly. Dan moet hy en sy afhanklikes as vry mense teruggaan na hulle families en hulle familiegrond toe. Omdat Ek die Israeliete uit Egipte laat trek het is hulle my dienaars. Daarom mag hulle nie as slawe aan iemand verkoop word nie. Uit eerbied vir julle God mag julle ook nie so ‘n mede-Israeliet hard behandel nie.

**Deut. 15:12-18** Wanneer ‘n mede-Israeliet ‘n Hebreër soos jy ‘n man of ‘n vrou aan jou verkoop

word en hy werk ses jaar vir jou  moet jy hom in die sewende jaar vrylaat. Maar wanneer jy hom vrylaat moet jy hom nie met leë hande laat gaan nie. Gee hom ‘n behoorlike deel van jou kleinvee, van die graan op jou dorsvloer en van jou parskuip. Van alles waarin die Here jou God jou voorspoedig gemaak het moet jy vir hom gee. Jy moet onthou  jy was self ‘n slaaf in Egipte en die Here jou God het jou bevry. Dit is daarom dat ek jou vandag hierdie beveel gee. Maar as dit sou gebeur dat jou slaaf vir jou sê: ’’Ek wil nie van jou af weggaan nie want ek het u en u familie lief omdat hy dit goed by jou het moet jy ‘n els vat en dit deur sy oor steek teen die deur. Dan is hy vir altyd jou slaaf. Met ‘n slavin moet jy dieselfde doen. Moenie dink ‘n ramp het jou getref as jy jou slaaf vrylaat nie want ses jaar het hy jou dubbel die loon van ‘n huurling gespaar. Die Here jou God sal jou voorspoedig maak in alles wat jy doen.

# OM HUURLINGE , NIE DIENSKNEGTE TE WEES

**OT=Lev. 25:39-40** Wanneer ‘n mede Israeliet in jou omgewing so in die skuld raak dat hy hom aan jou verkoop as slaaf, mag jy hom nie slawewerk

laat doen nie. Jy moet hom soos ‘n dagloner of soos ‘n bywoner behandel. Hy moet tot die herstel jaar in jou diens bly.

# NA SEWE JAAR VRYGESTEL WORD

**OT=Eks. 21:2**; Wanneer jy Hebreeuse slaaf koop, moet hy ses jaar vir jou werk, maar in die sewende jaar moet jy hom vrylaat sonder dat hy jou iets daarvoor betaal.
**Deut. 15:12** Wanneer ‘n mede-Israeliet ‘n Hebreër soos jy ‘n man of ‘n vrou aan jou verkoop word en hy werk ses jaar vir jou moet jy hom in die sewende jaar vrylaat

# TENSY HULLE LEWENS LANKS WIL DIEN

**OT=Eks. 21:5-6**; As die slaaf egter uitdruklik sou sê; ’’Ek is lief vir my eienaar en vir my vrou en my kinders. Ek wil nie vrygelaat word nie’ ’moet sy eienaar hom in die teenwoordigheid van God bring, by die heiligdom se deur of kosyn en daar moet die eienaar ‘n gaatjie in sy slaaf se oor steek met ‘n els. Dan is hy vir altyd sy eienaar se slaaf.

**Deut. 15:16-17** Maar as dit sou gebeur dat jou slaaf vir jou sê :’’Ek wil nie van jou af weggaan nie want ek het u en u familie lief omdat hy dit goed by jou het moet jy ‘n els vat en dit deur sy oor steek teen die deur. Dan is hy vir altyd jou slaaf. Met ‘n slavin moet jy dieselfde doen.

# REGTE VAN 'N DOGTER WAT AS SLAAF VERKOOP IS

**OT=Eks. 21:7-11** Wanneer ‘n man sy dogter as slavin verkoop, mag sy nie gewoonweg soos ander slawe vrygelaat word nie. As haar eienaar wat haar as sy vrou wou hè, later nie meer van haar hou nie, moet hy toelaat dat sy deur haar eie mense losgekoop word. Hy het nie die reg om haar aan vreemde mense te verkoop nie, want dan pleeg hy troubreuk teenoor haar. As die eienaar egter sou besluit om haar vir sy seun as vrou te gee, moet sy soos ‘n dogter behandel word. As die eienaar ‘n ander vrou vat, mag hy die byvrou haar kos, klere en huweliksreg nie ontsê nie. As hy hierdie drie dinge nie vir haar gee nie, moet sy vrygelaat word sonder dat daar iets aan haar eienaar betaal word.

# ISRAEL MAG ANDER NASIES AS SLAWE BESIT

**OT=Lev. 25:44-46** Julle moet die slawe en slavinne wat julle nodig het by die nasies rondom julle koop. Julle mag ook die kinders van bywoners koop wat tydelik tussen julle woon of van bywoners families wat al geslagte in die land is. Sulke slawe is julle wettige eiendom wat deur julle aan julle  kinders bemaak kan word as besittings en wat lewenslank hulle slawe sal wees. Julle mag egter nooit van julle mede-Israeliete slawe maak nie.

# 'N ISRAELIET WAT VERSLAAF IS VIR SKULD KAN ENIGE TYD VRYGESTEL WORD

**OT=Lev. 25:47-55** Wanneer ‘n vreemdeling of ‘n bywoner in julle land ryk word, en ‘n mede - Israeliet raak by so iemand in die skuld sodat hy hom as slaaf moet verkoop aan die Israeliet of die se nageslag, het die Israeliet die reg om vrygekoop te word. Een van sy broers of ‘n oom of ‘n neef of ‘n ander familie lid kan hom vrykoop. As so ‘n slaaf genoeg geld bymekaar kry kan hy

homself vry koop

# 'N VLUGTELING SLAAF MOET BESKERM WORD

**OT=Deut. 23:15-16** Jy mag nie ‘n slaaf wat van sy eienaar af na jou weggeloop het, aan sy eienaar teruggee nie. Die slaaf mag by jou woon in een van jou stede wat hy kies, waar dit hom pas. Jy mag hom nie laat swaarkry nie.

# STRAF VIR DIE DOOD MAAK VAN N SLAAF

**OT=Eks. 21:20-21** Wanneer ‘n man sy slaaf of slavin met ‘n stok slaan dat hy of sy onmiddellik doodgaan, moet dit gewreek word. As so ‘n slaaf dit vir ‘n dag of twee oorleef is daar nie ‘n saak nie, want die slaaf is die man se eiendom.

# 'N SLAAF BESEER DEUR SY HEER MOET VRY GESTEL WORD

**OT=Eks. 21:26-27** Wanneer ‘n man sy slaaf of slavin  op die oog slaan en dit blywende beskadig , moet hy die slaaf of slavin vrylaat as vergoeding vir die oog. As hy sy slaaf of slavin se tand

uitslaan, moet hy die slaaf of slavin vrylaat as vergoeding vir die tand

## DIE GELDWAARDE VAN N SLAAF SE LEWE

**OT=Eks. 21:32** As ‘n bees ‘n slaaf of ‘n slavin dood stoot, moet drie honderd en veertig gram silwer aan die eienaar betaal word, en die bees moet met klippe dood gegooi word.

## 'N SLAAF KAN DEEL IN DIE GODSDIENS VAN DIE GESIN

**OT=Eks. 12:44** ‘n slaaf wat deur iemand gekoop is ,mag eers daarvan eet nadat hy besny is.

# 11 VERPLIGTINGE TEEN REGERING

## ELKE SIEL IS ONDERHEWIG AAN GESAG.

**OT=Duet. 17:12-13** Die man wat nie luister nie en so die regter en die priester wat diens lewer in die heiligdom van die Here jou God ,met minagting behandel, moet doodgemaak word. Jy moet die soort verkeerde ding uit Israel uitroei. Die hele volk sal hiervan hoor en bang word om so moedswillig op te tree.

**NT=Rom. 13:1-7**;Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie en die owerhede wat daar is ,is daar deur die beskikking van God. Wie hom teen gesag verset kom dus in opstand teen die ordening van God en wie in opstand kom sal sy verdiende straf kry. ‘n Mens hoef nie vir die owerhede bang te wees as jy goed doen nie maar wel as jy kwaad doen. Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen dan wat goed is en die owerheid sal jou prys want die

owerheid is ‘n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy kwaad doen het jy rede om bang te wees want die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie. Hy is immers die dienaar van God dat hy die kwaaddoener moet straf. Daarom moet jy jou onderwerp nie net omdat jy vir straf bang is nie maar ook omdat dit ‘n gewetensaak is. Dit is ook waarom julle belasting betaal want die owerheid is dienaars van God en hulle is besig om hulle opdrag uit te voer. Gee dus aan almal wat hulle toekom: belasting as dit belasting is ,aksyns as dit aksyns is ,ontsag as dit ontsag is ,eer as dit eer is.
**Titus 3:1**;Herinner die mense nadruklik daaraan dat hulle hulle aan owerheid en gesag moet onderwerp daaraan gehoorsaam moet wees en bereid moet wees om alles te doen wat goed is.
**Heb. 13:17;**Julle voorgangers hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee. Wees gehoorsaam en onderdanig aan hulle want dan sal hulle hulle werk met vreugde kan doen en nie kla nie anders het dit vir julle geen nut nie.
**I Pet 2:13-14** Omdat die Here dit wil moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid of dit nou die keiser as hoogste gesag is of die goewerneurs as sy gevolmagtigdes wat die wat kwaad doen moet straf maar die wat goed doen

moet prys.

# LEIERS MOET GEEER WORD.

**OT=Eks. 22:28** Jy mag God nie vervloek nie en ook nie ‘n leier van jou volk nie.

**NT=Hand 23:5;** Daarop antwoord hy: “ Ek het nie geweet dat hy die hoëpriester is nie, broers. Dit is soos daar geskrywe staan: Jy mag nie ‘n leier van jou volk beledig nie.

**I Pet 2:17** Julle moet alle mense respekteer en medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser.

# DAAR MOET VIR ONS LEIERS GEBID WORD.

**OT=Ezra 6:10** sodat hulle vir die God van die hemel offers kan bring wat vir Hom aanneemlik is en kan bid dat die lewens van die koning en sy seuns gespaar mag word.

# ONS MOET VREDE SOEK

**OT=Jer. 29:7** Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange.

# ONS MOET EERS GOD GEHOORSAAM AS GOD SE WETTE IN KONFLIK IS MET DIE STAAT.

**NT=Hand 4:13-21**;Daarna het die Raad die apostels weer laat inkom en hulle beveel om glad nie verder in die Naam van Jesus iets te verkondig of te leer nie. Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê;'' Julle moet maar self besluit wat voor God reg is; om aan julle gehoorsaam te wees of aan God. Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie. 'Nadat die Raad die apostels daarby nog ernstig gedreig het, het hulle hulle losgelaat. Hulle het dit gedoen omdat hulle geen rede kon vind om hulle te straf nie en vanweë die houding van die volk, want al die mense het God geprys oor wat daar gebeur het.

# BELASTING MOET AAN DIE REGERING BETAAL WORD.

**NT=Matt. 22:15-21**; Toe het die Fariseërs gaan besluit om Jesus met 'n vraag in 'n val te lok. Hulle stuur toe van hulle volgelinge saam met 'n aantal Herodiane om vir Hom te se :" Meneer ons weet dat u iemand is wat u mening eerlik uitspreek en

getrou aan die waarheid die wil van God bekend maak sonder om mense in aanmerking te neem want u let nie op die aansien van persone nie. Sê vir ons wat dink u: Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal of is dit nie? Maar Jesus het deur hulle valsheid gesien en vir hulle gesê:" Huigelaars ! Waarom stel julle vir My 'n strik? Wys vir My die muntstuk waarmee die belasting betaal word.
Hulle bring toe die muntstuk vir Hom en Hy vra vir hulle:" Wie se kop en naam is hierop?" Die keiser s'n antwoord hulle. Jesus se vir hulle: "Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort en aan God wat aan God behoort."
**Rom. 13:6-7** Dit is ook waarom julle belasting betaal ,want die owerhede is dienaars van God en hulle is besig om hulle opdrag uit te voer. Gee dus aan almal wat hulle toekom: belasting as dit is ,aksyns as dit aksyns is, ontsag as dit ontsag is, eer as dit eer is.

# 12 WETTE VAN REGERING

## KLEREDRAG
## VROUENS NIE MANS KLERE DRA NIE

**OT=Deut. 22:5** "'n Vrou mag nie mansklere dra nie en 'n man mag nie vrouens klere aantrek nie. Die Here jou God het 'n afsku in mense wat dit doen.

## VROU MOET BESKEIE AANTREK

**NT=I Tim. 2:9-10**; Van die vroue wil ek hê dat hulle ook in hulle kleredrag
waardig ,beskeie en ingetoë moet wees. Hulle versiering moenie haarkapsels en goud of pêrels of duur klere wees nie, maar goeie weke, soos dit vroue betaam wat openlik bely dat hulle God dien.
**I Pet 3:3** Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie.

# MANS NIE VROUENS KLERE DRA NIE

**OT=Deut. 22:5** ‘n man mag nie vrouens klere aantrek nie. Die Here jou God het ‘n afsku in mense wat dit doen.

# NAAKTHEID VERBIED

**OT=Is 47:3**; jou  geslagsdele sal kaal wees mense sal jou bekyk en jou bespot. Ek die Here gaan jou straf ,Ek sal niemand verskoon nie.
**Eseg. 16:36**; So se die Here my God :” Jy het jou eerloos gedra jou sonder skaamte ontbloot om met jou minnaars te hoereer met al jou afskuwelike afgode. Jy het vir hulle bloed van jou kinders gegee.
**Hab. 2:15** Ellende wag vir hom wat toe vir ‘n ander drank gegee het ,dit met gif gemeng het en hom dronk gemaak het om na sy geslagsdele te kan kyk.
**NT=Op. 3:18**; Koop wit klere, sodat julle julle aantrek en julle skande, julle naaktheid, nie gesien word nie.
**16:15** Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou ,sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie.

# HAARSTYLE
# LANG HARE IS N SKAAMTE VIR MANS

**NT=I Kor. 11:14** Die algemene opvatting is tog dat dit vir ‘n man nie eerbaar is om lang hare te dra nie.

# LANG HARE 'N EER VIR 'N VROU.

**NT=I Kor. 11:15** maar dat dit vir ‘n vrou wel eerbaar is. Lang hare is immers vir haar gegee as ‘n bedekking.

# GESKEERDE BAARDE VERBIED VIR PRIESTERS

**OT=Lev. 21:5**; Priesters mag nie as teken van rou hulle hare of wangbaard afskeer of aan hulle liggame snymerke maak nie.

**Ez. 44:20** Priesters mag nie hulle kop kaal skeer nie maar hulle mag ook nie lang hare hê nie; hulle moet hulle hare netjies sny.

# ISRALIETE NIE HULLE SELF BLES MAAK VIR DIE DOOIES

**OT=Deut. 14:1**; Julle is kinders van die Here julle

God. Julle mag julle nie stukkend kerf of die hare voor op julle kop afskeer as julle oor ‘n afgestorwene treur nie.
**Jer. 16:6** Groot en klein in die land sal sterf; niemand sal hulle begrawe en oor hulle treur nie niemand sal homself stukkend  sny of sy kop kaal skeer om sy droefheid te wys nie.

# ISREALIETE NIE DIE HOEKE VAN HULLE BAARDE AF SKEER NIE

**OT=Lev. 19:27**;Julle mag nie heidense rougebruike navolg deur die hare voor die ore en die wangbaard te knip
**21:5** Priesters mag nie as teken van rou hulle hare of wangbaard af skeer of aan hulle liggame snymerke maak nie.

# SNYE VERBIED OP DIE LIGGAAM VIR DIE DOOIES

**OT= Jer. 16:6** niemand sal homself stukkend sny of sy kop kaal skeer om sy  droefheid te wys nie

# 13 HEILIGE DAE

## PAASFEES

**OT=Eks. 12:17**,Onderhou die fees van ongesuurde brood, want die eerste dag van die fees is die presiese dag waarop Ek julle stamme uit Egipte sal bevry het. Julle en julle nageslagte moet die dag altyd as ‘n vaste instelling vier.

**24-27**, Julle en julle kinders moet altyd hierdie voorskrif eerbiedig. Wanneer julle in die land kom wat die Here vir julle gaan gee soos Hy beloof het, moet julle hierdie verpligting nakom. As julle kinders sou vra; ’Wat beteken hierdie verpligting?’’ moet julle se;’’ Dit is ‘n paasoffer aan die Here omdat Hy in Egipte die Israeliete se huise oorgeslaan het. Terwyl Hy die Egiptenaars getref het, het Hy ons huise gespaar.’’

**51**;Presies op die dag waarop die fees nou gevier word het die Here die stamme van Israel uit Egipte bevry.

**Lev. 23:5**,Op die veertiende van die eerste maand teen skemer moet julle die Paasfees vier tot eer van die Here.

**Num. 9:2-5**,Op die vasgestelde tyd teen

sonsondergang op die veertiende dag van hierdie maand moet die Israeliete die Paasfees vier. Julle moet dit doen op die vasgestelde  tyd volgens die voorskrifte en bepalings wat daarvoor geld.
**9-14**;Die Here het toe vir Moses gesê:" Praat met die Israeliete en se vir hulle : As een van julle of julle nakomelinge deur 'n lyk onrein is of op 'n ver reis is mag hy nogtans die Paasfees vir die Here vier. Maar dan moet hulle dit in die tweede maand op die veertiende van die maand teen sonsondergang vier. Hulle moet die paaslam eet saam met die ongesuurde brood en bitter kruie. Hulle mag niks daarvan tot die volgende more laat oorbly nie en hulle mag ook geen been van die lam breek nie. Hulle moet die Paasfees stiptelik volgens al sy voorskrifte vier. Maar as 'n persoon rein is en nie op reis is nie en nogtans in gebreke bly om die Paasfees op die gewone tyd te vier moet hy van sy volksgenote afgesny word omdat hy nagelaat het om 'n offergawe op die bestemde tyd aan die Here te bring. Die man moet die gevolge van sy sonde dra. As 'n vreemdeling wat by julle woon die Paasfees vir die Here wil vier moet hy dit volgens die bestaande voorskrifte en bepalings doen. Een en dieselfde voorskrifte geld vir julle almal: vir die vreemdeling en vir die

landsburger.
**Deut. 16:1-8**;Onthou die maand Abib en vier die Paasfees tot eer van die Here jou God. Dit was ‘n nag in die maand Abib dat die Here jou God jou uit Egipte laat trek het. Op die plek wat die Here sal kies om sy Naam daar te laat woon moet jy uit jou kleinvee of jou grootvee die paasoffer vir die Here jou God bring. Jy mag nie brood met suurdeeg in eet nie maar sewe dae lank moet jy ongesuurde brood eet. Dit is brood wat herinner aan jou swaarkry en jy moet  jou lewe lank dink aan die dag waarop jy uit Egipte weg is hoe jy haastig daar weg is . Sewe dae lank mag daar in jou hele gebied geen suurdeeg wees nie. Daar mag nie van die vleis wat jy op die eerste aand offer tot die volgende more toe oorbly nie. Jy mag nie die paasoffer bring in enige van die woonplekke wat die Here jou God vir jou gee nie. Jy mag dit net bring in die plek wat die Here jou God sal kies om sy Naam daar te laat woon. Daar moet jy die paasoffer bring in die aand teen sononder want julle het in die aand uit Egipte uit weggetrek. Braai en eet dit in die plek wat die Here jou God sal kies. Gaan dan die volgende more terug huis toe .Ses dae moet jy dan nog ongesuurde brood eet en op die sewende dag moet julle tot eer van die Here

jou God saamkom. Op hierdie dag mag jy geen werk doen nie.
**Eseg. 45:21-25** Op die veertiende van die eerste maand moet julle die Paasfees vier wanneer julle moet begin om sewe dae lank net ongesuurde brood te eet. Op die Paasfees moet die regeerder ‘n bul as sondeoffer aanbied vir homself en vir die hele volk. Tydens die sewe dae wat die fees duur moet hy elke dag as brandoffer vir die Here sewe bulle en sewe skaapramme aanbied almal sonder liggaamsgebrek en ook nog elke dag ‘n bokram as sondeoffer. Verder moet hy as graanoffer by elke bul en elke ram sestien kilogram  meel aanbied en vier liter olie by elke sestien kilogram meel. Tydens die fees wat op die vyftiende van die sewende maand begin moet die regeerder sewe dae lank net soos met die Paasfees ook die sondeoffer die brandoffer, die graanoffer en die olie aanbied.
**NT=Luk 22:7-18**; Die dag van die ongesuurde brood, waarop die paaslam geslag moes word, het aangebreek. Jesus stuur toe vir Petrus en Johannes vooruit met die opdrag: “Gaan berei die paasmaaltyd vir ons voor dat ons dit kan eet. “Hulle vra Hom: “Waar wil U hê moet ons dit voorberei? “Toe antwoord Hy hulle: “Kyk, net soos julle die stad ingaan, sal 'n man wat 'n kruik water

dra, julle ontmoet. Gaan saam met hom tot in die huis waar hy ingaan, en sê vir die eienaar van die huis: ‘Ons Leermeester vra u: Waar is die kamer waar Ek met my dissipels die paasmaaltyd kan eet? ’En hy sal julle 'n groot bovertrek wys wat klaar daarvoor ingerig is. Daar moet julle dit voorberei. ”Hulle het gegaan en dit gekry net soos Jesus vir hulle gesê het, en die paasmaaltyd voorberei. Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel gegaan en die apostels saam met Hom. Hy sê toe vir hulle: “Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly. Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie. “Daarna neem Hy 'n beker, spreek die dankgebed uit en sê: “Neem dit en gee dit vir mekaar aan. Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nie weer wyn drink voordat die koninkryk van God gekom het nie.”

**I Kor. 5:7-8** Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees, en dit is julle ook werklik. Ons paaslam is immers geslag: dit is Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie, maar met die ongesuurde brood van reinheid en waarheid.

# FEES VAN ONGESUURDE BRODE.

**OT=Eks. 12:15-20**; Sewe dae lank moet die brood wat julle eet, ongesuurde brood wees. Reeds op die eerste feesdag moet julle ontslae raak van suurdeeg in julle huise ,want elkeen wat in die sewe dae gewone brood eet, moet van Israel afgesny word. Op die eerste en die sewende dag moet daar ‘n gewyde byeenkoms wees. Op hierdie dae mag geen werk gedoen word nie, behalwe dat vir elkeen iets te ete voorberei kan word. Onderhou die fees van die ongesuurde brood ,want die eerste dag van die fees is die presiese dag waarop Ek julle stamme uit Egipte sal bevry het. Julle en julle na geslag moet die dag altyd as ‘n vaste instelling vier. In die eerste maand moet julle van die aand van die veertiende af ongesuurde brood eet tot op die aand van die een en twintigste van die maand. Sewe dae mag daar geen suurdeeg in julle huise wees nie, want elkeen wat gewone brood eet, sal van die gemeente van Israel afgesny word Dit geld vir vreemdelinge sowel as vir gebore Israeliete. Julle mag glad nie gewone brood eet nie. In al julle woonplekke moet julle net ongesuurde brood eet.’’ **13:6-7**; sewe dae lank moet julle ongesuurde brood eet, en die sewende dag is 'n feesdag tot

eer van die Here. Dit moet beslis ongesuurde brood wees wat julle die sewe dae lank eet. Dan mag daar geen gis of enige suurdeeg by julle in julle hele gebied wees nie.
**34:18**; “Julle moet die fees van die ongesuurde brood vier. Soos Ek julle beveel het, moet julle sewe dae ongesuurde brood eet, van die vasgestelde dag van die maand Abib af, want dit is die dag waarop julle uit Egipte weggetrek het.
**Lev. 23:6-8** Op die vyftiende van dieselfde maand begin die fees van ongesuurde brood tot eer van die Here. Sewe dae moet julle ongesuurde brood eet. Op die eerste dag moet julle 'n gewyde byeenkoms hou: julle mag dan geen werk doen nie. Sewe dae lank moet julle offers aan die Here bring. Die sewende dag moet julle weer 'n gewyde byeenkoms hou, en niemand mag werk nie.”

# FEES VAN DIE WEKE.

**OT=Lev. 23:15-21** Van die dag na die Sabbat af ,die dag waarop julle are as beweeg offer vir die Here  aanbied, moet julle sewe volle weke tel. Die dag na die sewende Sabbat, op die vyftigste dag, moet julle vir die Here ‘n  graanoffer bring uit die pas geoeste graan. Elke gesin moet twee brode vir ‘n beweeg offer na die heiligdom toe bring. Dit

moet van drie kilogram meel met suurdeeg gebak wees en is ‘n gawe aan die Here  uit die eerste opbrengs van die oes. Behalwe al die brode moet daar ook sewe jaaroud  lammers sonder liggaamsgebrek, ‘n jong bul en twee ramme gebring word. Hulle moet as brandoffers aan die Here gebring word met die graanoffer en die drankoffer wat daarby behoort. Dit is ‘n offer wat deur My ,die Here, aanvaar  word. Julle moet ook ‘n bokram as sondeoffer bring en twee jaaroud lammers as maaltydoffer. Die priester moet die twee lammers saam met die brode uit die eerste opbrengs van die oes as beweeg offer vir die Here aanbied. Dit is ‘n gewyde gawe aan die Here en dit kom die priesters toe. Op hierdie dag moet julle ‘n gewyde byeenkoms hou. Niemand mag dan werk nie. Dit moet vir altyd ‘n vaste instelling wees, waar julle of julle nageslag ook al woon.

# HUTTEFEES

**OT=Lev. 23:33-44**; Die Here het vir Moses gesê: Sê vir die Israeliete: Van die vyftiende van die sewende maand af moet julle sewe dae lank die huttefees vier tot eer van die Here. Op die eerste dag van die fees moet julle 'n gewyde byeenkoms hou. Niemand mag dan werk nie.

Sewe dae lank moet julle offers aan die Here bring. Op die agste dag moet julle weer 'n gewyde byeenkoms hou en offers aan die Here bring. Dit moet 'n besondere feesdag wees. Niemand mag dan werk nie. “Dit is die feestye wat deur die Here bepaal is, die tye waarop julle gewyde byeenkomste moet hou om offers aan die Here te bring: brandoffers en graanoffers, maaltydoffers en drankoffers soos vir elke feesdag voorgeskryf . Daarnaas is daar nog die gewone Sabbatte van die Here, die gewone geskenke aan die heiligdom en al die offers wat julle bring om geloftes na te kom of wat julle vrywillig aan die Here gee. “Julle moet dus op die vyftiende van die sewende maand wanneer julle die vrugteoes insamel, sewe dae lank die fees van die Here vier. Die eerste en die agste dag moet rusdae wees. Op die eerste dag moet julle sitrusvrugte neem saam met palmblare en takke van digte bome en rivierwilgers , en dan moet julle sewe dae lank met vreugde feesvier by die heiligdom van die Here julle God. Julle moet hierdie fees van die Here elke jaar sewe dae lank vier. Dit moet 'n vaste instelling wees vir julle nageslag. Julle moet dit in die sewende maand vier. Sewe dae lank moet julle in hutte woon, alle gebore Israeliete moet dan in hutte woon. Die doel

daarmee is dat julle nageslag moet weet dat Ek die Israeliete in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipte laat trek het. Ek is die Here julle God. Moses het toe aan die Israeliete die bevele gegee oor die feestye wat deur die Here bepaal is

**Deut. 16:13-17** “Jy moet die huttefees sewe dae lank vier nadat jy jou oes van die dorsvloer en die parskuip af ingery het. Jy moet bly wees op hierdie fees, jy en jou seuns en dogters, jou slawe en slavinne, al die Leviete, vreemdelinge, weeskinders en weduwees van jou omgewing.
In die plek wat die Here jou God sal kies, moet jy sewe dae lank tot sy eer feesvier, omdat die Here jou God jou met 'n goeie oes geseën het en alles wat jy aangepak het, voorspoedig gemaak het. Daarom moet jy bly wees. “Drie keer elke jaar moet al jou mans in die plek wat die Here jou God sal kies, in sy teenwoordigheid verskyn: op die fees van die ongesuurde brood, die fees van die weke en die huttefees. Die volk mag nie sonder offers in die teenwoordigheid van die Here verskyn nie. Elkeen moet 'n geskenk bring in die mate waarin die Here jou God jou voorspoedig gemaak het.”

# SABBATSJAAR .
# KANSELLASIE VAN SKULD ELKE SEWE JAAR .

**OT=Deut. 15:1-14** Aan die einde van elke sewende jaar moet jy skuld afskryf. Dit moet so gedoen word; elkeen aan wie ‘n mede-Israeliet iets skuld, moet dit vir  hom afskryf. ’n Skuldeiser mag nie sy  mede-Israeliet, sy broer, dwing om hom te betaal nie, want dit is die jaar waarin die  Here afskrywing van skuld beveel. Jy mag wel ‘n nie Israeliet dwing om sy skuld  te betaal, maar as ‘n mede-Israeliet  jou iets skuld moet jy dit afskryf.

# GROND MOET ELKE SEWE JAAR RUS

**OT=Eks. 23:10-11**; Ses jaar mag jy jou lande saai en die oes insamel, maar die sewende jaar moet jy dit laat braak lê. Die armes onder jou mense mag van die opslag eet en wat hulle laat oorbly kan die wilde diere vreet. So moet jy ook met jou wingerd en olyfbome maak

**Lev. 25:1-7**; Die Here het vir Moses by Sinaiberg gesê: “Sê vir die Israeliete: Wanneer julle in die land kom wat Ek aan julle gee, moet daar vir die land rustye wees tot eer van die Here:

ses jaar kan julle die lande saai en die wingerde snoei en die opbrengs oes, maar die sewende jaar moet die hele land 'n rustyd hê, 'n Sabbatsjaar tot eer van die Here. Dan mag julle niks saai nie en ook nie die wingerde snoei nie. Julle mag selfs nie die opslaggraan of die druiwetrosse van die ongenooide wingerde afoes nie. Dit moet vir die land 'n jaar van algehele rus wees.
Dit moet vir julle 'n jaar van algehele rus wees. Julle, julle slawe, julle slavinne, julle dagloners en die bywoners in julle land sowel as julle diere en die wild moet dan leef van wat die veld oplewer.
**26:34-35**; Wanneer die land dan verlate lê en julle in julle vyande se gebied is, sal die grond uiteindelik sy verdiende rusjare kry. Dan sal die land rus en die verlore sabbatsjare inhaal.
So lank as die land verlate is, sal dit die rus kry wat dit om die sewe jaar moes gehad het maar nooit gekry het toe julle dit bewoon het nie.
**II Kron. 36:21** So is die woord van die Here vervul wat deur middel van Jeremia gekom het. Die ballingskap het aangehou totdat die land vir sy sabbatsjare vergoed is. Die hele tyd dat die land woes gelê het, het dit 'n Sabbatsrus geniet, 'n volle sewentig jaar.

# GOD SE WET TE LEES MET DIE HELE ISRAEL , INSLUITENDE KINDERS , ELKE SEWENDE JAAR

**OT=Deut. 31:10-12**;Toe het Moses hulle beveel:'' Aan die einde van elke sewende jaar op die vasgestelde tyd die jaar waarin julle skuld moet afskryf op die huttefees wanneer die hele Israel in die teenwoordigheid van die Here julle God moet verskyn op die plek wat Hy sal kies moet julle hierdie wet lees in die teenwoordigheid van die hele Israel waar hulle dit kan hoor Julle moet die volk bymekaarroep; mans, vrouens en kinders en ook vreemdeling wat in julle stede by julle woon sodat hulle kan luister en die wet kan leer sodat hulle die Here julle God kan dien en gehoorsaam, sodat hulle kan leef volgens alles wat in hierdie wet staan.

**Psalm 78:5-7** Hy het aan Jakob sy voorskrifte gegee, aan Israel sy onderwysing. Hy het ons voorvaders beveel om dit aan hulle kinders bekend te maak, sodat die volgende geslag dit kan weet en die kinders wat nog gebore sal word, dit weer aan húlle kinders kan vertel. So sal hulle dan op God vertrou en nie vergeet wat Hy gedoen het nie, maar gehoorsaam wees aan wat Hy beveel

het

# HEBREEUSE SLAWE ELKE SEWENDE JAAR VRYGELAAT TE WORD

**OT=Eks. 21:2-6** “Wanneer jy 'n Hebreeuse slaaf koop, moet hy ses jaar vir jou werk, maar in die sewende jaar moet jy hom vrylaat sonder dat hy jou iets daarvoor betaal. As hy alleen was toe hy jou slaaf geword het, moet hy alleen vrygelaat word. As hy toe getroud was, moet sy vrou saam met hom vrygelaat word. As sy eienaar vir hom 'n vrou gegee het, en sy vir hom seuns of dogters in die wêreld gebring het, behoort die vrou en haar kinders aan die eienaar, en dan hoef net die slaaf vrygelaat te word. As die slaaf egter uitdruklik sou sê: ‘Ek is lief vir my eienaar en vir my vrou en my kinders. Ek wil nie vrygelaat word nie,’ moet sy eienaar hom in die teenwoordigheid van God bring, by die heiligdom se deur of kosyn, en daar moet die eienaar 'n gaatjie in sy slaaf se oor steek met 'n els. Dan is hy vir altyd sy eienaar se slaaf.

# DAG VAN VERSOENING

**OT=Lev. 16:29-34**; Julle moet dit as ‘n vaste

instelling handhaaf dat julle almal, die gebore Israeliete en die vreemdelinge wat by julle woon moet vas en alle werk moet staak op die tiende dag van die sewende maand want op die dag moet  daar vir julle versoening gedoen word sodat julle rein kan wees. Julle moet in die teenwoordigheid van die Here gereinig word van al julle sonde. Dít moet ‘n plegtige rusdag wees ‘n dag waarop julle vas ‘n vaste instelling. Die priester wat gesalf is en in die plek van sy vader as hoe-priester georden is moet die versoening doen. Hy moet die gewyde linne klere aantrek die Allerheiligste die tent van ontmoeting en die altaar reinig en versoening doen  vir die priesters en die hele gemeente. Die versoening vir sondes van die Israeliete moet ‘n vaste instelling wees Dit moet elke jaar plaasvind

**23:26-32** Die Here het vir Moses gesê: “Op die tiende van die sewende maand is dit die versoendag. Julle moet dan 'n gewyde byeenkoms hou, en julle moet vas en aan die Here offers bring. Niemand mag op dié dag werk nie, want dit is die versoendag waarop daar vir julle versoening gedoen word by die Here julle God. Enigiemand wat nie vas op hierdie dag nie, moet van sy volksgenote afgesny word en Ek sal elkeen wat op

hierdie dag werk, om die lewe bring.
Julle mag geen werk doen nie. Hierdie dag moet vir altyd 'n vaste instelling wees, waar julle of julle nageslag ook al woon. Dit moet vir julle 'n plegtige rusdag wees waarop julle vas. Julle moet rus van sononder af op die negende van die maand tot sononder op die tiende."
**NT=Heb. 10:1-3** Die wet van Moses is slegs 'n skadubeeld van die weldade wat sou kom, nie 'n werklike beeld daarvan nie. Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offers gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring, nooit volkome van sonde vry maak nie. As dié wat offers bring, eens en vir altyd gereinig en nie meer van sondes bewus was nie, sou hulle immers opgehou het om offers te bring. Maar nou herinner die offers juis jaar na jaar aan die sondes,

# JUBELJAAR . ( ELKE 50 JAAR )

**OT=Lev. 25:8-13** Tel  sewe sabbatsjare af sewe maal sewe jaar dit wil se nege en veertig jaar. Laat dan ramshorings blaas op die tiende van die sewende maand op die versoendag. Die ramshorings is die teken dat almal in die land die jaar van die vyftigste  landbou seisoen op 'n besondere wyse aan die Here moet  wy. Daar

moet landswye afskrywing van skuld geproklameer word. Dit moet vir almal ‘n herstel jaar wees: elke Israeliet  moet sy grond terugkry en mag  na sy familie toe teruggaan .Hierdie vyftigste landbou seisoen moet julle herstel; jaar wees. Julle mag nie saai nie en ook nie die opslaggraan of opgesnoeide wingerde  afoes nie maar julle moet eet van wat die  veld opgelewer het; die herstel jaar is ‘n gewyde jaar. In die herstel jaar moet elkeen sy grond terugkry.

# ELKE MAN SE BESIT MOET AAN HOM TERUGBESORG WORD

**OT=Lev. 25:10**,die jaar van die vyftigste  landbou seisoen op ‘n besondere wyse aan die Here moet wy. Daar moet landswye afskrywing van skuld geproklameer word. Dit moet vir almal ‘n herstel jaar wees: elke Israeliet  moet sy grond terugkry en mag  na sy familie toe teruggaan
**13**,In die herstel jaar moet elkeen sy grond terugkry.
**28**; As hy egter nie genoeg geld bymekaarkry om die grond terug te koop nie, bly die koper in beheer daarvan tot die volgende herstel jaar. In die herstel jaar moet hy die grond ontruim en die

oorspronklike eienaar moet dan weer sy grond in besit neem.
**27:24** In die herstel jaar val die grond dan weer terug na die persoon van wie dit oorspronklik gekoop is en wie se erfgrond dit is.

# NIE OM TE SAAI OF OES IN DIE 50STE JAAR

**OT=Lev. 25**:11Hierdie vyftigste landbou seisoen moet julle herstel jaar wees. Julle mag nie saai nie en ook nie die opslaggraan of op gesnoeide wingerde afoes nie

# 14 OFFERGAWES

## OFFERGAWES DEUR GOD VEREIS JESUS CHRISTUS WAS DIE OFFERLAM WAT GEOFFER IS VIR SONDE VIR EENS EN VIR ALTYD DUS VERVANG HY ALLE OFFERGAWES.

**NT= Rom. 6:10**; Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God.

**Eph. 5:2**;Lewe in liefde ,soos Christus ons ook liefgehad om ons ontwil sy lewe as ‘n offergawe gegee het, ja, ’n offer wat vir God aanneemlik was.

**Heb. 7:22-27**; So het Jesus ook van 'n beter verbond borg geword. Daar is ook 'n ander verskil: omdat die dood die Levitiese priesters verhinder het om aan te bly, was daar baie wat mekaar opgevolg het. Omdat Jesus vir ewig bly, beklee Hy 'n priesterskap wat nie op 'n ander oorgedra word nie. Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree. Vir ons was so 'n

hoëpriester nodig, een wat heilig, skuldeloos en sonder smet is, verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemele, een wat nie, soos die hoëpriesters, elke dag offers hoef te bring, eers vir sy eie sondes en dan vir dié van die volk nie. Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het.
**9:12-28**; Met sy eie bloed en nie met dié van bokke en kalwers nie, het Hy net een maal die heiligdom binnegegaan en 'n ewige verlossing tot stand gebring. Wanneer die bloed van bokke en bulle en die as van 'n vers op die onreines gesprinkel word, maak dit hulle uiterlik rein. Hoeveel te meer sal die bloed van Christus ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien! Hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer. Daarom is Hy ook die Middelaar van 'n nuwe verbond. Sy dood het plaasgevind om mense te verlos van die oortredinge wat onder die eerste verbond begaan is, sodat dié wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang.
Dit is soos met 'n testament: daar moet eers bewys word dat die testamentmaker dood is,

want 'n testament word alleen geldig by die dood van die testamentmaker; dit word nooit van krag so lank as hy nog leef nie. Daarom is die eerste verbond ook nie sonder bloed ingestel nie.
Nadat Moses al die gebooie van die wet aan die hele volk oorgedra het, het hy bloed van kalwers en bokke saam met water geneem en met rooi wol en hisop die wetboek self sowel as die hele volk besprinkel en gesê: “Dit is die bloed van die verbond wat God vir julle ingestel het.”
Ook die verbondstent en al die voorwerpe vir gebruik by die erediens het hy op dieselfde wyse met die bloed besprinkel. Byna alles word volgens die wet met bloed gereinig, en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie. Die aardse afbeeldings van die hemelse dinge moes dus noodwendig deur hierdie middele gereinig word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie. Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom wat deur mense gemaak is en net 'n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn. Hy het nie ingegaan om Homself herhaaldelik te offer nie, soos die hoëpriester elke jaar die Allerheiligste binnegaan met bloed wat nie sy eie is nie.

Dan sou Christus immers herhaaldelik moes gely het, reeds van die skepping van die wêreld af. Maar nou het Hy net een keer in die voleinding van die tye verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem. 'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel. So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag.
**10:1-12**, Die wet van Moses is slegs 'n skadubeeld van die weldade wat sou kom, nie 'n werklike beeld daarvan nie. Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offers gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring, nooit volkome van sonde vry maak nie. As dié wat offers bring, eens en vir altyd gereinig en nie meer van sondes bewus was nie, sou hulle immers opgehou het om offers te bring. Maar nou herinner die offers juis jaar na jaar aan die sondes, omdat die bloed van bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem. Daarom sê Christus met sy koms in die wêreld: “Dit is nie diereoffer en graanoffer wat U wou hê nie, maar die liggaam wat U My gegee het. Brandoffers en sondeoffers het U nie behaag nie! Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen.

In die boekrol is dit van My geskrywe. ”Eers sê Hy: “Diereoffers en graanoffers, brandoffers en sondeoffers wou U nie hê nie en het U nie behaag nie,” hoewel hierdie offers deur die wet voorgeskryf word. Daarna sê Hy: “Kyk, Ek het gekom om u wil te doen.” Hy skaf dus die eerste offers af om 'n ander offer in die plek daarvan te stel. Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd. Verder, elke priester staan dag vir dag sy diens en verrig, en bring elke keer weer dieselfde offers, wat tog nooit die sondes kan wegneem nie. Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit.
**14-18** , Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak. Ook die Heilige Gees betuig dit aan ons. Eers sê Hy: “Dit is die verbond wat Ek met hulle na daardie dae sal sluit, sê die Here. Ek sal hulle my wette in die hart gee, in hulle verstand sal Ek dit skrywe. “Dan sê Hy verder: “Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie. “Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie.

**28-29**; As iemand die wet van Moses oortree, en twee of drie getuies bevestig dit, word hy nie begenadig nie, hy word doodgemaak. Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy kry wat die Seun van God verag het, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het en die Gees van genade beledig het?
**I Pet 3:18** Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie.

# DAAGLIKSE OFFERGAWE

**OT=Eks. 29:38-42** Jy moet die volgende op die altaar offer; elke dag twee jaaroud lammers, een in die more en een in die aand. Saam met die eerste lam moet jy een en ‘n half kilogram fynmeel offer, gemeng met een liter suiwer olie en een liter wyn. Die tweede lam moet jy teen aand offer met dieselfde offer van meel, olie en wyn daarby as in die oggend. Dit moet ‘n vuur offer wees wat Ek met graagte aanvaar. Julle nakomelinge moet altyd ‘n brandoffer vir My bring by die deur van die tent van ontmoeting. Dit is waar Ek julle sal ontmoet en met jou sal praat.

# VREDE OFFERING

**OT=Lev. 3:1-17**; “As iemand 'n maaltydoffer wil bring en hy wil dit aanbied uit sy beeste, kan hy vir die Here 'n bul of 'n koei aanbied, maar sonder liggaamsgebrek. Die man sit sy hand op die offerdier se kop en slag dit by die ingang van die tent van ontmoeting. Die Ääronitiese priesters sprinkel dan die bloed rondom teen die altaar. Dan bied hy uit die maaltydoffer vir die Here 'n vuuroffer aan, bestaande uit die vet wat die binnegoed bedek, die vet aan die binnegoed self, die twee niere met die vet aan wat teen die kruis is, en die punt van die lewer wat saam met die niere verwyder word. Die Ääroniete verbrand dit op die altaar, bo-op die brandoffer op die vuur. Dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word. “As iemand vir die Here 'n maaltydoffer uit sy kleinvee wil aanbied, kan dit 'n ram of 'n ooi wees, maar sonder liggaamsgebrek. As die man 'n skaap as offer aanbied, bring hy dit in die teenwoordigheid van die Here, sit sy hand op die offerdier se kop en slag dit daar voor die tent van ontmoeting. Die Ääronitiese priesters sprinkel dan die bloed rondom teen die altaar. Dan bied die man uit die maaltydoffer vir die Here 'n vuuroffer aan, bestaande uit die vet, naamlik die hele vetstert,

teen die stuitjie afgesny, die vet wat die binnegoed bedek, al die vet aan die binnegoed self, die twee niertjies met die vet aan wat teen die kruis is, en die punt van die lewer wat saam met die niertjies verwyder word.
Die priester verbrand dit dan op die altaar. Dit is voedsel, dit is 'n vuuroffer vir die Here.
“As die offer 'n bok is, bring die man dit in die teenwoordigheid van die Here,
sit sy hand op die dier se kop en slag dit daar voor die tent van ontmoeting. Die Aäroniete sprinkel dan die bloed rondom teen die altaar. Dan bied die man uit sy offer vir die Here 'n vuuroffer aan, bestaande uit die vet wat die binnegoed bedek, al die vet aan die binnegoed self,
die twee niertjies met die vet aan wat teen die kruis is, en die punt van die lewer wat saam met die niertjies verwyder word. Die priester verbrand dit op die altaar. Dit is voedsel, dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word. Al die vet is die Here s’n. “Dit is 'n vaste voorskrif vir julle nageslag, waar julle ook al woon: julle mag geen vet of bloed eet nie.”
**7:11-21**, “Die reëlings oor die maaltydoffers wat vir die Here aangebied word, is soos volg:

as iemand dit aanbied as dankoffer, bied hy saam met die dankoffer ongesuurde ringbrood aan, met olie geknie, of ongesuurde roosterkoek met olie gesmeer, of 'n deegmengsel vir ringbrood, met olie geknie. Hy bied sy offer aan saam met ringbrood met suurdeeg, saam met sy maaltydoffer waarmee hy sy dank wil uitspreek. Hy bied een brood uit elk van hierdie offers aan as 'n spesiale gawe aan die Here. Die priester wat die bloed van die maaltydoffers sprinkel, kry die brood. “Die vleis van die maaltydoffer waarmee iemand sy dank wil uitspreek, word geëet op die dag van die offer. Dit mag nie oorstaan tot die volgende môre nie. “As iemand 'n offer aanbied om 'n gelofte na te kom of as hy 'n ander vrywillige offer aanbied, word die vleis dieselfde dag geëet. Wat oorbly, mag ook nog die volgende dag geëet word, maar wat op die derde dag nog oor is, moet verbrand word. As daar tog op die derde dag van die maaltydoffervleis geëet word, word dit nie meer as offer aanvaar nie en tel dit nie in die guns van die offeraar nie. Die offervleis is dan onrein, en wie daarvan eet, is skuldig. “Vleis wat geraak het aan enigiets wat onrein is, mag nie geëet word nie; dit moet verbrand word “Iemand wat rein is, mag offervleis eet, maar die persoon wat terwyl hy

onrein is, eet van die maaltydoffervleis wat aan die Here behoort, moet van sy volksgenote afgesny word. As iemand aan iets onreins van 'n mens of van 'n dier raak, aan enigiets wat afstootlik en onrein is, en so iemand eet van die maaltydoffervleis wat aan die Here behoort, moet dié persoon van sy volksgenote afgesny word."

# BRAND OFFERING

**OT=Gen. 8:20**; Toe het Noag 'n altaar vir die Here gebou en van al die rein vee en die rein voëls gevat en brandoffer op die altaar gebring.
**Lev. 6:9**, "Gee aan Aäron en sy seuns die volgende opdrag: Die reëling oor die brandoffer is soos volg, die brandoffer naamlik wat die hele nag deur tot die môre toe op die vuurmaakplek op die altaar is terwyl die vuur aan die brand gehou word:
**12-13**; Die vuur op die altaar word aan die brand gehou; dit mag nie doodgaan nie. Die priester pak elke môre hout op die vuur, lê die brandoffer daarop en verbrand op die altaar die vet van die maaltydoffers. Die vuur moet aanhou brand op die altaar; dit mag nie doodgaan nie."
**7:8**; "Waar 'n priester vir iemand 'n brandoffer aanbied, kom die vel van die offerdier die priester toe wat die offer aanbied.

**16:24**; Hy moet hom op 'n gewyde plek gaan was en sy hoëpriesterlike klere aantrek. Dan moet hy uitgaan en die brandoffer vir die versoening van sy eie sonde bring, asook die brandoffer vir die versoening van die sonde van die volk.
**Num. 15:24**; As dit onopsetlik gedoen is sonder dat die gemeente daarvan bewus was, moet die hele gemeente 'n jong bul as brandoffer berei wat deur My, die Here, aanvaar word. Hulle moet dit berei saam met die voorgeskrewe graan- en drankoffer, en 'n bokram as sondeoffer.
**28:3-6**, "Sê vir hulle: Julle moet die volgende vuuroffer vir die Here bring: twee jaaroud lammers sonder liggaamsgebrek as gereelde brandoffers vir elke dag. Offer een lam in die môre en een teen die aand saam met een en 'n half kilogram meel as graanoffer, gemeng met 'n liter suiwer olie. Dit is die gereelde brandoffer wat al by Sinaiberg gebring is, 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word.
**11**, "Op die eerste dag van elke maand moet julle vir die Here as brandoffer bring twee jong bulle, een ram en sewe jaaroud lammers, almal sonder liggaamsgebrek.
**14** Die drankoffer saam met elke bul is twee liter wyn, saam met elke ram een en 'n derde liter en

saam met elke lam een liter. Dit is die brandoffer wat deur die jaar elke maand gebring moet word.

# VLEIS EN MAALTYD OFFERING

**OT=Lev. 6:15** Hy vat daaruit ‘n handvol meel en olie en al die wierook bo-op die graanoffer en verbrand dit op die altaar. Die simbool van die hele offer word aanvaar deur die Here.

**20-23**; “Äáron en elkeen wat hom opvolg, moet op die dag van sy salwing die volgende offergawe vir die Here aanbied: twee kilogram meel as graanoffer, die helfte in die môre en die helfte in die aand. Dit is 'n blywende voorskrif. Die offergawe word met olie aangemaak op 'n bakplaat en die mengsel word as graanoffer in stukkies aangebied. Dit is aanvaarbaar vir die Here. Die gesalfde priester wat uit die seuns van Aäron in sy plek gekom het, doen dit. Dit is 'n vaste instelling vir die Here. Die offer word heeltemal verbrand. Elke graanoffer van dié priester word heeltemal verbrand. Dit word nie geëet nie.”

**Num. 28:5-9**, saam met een en 'n half kilogram meel as graanoffer, gemeng met 'n liter suiwer olie. Dít is die gereelde brandoffer wat al by

Sinaiberg gebring is, 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word. Wanneer julle die eerste lam offer, moet julle 'n liter wyn as drankoffer vir die Here by die heiligdom uitgiet. Julle moet die tweede lam teen die aand offer, met dieselfde hoeveelheid meel, olie en wyn daarby as in die oggend. Dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word. ”Op die Sabbat moet julle twee jaaroud lammers sonder liggaamsgebrek offer, met daarby drie kilogram meel wat met olie gemeng is as graanoffer en met 'n drankoffer daarby.
**12-13** Saam met elke bul moet julle 'n graanoffer bring van vyf kilogram meel gemeng met olie, saam met elke ram drie kilogram, en saam met elke lam een en 'n half kilogram. Dit is die brandoffer, die vuuroffer, wat deur die Here aanvaar word.

# OORTREDING OFFERING.

**OT=Lev. 5:5-7**,Wanneer hy in enige van die gevalle te wete kom dat hy skuldig geword het, bely hy dat hy gesondig het en bring hy vir die Here ‘n skuldoffer oor die sonde wat hy gedoen het. Dit kan ‘n skaapooi of ‘n bokooi wees wat hy as sondeoffer bring. Die priester doen versoening

vir die persoon oor sy sonde. As ‘n stuk kleinvee bo die vermoë van die persoon is, bring hy as skuldoffer vir sy sonde twee tortelduiwe of twee ander duiwe vir die Here, een as sondeoffer en een as brandoffer.

**14-19**; Die Here het vir Moses gesê: “Wanneer iemand sonder opset troueloos handel en teen die heilige dinge van die Here sondig, bring hy vir die Here as skuldoffer 'n ram sonder liggaamsgebrek uit die klein veetrop. Die waarde van die ram as skuldoffer word in silwer bereken volgens die standaardgewig van die heiligdom. As die waarde te min is, betaal die persoon in wat hy nog aan die heiligdom verskuldig is, en voeg nog een vyfde by en gee dit aan die priester. Die priester doen vir die persoon versoening met die ram as skuldoffer, en sy sonde word hom vergewe. As iemand sondig en teen een van die gebooie van die Here oortree, is hy skuldig al was hy nie bewus daarvan nie. Sy skuld rus op hom. Hy bring as skuldoffer 'n ram sonder liggaamsgebrek uit die klein veetrop na die priester toe, volgens die vasgestelde waarde, en die priester doen vir die persoon versoening vir die onopsetlike sonde wat hy gedoen het en waarvan hy nie bewus was nie, en sy sonde word hom vergewe.

Dit is die skuldoffer, die skuldoffer wat hy aan die Here bring."
**6:6-7**; As skuldoffer bring hy vir die Here 'n ram sonder liggaamsgebrek uit die klein veetrop na die priester toe, volgens die vasgestelde waarde, en die priester doen voor die Here versoening vir die skuldige, en sy sonde word hom vergewe, hoe hy hom ook al skuldig gemaak het."
**7:1-7** "Die skuldoffer is 'n besondere gewyde gawe. Die reëlings daaroor is soos volg: die skuld offerdier word geslag op dieselfde plek as die brandoffer en sy bloed word rondom teen die altaar gesprinkel. Al die vet word aangebied: die vetstert, die vet wat die binnegoed bedek,
die twee niertjies met die vet oor hulle teen die kruis en die lewer punt wat saam met die niertjies verwyder word. Die priester verbrand dit op die altaar. Dit is 'n vuuroffer vir die Here. Dit is die skuldoffer. Enige manlike persoon onder die priesters mag die skuldoffer eet. Dit is 'n besondere gewyde gawe. Dit word op die gewyde plek geëet. Die aanwysings vir die skuldoffer is dieselfde as dié vir die sondeoffer. Dit kom die priester toe wat daarmee vir iemand versoening doen."

# SONDE OFFERING.

**OT=Eks. 30:10**;Aaron moet een keer per jaar op die horings van die altaar versoening doen met die sondeoffer. Ook julle nageslag moet een keer per jaar op die horings versoening doen. Die altaar is op ‘n besondere manier gewy aan My, die Here.’’

**Lev. 5:8-13**; Hy bring hulle na die priester toe, en die priester bied eers dié een aan wat as sondeoffer bedoel is. Die priester knyp die duif se nek teen die kop af, maar verwyder nie die kop nie. Hy sprinkel van die bloed van die sondeoffer teen die kante van die altaar, en die bloed wat oorbly, druk hy teen die fondament van die altaar uit. Dit is die sondeoffer. Die tweede duif word as brandoffer gebring op die voorgeskrewe wyse. So doen die priester vir die persoon versoening vir die sonde wat hy gedoen het, en word sy sonde vergewe. As twee tortelduiwe of twee ander duiwe bo die persoon se vermoë is, bring hy as offer vir sy sonde twee kilogram meel as sondeoffer. Hy gooi nie olie daarop nie en sit nie wierook bo-op nie, want dit is 'n sondeoffer. Hy neem die meel na die priester toe, en die priester vat 'n handvol daarvan as simbool vir die hele offer en verbrand dit op die altaar by die vuuroffer vir die Here. Dit is die sondeoffer. So doen die priester vir die

persoon versoening vir die sonde wat hy gedoen het in enige van die genoemde gevalle, en so word sy sonde vergewe. Soos by die graanoffer, kom die meel wat oorbly die priester toe."
**16:29-34**; Julle moet dit as 'n vaste instelling handhaaf dat julle almal, die gebore Israeliete en die vreemdelinge wat by julle woon, moet vas en alle werk moet staak op die tiende dag van die sewende maand, want op dié dag moet daar vir julle versoening gedoen word sodat julle rein kan wees. Julle moet in die teenwoordigheid van die Here gereinig word van al julle sonde.
Dit moet 'n plegtige rusdag wees, 'n dag waarop julle vas, 'n vaste instelling. Die priester wat gesalf is en in die plek van sy vader as hoëpriester georden is, moet die versoening doen. Hy moet die gewyde linne klere aantrek, die Allerheiligste, die tent van ontmoeting en die altaar reinig en versoening doen vir die priesters en die hele gemeente. Die versoening vir die sonde van die Israeliete moet 'n vaste instelling wees. Dit moet elke jaar plaasvind." Aäron het toe gedoen wat die Here vir Moses beveel het.
**Num. 15:25-29**; Die priester moet vir die hele gemeente van Israel versoening doen, en hulle sal vergewe word, want dit was onopsetlik, en hulle

het vir hulle onopsetlike sonde hulle vuuroffer en hulle sondeoffer vir My gebring. Die hele gemeente van Israel en die vreemdeling wat by hulle woon, sal vergewe word, want hulle het onopsetlik gesondig. As een persoon onopsetlik sondig, moet hy 'n jaaroud bokooi as sondeoffer bring. Die priester moet vir die persoon wat onopsetlik gesondig het, voor My versoening doen, en as die versoening vir hom gedoen is, sal die sonde hom vergewe word. Een en dieselfde wet geld vir elkeen wat onopsetlik gesondig het, of hy 'n gebore Israeliet is of 'n vreemdeling wat by julle woon.

**28:15** Afgesien van die gereelde brandoffer met die drankoffer daarby, moet 'n bokram as sondeoffer vir My gebring word."

# JALOSIE OFFERING.

**OT=Num. 5:18** Dan moet hy die vrou in teenwoordigheid van die Here laat staan, haar hare losmaak en haar die voorgeskrewe offer, wat ‘n offer vir die agterdog is ,gee om vas te hou. Die priester moet die erebak met water wat bittere smart en ‘n vloek oor haar kan bring ,self vashou.

**25-31** Daarna moet die priester uit haar hand die offer vat wat vir die agterdog bedoel is, dit in

teenwoordigheid van die Here beweeg en dit na die altaar toe bring. Die priester moet ook ‘n handjie vol van die graanoffer as simbool van haar hele offer vat en op die altaar verbrand en daarna moet hy die vrou die res van die water laat drink. Die water wat hy haar laat drink, sal, as sy haar verontreinig en troubreuk teenoor haar man gepleeg het, in haar ingaan en die vloek meebring wat bittere smart sal veroorsaak en dit sal haar buik laat opswel. Haar vrugbaarheid sal vergaan en haar mense sal haar vervloek. Maar as die vrou haar nie verontreinig  het nie en getrou was, sal haar onskuld bewys word en sal sy kinders kan kry. Dit is dan die voorskrif vir gevalle van agterdog.

## VERSOENINGS OFFERING.

**OT=Eks. 30:12-16** “Wanneer jy die Israeliete tel, moet elkeen wanneer hy getel word, 'n versoeningsoffer vir sy lewe aan My, die Here, offer. Dan sal hy nie deur 'n ramp getref word wanneer hy getel word nie. “Elkeen wat kom om getel te word, moet met silwer betaal, ses gram volgens die standaardgewig van die heiligdom. Die ses gram is 'n offergawe vir My, die Here.

Elkeen van twintig jaar en ouer wat kom om getel te word, moet die offergawe vir My bring.
“Die ryke moet nie meer en die arme nie minder as die offergawe van ses gram silwer vir My bring as versoeningsoffer vir sy lewe nie. Jy moet die versoenings geld by die Israeliete insamel en dit aan die priesters gee vir die diens in die tent van ontmoeting. Die versoenings geld sal My, die Here, laat dink aan die Israeliete en sal hulle lewens loskoop.”

# EERSTE VRUGTE OFFERING.

**OT=Eks. 22:29**;Moenie talm met jou offers uit jou graan- en wynoes nie.
**23:16-19;** “Die fees van die oes moet gevier word met die eerste opbrengs van wat jy op die land saai. “Die fees van die insameling moet gevier word aan die einde van die jaar wanneer jy die vrug van jou arbeid ingesamel het op die lande. “Drie keer per jaar moet alle mans voor My, die Here God, verskyn. “Jy mag nie die bloed van die offerdier offer saam met iets wat suurdeeg in het nie. Die vet van die fees offer wat jy vir My bring, mag nie tot die volgende oggend oorstaan nie. “Die beste uit die eerste opbrengs van jou lande

moet jy bring na die huis van die Here jou God toe. “Jy mag nie 'n boklam in sy ma se melk kook nie.”
**Lev. 2:12,** Julle mag dit as eersteling offer vir die Here aanbied, maar op die altaar mag dit nie kom as 'n offer wat deur die Here aanvaar word nie.
**14;** “Wanneer jy vir die Here 'n graanoffer uit die eerste opbrengs van die oes aanbied, kan dit gebraaide koring of stampkoring wees. Jy bied dit aan as die graanoffer uit die eerste opbrengs van jou oes,
**23:10-11;** “Sê vir die Israeliete: Wanneer julle in die land kom wat Ek aan julle gee, en julle samel die graanoes in, moet elkeen die eerste ryp are van sy oes na die priester toe neem.
Hy moet die are as beweeg offer vir My, die Here, aanbied sodat julle vir My aanneemlik sal wees. Die priester moet dit die dag ná die Sabbat doen.
**Deut. 26:2** moet jy van elke eerste oes wat jy insamel in die land wat die Here jou God aan jou gee, 'n deel vat en dit in 'n mandjie sit en daarmee na die plek toe gaan wat die Here jou God sal kies om sy Naam daar te laat woon.

# SONDEBOK OFFERING.

**OT=Lev. 16:8-10**, Hier moet Aaron lootjies trek oor die bokke .Die een lootjie moet gemerk wees

‘vir die Here’ en die ander een ‘vir Asasel’. Aaron moet die bok wat vir die Here geloot word, as ‘n sondeoffer offer. Die bok wat vir Asasel geloot is ,moet bly lewe. Die bok moet in die teenwoordigheid van die Here bly staan sodat Aaron die versoening handeling daarop kan verrig en daarna moet die bok die woestyn in gestuur word vir Asasel.

**20-22**, “Nadat Aäron die Allerheiligste, die tent van ontmoeting en die altaar gereinig het, moet hy die lewende bok nader bring. Terwyl hy dan sy twee hande op die kop van die bok lê, moet hy ál die oortredinge en opstandigheid, al die sondes van die Israeliete daar bo-oor die bok bely. Sodoende sal hy die sonde op die kop van die bok oordra. Iemand wat beskikbaar is, moet dan die bok die woestyn injaag. So sal die bok al hulle sonde met hom saamdra na 'n onherbergsame streek toe en daar in die woestyn moet hy agtergelaat word.

**26** Die man wat die bok na Asasel toe gejaag het, moet sy klere en homself was voordat hy na die kamp toe terugkom.

# **GRAAN OFFERING**.

**OT=Num. 15:18-21**;Se vir die Israeliete; As julle in die land kom waarheen Ek julle bring, en julle eet van die land se brood moet julle ‘n offergawe vir My bring. Offer ‘n ringbrood van julle eerste growwe  meel en bied dit aan as ‘n offergawe van julle dorsvloer af. So moet julle dit offer.al julle geslagte moet altyd weer ‘n offergawe van die eerste growwe meel aan My gee’’

# **DRANK OFFERING**.

**OT=Num. 28:9-10**,Op die Sabbat moet julle twee jaar oud lammers sonder liggaamsgebrek offer, met daarby drie kilogram meel wat met olie gemeng is as graanoffer en met ‘n drankoffer daarby, Dit is die brandoffer vir elke Sabbat afgesien van die gereelde brandoffer en die drankoffer daarby.’

**14-15** Die drankoffer saam met elke bul is twee liter wyn, saam met elke ram een en 'n derde liter en saam met elke lam een liter. Dit is die brandoffer wat deur die jaar elke maand gebring moet word. Afgesien van die gereelde brandoffer met die drankoffer daarby, moet 'n bokram as sondeoffer vir My gebring word.”

# DIT WAT GEOFFER WORD MOET PERFEK WEES

**OT=Eks. 12:5**; Dit moet ‘n jaaroud rammetjie wees, sonder liggaamsgebrek, ’n skaap of ‘n bok.
**Deut. 15:21**; Maar as die eersteling 'n liggaamsgebrek het, as hy lam of blind is of enige ander liggaamsgebrek het, mag jy hom nie as offer vir die Here jou God bring nie.
**17:1**; “Jy mag nie vir die Here jou God 'n bees of 'n skaap offer wat 'n liggaamsgebrek of 'n letsel het nie. So iets is afskuwelik vir die Here jou God.
**Mal. 1:8**, Wanneer julle 'n blinde ding bring om te offer, is dit dan nie verkeerd nie? En wanneer julle 'n siek of 'n lam ding bring, is dit nie verkeerd nie? Bring bietjie so iets vir jou goewerneur! Sal hy ingenome met jou wees of jou vriendelik ontvang? Dit is wat die Here die Almagtige sê.
**13-14** En dan sê julle nog dis 'n klomp moeite en julle trek die neus daarvoor op. Dit is wat die Here die Almagtige sê. Julle bring gesteelde, lam, siek diere, julle bring dit as offers! Moet Ek ingenome wees daarmee dat julle vir My sulke goed bring? vra die Here. Daar rus 'n vloek op elke skelm wat 'n bul of 'n ram in sy kudde het en 'n gelofte doen en dan 'n verminkte ding aan die Here offer! Ek is

die Groot koning, sê die Here die Almagtige, vir My het die nasies ontsag.

**NT=Heb. 9:14**; Hoeveel te meer sal die bloed van Christus ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien! Hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer.

**I Pet 1:19**; Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.

**2:21-22**; Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg. “Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie.”

**I Joh. 3:5** Julle weet dat Jesus gekom het om die sondes weg te neem, en daar is geen sonde in Hom nie.

# BLOED OFFERINGS MOET NET EEN KEER BY DIE DEUR VAN DIE TABERNAKEL GEBRING WORD

**OT=Lev. 17:3-9** Elke Israeliet wat ‘n bees of ‘n skaap of ‘n bok in die kamp of buite die kamp slag

en nie by die ingang van die tent van ontmoeting waar hy voor die heiligdom van die Here ‘n deel as gawe aan die Here kan gee nie, is skuldig aan bloedvergieting. So iemand het bloed vergiet, en sal van sy volksgenote afgesny word. Die bedoeling is dat die Israeliete nie meer diere in die veld moet slag nie, maar dit vir die Here moet bring Hulle moet dit na die ingang van die tent van ontmoeting na die priester toe bring en daar slag as maaltydoffer vir die Here Die priester moet die bloed sprinkel teen die altaar van die Here by die ingang van die tent van ontmoeting en ook die vet op die altaar verbrand as ‘n offer wat deur die Here aanvaar word. Die Israeliete mag nooit weer diere slag vir die veldgode en so aan die Here ontrou wees nie. Hierdie bepaling moet ‘n vaste reël wees vir alle toekomstige geslagte. Verder moet jy vir hulle se;’’ Elke Israeliet en elke vreemdeling by julle wat ‘n brandoffer of enige ander offer wil bring moet dit vir die Here bring by die ingang van die tent van ontmoeting. As iemand dit nie doen nie, sal hy van sy volksgenote afgesny word.’’

**NT=Heb. 13:11-12** Die bloed van die offerdiere word deur die hoëpriester in die heiligdom ingebring vir die sonde, maar hulle liggame word

buitekant die laer verbrand. Daarom het Jesus ook buitekant die stadspoort gely om die volk deur sy eie bloed van hulle sonde te reinig.

# 15 KRIMINELLE WET

## MISDADE TEEN DIE GEMEENSKAP

## MOORD

**OT=Gen. 9:5-6**; Wanneer julle eie bloed vergiet word ,sal Ek daaroor rekenskap eis, want dit is julle lewe; van ‘n dier sal Ek rekenskap eis oor die lewe van ‘n mens, en van ‘n mens sal Ek rekenskap eis oor die lewe van sy medemens. Wie die bloed van ‘n mens vergiet, deur ‘n mens sal sy bloed vergiet word. God het die mens gemaak as sy verteenwoordiger.

**Eks. 20:13**;Jy mag nie moord pleeg nie

**21:12**,Wie iemand dood slaan moet dood gemaak word.

**14**;Wanneer iemand egter ʼn ander opsetlik dood maak moet jy hom selfs by die altaar wegvat en doodmaak.

**Lev. 24:17** Iemand wat moord pleeg moet die doodstraf kry.

**21**;As iemand ʼn ander se dier doodmaak moet hy dit vervang maar as iemand ʼn moord pleeg moet hy die doodstraf kry.

**NT=Matt. 26:52**;Toe Sy Jesus vir hom :'' Sit jou swaard terug in sy plek want almal wat na die swaard gryp sal deur die swaard omkom.''

# HUUR MOORD

**OT=Deut. 27:25**;Daar rus 'n vloek op elkeen wat omkoopgeld aanvaar om 'n onskuldige dood te maak.

# MANSLAGTING

**OT=Eks. 21:12-13** Wie iemand doodslaan ,moet dood gemaak word. Hy wat dit onopsetlik gedoen het deurdat God dit met hom laat gebeur het, kan vlug na 'n plek toe wat Ek vir jou sal aanwys;

# AANRANDING

**OT=Eks. 21:18-19**;Wanner mans aan die stry raak en die een slaan die ander met 'n klippe of met die vuis sonder om hom dood te slaan, moet die slaner nie gestraf word nie. As die man wat geslaan is ,egter in die bed moet bly en eers later kan opstaan en met 'n kierie buite kan rondloop, moet die slaner hom vergoed vir die tyd wat hy nie kan werk nie en vir hom sorg tot hy behoorlik gesond is.

**Lev. 24:19-20**; As iemand ʼn medemens beseer moet aan hom presies dieselfde gedoen word; as hy iemand se been gebreek het moet sy been ook gebreek word; as hy iemand se oog beskadig het moet sy oog ook beskadig word; as hy iemand se tand uitgeslaan het moet sy tand ook uitgeslaan word. Daar moet aan hom gedoen word wat hy aan sy medemens gedoen het.

# ONTVOERDING

**OT=Eks. 21:16**; Wie ʻn ander ontvoer om hom te verkoop of hom in sy besit te hou ,moet dood gemaak word.
**Deut. 24:7** Wanneer dit ontdek word dat iemand sy broer ʼn mede-Israeliet gesteel het en hom as slaaf gebruik of verkoop het moet die dief sterf. Jy moet hierdie soort kwaad tussen julle uitroei

# SKINDER

**OT=Lev. 19:16**; Jy mag nie loop en skinder nie, jy mag nie jou medemens se lewe in gevaar stel nie Ek is die Here.
**Psalm 101:5**; wie sy naaste beskinder wil ek uitwis. Hoogmoed en vermetelheid verdra ek nie.
**Spr. 10:18**; Agter die woorde van ʼn huigelaar sit

daar haat; wie skinderstories versprei is ŉ dwaas.
**NT=Titus 3:2** Hulle moet van niemand kwaadpraat nie en nie rusie soek nie. Hulle moet inskiklik wees en altyd bedagsaam teenoor almal.

# AANRANDING

**OT=Eks. 21:26-27** Wanneer ‘n man sy slaaf of slavin op die oog slaan en dit blywend beskadig moet hy die slaaf of slavin vry laat as vergoeding vir die oog. As hy sy slaaf of slavin se tand uitslaan, moet hy die slaaf of slavin vrylaat as vergoeding vir die tand.

# SEER MAAK VAN N SWANGER VROU

**OT=Eks. 21:22-25** Wanneer mans met mekaar baklei en hulle ‘n swanger vrou omstamp,sodat sy ’n miskraam het maar nie blywend beseer is nie, moet hy wat haar gestamp het, onderhewig aan die goedkeuring van die regbank, die boete betaal wat die eggenoot van die vrou hom op lê. As sy blywend beseer is, is die straf: ’n lewe vir ‘n lewe ‘n oog vir ‘n oog, ’n tand vir ‘n tand ,’n hand vir ‘n hand ‘n voet vir ‘n voet ‘n brandwond vir ‘n brandwond ‘n wond vir ‘n wond en ‘n kneusplek vir

’n kneusplek.

# KRIMENELE NALAATIGHEID

# VEROORSAAK DEUR JOU EIENDOM.

**OT=Deut. 22:8** Wanneer jy ‘n nuwe huis bou ,moet jy ‘n reëling rondom die dak aanbring sodat jy nie met jou huis iemand se dood veroorsaak as hy van die dak af val nie.

# OMKOPERY

**OT=Eks. 23:8;** Wanneer jy regspreek mag jy geen omkoop geskenk aanneem nie, want dit maak die wat sien, blind en laat die saak van die onskuldige skeef loop.

**Job 15:34**;Die hele bende goddeloses sal sonder iets wees , vuur sal die huise van die omkopers verteer.

**Spr. 15:27**; Wie hom verreik ten koste van ’n ander maak dat sy gesin verstoot word; wie omkoop geskenke weier sal lewe.

**17:23**; ’n Goddelose mens bied omkoop geskenke aan en verdraai die reg

# MEINEED

**OT=Eks. 20:16**; Jy mag nie vals getuienis teen ‘n ander gee nie

**Lev. 19:12**,Julle mag nie ŉ vals eed aflê in my Naam en so die Naam van julle God ontheilig nie. Ek is die Here.

**Deut. 5:20**; Jy mag nie vals teen ŉ ander getuig nie.

# OPROER

**OT=Eks. 23:2**; Jy mag nie agter die meerderheid aan doen wat verkeerd is nie. Wat jy in ‘n hofsaak getuig, mag jy nie verdraai nie, al doen die meerderheid dit ook.

**NT=II Pet 2:13** Vir hulle goddeloosheid sal hulle die loon van die goddelose ontvang. Hulle verlustig hulle daarin om helder oordag swelgparty te hou. Wanneer hulle saam met julle eet, is hulle ‘n smet en ‘n skande omdat hulle hulle aan uitspattighede te buite gaan.

# MISDADE TEEN PERSOONLIKE EIENDOM.

# DIEFSTAL

**OT=Eks. 20:15**; Jy mag nie steel nie.

**22:1-4** wanneer ʼn man ʼn bees of ʼn skaap steel en dit slag of verkoop moet hy vyf terugbetaal vir die bees en vier stuks kleinvee vir die skaap. As die gesteelde goed lewend in sy besit  gevind word moet hy dit dubbel vergoed of dit nou beeste ,donkies of skape is. ‘n Dief moet ten volle vir sy diefstal vergoed. As hy niks besit nie moet hy vir die waarde van die gesteelde goed verkoop word. As ʼn dief inbreek en op heter daad betrap en doodgeslaan word mag sy dood nie gewreek word nie. As dit egter na sonop gebeur kan sy dood wel gewreek word.
**Lev. 19:11**;Julle mag nie steel nie en julle mag nie lieg of mekaar bedrieg nie.
**Deut. 5:19**;Jy mag nie steel nie.
**NT= Eph. 4:28** As iemand ʼn dief is moet hy ophou steel hy moet deur harde  werk op ʼn eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee;

# DIEFSTAL VAN DIERE

**OT=Eks. 22:1** Wanneer ‘n man ‘n bees of ‘n skaap steel en dit slag of verkoop, moet hy vyf beeste terugbetaal vir die bees en vier stuks kleinvee vir die skaap.

# DIEFSTAL VAN BUURMAN GEWASSE DEUR JOU DIER

**OT=Eks. 22:5** Wanneer ‘n man sy vee laat wei en hulle nie oppas waar hulle wei nie, en hulle loop in die land of wingerd van ‘n ander, moet hy met die opbrengs van sy beste land of wingerd daarvoor vergoed.

# DOOD MAAK VAN N ANDER SE DIERE

**OT=Lev. 24:18** As iemand ‘n ander se dier doodmaak, moet hy dit vervang. Die beginsel is; ‘n lewe vir ‘n lewe.
**21** As iemand ʼn ander se dier dood maak moet hy dit vervang

# INBRAAK

**OT=Eks. 22:2-4** As ‘n dief inbreek en op heter daad betrap en dood geslaan word, mag sy dood nie gewreek word nie. As dit egter na sonop gebeur, kan sy dood wel gewreek word.

# MISBRUIK VAN VOORREGTE

**OT=Deut. 23:24-25** Wanneer jy in jou buurman se

wingerd ingaan, mag jy net soveel druiwe eet as jy wil om jou honger te stil, maar jy mag niks in jou sak sit nie. Wanneer jy in jou buurman se koringland ingaan, mag jy are pluk met jou hand, maar jy mag nie ‘n sekel in sy koringland gebruik nie.

# BRANDSTIGTING

**OT=Eks. 22:6** Wanneer ‘n man onkruid aan die brand steek , en die vuur vang die rye gerwe of die ingesnyde graan of die land van ‘n ander, moet die man wat met die brand begin het, ten volle daarvoor vergoed.

# 'N LANDMERK VERWYDERING

**OT=Deut. 19:14**; Jy mag nie jou buurman se grenslyne verskuif nie. Dit is grenslyne wat voorheen deur die voorgeslag vasgestel is vir die eiendom wat jy sal besit in die land wat die Here jou God jou as besit sal gee.
**27:17**; Daar rus ’n vloek op elkeen wat die grenslyn van sy buurman verlê
**Spr. 23:10** moenie grense verlê wat al lankal daar is nie, moenie weeskinders se grond vat nie.

# VALS GEWIGTE EN AFMEETINGS

**OT=Lev. 19:35**; Julle mag nie bedrog pleeg wanneer julle meet of weeg of inhoud bepaal nie.
**Deut. 25:13-16**; Jy mag nie met gewigte werk wat nou sus dan so ,nou groot dan klein is nie. Jy mag nie met inhoudsmate werk wat nou sus dan so nou groot dan klein is nie Jy moet billik en regverdig afweeg en afmeet. Dan sal jy lank leef in die land wat deur die Here jou God aan jou gegee word.
**Spr. 11:1**; Die Here het ʼn afsku van ʼn skaal wat nie reg weeg nie; net die regte gewig dra sy goedkeuring weg.
**20:10**; Die Here het ʼn afsku van mate en gewigte wat nou sus en dan so is.

# MINAGTING VIR DIE WET

**OT=Num. 15:30-31**; Maar die landsburger of vreemdeling wat moedswillig sondig, doen My, die Here, oneer aan en hy moet van sy volk afgesny word. Omdat hy die woord van die Here verag het en sy gebooie verbreek het, moet so iemand doodgemaak word, hy moet die straf vir sy sonde dra.
**Deut. 17:12-13**;Die man wat nie luister nie en so die regter en die priester wat diens lewer in die

heiligdom van die Here jou God , met minagting behandel moet dood gemaak word. Jy moet die soort verkeerde ding uit Israel uitroei. Die hele volk sal hiervan hoor en bang word om so moedswillig op te tree.
**NT= Rom.13:1-2**; Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is .Daar is immers geen gesag wat nie van God kom  nie en die owerhede wat daar is , is daar deur die beskikking van God.
**Gal. 3:10**; Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: “Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie.”
**Heb.10:26**; Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie.
**II Pet 2:20-21** Mense wat van die besmettinge van die wêreld vrygekom het deurdat hulle ons Here en Verlosser, Jesus Christus, leer ken het, en wat weer daarin vasgevang en daardeur oorweldig word, is aan die einde slegter daaraan toe as aan die begin. Dit sou vir hulle beter gewees het as hulle die wil van God nie leer ken het nie as dat

hulle dit wel leer ken het en daarna afgewyk het van die heilige gebod wat aan hulle oorgedra is.

# VERDRAAI OF DWARSBOMING VAN DIE GEREG.

**OT=Eks. 23:1** Jy mag nie met ‘n misdadiger saamwerk en in sy guns vals getuienis lewer nie.
**6-7**;Wanner jy regspreek ,mag jy ‘n arme nie in ‘n hofsaak verontreg nie en moet jy wegbly van leuens sodat jy nie onskuldiges en regverdiges doodmaak nie.
**Lev. 19:15**; “Jy mag nie onregverdig wees in die regspraak nie: jy mag nie partydig wees vir dié wat geen aansien het nie of die vooraanstaande bevoordeel nie. Oordeel regverdig oor jou naaste
**Deut. 16:19-20**; Jy moet die regspraak sy loop laat neem en vir niemand partydig wees nie. Wanneer jy regspreek, mag jy geen omkoop geskenk aanneem nie, want dit maak dié wat van beter moet weet, blind en laat die saak van die onskuldige skeef loop. Jy moet alleen laat geld wat reg is. Dan sal jy bly lewe en die land wat die Here jou God vir jou gee, in besit neem.”
**24:17**; “Jy mag nie die regte van 'n vreemdeling of van 'n weeskind van hulle af wegvat nie. Jy mag

nie die klere van 'n weduwee as pand neem nie
**27:19**; Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie reg laat geskied aan 'n vreemdeling, 'n weeskind of 'n weduwee nie! “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’
**Psalm 82:2**; “Hoe lank gaan julle nog onregverdige beslissings vel, nog partydig wees vir die goddelose?
**Spr. 17:15**; Die Here het 'n afsku van wie die skuldige onskuldig verklaar én van wie die onskuldige skuldig verklaar
**18:5**; Dit is nie goed om partydig te wees vir die skuldige en om die onskuldige sy reg te ontsê nie.

# 16 EIENDOMS WETTE

## DIE AARDE EN ALLES IN DIT BEHOORT AAN GOD

**OT=Eks. 9:29**;Toe het Moses vir hom gesê: ’’Sodra ek uit die stad is sal ek my hande in gebed na die Here uitsteek. Dan sal die donderslae ophou, en daar sal nie meer hael wees nie, dat u kan besef dat hierdie land aan die Here behoort.
**19:5**; As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.’ Dit is wat jy aan die Israeliete moet vertel.”
**Lev. 25:23**; “Geen grond mag permanent verkoop word nie, want die land behoort aan My. Julle is slegs vreemdelinge en bywoners by My.
**Deut. 10:14**; Die hemel, selfs die hoogste hemel, behoort aan die Here jou God, ook die aarde en alles daarop.
**Neh. 9:6**; Dit is U! U alleen is Here! U het die hemel gemaak, die hoogste hemel en sy hele leërmag, die aarde en alles daarop, die oseane en

alles daarin. U laat hulle almal lewe; die hemelse leërmag buig voor U.
**Psalm 24:1**; 'n Psalm van Dawid. Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here,
**50:10-12**; want al die diere in die bos is Myne, die wild op duisende berge. Ek ken al die voëls van die berge; al wat roer op die veld, is Myne. Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My.
**Is. 42:5**; So sê God, die Here, Hy wat die hemelkoepel geskep en dit oopgespan het, Hy wat die aarde gevorm het en alles wat dit oplewer, Hy wat aan al die mense op aarde die asem gee, die lewe aan alles wat op die aarde beweeg:
**44:24** So sê die Here jou Verlosser wat jou in die moederskoot gevorm het: Ek is die Here, Ek het alles geskep, Ek alleen het die hemel oopgespan, Ek het die aarde gevorm; daar was niemand by nie
**NT=Hand 17:24-25**; God, wat die wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, Hy is die Here van hemel en aarde, en Hy woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie. Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie. Inteendeel, dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee.

**I Kor. 10:26** “want die aarde met alles wat daarop is, behoort aan die Here.”

# GOD HET DIE AARDE ONDER ALLE MENSE GEDEEL

**OT=Deut. 32:8** Toe die Allerhoogste vir die nasies hulle besittings gegee het, toe Hy die mense in volke opgedeel het, het Hy vir hulle hulle grense bepaal, soveel as wat daar Israeliete is.
**NT=Hand 17:26** “want die aarde met alles wat daarop is, behoort aan die Here.”

# LAND VERDEEL TUSSEN ALLE VOLKE VAN ISRAEL.

**OT=Num. 26:52-56**; Daarna het die Here vir Moses gesê; ’’Verdeel nou die land tussen die families en gee aan elkeen ‘n eiendom volgens sy grootte: aan ‘n groot familie ‘n groot eiendom en aan ‘n klein familie ‘n kleiner eiendom. Elkeen moet sy eiendom ontvang ooreenkomstig sy getal. Die land moet verdeel word deur te loot. Elke stam moet ‘n eiendom ontvang. Bepaal vir elkeen sy eiendom deur loting tussen groter en die kleiner stamme.

**33:53-54**; Neem die land in besit en gaan woon daar, want Ek gee die land aan julle as besitting. Verdeel die land deur loting volgens julle stamme. Gee meer grond aan 'n groter groep, en minder aan 'n kleiner groep. Elkeen kry sy deel waar die lot dit aanwys. Elke stam moet sy eie grond hê.
**34:2**; “Jy moet vir die Israeliete sê: Wanneer julle in Kanaän kom, moet die land wat vir julle as besitting aangewys is, die volgende grense hê:
**Joshua 11:23**; Josua het die hele land ingeneem soos die Here vir Moses beveel het, en toe die land as besitting aan Israel gegee, vir elke stam 'n deel. Die land kon toe rus van oorlog.
**14:1-5**; Hier volg nou 'n oorsig van die gebiede wat die Israeliete in Kanaän ontvang het. Die priester Eleasar en Josua seun van Nun het saam met die stamhoofde die gebiede aan die Israeliete toegeken, dit is aan die nege stamme en die halwe stam. Dit is gedoen deur loting soos die Here deur Moses beveel het. Aan die ander twee stamme en die halwe stam het Moses 'n gebied oorkant die Jordaan toegeken, en aan die Leviete het hy nie 'n gebied toegeken saam met die ander nie. Die nageslag van Josef het twee stamme gevorm, Manasse en Efraim, en die Leviete het nie 'n deel van die land ontvang nie, maar wel dorpe om in te

woon en weidings gebiede vir hulle veetroppe. Die Israeliete het gedoen wat die Here vir Moses beveel het, hulle het die land verdeel.
**21:43**; Die Here het aan Israel die hele land gegee wat Hy met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het. Hulle het dit in besit geneem en daar gaan woon.
**II Kron. 20:7** Dit is U, ons God, wat die vroeëre inwoners van hierdie land voor u volk Israel uit verdryf het en die land aan die nageslag van u vriend Abraham as 'n blywende besitting gegee het.

# GROND WORD OOR NIE GEDRA VAN VOLK TOT VOLK

**OT=Num. 36:7** Geen grond van die Israeliete mag van die een stam op ‘n ander oorgaan nie, want elke Israeliet moet vashou aan sy deel van die stam se grond.

# LEVIETE MAG GEEN ERFENING HE NIE

**OT=Num. 18:24**;Ek gee aan die Leviete as hulle besitting die tiendes wat die Israeliete as offergawe aan die Here bring. Dit is waarom Ek vir

hulle gesê het dat hulle nie ‘n deel van die land saam met die Israeliete kry nie.
**Deut. 10:8-9**; Destyds het die Here die Levi stam afgesonder om die verbondsark van die Here te dra, om in sy teenwoordigheid diens te doen en sy dienaars te wees, en om die volk in die Naam van die Here te seën. En so is dit vandag nog. Daarom het die Leviete nie 'n eie grondgebied tussen hulle volksgenote gekry nie, want Levi ontvang van wat die Here self toekom, soos die Here jou God hom beloof het.”
**18:1-2** “Die Levitiese priesters, die afstammelinge van Levi, sal nie tussen die Israeliete grond as besitting kry nie. Die hele Levi stam sal die vuuroffers eet wat vir die Here gebring is, wat aan Hom behoort. Die priesters kry nie 'n eie grondgebied tussen hulle volksgenote nie, Levi ontvang van wat die Here self toekom. Dit is soos die Here vir hom beloof het.

# VRYSTEL VAN GROND---IN DIE SABATSJARE MOET REG VAN GROND TERUG GEGEE WORD AAN OORSPRONKLIKE EIENAAR

**OT=Lev. 25:8-10**,Tel sewe sabbatsjare af, sewe maal sewe jaar, dit wil se nege en veertig jaar. Laat dan ramshorings blaas op die tiende van die sewende maand op die versoenings dag. Die ramshoring is die teken dat almal in die land die jaar van die vyftigste landbousiesoen op ‘n besondere wyse aan die Here moet wy.

# GROND WORD NIE PERMANENT VERKOOP NIE

**OT=Lev. 25:23-28** Geen grond mag permanent verkoop word nie, want die land behoort aan My. Julle is slegs vreemdelinge en bywoners by My. Verder moet die reg om grond terug te koop oral en altyd geld. Wanneer ‘n Israeliet deur armoede verplig was om sy grond te verkoop, moet die naaste manlike familielid dit vir die eienaar terugkoop. Wanneer daar nie iemand is wat  dit kan terug koop nie, kan dit  gebeur dat die persoon  later self genoeg geld bymekaar maak om die grond terug te koop. Die aantal jare wat verloop het sedert die kooptransaksie moet dan in berekening gebring word en die oorspronklike eienaar moet die koper slegs uitbetaal vir die seisoene wat nog oor is tot die volgende herstel

jaar .Die oorspronklike eienaar  kan dan weer sy grond in besit neem. As hy egter nie genoeg geld bymekaarkry om die grond terug te koop nie, bly die koper in beheer daarvan tot die volgende herstel jaar. In die herstel jaar moet hy die  grond ontruim en die oorspronklike eienaar moet dan weer sy grond in besit neem.

# STADS EIENDOM IS N UITSONDERING

**OT=Lev. 25:29-30** Wanneer iemand ’n woon huis in ‘n ommuurde stad verkoop, moet hy ‘n volle jaar lank die reg behou om dit terug te koop. As hy nie binne een jaar van hierdie reg gebruik maak nie, verval sy aanspraak op die betrokke huis en word dit die wettige eiendom van die koper en sy erfgename. ’n Woonhuis in ‘n ommuurde stad val dus nie terug in die herstel jaar nie. Woonhuise in dorpe wat nie mure om het nie, geld as deel van die platteland; die oorspronklike  eienaar het die reg om dit enige tyd terug te koop, en in die herstel jaar val dit terug na hom.

# LEVIETE MAG HUL EIENDOM ENINGE TYD TERUG KOOP

**OT=Lev. 25:32-33** In die Leviete stede het die Leviete die onvervreembare reg om woonhuise waarvan hulle die oorspronklike eienaars was, terug te koop. Wanneer ‘n Leviet ‘n huis terug koop wat hy in ‘n Leviete stad gekoop het, terugverkoop aan die oorspronklike eienaar wat nie ‘n Leviet is nie, moet die huis in die herstel jaar terugval na die Leviet, want Leviet stede moet in Israel die eiendom van Leviete wees.

# METHODE VAN OORDRAG KONTRAK MAAK.

**OT=Jer. 32:9-14** en ek het die stuk grond wat in Anatot is, by my neef Ganamel gekoop. Ek het vir hom twee honderd gram silwer afgeweeg. Nadat ek die kontrak geskryf en die seël daarop gesit het en dit deur getuies laat teken het, het ek die silwer vir hom afgeweeg op 'n skaal.

Toe het ek die koopkontrak met die voorwaardes en die bepalings daarop, die kontrak met die seël en die afskrif sonder seël, gevat en in die teenwoordigheid van my neef Ganamel en van die getuies wat dit geteken het en van al die Judeërs

wat in die binneplaas van die paleiswag gesit het, vir Baruk seun van Nerija, seun van Magseja, gegee. “In hulle teenwoordigheid het ek vir Baruk beveel: ‘So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Vat hierdie dokumente, die koopkontrak met die seël en die afskrif sonder seël en sit hulle in 'n kleipot sodat hulle lank kan hou,

# KONTRAK MOET GELEWER WORD VOOR N GETUIE

**OT=Jer. 32:10**,Nadat ek die kontrak geskryf en die seel daarop gesit het en dit deur getuies laat teken het, het ek die silwer vir hom afgeweeg op ‘n skaal.
**12** en in die teenwoordigheid van my neef Ganamel en van die getuies wat dit geteken het en van al die Judeërs wat in die binneplaas van die paleiswag gesit het, vir Baruk seun van Nerija, seun van Magseja, gegee.

# KONTRAK MOET BEHOU WORD

**OT=Jer. 32:14** So se die Here die Almagtige, die God van Israel; vat hierdie dokument en die koop kontrak met die seel en die afskrif sonder seel en sit hulle in ‘n kleipot sodat hulle lank kan hou.

# OORHANDIG VAN SKOEN TEKEN VAN BEKRAGTIGING

**OT=Ruth 4:7** In Israel was dit gebruiklik by die lossing prosedure of by die ruil van enige eiendom dat die een party ‘n skoen uittrek en aan die ander party gee. Dit was die manier waarop die bekragtiging van ‘n transaksie in Israel plaasgevind het.

# REGVERDIGE HANDELINGE MET KOOP VAN GROND

**OT=Lev. 25:14-17**,Wanneer julle grond verkoop of koop moet julle mekaar nie uitbuit nie. Die koop of verkoopprys moet bepaal word volgens die aantal oeste wat die stuk grond kan oplewer tot die volgende herstel jaar. As dit lank voor die volgende herstel jaar is, moet die prys hoer wees, maar as daar min jare oor is moet die prys laer wees, want in werklikheid word alleen die opbrengs tot die volgende herstel jaar verkoop.

# BUURMAN SE GRENSLYNE MAG NIE VERSKUIF WORD NIE

**OT=Deut. 19:14**; Jy mag nie buurman se grenslyne verskuif nie. Dit is grenslyne wat voorheen deur die voorgeslagte vasgestel is vir die eiendom wat jy sal besit in die land wat die Here jou God jou as besit sal gee

**Spr. 23:10** Moenie grense verlê wat lankal daar is nie, moenie weeskinders se grond vat nie,

# 17 ERFENINS WET

## ISRAEL IS GOD SE ERFENIS

**OT=I Kon 8:51-53**

want hulle is U eie volk, U het hulle uitgelei uit Egipte, uit die smeltoond uit. Wees tog ontvanklik vir die smeking van U dienaar en U volk Israel, verhoor tog elke gebed wat hulle tot U rig . U het hulle onder al die volke van die wêreld afgesonder as ‘n volk vir U, Here. Dit het gebeur soos U Here deur U dienaar moses gesê het toe U ons voorvaders uit Egipte gebring het.’’

## SEUNS OM VADER SE BESITTINGS TE ERF

**OT=Deut. 21:15-17**;Wanneer ‘n man twee vrouens het, een wat hy liefhet en een van wie hy nie hou nie en albei het vir hom kinders in die wêreld gebring en die oudste seun is die kind van die vrou van wie hy nie hou nie ,mag hy nie die seun van die vrou wat hy liefhet in sy testament as sy oudste beskou en hom bevoorreg bo die seun wat eintlik sy oudste is nie, die seun van die vrou van wie hy nie hou nie. Die man moet die seun

van die vrou van wie hy  nie hou nie, as oudste erken deur aan  hom ‘n dubbele deel van alles te gee Hy is  die eersteling van die man se manlike krag en die reg van die eersteling kom hom toe.
**I Kron. 5:1-2**; Ruben was die oudste seun van Israel maar omdat hy bloedskande gepleeg het met ‘n vrou van sy pa is sy rang van oudste seun oorgedra op die seuns van Josef seun van Israel en daarom word Ruben nie as oudste in die geslagsregister op geneem nie. Juda het wel oor sy broers gesag verkry en uit hom het die koning voortgekom maar Josef het die rang van oudste seun gehad.
**26:10** Die seuns van Gosa van die Merari groep het Simri as hoof gehad. Hy was nie die oudste nie maar sy vader het hom as hoof aangestel.

# GEEN ERFENIS SAL GEE AAN BUITE-EGTELIKE KINDERS

**OT=Gen. 21:9-10** Toe Sara die seun wat Hagar die Egiptiese slavin vir Abraham in die wêreld gebring het sien lag se sy vir Abraham: ’’Jaag hierdie slavin en haar seun weg. Die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Isak erf nie.’’

# DOGTERS IS DIE EFGENAME AS DAAR NIE SEUNS IS NIE

**OT=Num. 27:8** se vir die Israeliete: ’’As iemand sterf en hy het nie ‘”n seun nie, moet julle sy grond aan sy dogter gee.

# WANNEER GEEN SEUNS OF DOGTERS BESTAAN , ERFENIS GAAN NA NAASBESTAANDES.

**OT=Num. 27:9-11** As hy ook nie ‘n dogter het nie, gee sy grond vir sy broers. As hy nie broers het nie, gee dit vir sy ooms aan vaderskant. En as sy pa nie broers gehad het nie, moet julle sy grond vir die naaste bloedverwant uit sy familie gee, dat die dit kan besit.

# EFRFINIS NIE OORGEDRA VAN STAM NA STAM

**OT=Num. 36:7**,Geen grond van die Israeliete mag van die een stam op ‘n ander oorgaan nie, want elke Israeliet moet vashou aan sy deel van die stam se grond.

# DOGTERS MOET BINNE HULLE EIE STAM TROU

**OT=Num. 36:5-12** Elke dogter wat grond besit in een van die Israelitiese gebiede, moet met iemand uit haar pa se stam trou, sodat die familiegrond vir elke Israeliet behoue bly. Geen grond mag van een stam na ‘n ander oorgaan nie; elke Israelitiese stam moet aan sy grond vasklou.

# KINDERLOSE WEDUWEE OM TE TROU MET MAN SE BROER

**OT=Deut. 25:5-10**;Wanneer  broers saam woon en een van hulle sterf sonder ‘n seun mag sy weduwee nie met ‘n buitestaander trou nie. Haar man se broer moet met haar trou en so sy verantwoordelikheid nakom teenoor sy broer. Haar eerste seun moet die naam van die afgestorwe broer dra sodat sy naam nie uit Israel uitsterf nie. As die  broer nie met sy broer se weduwee wil trou nie, moet sy na die leiers in die stadspoort toe gaan en vir hulle se;’’ My swaer weier om die naam van sy broer in Israel te laat voortleef. Hy weier om met my sy verantwoordelikheid na te kom teenoor sy broer. ’Die stadsleiers moet hom dan laat roep en met hom praat. As hy daarop

staan en bly sê; ’’Ek wil nie met haar trou nie, móét sy skoonsuster na hom toe kom en in die teenwoordigheid van die stadsleiers moet hy sy skoen uittrek en hom in die gesig spoeg en vir hom se;’’ So sal dit gaan met die man wat nie vir sy broer ‘n huis ,’n nageslag, wil bou nie. ’Dan moet die man en sy huis onder die Israeliete bekend wees as huis van die uitgetrekte skoen.’’

# TIENDES VAN ISRAEL IS VIR DIE ERFENIS VAN DIE LEVIETE

**OT=Num. 18:21-24** Vir die dienswerk wat die Leviete in die tent van ontmoeting verrig gee Ek aan hulle as hulle besitting al die tiendes wat die Israeliete as offergawes bring. Die Israeliete mag nie weer naby die tent van ontmoeting probeer diens doen nie want dan sondig hulle en sal hulle sterwe. Die Leviete moet die diens by die tent van ontmoeting behartig en hulle is aanspreeklik vir hulle eie oortredinge. Dit is ‘n vaste  instelling ook vir hulle nageslag. Die Leviete kry nie deel van die land saam met die Israeliete nie. Ek gee aan die Leviete as hulle besitting die tiendes wat die Israeliete as offergawes aan die Here bring. Dit is waarom Ek vir hulle gesê het dat hulle nie deel

van die land saam met die Israeliete kry nie.

# 18 GESONDHEIDS WET

## GESONDHEID EN GENESING KOM VAN DIE HERE

**OT=Eks. 15:26**; Hy het gesê; ’’Julle moet goed luister na wat Ek ,die Here julle God ,se! Julle moet doen wat reg is in my oë, gehoor gee aan my gebooie en alles doen wat Ek vir julle voorskryf. Dan sal Ek geeneen van die siektes waarmee Ek Egipte getref het, oor julle bring nie, want dit is Ek, die Here, wat julle gesond hou.

**Deut. 7:15**; Waarom skreeu jy oor jou wond, oor jou siekte wat ongeneeslik is? Ek het jou hierdie dinge aangedoen omdat jou ongeregtigheid groot is, jou sondes baie.

**Psalm 30:2-3**; Ek wil u lof verkondig, Here, want U het my gered en my vyande nie laat bly wees oor my nie. Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak.

**103:2-3**; Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees,

**147:3**; Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde.

**Is. 30:26;** Dié dag wanneer die Here die wonde van sy volk verbind en die seerplekke genees waar Hy hulle geslaan het, sal die maan so helder skyn as die son en die son sewe maal so helder as die lig van sewe dae saam.
**35:4-6**; “Wees sterk, moenie bang wees nie, julle God is hier, Hy kom om wraak te neem, om julle vyande te straf; God kom julle red! Blindes sal kan sien, dowes sal kan hoor, lammes sal kan rondspring soos takbokke, stommes sal kan sing. Strome water sal uit die woestyn uit bars; daar sal riviere loop in die droë wêreld.
**53:5**; Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.
**57:18-19**; Ek het gesien wat met hom gebeur, en Ek sal hom genees. Dié van hom wat treur, sal Ek lei en terugbring; Ek sal vir hulle uitkoms gee. Ek stel hulle in staat om My weer te loof. Vrede vir dié wat ver is, vrede vir dié wat naby is, sê die Here. Ek sal hulle genees.
**Jer. 17:14**; Maak Ú my gesond, Here, dan sal ek gesond wees! Bevry Ú my, dan sal ek vry wees! Dit is vir U wat ek wil loof.

**30:17**; Ek sal jou gesond maak, jou wonde genees, sê die Here, selfs al noem hulle jou: Die stad wat verstoot is, Sion vir wie niemand omgee nie.
**33:6**; Ek sal hom heeltemal gesond maak en sy inwoners genees; Ek sal vir hulle 'n sterk veilige vesting bou.
**Hosea 6:1** “Kom ons gaan terug na die Here, want Hý het ons verskeur maar sal ons weer gesond maak, Hy het ons geslaan maar sal weer ons wonde verbind.
**NT=Matt.4:23-24**; Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak. En berigte oor Hom het deur die hele provinsie Sirië versprei. Die mense het toe die siekes met allerhande kwale en pyne, dié wat in die mag van bose geeste was, geestelik versteurdes en verlamdes na Hom toe gebring, en Hy het hulle gesond gemaak.
**8:16-17**; Toe dit aand word, het hulle baie wat in die mag van bose geeste was, vir Hom gebring. Hy het die geeste met 'n woord uitgedryf en al die siekes gesond gemaak. So is vervul wat deur die

profeet Jesaja gesê is: “Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra.”
**9:35**; Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal gesond gemaak.
**10:1**, Jesus het sy twaalf dissipels nader geroep en hulle mag gegee om onrein geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak.
**8**; Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.
**12:15**; Toe Jesus dit hoor, het Hy daarvandaan weggegaan. Baie mense het saam met Hom gegaan, en Hy het hulle almal gesond gemaak,
**15:30-31**; Baie mense het na Hom toe gekom met verlamdes, blindes, gebreklikes, dowes en nog baie ander, en hulle voor Hom neergesit. Hy het hulle gesond gemaak, sodat die menigte hulle verwonder het toe hulle sien dat stommes praat, gebreklikes herstel is, verlamdes loop en blindes sien. En hulle het die God van Israel geprys.
**Luk 4:18**; “Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir

gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur,
**5:15**; Tog het die nuus oor Hom nog verder versprei, en groot menigtes het saamgedrom om na Hom te luister en van hulle siektes genees te word.
**9:6**, Hulle het toe vertrek en van die een dorp na die ander gegaan om oral die evangelie te verkondig en siekes gesond te maak.
**11**; Maar die mense het dit te wete gekom en agter Hom aan gegaan. Hy het hulle verwelkom en met hulle gepraat oor die koninkryk van God, en dié wat genesing nodig gehad het, het Hy gesond gemaak.
**6-8**; Maar Petrus sê: “Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop! “Hy vat toe die man se regterhand en help hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword. Hy het opgespring en regop gestaan, en hy kon loop. Daarna het hy saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy geloop en gespring en God geprys het.
**9:33-34** Daar het hy 'n man met die naam Eneas teëgekom wat verlam en al agt jaar lank bedlêend was. Eneas,” sê Petrus toe vir hom, “Jesus

Christus maak jou gesond. Staan op en maak jou bed op." Hy het dadelik opgestaan.

# GEHOORSAAMHEID AAN GOD SE WET BRING GESONDHEID EN GENEESING.

**OT=Eks. 23:25**; Jy moet die Here jou God dien. Dan sal Hy jou met kos en water seën en siekte van jou af weghou.
**II Kron. 7:14**; en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.
**Spr. 3:1-8**; My seun, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie, hou vas aan wat ek jou voorskryf, want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker, dit sal maak dat jy 'n vol lewe het. Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie; leef daarmee saam, maak dit 'n deel van jou lewe. So sal jy guns verwerf en byval vind by God en mens. Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. Moenie dink jy

het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is
**8** dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam.
**4:20-22** My seun, hoor wat ek vir jou sê, luister goed na my woorde! Moet dit nie vergeet nie, hou dit altyd in gedagte, want dit beteken lewe vir dié wat daarna luister, 'n volle lewe vir hom wat dit besit.

# DIERE WAT GOD SKOON VERKLAAR HET OM TE EET

**OT=Lev. 11:3**; mag julle net die eet wat volledig gesplete kloue het en herkou.
**Deut. 14:4-6** Die diere waarvan julle mag eet, is: bees, skaap, bok, takbok, ribbok, hartbees, klipbok, eland, gemsbok, springbok, al dié wat volledig gesplete kloue het en herkou
**Lev. 11:9**; In die geval van waterdiere mag julle alles eet wat vinne en skubbe het. Dit geld vir sout waterdiere en varswater diere.
**Lev. 11:21-22** Julle mag egter die eet waarvan die pote so is dat hulle kan spring. Dit sluit in alle soorte sprinkane en krieke.

# VOELS

**OT=Deut. 14:11**,Julle mag alle rein voëls eet.
**20** Julle mag net rein voëls eet.

# ONREIN DIERE WAT GOD SY VOLK VERBIED HET OM TE EET

**OT=Lev. 11:4-8**,Maar die wat net herkou of net gesplete kloue het, mag julle nie eet nie. Dit geld vir die kameel, want alhoewel die dier herkou ,het hy nie gesplete kloue nie. Julle moet hom dus as onrein beskou. Dit geld ook vir die dassie en vir die haas. 'n Vark het weer volledig gesplete kloue, maar hy herkou nie. Hy is vir julle dus 'n onrein dier. Julle mag nie die vleis van hierdie diere eet of selfs aan hulle karkasse raak nie; hulle is vir julle onrein.
**20:25**; As iemand die karkas van so 'n dier gedra het, moet hy sy klere was, maar hy is vir die res van die dag onrein.
**Deut. 14:3**, "Julle mag niks eet wat afstootlik is nie.
**7-8** Maar dié wat net herkou of net volledig gesplete kloue het, mag julle nie eet nie: die kameel, die haas, die dassie. Hulle herkou maar het nie gesplete kloue nie: hulle is vir julle onrein.

Dit geld ook van die vark: hy het wel gesplete kloue maar hy herkou nie. Hy is vir julle onrein. Julle mag nie die vleis van hierdie diere eet of selfs aan hulle karkasse raak nie.

# VAN DIE WATERS

**OT=Lev.11;10-12** Maar enige ding wat in die water lewe en nie vinne en skubbe het nie, is vir julle verbode Hulle is vir julle verbode en julle mag glad nie van die diere eet of selfs raak aan een wat dood is nie.
**Deut. 14:10** Maar julle mag nie dié eet wat nie vinne en skubbe het nie: hulle is vir julle onrein.

# VAN DIE VOËLS.

**OT=Lev.11:13-20**; In die geval van diere met vlerke is die volgende soorte verbode en hulle mag dus nie geëet word nie; arende, lammervangers en visarende; aasvoëls en valksoorte al die kraai soorte; volstruise, nagvalke, seemeeue en alle uile, visvangers, ibisse, flaminke, pelikane, ooievaars, al die reier soorte, hoep-hoep en vlermuise.

# VLIEENDE EN KRUIPENDE DINGE

**OT=Lev. 23-25**; Alle insekte wat vlerke het en op pote loop, is vir julle verbode. Julle mag egter die eet waarvan die pote so is dat hulle kan spring. Dit sluit in alle soorte sprinkane en krieke. Alle ander insekte wat vlerke het en op pote loop, is vir julle verbode.

**Deut. 14:19** “Alle insekte wat vlerke het, is vir julle onrein. Hulle mag nie geëet word nie.

# VOEDSEL DEUR GOD VERBIED VIR SY VOLK OM TE EET VET EN BLOED

**OT=Gen. 9:4**; Julle mag net nie vleis eet met sy lewe in nie, dit is met sy bloed in nie.

**Lev. 3:17**;Dit is ‘n vaste voorskrif vir julle nageslag, waar julle ook al woon: julle mag geen vet of bloed eet nie.

**7:23-27**; Sê vir die Israeliete: Julle mag geen vet van beeste, skape en bokke eet nie. Die vet van 'n dooie dier of van 'n dier wat deur roofdiere gevang is, mag wel gebruik word, maar dit mag glad nie geëet word nie. Iemand wat die vet eet van 'n dier wat as vuuroffer vir die Here aangebied is, moet van sy volksgenote afgesny word. “Julle mag,

waar julle ook al woon, geen bloed eet nie, nie van voëls of van diere nie. Iemand wat enige bloed eet, moet van sy volksgenote afgesny word.”

**17:10-14**; “Elke Israeliet en elke vreemdeling by julle wat enige bloed eet, sal Ek self straf. Ek sal hom van sy volksgenote afsny. Omdat die lewe van 'n dier in sy bloed is, het Ek die bloed vir julle gegee om op die altaar versoening te doen vir julle lewens. Omdat bloed versoening bring deur die lewe wat daarin is, beveel Ek elke Israeliet en elke vreemdeling by julle om géén bloed te eet nie. Elke Israeliet en elke vreemdeling by julle wat 'n rein wilde dier of voël slag, moet dit laat uitbloei en die bloed met grond toemaak. Omdat die bloed van enige dier sy lewe is, beveel ek julle, Israeliete, dat julle géén bloed mag eet nie. Omdat die bloed van enige dier sy lewe is, sal elkeen wat dit eet, doodgemaak word.

**19:26**; “Julle mag nie aan heidense offer maaltye deelneem nie. Julle mag nie waarsêery en towery beoefen nie.

**Deut. 12:16**, Julle mag egter nie die bloed eet nie. Julle moet dit op die grond uitgooi asof dit water is.

**23-25**, Julle moet net sorg dat julle nie die bloed eet nie, want die lewe van 'n dier is in sy bloed, en julle mag nie die lewe saam met die vleis eet nie.

Julle mag die bloed nie eet nie. Julle moet dit op die grond uitgooi asof dit water is. As julle dit nie eet nie, doen julle wat reg is in die oë van die Here, en dan sal dit goed gaan met julle en julle nageslag.
**Deut. 15:23** Maar jy mag nie die bloed daarvan eet nie; gooi dit op die grond uit asof dit water is."
**NT=Hand 15:20**, Maar ons moet vir hulle skrywe om nie vleis te eet wat aan 'n afgod geoffer is nie, want dit is onrein; dat hulle onsedelikheid moet vermy, geen dier wat verwurg is, moet eet nie, en ook nie bloed nie.
**29**; dat julle nie vleis moet eet wat aan 'n afgod geoffer is nie, ook nie bloed nie en ook geen dier wat verwurg is nie, en dat julle onsedelikheid moet vermy. As julle julle van hierdie dinge weerhou, doen julle reg. Hartlike groete."
**21:25** Ons het tog al vir die gelowiges wat vroeër heidene was, laat weet van ons besluit dat hulle nie vleis wat aan 'n afgod geoffer is, en bloed en 'n dier wat verwurg is, moet eet nie, en dat hulle onsedelikheid moet vermy."

# VLEES WAT DEUR WILDE DIERE VERSKEUR IS, OF DOODGAAN VAN SELF

**OT=Eks. 22:31**;Julle moet mense wees wat aan My gewy is Julle mag nie vleis eet van diere wat in die veld verskeur is nie. Gooi dit vir die honde.
**Lev. 17:15**; “Enige persoon onder julle, of hy nou 'n gebore Israeliet is of 'n vreemdeling, wat 'n dier eet wat gevrek het of deur roofdiere verskeur is, moet sy klere en homself was. Hy sal die res van die dag onrein wees.
**Deut. 14:21**; “Julle mag nie 'n dier wat gevrek het, eet nie. Gee dit vir die vreemdeling wat by julle bly, en hy kan dit eet, of verkoop dit aan 'n uitlander. Julle is 'n gewyde volk, julle behoort aan die Here julle God. “Julle mag nie 'n boklam in sy ma se melk kook nie.”
**Ez. 4:14** Toe sê ek: “Ag, Here my God, ek is nooit verontreinig nie, ek het van my jong dae af tot nou toe nie die vleis van diere wat gevrek het of deur roofdiere doodgemaak is, geëet nie, ek het ook nooit my mond gesit aan offervleis wat te lank oorgestaan en onrein geword het nie.”

# KOS AFGODSOFFER

**NT=Hand 15:20**,Maar ons moet vir hulle skrywe om nie vleis te eet wat aan ‘n afgod geoffer is nie, want dit is onrein; dat hulle onsedelikheid moet vermy, geen dier wat verwurg is, moet eet nie, en ook nie bloed nie.

**29**;dat julle nie vleis moet eet wat aan ‘n afgod geoffer is nie, ook nie bloed nie en ook geen dier wat verwurg is nie, en dat julle onsedelikheid moet vermy. As julle julle van hierdie dinge weerhou ,doen julle reg.

**I Kor. 10:28**; Maar as iemand vir julle sê: “Die vleis is 'n afgod offer,” moet dit dan nie eet nie, ter wille van hom wat dit gesê het en ter wille van die gewete.

**Op. 2:14** Maar Ek het 'n paar dinge teen julle. Julle het mense daar wat die leer van Bileam aanhang. Hy het vir Balak geleer om die volk Israel van My afvallig te maak, sodat hulle afgod offervleis geëet en onsedelikheid bedrywe het.

# VRUGTE VAN JONG BOME

**OT=Lev. 19:23-25** Wanneer julle julle in die land vestig en allerhande soorte vrugtebome plant, mag julle drie jaar lank glad nie die vrugte pluk nie. Die

vrugte is vir julle verbode. Dit mag nie geëet word nie. Die vierde jaar moet al die vrugte as ‘n gawe van dankbaarheid aan die Here gewy word. Van die vyfde jaar af mag julle die vrugte gebruik. Julle sal dan goeie opbrengste hê. Ek is die Here julle God.

# DINGE WAT VERWURG IS

**NT=Hand 21:25** Ons het tog al vir die gelowiges wat vroeër heidene was, laat weet van ons besluit dat hulle vleis wat aan ‘n afgod geoffer is, en bloed en ‘n dier wat verwurg is moet eet nie en dat hulle onsedelikheid moet vermy.

# BINNEGOED VAN DIERE

**OT= Lev. 3:3-5**, Dan bied hy uit die maaltydoffer vir die Here 'n vuuroffer aan, bestaande uit die vet wat die binnegoed bedek, die vet aan die binnegoed self, die twee niere met die vet aan wat teen die kruis is, en die punt van die lewer wat saam met die niere verwyder word. Die Aäroniete verbrand dit op die altaar, bo-op die brandoffer op die vuur. Dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word.

**8-11**, sit sy hand op die offerdier se kop en slag dit daar voor die tent van ontmoeting. Die Aäronitiese priesters sprinkel dan die bloed rondom teen die altaar. Dan bied die man uit die maaltydoffer vir die Here 'n vuuroffer aan, bestaande uit die vet, naamlik die hele vetstert, teen die stuitjie afgesny, die vet wat die binnegoed bedek, al die vet aan die binnegoed self, die twee niertjies met die vet aan wat teen die kruis is, en die punt van die lewer wat saam met die niertjies verwyder word. Die priester verbrand dit dan op die altaar. Dit is voedsel, dit is 'n vuuroffer vir die Here.
**14-16**; Dan bied die man uit sy offer vir die Here 'n vuuroffer aan, bestaande uit die vet wat die binnegoed bedek, al die vet aan die binnegoed self, die twee niertjies met die vet aan wat teen die kruis is, en die punt van die lewer wat saam met die niertjies verwyder word. Die priester verbrand dit op die altaar. Dit is voedsel, dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word. Al die vet is die Here s'n.
**4:8-9**; Hy verwyder ook al die vet van die sondeoffer bul, die vet wat die binnegoed bedek, dié aan die binnegoed self, die twee niere met die vet aan wat teen die kruis is, en die punt van die lewer wat saam met die niere verwyder word,

**7:3-4** Al die vet word aangebied: die vetstert, die vet wat die binnegoed bedek, die twee niertjies met die vet oor hulle teen die kruis en die lewer punt wat saam met die niertjies verwyder word.

# ISRAEL VERMAAN OM STERK DRANK TE VERMY

**OT=Lev. 10:9**; Jy en jou seuns mag geen wyn of bier drink wanneer julle moet gaan diens doen in die tent van ontmoeting nie, want dan sal julle sterwe. Dit is ‘n vaste voorskrif, ook vir julle nageslag

**Spr.20:1**; Wyn maak jou ligsinnig, drank laat jou lawaai maak; niemand wat van dronkenskap slinger is verstandig nie.

**23:20**,moet jou nie ophou met suiplappe en vrate nie.

**29-35**; Wie is dit wat sug en steun, wat rusie mak en kla onnodig seer kry en bloedbelope oë het. Dit is die wat tot laat sit en drink die wat aanhou proe aan drank. Moenie dat wyn jou verlei as dit so rooi is, so vonkel in die beker, so lekker smaak nie. Agterna pik hy soos ‘n slang, spoeg hy gif soos ‘n kobra. Dan sien jy vreemde dinge en praat vreemde dinge, dit voel of jy op die see lê, of jy bo-

op ‘n seilskip se tou werk lê, en jy dink: ek het dan nie seer gekry toe hulle my geslaan het nie, ek het nie gevoel toe hulle my aangeval het nie! Wanneer word ek wakker? Ek wil maar weer iets gaan soek om te drink.
**31:4-7**; Dit pas konings nie om te drink nie, Lemuel, dit pas hulle nie, dit pas mense met gesag nie om hulle aan drank oor te gee nie. As hulle drink, vergeet hulle wat die wet bepaal en laat hulle nie reg geskied aan al die minderbevoorregtes nie. Gee drank aan dié wat besig is om onder te gaan, laat dié wat swaar ly, drink; as so 'n mens drink, vergeet hy van sy armoede en dink hy nie meer aan sy moeilikheid nie.
**Is. 5:11**, Ellende wag vir dié wat vroeg in die môre opstaan om agter sterk drank aan te loop en hulle tot laataand dronk te drink aan wyn.
**22-23**; Ellende wag vir dié wat helde is by wyndrinkery, dapper by die meng van hulle drank, wat die skuldige vryspreek vir omkoopgeld, maar 'n onskuldige sy reg ontneem.
**28:7**; Maar ook die priesters en profete hier in Jerusalem slinger en waggel van dronkenskap; hulle slinger, hulle is beneweld, hulle waggel van die wyn en die drank; die profete slinger wanneer

hulle gesigte moet uitlê, die priesters loop twee rye spore wanneer hulle regsbeslissings moet maak.
**Ez. 44:21**; “Geen priester mag wyn drink wanneer hy in die binneste voorhof moet ingaan nie.
**Hab. 2:15** Ellende wag vir hom wat, toe hy vir 'n ander drank gegee het, dit met gif gemeng het en hom dronk gemaak het om na sy kaal geslagsdele te kan kyk.
**NT=Matt. 24:48-51**; “Maar as dit 'n slegte slaaf is, sal hy by homself dink: my eienaar bly lank weg. Dan sal hy die ander slawe begin slaan en saam met die dronkaards eet en drink. Die eienaar van daardie slaaf sal op 'n dag kom dat hy dit nie verwag nie, en op 'n uur wat hy nie vooraf weet nie. Dan sal sy eienaar hom laat doodmaak en hom die lot van huigelaars laat deel. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.”
**Luk 12:19;** Dan sal ek vir myself sê: ‘Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker.’
**21:34;** “Wees op julle hoede dat julle gees nie deur oormatige etery en drinkery en deur die sorge van die lewe afgestomp word nie en dat daardie dag julle nie onverhoeds soos 'n vangnet oorval nie.

**Rom. 13:13**; Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie.
**14:21**;  Dit is goed as 'n mens nie vleis eet of wyn drink of enigiets doen wat jou broer laat struikel nie.
**I Kor. 5:11**; Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself 'n gelowige noem, maar wat onsedelik of geldgierig of 'n afgodsdienaar of kwaad prater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie.
**6:9-10**; Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.
**I Thess. 5:6-7** Julle is tog almal mense van die lig, mense van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker bly en nugter wees. Die wat slaap, is van die nag; en dié wat hulle dronk drink, is van die nag.

# SWANGER VROU NIE OM TE DRINK

**OT=Rig 13:7**,Hy het vir my gesê; ’’Kyk ,jy is swanger en sal ‘n seun in die wêreld bring. Jy mag voortaan nie wyn of bier drink nie en ook nie enigiets onreins eet nie, want die kind sal van sy geboorte af tot met sy dood aan God gewy wees.
**14**; Sy mag nie die opbrengs van 'n wingerdstok eet nie, en sy mag nie wyn of bier drink nie. Sy mag ook nie iets onreins eet nie. Sy moet alles doen wat Ek vir haar gesê het.”
**I Sam. 1:15** Maar Hanna het geantwoord: “Nee, Meneer, ek is maar net 'n vrou wat diep terneergedruk is. Ek het nie wyn of bier gedrink nie. Ek het my hart uitgestort voor die Here.

# VERMANING TEEN OOREET

**OT=Spr. 23:1-3**,As jy aansit om saam met ‘n hoe amptenaar te eet, wees tevrede met wat jou voorgesit word en bedwing jou as jy ‘n groot eetlus het. Moenie sy lekker kos begeer nie, dit kan jou duur te staan kom.
21 want die suiplap en die vraat word arm .
**NT=Phil. 3:18-19** Ek het dikwels vir julle gesê en tot my verdriet moet ek dit nou herhaal: Daar is

baie wat as vyande van die kruis van Christus lewe. Die verderf is hulle einde; die maag is hulle god; hulle skande is hulle trots; hulle is aardsgesind.

# FAKTORE WAT GOD VERKLAAR SAL DIE LENGTE VAN DIE LEWE TE VERHOOG

## GETROUHEID AAN GOD SE WET

**OT=Deut. 5:33**; Bly op die pad wat die Here julle God vir julle aangewys hét, sodat julle kan bly lewe en voorspoedig wees en lank kan woon in die land wat julle in besit sal neem.
**30:15-16**; "Ek het vandag die lewe en die voorspoed, die dood en die teenspoed aan jou voorgehou. As jy die Here jou God liefhet en sy wil doen deur sy gebooie, sy voorskrifte en sy bepalings wat ek jou vandag gegee het, te gehoorsaam, sal jy lewe en baie word en sal die Here jou God jou voorspoedig maak in die land wat jy in besit gaan neem.
**32:38**; die gode deur wie die vet van hulle offers geëet is en die wyn van hulle drankoffers gedrink

is? Laat hulle na vore kom en julle help, laat hulle vir julle 'n skuiling wees!
**I Kon 3:14**; Ook wat jy nie gevra het nie, gee Ek aan jou: rykdom en aansien, sodat daar onder die konings niemand soos jy sal wees solank jy leef nie.
**Spr.13:13-14** Wie hom nie aan die woorde van die Here steur nie, sal die gevolge dra; wie eerbied het vir sy gebooie, sal die goeie vrugte pluk. Wat wyse mense jou leer, is 'n bron van lewe; dit laat jou die strikke van die dood vermy.

# WYSHEID EN VERSTAND

**OT=Spr. 3:13-16**; Dit gaan goed met die mens wat wysheid gevind het, wat insig as sy deel ontvang het, want dit bring meer winste in as silwer en lewer ‘n groter opbrengs as goud. Dit het meer waarde as edelstene; wat jy ook al as kosbaar beskou, niks kan daarmee vergelyk word nie. Die wysheid gee met die een hand ‘n lang lewe en met die ander rykdom en eer.
**Eccles. 7:12** Wysheid bied beskerming soos geld beskerming bied; kennis en wysheid verryk die lewe van hom wat dit besit.

# GEBED

**OT=II Kon 20:1-6** Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou trane gesien. Ek gaan jou gesond maak, en jy sal oormore weer na die huis van die Here toe kan gaan. Ek sal jou lewe met vyftien jaar verleng en jou en die stad red uit die mag van die koning van Assirie. Ek sal die stad beskerm ,om my ontwil en om my dienaar Dawid se ontwil.

# OUERS TE EER.

**OT=Eks. 20:12**; Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.

**Deut. 5:16** Jy moet daaraan dink dat jy in Egipte 'n slaaf was en dat die Here jou God jou deur sy groot krag en met magtige dade daaruit bevry het. Daarom het die Here jou God jou beveel om die Sabbatdag te onderhou.

**NT=Eph.6:2-3** “Eer jou vader en jou moeder” is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: “sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.”

# VREES VIR GOD

**OT=Spr. 10:27** Wie die Here dien ,lewe lank; wie sonder Hom lewe, se lewensjare is min.

# Geregtigheid

**OT=Spr. 12:28** Gehoorsaamheid aan God lei tot die lewe, dit is ‘n pad wat nie na die dood lei nie.

# 19 MILITERE WET

## OUDERDOM VAN SOLDATE

**OT=Num. 1:2-3**;Die Here het gesê; ’’Jy en Aaron moet al die Israeliete man vir man tel volgens afkoms en familie; skryf die name op van elke manlike persoon van twintig jaar en ouer, elkeen in Israel wat vir militêre diens geskik is wat in leërafdelings ingedeel is.
**26:2** “Neem 'n sensus op van die hele volk Israel, van elke Israeliet van twintig jaar en ouer wat vir militêre diens geskik is. Julle moet dit familie gewys doen.”

## DIE WAT VRYGESTEL WORD

**OT=Deut. 20:5-7**; Die leiers moet vir die volk se ;’’Wie het ‘n huis gebou en dit nog nie betrek nie? Hy moet teruggaan huis toe sodat hy nie in die oorlog omkom en ‘n ander sy huis betrek nie. Wie het ‘n wingerd geplant en nog nie van sy vrugte geëet nie? Hy moet teruggaan huis toe sodat hy nie in die oorlog omkom en ‘n ander van sy wingerd eet nie. Wie het verloof geraak maar is nog nie getroud nie? Hy moet teruggaan huis toe

sodat hy nie in die oorlog omkom en ‘n ander met sy verloofde trou nie.
**24:5** “Wanneer 'n man pas getroud is, mag hy nie saam met die leër optrek om te gaan oorlog maak nie. Hy mag ook nie met enige verpligting belas word nie. 'n Jaar lank moet hy van alles vrygestel wees om sy vrou met wie hy getroud is, gelukkig te maak.

# DIE BANG

**OT=Deut. 20:8** Verder moet die leiers nog vir die volk se;’ ’Wie is bang? Wie bewe? Hy moet teruggaan huis toe sodat hy nie sy volksgenote laat moedverloor soos hy nie.’’

# REINHEID VAN DIE KAMP

**OT=Num. 31:19-20**;Die van julle wat iemand doodgemaak het of aan ‘n lyk geraak het, moet sewe dae buite die kamp bly. Op die derde en die sewende dag moet julle julleself en julle gevangenes reinig. Julle moet ook al julle klere en alles wat van vel of bokhaar of hout gemaak is, reinig.
**Deut. 23:9-14** “Wanneer jy optrek teen jou vyande, moet jy oppas dat jy nie iets verkeerds

doen nie. As daar iemand by jou is wat nie rein is nie op grond van iets wat in die nag met hom gebeur het, moet hy uit die kamp uit gaan. Hy mag nie in die kamp wees nie. Teen die aand moet hy hom was en na sononder mag hy in die kamp inkom. Jy moet 'n plek buite jou kamp hê waarheen jy kan uitgaan. By jou uitrusting moet daar 'n stok wees en as jy jou buite wil gaan ontlas, moet jy 'n gat grawe met die stok en as jy klaar is, moet jy alles toekrap. Die Here jou God gaan saam met jou in jou kamp om jou te bevry deur jou vyande in jou mag oor te gee, en daarom moet jou kamp rein wees. As die Here iets onbetaamliks by jou sien, sal Hy jou verlaat."

# ISRAELIETE MOET BID WANNER IN OORLOG IN GESTUUR WORD

**OT=I Kon 8:44-45** Sou u volk teen sy vyande uittrek in 'n oorlog wat deur U beveel is, en hulle bid tot U die Here in die rigting van hierdie stad wat U gekies het en die huis wat ek vir u Naam gebou het, luister tog uit die hemel na hulle gebed en hulle smeking en gee hulle die oorwinning.

# VREDESAANBOD MOET GEMAAK WORD

**OT=Deut. 20:10-12** Wanneer jy teen ‘n stad optrek om daarteen te veg moet jy ‘n vredesaanbod maaskaas die stad die vredes aanbod aanvaar en sy poorte vir jou oopgooi, moet al sy inwoners jou dwangarbeiders word en vir jou werk. Maar as die stad nie met jou vrede sluit nie en teen jou wil oorlog maak moet jy dit beleer.

# VRUGTE BOME MOET GESPAAR WORD.

**OT=Deut. 20:19-20** Wanneer jy ‘n stad ‘n lang ruk beleer terwyl jy daarteen oorlog maak om dit in te neem, moet jy nie sy bome verwoes en dit afkap nie, want jy moet die vrugte daarvan eet. Jy mag dit nie afkap nie, want jy moet die vrugte daarvan eet. Jy mag dit nie afkap nie, want die bome op die land is nie mense dat jy teen hulle moet veg nie.Net bome wat jy weet nie vrugte dra wat geëet kan word nie, mag jy beskadig. Jy kan hulle afkap om beleë ringswerke te bou teen die stad wat met jou oorlog maak solank jy dit nog nie ingeneem het nie.’’

# BUIT

**OT= Deut. 20:14**; maar die vrouens en klein kindertjies die vee en alles wat in die stad is alles wat gebuit kan word, moet jy buitmaak sodat jy kan geniet wat jy by jou vyand buitgemaak het, wát die Here jou God vir jou gegee het.
**Joshua 11:14** Die Israeliete het die buit en die vee van die stede gevat, maar al die mense doodgemaak. Hulle het die mense heeltemal uitgeroei. Nie een het bly lewe nie.

# BEHANDELING VAN GEVANGENISSE

**OT=Num. 21:2-3** Israel het 'n gelofte aan die Here gedoen: “As U hierdie volk en hulle stede in ons mag gee, sal ons hulle stede as brandoffers aan U offer. Die Here het die gebed verhoor en die Kanaäniete in Israel se mag oorgegee. Hulle het toe die Kanaäniete verslaan en hulle stede heeltemal verwoes. Daarom word die plek Gorma genoem.,
**35**; Die Israeliete het vir Og saam met sy seuns en sy hele leër verslaan. Nie een van sy mense het

oorgebly nie. Die Israeliete het ook sy land in besit geneem.
**31:11-12**, Daarna het die Israeliete alles wat hulle gebuit en geroof het, mens en dier, gevat en die gevangenes, die roof en die buit na Moses en die priester Eleasar en die volk Israel toe gebring in die kamp in die Moabsvlakte regoor Jerigo aan die Jordaan.
**17-18**; Maak al die seuntjies dood en elke vrou wat al met 'n man gemeenskap gehad hét. Maar elke dogter wat nog nie met 'n man gemeenskap gehad het nie, mag julle laat lewe en vir julle vat.
**Deut. 20:13-18**; Die Here jou God sal dit in jou mag oorgee. Dan moet jy al die manlike inwoners daarvan om die lewe bring, maar die vrouens en klein kindertjies, die vee en alles wat in die stad is, alles wat gebuit kan word, moet jy buitmaak sodat jy kan geniet wat jy by jou vyand buitgemaak het, wat die Here jou God vir jou gegee het. Dit moet jy doen met al die stede wat baie ver van jou af is, met die stede wat nie aan hierdie nasies hier by jou behoort nie. Uit die stede van hierdie volke wat deur die Here jou God aan jou as besitting gegee word, mag jy niks laat bly lewe nie. Jy moet die Hetiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete om die lewe bring as 'n brandoffer

aan die Here jou God soos Hy jou beveel het. Hulle mag julle nie leer om al die afskuwelike afgodsbeelde te maak wat hulle vir hulle as gode gemaak het nie. Hulle mag julle nie teen die Here julle God laat sondig nie.
**Joshua 11:14** Die Israeliete het die buit en die vee van die stede gevat, maar al die mense doodgemaak. Hulle het die mense heeltemal uitgeroei. Nie een het bly lewe nie.

# ISRAEL MOET TERUG KEER IN GEBID WANNER GEVANGE GENEEM WORD

**OT=I Kon 8:46-50** Sou hulle teen U sondig, want daar is nie 'n mens wat nie sondig nie, en U in u verontwaardiging hulle aan 'n vyand oorgee, sodat hulle as gevangenes weggevoer word na die vyand se land toe, ver of naby, en hulle daar in dié land waar hulle gevangenes is, tot inkeer kom en hulle weer tot U wend en U daar in die land van hulle gevangenskap smekend aanroep: ‘Ons het gesondig, ons het verkeerd gedoen, ons is skuldig, en hulle tot U wend met hart en siel in die land van hulle vyande wat hulle gevange hou, en hulle bid

tot U in die rigting van hulle land wat U aan hulle voorvaders gegee het en van die stad wat deur U gekies is en die tempel wat ek vir u Naam gebou het, luister tog uit die hemel, uit u woonplek, na hulle gebed en smeking en neem hulle straf weg en vergeef u volk wat teen U gesondig het, vergeef hulle al hulle opstandigheid teen U en laat dié wat hulle gevange hou, met hulle medelye hê,

# OORSAAK VAN OORLOG MOET GEREGTIG WEES

**NT=Jak 4:1-2** Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie? Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle. Julle kry nie, omdat julle nie bid nie.

# DIT IS GOD WAT ONS VREDE GEE

**OT=Lev. 26:6**; Ek sal vrede gee in die land sodat julle rustig kan slaap: Ek sal die ongediertes uitroei en daar sal nie oorlog in julle land kom nie.

**Psalm 4:8**; U het my reeds groter vreugde laat belewe as wat daar is by mense wat koring en wyn in oorvloed het.
**29:11**; Die Here gee krag aan sy volk; die Here seën sy volk met oorvloed.
**46:9**; Kom kyk wat die Here gedoen het, watter ontsettende dinge Hy op die aarde tot stand bring:
**147:14**; Hy het in jou grondgebied vrede gegee, jou met die beste graan gevoed.
**Is. 26:12**; U regeer in vrede oor ons, Here, U doen alles vir ons.
**45:7**; Ek maak die lig en skep die donker; Ek gee voorspoed en skep rampspoed. Ek is die Here, Ek doen al hierdie dinge.
**Haggai 2:9** Die roem van die tempel sal in die toekoms groter wees as in die verlede, sê die Here die Almagtige. Op hierdie plek sal Ek vrede gee, sê die Here die Almagtige.

# VREDE KOM NET DEUR GOD SE WETTE

**OT=II Kron. 14:2-7**; Asa het gedoen wat goed en reg is in die oë van die Here sy God. Hy het die altare van vreemde gode en die hoogtes laat verwoes, die klip pilare laat stukkend slaan en die

gewyde pale laat afkap. Hy het bevel gegee dat Juda aan die Here, die God van hulle voorvaders, gehoorsaam moet wees deur sy wil te doen en sy gebooie na te kom. Hy het die hoogtes en die wierookaltare in al die stede van Juda laat verwoes. Onder hom het die land vrede gehad. Omdat die land vrede gehad het, en Asa nie oorlog moes voer nie, het hy in dié jare vestingstede in Juda gebou. Die Here het hom rus gegee, en daarom het hy vir Juda gesê: “Laat ons dié stede versterk met mure en torings, poorte en sluitbalke. Die land is nog ons s'n, want ons is gehoorsaam aan die Here ons God, en Hy het ons na alle kante toe rus gegee.” Hulle was dan ook voorspoedig met die bouwerk.
**15:2**, Hy het Asa tegemoet gegaan en vir hom gesê: “Luister na my, Asa en alle manne van Juda en Benjamin: As julle by die Here is, sal Hy by julle wees; as julle na Hom vra, sal Hy Hom deur julle laat vind; maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat.
**12**, Hulle het ook 'n verbond gesluit om aan die Here die God van hulle voorvaders gehoorsaam te wees met hulle hele hart en siel.
**15**, Die hele Juda het hulle verheug oor die eed, want hulle het dit met hulle hele hart afgelê. Dit

was vir hulle 'n vreugde om na die Here te vra, en Hy het Hom deur hulle laat vind en hulle rus gegee na alle kante toe.
**19**; Tot sy vyf en dertigste regerings jaar was daar nie oorlog nie.
**Psalm 85:8;** Laat ons u troue liefde belewe, skenk ons u reddende hulp, Here.
**119:165**; Vir dié wat u wet liefhet, is daar groot sekerheid; niks kan hulle laat struikel nie.
**Spr. 3:1-2**; My seun, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie, hou vas aan wat ek jou voorskryf, want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker, dit sal maak dat jy 'n vol lewe het.
**16:7**; As die Here tevrede is met 'n mens se lewe, laat Hy selfs so 'n mens se vyande in vrede met hom lewe.
**Is. 26:3**; Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue op U gestel.
**32:17**, Wie reg doen, sal vrede hê; wie volhard in reg doen, sal vir altyd rus en sekerheid geniet.
**18**; My volk sal in rustige velde woon, in veilige wonings, op plekke waar daar rus is en geen sorge nie.
**48:18** As jy maar aan my gebooie gehoorsaam was, sou daar voorspoed en redding vir jou gekom

het, so onkeerbaar soos 'n rivier, soos die golwe van die see
**NT=Jak 3:18** Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.

# 20 PERSOONLIKE EIENDOM

## EERLIK HAND MET DIE VERKOOP BESITTINGS

**OT=Lev. 25:14** Wanneer julle grond verkoop of koop, moet julle mekaar nie uitbuit nie.

## BELOFTES GEGEE VIR SKULD IN DIE HERSTEL JAAR ( ELKE 50 JAAR )

**OT=Lev. 25:8-13** Daar moet ‘n landswye afskrywing van skuld geproklameer word. Dit moet vir almal ‘n herstel jaar wees; elke Israeliet moet sy grond terug kry en mag na sy familie terug gaan. Hierdie vyftigste landbouseisoen moet julle herstel jaar wees. Julle mag nie saai nie en ook nie die opslaggraan of ongesnoeide wingerde afoes nie, maar julle moet eet van wat die veld opgelewer het; die herstel jaar is ‘n gewyde jaar.

# ISRAEL MOET N SYSTEEM VAN GEWIGTE EN MEETING HE

**OT=Lev. 19:35-36**; Julle mag nie bedrog pleeg wanneer julle meet of weeg of inhoud bepaal nie. Julle moet ‘n betroubare skaal en die regte gewigte en inhoudsmate gebruik. Ek is die Here julle God wat julle uit Egipte laat wegtrek het.

**Deut. 25:13-15**; “Jy mag nie met gewigte werk wat nou sus dan so, nou groot dan klein is nie. “Jy mag nie met inhoudsmate werk wat nou sus dan so, nou groot dan klein is nie. “Jy moet billik en regverdig afweeg en afmeet. Dan sal jy lank leef in die land wat deur die Here jou God aan jou gegee word.

**Spr. 11:1**; Die Here het 'n afsku van 'n skaal wat nie reg weeg nie; net die regte gewig dra sy goedkeuring weg.

**20:10**; Die Here het 'n afsku van mate en gewigte wat nou sus en dan so is.

**Amos 8:5**; Julle sê: “Wanneer is Nuwemaan verby dat ons koring kan verkoop, of Sabbat, dat ons ons graan winkels weer kan oopmaak en minder graan vir meer geld kan verkoop? Ons laat die skaal mos kul soos ons wil!”

**Miga 6:11** Moet Ek die eienaar van 'n onbetroubare weegskaal vryspreek, een met 'n sak vol vals gewigte?
**NT=II Kor. 8:21**; Ons is daarop gesteld om korrek op te tree, nie alleen voor die Here nie, maar ook voor die mense.

# BELASTING ONDER GOD SE WET

**OT=Gen. 14:20**;Geloof sy God die Allerhoogste! Hy het jou vyand in jou mag oorgegee.'' Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee.
**28:22**;Hierdie klip pilaar wat ek regop gesit het sal 'n tempel wees, en van alles wat U my gee, sal ek vir U 'n tiende gee.
**Eks. 23:19**; Die beste uit die eerste opbrengs van jou lande moet jy bring na die huis van die Here jou God toe.
**Lev. 27:30-33**; "Een tiende van al die produkte van die land behoort aan die Here, of dit nou graan of vrugte is. Dit is aan die Here gewy. As iemand daarvan wil terugkoop, moet hy die los koopwaarde daarvan plus twintig persent betaal. "Een tiende van die beeste en kleinvee behoort aan die Here. Die diere moet getel word, en al om die tiende dier wat verbykom, moet vir die Here afgekeer word. Daar mag nie goeies of slegtes

uitgesoek word nie, en 'n dier wat afgekeer is, mag nie omgeruil word nie. As iemand so 'n dier probeer omruil, word albei diere die Here se eiendom. Daar mag nie teruggekoop word nie.”

**Num. 18:24**, Ek gee aan die Leviete as hulle besitting die tiendes wat die Israeliete as offergawe aan die Here bring. Dit is waarom Ek vir hulle gesê het dat hulle nie 'n deel van die land saam met die Israeliete kry nie.”

**26-29**; “Sê vir die Leviete: As julle die tiende wat Ek vir julle as besitting gee, van die Israeliete ontvang, moet julle 'n tiende daarvan as 'n offergawe aan die Here bring. Julle offergawe sal beskou word asof dit koring is wat van die dorsvloer af kom en asof dit uit die volle opbrengs van die parskuip kom. So moet ook julle van al die tiendes wat julle van die Israeliete ontvang, 'n offergawe aan die Here bring. Wat die Here daarvan toekom as offergawe, moet julle aan die priester Aäron gee. Van alles wat aan julle gegee word, moet julle die beste en die mees gewyde deel as offergawe aan die Here bring.

**Deut. 12:6,** en julle brandoffers en ander offers bring, ook julle tiendes en ander bydraes, julle gelofte offers en vrywillige offers, die eerstelinge van julle groot- en kleinvee.

**11**; Daar is die plek wat die Here julle God sal kies om sy Naam daar te laat woon en daarheen moet julle al die offers bring soos ek julle beveel het: julle brandoffers en ander offers, julle tiendes en ander bydraes, en al die gelofte offers wat julle aan die Here beloof het.
**14:22-23**, "Jy moet elke jaar 'n tiende van die opbrengs van jou gesaaides, van wat op jou land groei, opsy sit: jy moet dit in die teenwoordigheid van die Here jou God eet op die plek wat Hy sal kies om sy Naam daar te laat woon. Jy moet die tiende opsy sit van jou koring, jou wyn en jou olie en dan ook nog die eerstelinge van jou grootvee en jou kleinvee, sodat jy kan leer om die Here jou God altyddeur te eer.
**28**; "Om die drie jaar moet jy die volle tiende van daardie jaar se opbrengs in jou dorpe gaan wegpak.
**16:10**, Vier die fees van die weke tot eer van die Here jou God. In die mate waarin die Here jou God jou met voorspoed geseën het, moet jy 'n vrywillige offer vir Hom bring.
**17**; Elkeen moet 'n geskenk bring in die mate waarin die Here jou God jou voorspoedig gemaak het."

**26:12**; “Om die drie jaar is dit 'n jaar van tiendes. Dan moet jy 'n tiende van die opbrengs van jou land opsy sit. As jy dit opsy gesit het, moet jy dit gee aan die Leviet, die vreemdeling, die weeskind en die weduwee dat hulle in jou stede genoeg kan hê om te eet.
**II Kron. 31:5-6**, Namate die bevel bekend geword het, het die Israeliete die eerste opbrengste aan koring, wyn, olie, heuning en alles wat die land opgelewer het, ingebring, en ook die tiendes van alles, in groot hoeveelhede. Ook die Israeliete wat in die stede van Juda gewoon het, en die mense van Juda self, het hulle tiendes uit die groot- en kleinvee ingebring en hulle het die gawes wat aan die Here hulle God gewy was, kom neersit, hope en hope.
**12**; Die offergawes, die tiendes en die gewyde gawes het getrou ingekom. Die Leviet Kenanja moes daaroor toesig hou, en sy ampsgenoot Simi was tweede in bevel.
**Neh. 10:37-38**; “Ons sal die eerste deeg ná die oes, ons offergawes en die eerstelinge van alles wat ons bome oplewer, van ons wyn en olie, na die opslagplekke van die huis van ons God bring vir die priesters, en die tiendes van ons gesaaides vir die Leviete. “Die Leviete sal tiendes insamel in

al die stede waar ons werk. 'n Priester uit die nageslag van Aäron sal die Leviete vergesel wanneer hulle tiendes insamel. Die Leviete sal een tiende van die ingesamelde tiendes na die huis van ons God toe bring, na die opslagplekke by die voorraadkamer toe.
**13:12**; Die hele Juda het daarna die tiendes van koring, wyn en olie ingebring na die voorraadkamers toe.
**Spr. 3:9**; Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes,
**Mal. 3:8-11** Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: "Waarvan beroof ons U?" Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle My beroof; die hele nasie doen dit. Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. Ek sal die sprinkane keer dat hulle nie die oes op julle land vernietig nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte is nie, sê die Here die Almagtige.
**NT=Matt. 23:23**; "Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee

tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie.
**Luk 11:42**; Maar ellende wag vir julle, Fariseërs, want julle gee tiendes van kruisement en wyn uit en elke soort kruie, maar verontagsaam die geregtigheid en die liefde vir God. Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie.
**18:12**; Ek vas twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste.'
**Hand 20:35**; Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."
**I Kor. 16:2**; Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie.
**II Kor. 9:6-8**; Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes. Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie,

want God het die blymoedige gewer lief. En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.
**Heb. 7:2, 4-9** Let nou op hoe groot hierdie man was aan wie Abraham, die stamvader, 'n tiende van die beste oorlogsbuit gegee het. Die priesters wat van Levi afstam, het volgens die bepaling van die wet die reg om 'n tiende in te vorder van die volk, dit wil sê van hulle broers, wat net soos hulle ook afstammelinge van Abraham is. Maar Melgisedek, wat nie van Levitiese afstamming was nie, het van Abraham 'n tiende geneem en hom, aan wie God sy beloftes gegee het, geseën. Dit is onbetwisbaar dat dit altyd die mindere is wat deur die meerdere geseën word. In die geval van die Levitiese priesters is dit sterflike mense wat tiendes invorder, maar in die geval van Melgisedek iemand van wie getuig word dat hy lewe. 'n Mens kan sê dat ook Levi, wat tiendes invorder, deur Abraham aan Melgisedek die tiende gegee het,

# DOEL VAN BELANSTING
# SONDE OFFERING

**OT=Lev. 5:11**; As twee tortel duiwe of twee ander duiwe bo die persoon se vermoë is bring, hy as offer vir sy sonde twee kilogram meel as sondeoffer. Hy gooi nie olie daarop nie en sit nie wierook bo-op nie, want dit is ‘n sondeoffer.
**Lev. 14:21-24**; “As die persoon egter so arm is dat hy nie gewone offers kan bekostig nie, kan hy 'n ramlam gebruik as skuldoffer. Dit moet as beweeg offer aangebied word om vir hom versoening te doen, saam met 'n graanoffer bestaande uit een en 'n half kilogram meel wat met olyfolie aangemaak is en 'n halwe liter olyfolie. Verder moet hy twee tortelduiwe of twee ander duiwe gebruik, een vir die sondeoffer en een vir die brandoffer. Hy moet dit op die agtste dag van sy reiniging vir die priester bring na die ingang van die tent van ontmoeting toe, in die teenwoordigheid van die Here. Die priester moet dan die skuldofferlam en die halwe liter olie as beweeg offer vir die Here aanbied.

# TEMPEL DIENS

**OT=Eks. 30:11-16**; Die Here het verder vir Moses gesê; ’’Wanneer jy die Israeliete tel ,moet elkeen wanneer hy getel word, ’n versoening offer vir sy lewe aan My , die Here ,offer. Dan sal hy nie deur ‘n ramp getref word wanneer hy getel word nie. Elkeen wat kom om getel te word, moet met silwer betaal, ses gram volgens die standaard gewig van die heiligdom. Die ses gram is ‘n offergawe vir My, die Here. Elkeen van twintig jaar en ouer wat kom om getel te word, moet die offergawe vir My bring. Die ryke moet nie meer  en die arme nie minder as die offergawe van ses gram silwer vir My bring as versoeningsoffer vir sy lewe nie. Jy moet die versoenings geld by die Israeliete insamel en dit aan die priesters gee vir die diens in die tent van ontmoeting. Die versoenings geld sal My die Here, laat dink aan die Israeliete en sal hulle lewens loskoop.’’

**III Kron. 24:6**, en die koning het die hoëpriester Jojada laat roep en vir hom gevra: “Waarom het jy nie toegesien dat die Leviete die bydraes uit Juda en Jerusalem inbring nie? Dit is tog die bydraes wat Moses, die dienaar van die Here, van die gemeente van Israel gevra het vir die tent met die getuienis!”

**9** en in Juda en in Jerusalem is aangekondig dat die bydraes wat Moses, die dienaar van die Here, in die woestyn al van Israel gevra het, vir die Here gebring moes word.

# AS N VOLK MAG TE REGEER

**NT=Matt. 22:15-21**;Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal, of is dit nie ? Maar Jesus het deur hulle valsheid gesien en vir hulle gesê; ’’Huigelaars! Wys vir My die muntstuk waarmee die belasting betaal word. ’Hulle bring toe die muntstuk vir Hom en Hy vra vir hulle; ’Wie se kop en naam is hierop?’’. ‘’Die keiser s’n, ’antwoord hulle. Jesus se vir hulle; ’Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort en aan God wat aan God behoort.’’

**Luk 2:1-3**; In daardie tyd het keiser Augustus 'n bevel uitgevaardig dat 'n volkstelling in die hele ryk gehou moet word. Hierdie eerste volkstelling het plaasgevind toe Sirenius goewerneur was in die provinsie Sirië. Almal het gegaan om hulle te laat inskryf, elkeen na sy eie stad toe.

**20:25**; Toe sê Hy vir hulle: “Nou ja, gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort.”

**Rom. 13:6-7** Dit is ook waarom julle belasting betaal, want die owerhede is dienaars van God en hulle is besig om hulle opdrag uit te voer. Gee dus aan almal wat hulle toekom: belasting as dit belasting is, aksyns as dit aksyns is, ontsag as dit ontsag is, eer as dit eer is.

# SENUS NEEM N MANIER VAN BELASTING

**OT=Num. 3:40**, Die Here het ook vir Moses gesê; ’’Tel al die manlike eersgeborenes van die Israeliete van ‘n maand en ouer, en maak ‘n lys van hulle name.

**42-43** Moses het toe volgens die bevel van die Here al die eersgeborenes van die Israeliete getel. Die manlike eersgeborenes van 'n maand en ouer wie se name opgeskryf is, was twee en twintig duisend twee honderd drie en sewentig.

# BEDRAG VAN TIENDES

**OT=Gen. 28:22**; Hierdie klip pilaar wat ek regop gesit het. Sal ‘n tempel wees, en van alles wat U my gee, sal ek vir U ‘n tiende gee.

**Lev. 27:32** Een tiende van die beeste en kleinvee behoort aan die Here. Die diere moet getel word,

en al om die tiende dier wat verbykom ,moet vir die Here afgekeer word.
**NT=Heb. 7:2**, en dit is ook aan hom dat Abraham 'n tiende van al die oorlogsbuit gegee het. In die eerste plek, sy naam Melgisedek beteken: koning van geregtigheid; en hy was ook koning van Salem, en dit beteken: koning van vrede.
**4** Let nou op hoe groot hierdie man was aan wie Abraham, die stamvader, 'n tiende van die beste oorlogsbuit gegee het.

# PRIESTERS VRYGESTEL VAN BELASTING EN TOL

**OT=Esra 7:24** Neem ook kennis dat julle nie gemagtig is om belasting, heffing of tol te eis van enige priester, Leviet, tempelsanger, poortwag, tempelslaaf of enigeen wat in die tempel van hierdie God werk nie.

# EEN TIENDE VAN TIENDES VAN ISRAEL MOET VIR LEVIETE GEGEE WORD

**OT=Num. 18:21** Vir die dienswerk wat die Leviete in die tent van ontmoeting verrig, gee Ek aan hulle

as hulle besitting al die tiendes wat die Israeliete as offergawes bring.

# EERSGEBORE WORD AAN GOD GEGEE

**OT=Eks. 13:2**,Julle moet elke eersgeborene aan My wy, elke eersteling wat in Israel gebore word, mens en dier. Dit is Myne.

**12**,moet julle elke manlike eersteling wat gebore word, aan die Here wy, en ook elke manlike eersteling van julle vee vir die Here afstaan.

**13**, Elke eerste hingsvulletjie van 'n donkie moet julle egter met 'n skaap loskoop. As julle hom nie kan loskoop nie, moet julle sy nek breek. Julle moet ook al julle eersgebore seuns loskoop.

**15**; want toe die Farao te hardkoppig was om ons te laat trek, het die Here al die eerstelinge van die Egiptenaars laat sterwe, mens en dier. Om hierdie rede offer ons die manlike eersteling van elke dier aan die Here, maar koop ons elke eersgebore seun los.’

**22:29**; “Moenie talm met jou offers uit jou graan- en wynoes nie. “Die eersteling van jou seuns moet jy vir My gee.

**34:20**; Julle moet elke donkie se eerste hingsvulletjie loskoop met 'n skaap. As julle dit nie doen nie, moet julle die vul se nek breek. Alle eersgebore seuns moet ook losgekoop word. “Niemand mag sonder 'n offer voor My verskyn nie.
**Num. 3:13**; Al die eersgeborenes is Myne: die dag toe Ek al die eersgeborenes van die Egiptenaars omgebring het, het Ek dié van Israel, van mens en dier, vir My opgeëis; hulle behoort aan My. Ek is die Here.”
**8:16-18** Van alle Israeliete behoort die Leviete in 'n besondere sin aan My, want Ek het hulle in die plek van al Israel se eersgebore seuns as my besondere eiendom vir My opgeëis. Toe Ek al die eersgeborenes in Egipte getref het, het Ek die eersgeborenes van mens en dier in Israel vir My afgesonder. Die Leviete het Ek toe in die plek van Israel se eersgebore seuns geneem.
**NT=Luk 2:23** In die wet van die Here staan immers geskrywe: “Elke eersteling van die manlike geslag moet vir die Here afgesonder word.”

# EERSGEBORE DIERE BEHOORT AAN GOD

**OT=Eks. 13:2**,Julle moet elke eersgeborene aan My wy, elke eersteling wat in Israel gebore word, mens en dier. Dit is Myne.
**12**, moet julle elke manlike eersteling wat gebore word, aan die Here wy, en ook elke manlike eersteling van julle vee vir die Here afstaan.
**13**; Elke eerste hingsvulletjie van 'n donkie moet julle egter met 'n skaap loskoop. As julle hom nie kan loskoop nie, moet julle sy nek breek. Julle moet ook al julle eersgebore seuns loskoop.
**22:30**; Dit geld ook van jou beeste en kleinvee. Sewe dae kan die eerstelinge by hulle ma's bly, maar op die agtste dag moet jy hulle vir My gee.
**34:19-20**; “Elke eersgebore seun behoort aan My; so ook al die manlike eerstelinge van julle beeste en skape. Julle moet elke donkie se eerste hingsvulletjie loskoop met 'n skaap. As julle dit nie doen nie, moet julle die vul se nek breek. Alle eersgebore seuns moet ook losgekoop word. “Niemand mag sonder 'n offer voor My verskyn nie.
**Deut. 15:19-22** “Jy moet elke manlike eersteling wat daar onder jou grootvee en jou kleinvee

gebore word, aan die Here jou God wy. Jy mag nie die eersteling van jou grootvee laat werk nie, en die eersteling van jou kleinvee mag jy nie skeer nie. Jy en jou familie moet dit elke jaar in die teenwoordigheid van die Here jou God eet op die plek wat Hy gekies het. Maar as die eersteling 'n liggaamsgebrek het, as hy lam of blind is of enige ander liggaamsgebrek het, mag jy hom nie as offer vir die Here jou God bring nie. Jy moet dit dan in jou woonplek eet en enigiemand, rein of onrein, mag daarvan eet asof dit 'n ribbok of 'n takbok is.

# EERSTE VRUGTE BEHOORT AAN GOD

**OT=Eks. 22:29**; Moenie talm met jou offers uit jou graan- en wynoes nie.

**23:19**;Die beste uit die eerste opbrengs van jou lande moet jy bring na die huis van die Here jou God toe.

**Deut. 18:4**; jy moet vir die priester die beste deel gee van jou koringoes en jou wynoes, van jou olie-opbrengs en jou wolskeersel.

**26:10**; Dit is die rede waarom ek nou die eerste opbrengs van die land wat deur die Here aan my gegee is, gebring het.’ Dan moet jy dit neersit in

die teenwoordigheid van die Here jou God en Hom aanbid.
**Lev. 27:30** “Een tiende van al die produkte van die land behoort aan die Here, of dit nou graan of vrugte is. Dit is aan die Here gewy.

## TIENDES BEHOORT AAN GOD

**OT=Lev. 27:30**; Een tiende van al die produkte van die land behoort aan die Here, of dit nou graan of vrugte is. Dit is aan die Here gewy.
**Mal. 3:8-10** Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: “Waarvan beroof ons U?” Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle My beroof; die hele nasie doen dit. Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.

## MOET GEGEE WORD SONDER DIT GESIEN WORD

**NT=Matt. 6:1-4** ‘’Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te

word nie, want dan kry julle geen beloning van julle Vader wat in die hemel is nie. As jy byvoorbeeld armes help, moet dit nie uitbasuin nie. Dit doen die skynheiliges in die sinagoges en op straat, sodat mense met lof van hulle kan praat. Dit verseker Ek julle; Hulle het hulle beloning klaar weg. Nee, as jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.''

# GEE VOLGENGS VERMOE

**OT=Deut. 16:17** Elkeen moet ‘n geskenk bring in die mate waarin die Here jou God jou voorspoedig gemaak het.

**NT=I Kor. 16:1-2** Wat die kollekte vir die gelowiges in Jerusalem betref, moet julle ook maak soos ek dit in die gemeentes van Galasië gereël het. Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie.

# GEE MET BLYMOED

**NT=II Kor. 9:7** Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.

# GEE IN OORVLOED

**NT=II Kor. 9:6** Dink daaraan: wie karig saai ,sal karig oes; en wie volop saai ,sal volop oes.

# VERSOENINGS BELASTING

**OT=Eks. 30:12-16** ’’Wanneer jy die Israeliete tel ,moet elkeen wanneer hy getel word, ’n versoening offer vir sy lewe aan My , die Here , offer. Dan sal hy nie deur ‘n ramp getref word wanneer hy getel word nie. Elkeen wat kom om getel te word, moet met silwer betaal, ses gram volgens die standaard gewig van die heiligdom. Die ses gram is ‘n offergawe vir My, die Here. Elkeen van twintig jaar en ouer wat kom om getel te word, moet die offergawe vir My bring. Die ryke moet nie meer  en die arme nie minder as die offergawe van ses gram silwer vir My bring as versoeningsoffer vir sy lewe nie. Jy moet die versoenings geld by die Israeliete insamel en dit aan die priesters gee vir die diens in die tent van

ontmoeting. Die versoenings geld sal My die Here, laat dink aan die Israeliete en sal hulle lewens loskoop.’’

# VRYWILLIGE OFFERINGS

**OT=Lev. 1:3**; As dit ‘n brandoffer uit die beeste is bied die man ‘n bul aan sonder liggaamsgebrek. Hy bied dit aan by die ingang van die tent van ontmoeting sodat dit vir die Here aanneemlik sal wees.

**22:17-21** Die Here het vir Moses gesê: “Sê vir Aäron, vir sy seuns en vir al die Israeliete: Wanneer enige Israeliet of vreemdeling in Israel aan die Here 'n brandoffer wil bring, moet dit vir die Here aanneemlik wees, of dit nou bedoel is om geloftes na te kom en of dit bedoel is as vrywillige offers. Dit moet 'n bul, 'n skaapram of 'n bokram wees en sonder liggaamsgebrek.

Geen dier wat 'n liggaamlike tekortkoming het, mag geoffer word nie, want die Here sal dit nie van julle aanneem nie. Wanneer iemand 'n maaltydoffer aan die Here bring om 'n gelofte na te kom of as 'n vrywillige offer, is 'n bees of 'n stuk kleinvee sonder liggaamsgebrek aanneemlik. Die dier mag nie enige liggaamlike tekortkominge hê nie:,

**29**; “Wanneer julle 'n dankoffer aan die Here bring, moet julle dit so doen dat dit vir die Here aanneemlik is.
**Num. 15:1-3**; Die Here het vir Moses gesê: “Sê vir die Israeliete: As julle in die land kom wat Ek vir julle as woonplek gee, en julle vir My, die Here, van julle beeste of kleinvee 'n vuuroffer wil aanbied wat vir My aanvaarbaar is, 'n brandoffer of 'n ander diereoffer om 'n gelofte te betaal of as vrywillige offer, of by julle feestye,
**Deut. 16:10** Vier die fees van die weke tot eer van die Here jou God. In die mate waarin die Here jou God jou met voorspoed geseën het, moet jy 'n vrywillige offer vir Hom bring.

# MISBRUIK VAN BELASTING LEI TOT REBELIE

**OT=I Kon 12:14-19** My pa het ‘n swaar juk op julle gele, ek gaan die juk nog swaarder maak; my pa het julle met swepe geslaan ek sal julle met gesels slaan’ ’Die koning het nie aan die versoek van die volk voldoen nie. Dit was ‘n beskikking van die Here sodat Hy sy belofte kon hou wat Hy deur Agija van Silo aan Jerobeam seun van Nebat

gegee het. Toe die Israeliete hoor dat die koning nie aan hulle versoek voldoen het nie, het hulle vir hom gesê; ’’Dawid is nie deel van ons nie; ons het niks aan Isai se seun nie! Elkeen terug na sy woonplek toe, Israel ! Kyk nou maar na jou eie huis Dawid! ’’Israel is toe na sy eie woongebied toe. Rehabeam het net koning geword oor die Israeliete wat in die stede van Juda gewoon het. Koning Rehabeam het vir Adoniram wat in bevel van die dwangarbeid was, na Israel toe gestuur, maar die Israeliete het hom met klippe doodgegooi, en koning Rehabeam self het dit net-net reggekry om op sy strydwa te kom en na Jerusalem toe te vlug. So het Israel in opstand gekom teen die koningshuis van Dawid en dit is vandag nog so.

# VRA VAN RENTE IS VERBODE

**OT=Eks. 22:25**; As jy aan ‘n arm man uit my volk geld leen, moet jy nooit teenoor hom soos ‘n skuldeiser optree nie. Jy mag hom ook nie rente vra nie.

**Lev. 25:35-37**; “Wanneer 'n mede-Israeliet só in die skuld raak by jou dat hy nie kan betaal nie, moet jy hom help soos jy 'n vreemdeling of 'n bywoner sou help, en hom by jou aan die lewe

hou. Jy mag hom geen rente van enige aard laat betaal nie. Uit eerbied vir jou God moet jy jou mede-Israeliet by jou aan die lewe hou. As jy aan hom geld leen, moet dit dus rentevry wees, en as jy aan hom kos verskaf, moet dit teen kosprys wees.

**Deut. 23:19-20**; “Jy mag niks teen rente aan jou volksgenoot uitleen nie: nie geld of kos of enigiets wat 'n mens kan uitleen nie. Jy mag aan 'n nie-Israeliet iets teen rente uitleen, maar aan jou volksgenoot mag jy niks teen rente uitleen nie. Dan sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy aanpak in die land waarheen jy op pad is om dit in besit te neem.

**Neh. 5:7**, Na ek dit oorweeg het, het ek die skuld op die vooraanstaande burgers en die ampsdraers gelê en vir hulle gesê: “Julle is besig om julle volksgenote uit te buit!” Ek het bowendien 'n groot volksvergadering belê om hulle aan die man te bring

**10-13**; Ek, my medeamptenare en my helpers moes ook aan dié mense geld en koring leen. Maar laat ons tog die uitbuiting staak. Gee vandag nog hulle lande, wingerde, olyfboorde en huise vir hulle terug en skeld hulle ook nog een persent kwyt van die geld, die koring, die wyn en die olie

wat julle aan hulle geleen het. ”Hulle het gesê: “Ons sal dit teruggee en niks meer van hulle eis nie. Ons sal maak soos u gesê het.” Ek het toe die priesters geroep en die burgers en amptenare onder eed laat onderneem om hiervolgens te handel. Self het ek my sakke uitgeskud en gesê: “Mag God elkeen wat nie woord hou nie, so uit sy huis en sy besittings uitskud, dat hy net so kaal uitgeskud en leeg is.” Die hele vergadering het gesê: “Amen!” en hulle het die Here geprys. Die mense het toe gedoen wat ek gevra het.
**Psalm 15: 5**; sy geld nie op rente uitleen nie en hom nie laat omkoop om die onskuldige te kort te doen nie. Wie hom hieraan hou, sal nooit wankel nie.
**Spr. 28:8**; Wie groot rykdom versamel deur mense uit te buit, versamel dit vir iemand wat hom oor arm mense sal ontferm.
**Eseg. 18:8-10**, hy sal nie geld op rente uitleen nie en nie woekerwins vat nie, hy sal hom van onreg weerhou en reg laat geskied in sake tussen mense, hy sal lewe volgens my voorskrifte, my bepalings gehoorsaam en hulle getrou nakom. “So iemand leef volgens my wil en hy sal bly lewe,” sê die Here my God. “Maar so iemand kan 'n wilde seun hê wat moord pleeg of van dié sondes doen

**13-14**, geld op rente uitleen of woekerwins vat, kan hy nie bly lewe nie. Hy sal nie bly lewe nie, hy het al hierdie afskuwelike dinge gedoen en hy moet dood. Hy verdien die dood. “Maar so 'n seun kan op sy beurt 'n seun hê, en dié kan al die sonde sien wat sy pa doen en My dien en nie sulke sondes doen nie.
**17**; weerhou hom van verdrukking, vat nie rente of woekerwins nie, doen wat Ek bepaal en lewe volgens my voorskrifte. So iemand sal nie sterf vir sy pa se sondes nie, hy sal bly lewe.
**22:12** Hulle laat hulle in jou omkoop om moord te pleeg, hulle vat rente en woekerwins, hulle pleeg bedrog en doen ander te kort: hulle maak of Ek nie daar is nie,” sê die Here my God.
**NT=Luk 6:34** En as julle geld leen net aan dié van wie julle hoop om dit terug te kry, watter aanspraak op dank het julle dan nog? Sondaars leen ook aan sondaars, solank hulle maar dieselfde bedrag kan terugkry.

# MAG UIT LEEN TEEN RENTE AAN NIE ISREALIET

**OT=Deut. 23:20** Jy mag aan ‘n nie-Israeliet iets teen rente uitleen, maar aan jou volksgenoot mag

jy niks teen rente uitleen nie. Dan sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy aanpak in die land waarheen jy op pad is om dit in besit te neem.

# DIE LEEN VAN ENIGE IETS AAN JOU BROER

**OT=Deut. 24:10-13** Wanneer jy iets aan jou buurman leen, mag jy nie sy huis ingaan om iets as pand te gaan vat nie. Jy moet buite  staan en die man aan wie jy geleen het, moet vir jou die pand uitbring buite toe. As die man arm is, moet jy nie die pand na slaaptyd hou nie. Jy moet die pand teruggee wanneer die son ondergaan sodat hy onder sy kledingstuk kan slaap. Dan sal hy  jou seën, en die Here jou God sal jou optrede goedvind.

**NT=Matt. 5:42** Gee aan hom wat iets van jou vra, en moet hom wat van jou wil leen, nie afwys nie."

# LEEN AAN DIE BEHOEFTIGES

**OT=Deut. 15:7-11**; As daar in een van die dorpe in die land wat die Here jou God aan jou gee ,'n arme is, 'n mede-Israeliet, moet jy nie hard en suinig wees teenoor so 'n broer van jou wat arm is

nie. Wees vrygewig teenoor hom en leen hom wat hy nodig het. Moenie sondige gedagtes herberg en dink dit is nie goed om jou broer wat arm is te help nie omdat die sewende jaar, die jaar van afskrywing op hande is nie. Hy mag hom teenoor jou op die Here beroep, en jy sal skuldig staan. Gee vrylik aan jou broer wat arm is ,en moenie sleg voel omdat jy vir hom gegee het nie, want juis omdat jy vir hom gee, sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy doen en aanpak. Daar sal altyd armes in jou land wees, en daarom het ek jou beveel om vrygewig te wees teenoor jou mede-Israeliet wat in nood is en arm is.
**Psalm 37:21**, Die goddelose leen en betaal nie terug nie, die regverdige kry jammer en help.
**26;** Hy is altyd vrygewig, hy leen uit sonder rente: met sy nageslag sal dit goed gaan.
**112:5**; Dit is 'n goeie mens wat hom ontferm en wat uitleen en in al sy sake reg optree.
**Spr. 19;17** Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed.
**NT=Matt. 5:42**; Gee aan hom wat iets van jou vra, en moet hom wat van jou wil leen, nie afwys nie.”
**Luk 6:34-35**; En as julle geld leen net aan dié van wie julle hoop om dit terug te kry, watter

aanspraak op dank het julle dan nog? Sondaars leen ook aan sondaars, solank hulle maar dieselfde bedrag kan terugkry. Nee, sonder om iets terug te verwag, moet julle julle vyande liefhê en goed doen en uitleen. Dan sal daar vir julle 'n groot beloning wees: julle sal kinders van die Allerhoogste wees, omdat Hy self goed is vir die ondankbares en slegtes.
**I Joh. 3:17** God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.

# 21 VORMS VAN REGERING

## GOD IS DIE REGEERDER OOR SY VOLK

**OT=Eks. 19:3-8**; Moses het teen die berg uitgeklim na God toe, en die Here het van die berg af na hom geroep: “So moet jy vir die nageslag van Jakob sê, vir die Israeliete vertel:

“ ‘Julle het gesien wat Ek aan Egipte gedoen het, en hoe Ek julle soos op arendsvlerke veilig gedra en na My toe gebring het. As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.’ Dit is wat jy aan die Israeliete moet vertel.”
Moses het toe afgeklim en die leiers van die volk bymekaargeroep en vir hulle alles vertel wat die Here hom beveel het.
Daarna het die volk soos een man geantwoord:

“Alles wat die Here gesê het, sal ons doen.” Moses het vir die Here gaan sê wat die volk geantwoord het.
**20:21-22**; Die volk het op ‘n afstand blystaan maar Moses het nader gegaan na die donker wolk waarin God was. Toe se die Here vir Moses; ’’So moet jy vir die Israeliete sê; ’’Julle het nou self ervaar dat Ek uit die hemel met julle kom praat het.’’
**24:1-4**, Die Here het vir Moses gesê: “Klim die berg op na My toe: jy, Aäron, Nadab, Abihu en sewentig leiers van Israel. As julle nog ver is, moet julle al voor My buig. Dan moet jy, Moses, alleen nader kom na My toe. Die ander moenie saam met jou nader kom nie. Die volk mag ook nie saam met jou opklim nie. ”Moses het toe al die gebooie en bepalings van die Here aan die volk gaan bekend maak. Hulle het soos een man gesê: “Ons sal alles doen wat die Here beveel het. ”Toe het Moses al die gebooie van die Here neergeskryf. Vroeg die volgende oggend het hy aan die voet van die berg 'n altaar gebou van twaalf klippe, vir die twaalf stamme van Israel.
**25:1-2** Die Here het vir Moses gesê: “Sê vir die Israeliete hulle moet elkeen vir My 'n offergawe bring. Julle moet die offergawes aanvaar soos

dit vir My aangebied word;
**NT=Hand 13:17**; Die God van hierdie volk Israel het ons voorvaders uitgekies en hulle 'n groot volk gemaak toe hulle as vreemdelinge in Egipte gewoon het. Hy het hulle deur sy groot mag daarvandaan uitgelei
**I Pet 2:4-5**, Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
**9-10** Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossings dade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.

# BESKRYWING VAN GOD SE HEERSKAPPY OOR :
# AARDE .

**OT=Gen. 1:1**; Aan die begin het God die hemel en die aarde geskep.
**Psalm 24:1**;Die aarde  en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daar woon, alles behoort aan die Here.
**104:19**; U het die maan gemaak om die vaste tye mee aan te gee, die son weet wanneer om onder te gaan.
 **Is. 45:12**; Ek het die aarde gemaak; die mensdom wat daarop is, het Ek geskep. Ek het met my hande die hemel oopgespan en Ek het aan al die hemelliggame hulle opdragte gegee

# WERELD GESKIEDENIS

**OT=II Kron. 16:9** Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy die kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou. Maar nou het jy dwaas opgetree en daarom sal jy van nou af oorlog hê.’’
**NT=Hand 17:26** uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank

hulle sal bestaan en waar hulle sal woon.

# ISRAEL SE GESKIEDENIS

**OT=II Sam. 7:10**; Ek het ‘n woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig ,sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos voorheen.
**I Kron. 17:9**; Ek het 'n woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos voorheen

# NASIES

**OT=Is. 34:1-3**; Kom nader, nasies, luister! Gee aandag, volke! Die aarde met alles daarop moet hoor, die wêreld en alles wat hy voortbring. Die toorn van die Here is teen al die nasies gerig, sy woede teen al hulle leërmagte. Hy gaan hulle heeltemal uitroei, hulle prysgee om doodgemaak te word. Hulle dooies sal net so bly lê, hulle lyke sal stink, en die berge sal van hulle bloed deurdrenk word.
**Dan. 2:21**; Hy wat tye en omstandighede verander, wat konings afsit en konings aanstel, wat aan die wyse manne die wysheid gee en die

verstand aan die wat insig het,
**4:17**, “ ‘Hierdie aankondiging berus op 'n besluit van dié wat wag hou, die engele, en hulle maak hierdie beslissings bekend. So sal alle mense weet dat die Allerhoogste mag het oor al die koninkryke op aarde en dat Hy dit gee aan wie Hy wil; Hy stel selfs die onbelangrikste mens daaroor aan.’
**25** U sal uit die menslike samelewing uitgestoot word en saam met die wilde diere moet leef. U sal moet gras eet soos beeste en u sal snags deur die dou natgemaak word. Dit sal sewe tydperke lank oor u kom. Dan sal u moet erken dat die Allerhoogste mag het oor al die koninkryke op aarde en dit gee aan wie Hy wil
**32**; Jy sal uit die menslike samelewing uitgestoot word en saam met die wilde diere moet leef en gras moet eet soos beeste. Dit sal sewe tydperke lank oor jou kom. Dan sal jy moet erken dat die Allerhoogste mag het oor die koninkryke op aarde en dit gee aan wie Hy wil.”
**5:21**; Hy is uit die menslike samelewing uitgestoot en het soos die wilde diere geword; hy het saam met die wildedonkies gebly en moes gras eet soos beeste; hy is snags deur die dou van die hemel natgemaak. Hy moes erken dat

die allerhoogste God mag het oor die koninkryke op aarde en daaroor aanstel wie Hy wil.

**NT=Matt. 25:31-33** “Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan.

# MENS SE PLANNE

**OT= Pred. 2:18-24**, Ek het alles gehaat waarmee ek my in hierdie wêreld met soveel sorg besig gehou het, want ek moet dit nalaat aan dié een wat ná my kom, en wie weet of hy 'n wyse of 'n dwase mens sal wees? Tog sal hy beskik oor alles wat ek met sorg en oorleg in hierdie wêreld bymekaargemaak het. Dit kom dus ook tot niks. Ek het in vertwyfeling geraak oor alles waarmee ek my met soveel sorg in hierdie wêreld besig gehou het. 'n Mens wat met wysheid en kennis gewerk en sukses behaal het, laat sy besittings na aan een wat glad nie daarvoor gewerk het nie. Dit is nie reg nie. Ook

dit kom dus tot niks. Wat het die mens nou eintlik aan alles waarmee hy hom met soveel sorg en ywer in hierdie wêreld besig hou?
Elke dag bring vir hom pyn en elke onderneming ergernis; selfs snags kom hy nie tot rus nie. Ook dit kom tot niks. Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit 'n gawe uit die hand van God is.
**26**; Vir die mens met wie se lewe God tevrede is, gee Hy wysheid, kennis en blydskap. Maar die een met wie Hy nie tevrede is nie, kry die taak om op te gaar en bymekaar te maak en dit dan te gee aan een met wie God tevrede is. Ook hier kom dit dus tot niks. Dit is 'n gejaag na wind.
**Jer. 10:23** Ek weet, Here, die mens kan nie self sy pad kies nie niemand kan self sy koers bepaal nie.

# MENS SE LEWE

**OT=Deut. 30:20**; Om die Here jou God lief te hè Hom te gehoorsaam en Hom aan te hang, sal vir jou lewe gee en jou lank laat woon in die land wat die Here met ‘n eed aan jou voorvaders Abraham, Isak en Jakob beloof het om aan hulle te gee.

**Job 7:1;** “Is 'n mens se lewe op aarde nie maar harde arbeid nie, en sy dae soos dié van 'n dagloner nie?
**12:10**; Hy het al wat lewe, in sy mag, die asem van elke mens.
**14:5**; Die mens se dae is vasgestel, U het die getal van sy jare bepaal, U het dit neergelê, en hy kan dit nie oorskry nie.
**Dan. 5:23** U het verwaand opgetree teenoor die Here in die hemel: die bekers uit sy tempel is na u toe gebring en u en u hoofamptenare, u vrouens en u byvrouens het daaruit wyn gedrink. U het die gode van silwer en goud, en van brons, yster, hout en klip geprys, gode wat nie kan sien nie en nie kan hoor nie en niks weet nie. U het nie die God geëer van wie u die lewensasem ontvang en wat oor u lewe beskik nie.

# DOOD

**NT=Heb. 9:27** ‘n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel.

# FINALE OORDEEL

**OT=Psalm 96:13** Hy kom om oor die aarde te

heers. Hy sal oor die wêreld heers met regverdigheid, oor die volke met billikheid.
**NT=Hand 17:31**; want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan.
**Rom. 2:16**; Dit sal aan die lig kom op die dag wanneer God deur Christus Jesus oor die verborge dinge van die mense sal oordeel, ooreenkomstig die evangelie wat ek verkondig.
**14:10**, Jy, waarom veroordeel jy dan jou broer? En jy, waarom verag jy jou broer? Ons sal tog almal voor die regterstoel van God moet verskyn,
**12** Elkeen van ons sal dus oor homself aan God rekenskap moet gee.

# MENS SE TOEKOMS.

**OT=Psalm 11:6**;Hy sal vuur en swael reën op die goddeloses, ’n skroeiende wind; dit is die beker wat hulle sal drink.
**Dan. 12:2** Baie van dié wat ontslaap het, sal uit die graf opstaan, party tot die ewige lewe en party tot ewige skande en veragting.
**NT=Matt. 24:51**; Dan sal sy eienaar hom laat

doodmaak en hom die lot van huigelaars laat deel. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.”

**25:30** En gooi die nuttelose slaaf uit in die diepste duisternis daarbuite. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.

**46**; En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe.

**Joh. 5:29**; Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word.”

**Op. 14:9-13** 'n Derde engel het agter die eerste twee aan gevlieg en hard uitgeroep: “Wie die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorkop of op sy hand aanvaar, sal van die wyn van God se toorn moet drink. Dit word onverdun in die beker van sy oordeel ingeskink. In die teenwoordigheid van die heilige engele en die Lam sal hy met vuur en swael gepynig word. Die rook van hierdie pyniging styg tot in alle ewigheid op, en hierdie mense het dag en nag geen rus nie, hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en dié wat die merk van sy naam aanvaar. ”Hier het die gelowiges volharding nodig, hulle wat die gebooie van God nakom en

in Jesus bly glo. Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: “Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe.” “Ja,” sê die Gees, “hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle.”

# DIE VADER , DIE GESAGHEBBENDE HOOF VAN DIE GESIN .

**OT= Job 1:5** Na so ‘n reeks partytjies het Job dan sy seuns en dogters beveel om hulle vir die bring van offers te reinig en vroeg die more het hy vir hulle almal ‘n brandoffer gebring , ‘’want,’’ het Job gesê; ’’miskien het my kinders gesondig en God in hulle gedagtes gevloek. ’Job het dit elke keer gedoen.

# REGERING DEUR REGTERS

**OT=Deut. 16:18**; In elke dorp wat die Here jou God vir jou gee ,moet jy regters en amptenare aanstel. Hulle moet die volk billik regeer.
**I Sam. 8:1**; Toe Samuel oud geword het, het hy sy seuns as leiers oor Israel aangestel.
**I Kron. 17:10**; toe Ek leiers oor my volk Israel aangestel het nie. Ek sal al jou vyande

onderwerp. Ek maak aan jou bekend dat die Here vir jou 'n koningshuis sal vestig.
**II Kron. 19:5-6** Van stad tot stad, in al die vestingstede van Juda, het hy regters in die land aangestel en hulle opdrag gegee: “Let goed op wat julle doen, want julle oefen die regspraak uit nie vir mense nie, maar vir die Here. Die verantwoordelikheid vir die reg rus op julle.
**NT=Hand 13:20** Dit alles het omtrent vier honderd en vyftig jaar lank geduur. “Daarna het Hy rigters oor die land laat regeer tot die tyd van die profeet Samuel.

## GODDELIK AANGESTELDE.

**OT=II Sam. 7:11** Ek sal jou rus gee van al jou vyande. Ek maak aan jou bekend dat Ek vir jou ‘n koningshuis gaan vestig.

## VERPLIGTINGE VAN REGTERS

**OT=Deut. 1:16-18**; In dieselfde tyd het ek ook julle regters beveel; ’’Verhoor die sake wat daar tussen julle volksgenote kom en lewer regverdige uitsprake, of dit nou is tussen volksgenoot en volksgenoot of tussen volksgenoot en vreemdeling. Moenie partydig

wees as julle ‘n saak verhoor nie, luister na klein en groot. Moenie vir mense bang wees nie. Wie regspreek, is in diens van God. Sake wat vir julle te moeilik is, moet julle na my toe bring en ek sal hulle verhoor.’’’ Ek het julle destyds alles beveel wat julle moet doen.’’

**16:18-20** “In elke dorp wat die Here jou God vir jou gee, moet jy regters en amptenare aanstel. Hulle moet die volk billik regeer. Jy moet die regspraak sy loop laat neem en vir niemand partydig wees nie. Wanneer jy regspreek, mag jy geen omkoop geskenk aanneem nie, want dit maak dié wat van beter moet weet, blind en laat die saak van die onskuldige skeef loop. Jy moet alleen laat geld wat reg is. Dan sal jy bly lewe en die land wat die Here jou God vir jou gee, in besit neem.”

# DIE HERE JESUS SAL DIE FINALE OORDEEL GEE

**OT=Psalm 110;6** Hy straf die nasies, Hy verdelg hulle leiers, Hy laat die wêreld vol lê van hulle lyke.

**Is. 2:4**; Hy sal oordeel tussen die nasies, regspreek oor baie volke. Hulle sal van hulle

swaarde ploegskare smee en van hulle spiese snoeiskêre. Die een nasie sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie.
**11:3-4**; Die takkie sal vreugde vind in die diens van die Here. Hy sal nie regspreek volgens uiterlike skyn nie en nie oordeel volgens hoorsê nie. Hy sal die armes billik verhoor en die ootmoediges in die land regverdig oordeel. Hy sal die goddeloses in die land hard oordeel, met sy uitsprake sal hy hulle om die lewe bring.
**Miga 4:3** Hy sal oordeel tussen baie volke, regspreek oor sterk nasies wat ver weg woon. Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee en van hulle spiese snoeiskêre. Die een nasie sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie.
**NT=Joh. 5:22-23,** Self veroordeel die Vader niemand nie, maar die oordeel het Hy geheel en al aan die Seun oorgelaat. Daarom moet almal die Seun eer net soos hulle die Vader eer. Wie nie die Seun eer nie, eer ook nie die Vader wat Hom gestuur het nie.
**30;** “Uit my eie kan Ek niks doen nie: Ek oordeel soos Ek dit van die Vader hoor, en my oordeel is regverdig, omdat dit nie my wil is wat Ek

nastrewe nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.
**Hand 10:42;** Hy het ons opdrag gegee om aan die volk te verkondig en te bevestig dat dit Hy is wat deur God aangestel is as Regter oor lewendes en dooies.
**17:31**; want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan
**Rom. 2:16**; Dit sal aan die lig kom op die dag wanneer God deur Christus Jesus oor die verborge dinge van die mense sal oordeel, ooreenkomstig die evangelie wat ek verkondig.
**II Tim. 4:1**, Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en die dooies sal oordeel, ek beveel jou met die oog op sy koms en sy koningskap:
**8**; Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met verlange uitsien na Sy koms.
**Jud. 14-15** Dit is oor hierdie mense dat Henog, wat van die sewende geslag ná Adam was, geprofeteer het. Hy het gesê: “Kyk, die Here

kom met sy duisende heilige engele en Hy sal oor almal oordeel. Hy sal al die goddeloses, al die sondaars straf oor al die goddelose dinge wat hulle in hulle goddeloosheid gedoen het, en oor al die lasterlike dinge wat hulle teen Hom gesê het."

# REGEER DEUR 'N KONING

**NT=Hand 13:21-22** Toe die Israeliete daarna 'n koning wou hê, het God vir Saul, seun van Kis uit die stam Benjamin, aan hulle gegee. Hy het veertig jaar lank geregeer.
Nadat God hom van sy amp onthef het, het Hy Dawid as koning oor hulle aangestel. Van hom het God gesê: 'Ek het in Dawid seun van Isai 'n man na my hart gevind. Hy sal al my opdragte uitvoer.'

# DIE HERE GOD SAL DIE KONING KIES.

**OT= I Sam. 10:24**;Sameul se toe vir die hele volk; ''Sien julle die een vir wie die Here uitgekies het ? Daar is niemand soos hy onder die hele volk nie! ''Toe juig almal en sê; ''Lank lewe die koning!''

**II Sam. 6:21** Hy het vir Mikal geantwoord: “Voor die Here wat my verkies het bo jou pa en sy familie deur my aan te stel as heerser oor Israel, die volk van die Here, ja, voor die Here sal ek dans.

# N KONING MOET AL SY DAE GOD SE WOORD STUDEER .

**OT=Deut. 17:18-19**; Wanneer hy as koning oor sy ryk regeer, moet hy vir hom ‘n afskrif van hierdie wet maak .Hiervoor moet hy die eksemplaar van die Levitiese priesters gebruik. Hy moet die afskrif by hom hou en sy lewe lank moet hy dit gereeld lees sodat hy kan leer om die Here sy God te dien deur gehoorsaam te wees aan alles in hierdie wet en om volgens al hierdie voorskrifte te lewe.

**31:9**, Moses het toe hierdie wet opgeskryf en dit gegee aan die Levitiese priesters wat die verbondsark van die Here dra, en ook aan al die leiers van Israel.

**24-26**; Toe Moses hierdie wet, tot die laaste woord toe, in 'n boek opgeteken het, het hy die Leviete wat die verbondsark van die Here dra, beveel: “Vat hierdie wetboek en sit dit langs die

verbondsark van die Here julle God. Dit moet daar bly om teen julle te getuig.

**Psalm 119:97-104** Hoe lief het ek U wet! Dit bly my elke oomblik by. U gebooie gee my meer insig as wat my vyande het, en is altyd by my. Ek munt uit bo al my leermeesters, want u verordeninge bly my by. Ek het meer insig as ouer mense, want ek gehoorsaam U bevele. Ek het my voete van elke verkeerde pad af gehou sodat ek gehoorsaam kan wees aan U woord. Van U bepalings het ek nie afgewyk nie, want U het my dit geleer. Hoe aangenaam is u woord, soeter as heuning in die mond. U bevele gee my insig, daarom haat ek elke verkeerde pad.

# DIE KONING TE WEES VAN ISRAEL

**OT=Gen. 49:10**;Jy sal altyd heers , jy sal aanhou regeer totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp.

**Deut. 17:15**; Stel dan tog die koning aan vir wie die Here jou God kies. Jy moet iemand uit jou eie volk as koning aanstel. Jy mag nie 'n uitlander, iemand wat nie uit jou volk is nie, as

koning aanstel nie.
**I Sam. 10:24**; Samuel sê toe vir die hele volk: “Sien julle die een vir wie die Here uitgekies het? Daar is niemand soos hy onder die hele volk nie!” Toe juig almal en sê: “Lank lewe die koning!”
**I Sam. 11:15**; Al die manskappe is toe na Gilgal toe, en daar in Gilgal het hulle voor die Here aangekondig dat Saul koning is. Hulle het daar maaltydoffers voor die Here gebring, en Saul en al die manskappe van Israel was baie bly.
**II Sam. 5:1-3**; Hierna het al die Israelitiese stamme na Dawid toe in Hebron gegaan en gesê: “Ons is tog almal u eie mense! In die tyd toe Saul koning was, was u tog maar die een wat Israel in die oorlog aangevoer het. Die Here het vir u gesê: “Jy moet vir my volk Israel 'n herder wees; ja, jy moet heerser oor Israel wees! ”So het al die leiers van Israel by die koning in Hebron gekom. Toe het koning Dawid in Hebron in teenwoordigheid van die Here 'n verdrag met hulle gesluit. Op hulle beurt het hulle vir Dawid daar tot koning oor Israel gesalf.
**Jer. 30:21** Sy leier sal een van sy eie mense wees, sy regeerder sal uit sy eie kring kom. Ek sal hom laat nader kom en hy sal na My toe

kom. Wie is hy wat sy lewe sal waag om na My toe te kom? sê die Here

.

# ISRAEL NIE LAAT BUITELANDERS OOR HULLE HEERS

**OT=Deut. 17:15** Stel dan tog die koning aan vir wie die Here jou God kies. Jy moet iemand uit jou eie volk as koning aanstel. Jy mag nie ‘n uitlander, iemand wat nie uit jou volk is nie, as koning aanstel nie.

# 22 HIGIENE WET

## KWARITEIN VIR AANSTEEKLIKE SIEKTES.

## ISOLASIE VIR DIE MAALATSE

**OT=Num. 5:2-3** Beveel die Israeliete om elkeen uit die kamp uit te stuur wat ‘n ernstige velsiekte het of aan ‘n geslagsiekte ly of wat verontreinig is deur aan ‘n lyk te raak. Dit geld mans sowel as vrouens. Julle moet hulle buitekant die kamp uit stuur , sodat hulle nie die kamp waarin Ek onder hulle woon, verontreinig nie.

## SKOONMAAK VAN N MALAATSE

**OT Deut. 24:8** Jy moet versigtig wees as melaatsheid jou tref. Jy moet versigtig wees en presies doen wat die Levitiese priesters jou voorhou. Ek het hulle alles beveel en jy moet versigtig wees en dit doen.

## WETTE VAN NETHEID NA UITSKAKELING.

**OT=Deut. 23:13-14** By jou uitrusting moet daar ‘n stok wees en as jy jou buite wil ontlas ,moet jy ‘n gat grawe met die stok en as jy klaar is moet jy alles toekrap. Die Here jou God gaan saam met jou in jou kamp om jou te bevry deur jou vyande in jou mag oor te gee en daarom moet jou kamp rein wees. As die Here iets onbetaamliks by jou sien sal Hy jou verlaat.

# REINIGING VAN DIE VROU NA GEBOORTE

**OT=Lev. 12:1-8** Die Here het vir Moses gesê: “Sê vir die Israeliete: Wanneer 'n vrou 'n seun in die wêreld bring, is sy onrein, soos wanneer sy menstrueer, 'n week lank. Op die agste dag moet die seuntjie besny word. Daarna moet sy nog drie en dertig dae wag om seker te wees dat die bloedvloeiing opklaar. Voordat dié tydperk om is, mag sy aan niks raak wat gewyd is nie en ook nie in die heiligdom ingaan nie. As sy 'n dogter in die wêreld bring, is sy onrein soos wanneer sy menstrueer, maar twee weke lank. Dan moet sy nog ses en sestig dae wag om seker te wees dat daar geen bloedvloeiing meer is nie. As sy in die geval van 'n seun of dogter die bepaalde aantal

dae gewag het, moet sy 'n jaaroud lam as brandoffer en 'n tortelduif of enige ander duif as sondeoffer neem na die priester toe wat diens doen by die ingang van die tent van ontmoeting. Hy moet dit dan aan die Here offer en vir haar versoening doen. Dan sal sy rein wees van die bloedvloeiing wat sy gehad het. Hierdie wet is van toepassing op enige vrou wat 'n kind in die wêreld bring, of dit nou 'n seun is of 'n dogter. As sy nie 'n lam kan bekostig nie, moet sy twee tortelduiwe of twee ander duiwe bring, die een as brandoffer en die ander as sondeoffer, sodat die priester vir haar versoening kan doen en sy rein kan wees."
**NT=Luk 2:22** Toe die reinigings tyd soos deur die wet van Moses bepaal, vir hulle verby was, het hulle Hom na Jerusalem toe gebring om Hom tot beskikking van die Here te stel.

# SEKSUELE OMGANG TYDENS MENSTRATION

**OT=Lev. 15:24**;As 'n man dit sou waag om met haar geslagsgemeenskap te hê, word haar onreinheid op hom oorgedra en is hyself ook sewe dae onrein. Enige bed waarop hy lê is ook onrein.

**18:19;** “Jy mag nie met 'n vrou gemeenskap hê terwyl sy menstrueer en dus onrein is nie.
**20:18**; As 'n man met die toestemming van 'n vrou wat menstrueer, gemeenskap met haar het, moet albei afgesny word van hulle volksgenote.
**Eseg. 18:6**; hy sal nie aan die offer maaltye op die berge deelneem nie, hy sal nie hulp soek by die afgode van die volk Israel nie, hy sal nie 'n ander se vrou onteer nie, hy sal nie aan 'n vrou raak wat menstrueer nie,
**22:10** Daar is mense in jou wat by hulle pa's se vrouens slaap en wat vrouens onteer selfs terwyl hulle menstrueer en onrein is.

# MANLIKE SAAD AFSKEIDING

**OT=Lev. 15:16-18** As ‘n man normale saadafskeiding het moet hy hom bad Hy is die res van die dag onrein, enige linne of leer waarop die saad kom, moet ook gewas word en is die res van die dag onrein. Wanneer ‘n man en ‘n vrou geslagtelike omgang gehad het moet al twee bad. Hulle is die res van die dag onrein.

# ALLE SEUNTJIES GEBORE IN ISRAEL BESNY OP DIE AGTSTE DAG NA GEBOORTE

**OT=Gen. 17:10-14**; Dit is  my verbond wat moet geld vir jou en jou nageslag; elke lid van die manlike  geslag onder julle moet besny word. Julle moet besny word aan die voorhuid. Dit is die verbondsteken tussen My en julle : elke seun onder julle van agt dae  oud moet besny word. Dit geld vir elke lid van die manlike geslag onder  julle; al julle nageslagte en ook elke slaaf wat as kind in jou besit gebore word en die slawe wat van ‘n vreemde met geld gekoop word wat nie jou afstammeling is nie. ’n Slaaf wat as kind in jou besit gebore word en een wat vir geld gekoop word moet beslis besny word. So sal my verbondsteken aan julle liggame wees as ‘n blywende verbond. Elke lid van die manlike geslag wat nie besny is nie moet van sy volksgenote afgesny word. Hy het my verbond verbreek.
**21:4**;Soos God vir Abraham beveel het, het hy vir Isak besny toe hy agt dae oud was.
**Eks. 12:48**; Die vreemdeling wat jou beskerming geniet en die Paasfees van die Here wil vier, moet besny word, hy en al die mans en seuns by hom.

Dan eers is hy soos 'n gebore Israeliet en kan hy daaraan deelneem. Iemand wat nie besny is nie, mag nie daarvan eet nie.
**Lev. 12:3** Op die agste dag moet die seuntjie besny word.
**NT=Luk 1:59**; Op die agste dag het hulle gekom om die kindjie te besny, en hulle wou hom Sagaria noem na sy pa.
**2:21**; Agt dae later, toe dit tyd was om die Kindjie te besny, het Hy die naam Jesus gekry, die naam wat deur die engel genoem is nog voordat Hy in die moederskoot ontvang is.
**Joh. 7:22-24**; Omdat Moses die besnydenis vir julle gegee het – en eintlik kom dit nie eens van Moses af nie, maar van die aartsvaders – besny julle ook op 'n sabbatdag. As iemand op 'n sabbatdag die besnydenis mag ontvang om nie die wet van Moses te verbreek nie, waarom is julle dan vir My kwaad omdat Ek op 'n sabbatdag iemand se hele liggaam gesond gemaak het? Moenie op die oog af oordeel nie, oordeel regverdig.”
**Hand 7:8** God het met Abraham 'n verbond gesluit waarvan die besnydenis die teken is. So het dit gekom dat Abraham sy seun Isak op die agste dag na sy geboorte besny het. Isak het dieselfde

gedoen met Jakob, en Jakob met die twaalf stamvaders.

# KONTAK MET DOOIE OF ONREIN DINGE.

**OT=Lev. 5:2;** Iemand raak dalk aan iets onreins aan die onrein dooie liggaam van ‘n wilde dier of ‘n mak dier of ‘n insek  en hy is nie bewus daarvan nie dan is hy onrein en is hy skuldig.

**21:1-4**, Die Here het vir Moses gesê: “Sê vir die Äärонitiese priesters: 'n Priester mag hom nie verontreinig deur naby 'n lyk te kom nie, al is die oorledene ook 'n familielid. Hy mag dit slegs doen in die geval van 'n naaste bloedverwant van hom: sy ma of pa, sy seun of dogter, sy broer
of 'n eie suster as sy 'n ongetroude jongmeisie is. Hy mag hom nie verontreinig deur naby die lyk van 'n aangetroude familielid te kom nie.

**11**; Hy mag ook glad nie naby enige lyk kom nie, hy mag nie eens met die lyk van sy pa of ma verontreinig word nie.

**Num. 5:2**; “Beveel die Israeliete om elkeen uit die kamp uit te stuur wat 'n ernstige velsiekte het of aan 'n geslagsiekte ly, of wat verontreinig is deur aan 'n lyk te raak.

**9:10**; As een van julle of julle nakomelinge deur 'n lyk onrein is, of op 'n ver reis is, mag hy nogtans die Paasfees vir die Here vier.
**31:19** Dié van julle wat iemand doodgemaak het of aan 'n lyk geraak het, moet sewe dae buite die kamp bly. Op die derde en die sewende dag moet julle julleself en julle gevangenes reinig.

# BEGRAFNIS BY DIE DOOD

**OT=Deut. 21:23**;Wanneer  iemand tereggestel word vir ‘n oortreding wat die doodstraf verdien en jy hang hom aan ‘n paal op mag  sy lyk nie die nag daaraan bly hang nie Jy moet hom dieselfde dag nog begrawe want wie opgehang word is deur God  vervloek. Jy mag nie die land wat deur die Here jou God  aan jou as besitting gegee is verontreinig nie.
**I Kon 11:43**; Hy is oorlede, en hy is begrawe by sy pa in die Dawidstad. Sy seun Rehabeam het hom as koning opgevolg.
**13:31**; Na die begrafnis het hy vir sy seuns gesê: “As ek te sterwe kom, moet julle my begrawe in dieselfde graf as dié waarin die man van God begrawe is. Sit my bene langs syne neer.
**14:13**; Die hele Israel sal oor hom rou en hom begrawe. Hy sal ook die enigste van die familie

van Jerobeam wees wat in 'n graf kom, want in die huis van Jerobeam het die Here die God van Israel net in hom iets goeds gevind.
**II Kon 13:20**; Toe het Elisa gesterf, en hulle het hom begrawe. Moabitiese bendes het elke jaar die land binnegeval.
**Job 27:15** Dié wat van hulle oorbly, sal deur die pes verteer word, en hulle weduwees sal nie oor hulle treur nie.
**NT=Matt. 8:21**; Iemand anders, een van sy dissipels, sê vir Hom: “Here, laat my toe om eers terug te gaan en my pa te begrawe.”
**27:57-60**; Laat die middag het daar 'n ryk man aangekom. Dit was Josef van Arimatea, wat self ook 'n volgeling van Jesus was . Hy het na Pilatus toe gegaan en die liggaam van Jesus gevra, en Pilatus het beveel dat dit vir hom gegee moet word. Josef het die liggaam geneem en dit in skoon linne toegedraai en dit daarna neergelê in sy eie nuwe graf wat hy in die rots uitgekap het. Hy het 'n groot klip voor die ingang van die graf gerol en weggegaan.
**Mark 15:46**; Josef het 'n stuk linne gekoop, Jesus van die kruis gaan afhaal, Hom in die linne toegedraai en neergelê in 'n graf wat in die rots

uitgekap was. Hy het 'n klip voor die ingang van die graf gerol.
**16:1**; Toe die sabbatdag verby was, het Maria Magdalena en Maria die ma van Jakobus, en Salome reukolie gekoop om die liggaam daarmee te gaan balsem.
**Luk 23:50-56**; Daar was 'n man met die naam Josef, afkomstig van 'n Joodse dorpie Arimatea. Hy was 'n goeie en opregte man en het die koms van die koninkryk van God verwag. Hoewel hy lid van die Joodse Raad was, het hy nie met hulle besluit en optrede saamgestem nie. Hierdie man het na Pilatus toe gegaan en die liggaam van Jesus gevra. Nadat hy dit van die kruis afgehaal het, het hy dit in linne toegedraai en in 'n rotsgraf neergelê waarin nog nooit tevore iemand begrawe was nie. Dit was Vrydag, en die Sabbat het al begin aanbreek. Die vroue wat saam met Jesus van Galilea af gekom het, het saamgeloop en die graf gesien en gekyk hoe sy liggaam neergelê word. Daarna het hulle huis toe gegaan en reukolie en salf reggemaak. Op die sabbatdag het hulle gerus, soos die gebod bepaal.
**Joh. 19:38-42**; Hierna het Josef van Arimatea, wat 'n dissipel van Jesus was maar in die geheim, omdat hy vir die Jode bang was, vir Pilatus gevra

of hy die liggaam van Jesus mag neem. Pilatus het sy toestemming gegee. Josef het toe gegaan en sy liggaam weggeneem.
Nikodemus, wat 'n keer in die nag na Jesus toe gekom het, het ook gekom en 'n mengsel van omtrent vyftig liter mirre en aalwyn gebring. Hulle het die liggaam van Jesus geneem en dit met die geur olie behandel en in doeke toegedraai, soos dit die gebruik van die Jode was om iemand vir die begrafnis uit te lê. By die plek waar Jesus gekruisig is, was daar 'n tuin en in die tuin 'n nuwe graf waarin daar nog niemand begrawe was nie. Daar het hulle Jesus begrawe, omdat die sabbatdag vir die Jode al amper aangebreek het en die graf daar naby was.
**Hand 2:29**; “Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe en is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons.
**5:6**, 'n Paar van die jonges het nader gekom, hom toegedraai en gaan begrawe.
**10** Sy het onmiddellik voor Petrus dood neergeval. Die jongmanne het ingekom, gesien sy is dood, en haar by haar man gaan begrawe.

# 23 WET PROSEDURE

## REGTERS AANSTELLING

**OT=Eks. 18:13-26**; Verder moet jy onder die volk bekwame manne uitsoek dienaars van die Here mense wat die waarheid liefhet  en nie hulle eie voordeel soek nie. Dan moet jy hulle oor die volk aanstel as leiers oor duisende, honderd oor vyftig en tien . Hulle moet deurentyd vir die volk hofsittings hou. Die belangrike sake moet na jou verwys word en die geringes moet hulle  oplos.
**Deut. 1:15-17**; en ek het die leiers uit julle stamme aanvaar, verstandige manne, manne van aansien, en hulle aangestel as hoofde oor julle, leiers van duisend, van honderd, van vyftig en van tien: amptenare vir julle stamme. In dieselfde tyd het ek ook julle regters beveel: ‘Verhoor die sake wat daar tussen julle volksgenote kom en lewer regverdige uitsprake, of dit nou is tussen volksgenoot en volksgenoot of tussen volksgenoot en vreemdeling .Moenie partydig wees as julle 'n saak verhoor nie, luister na klein en groot. Moenie vir mense bang wees nie. Wie regspreek, is in

diens van God. Sake wat vir julle te moeilik is, moet julle na my toe bring en ek sal hulle verhoor.'
**16:18**; "In elke dorp wat die Here jou God vir jou gee, moet jy regters en amptenare aanstel. Hulle moet die volk billik regeer.
**II Kron. 19:4-6** Nadat Josafat 'n tyd in Jerusalem gebly het, het hy weer 'n keer sy mense besoek, van Berseba af tot in die Efraimsberge, en die volk laat terugkom na die Here, die God van hulle voorvaders. Van stad tot stad, in al die vestingstede van Juda, het hy regters in die land aangestel

# REGTERS REGVERDIGHEID BEPAAL

**OT=Lev. 19:15**; Jy mag nie onregverdig wees in die regspraak nie: jy mag nie partydig wees vir die wat geen aansien het nie of die vooraanstaande bevoordeel nie. Oordeel regverdig oor jou naaste.
**Deut. 16:18**, "In elke dorp wat die Here jou God vir jou gee, moet jy regters en amptenare aanstel. Hulle moet die volk billik regeer.
**20**; Jy moet alleen laat geld wat reg is. Dan sal jy bly lewe en die land wat die Here jou God vir jou gee, in besit neem."

**19:16-21**; “Wanneer 'n kwaadwillige getuie iemand van ontrou aan die Here beskuldig,
moet die twee mans wat in die saak betrokke is, voor die Here verskyn, voor die priesters en die regters wat aan diens is. Die regters moet die saak deeglik ondersoek en as dit blyk dat die persoon wat sy volksgenoot beskuldig het, 'n vals getuie is, moet julle hom aandoen wat hy sy volksgenoot wou aandoen. So moet hierdie soort kwaad tussen julle uitgeroei word. Die ander mense sal daarvan hoor en bang word en hierdie soort verkeerde ding sal nie weer tussen julle voorkom nie. Jy mag so 'n persoon nie genade betoon nie: 'n lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand en 'n voet vir 'n voet.”
**25:1** “Dit kan gebeur dat twee mans in 'n hofsaak betrokke raak en dat die regters uitspraak lewer en die een onskuldig verklaar en die ander een skuldig.

# GEREGTIGHEID NIE VERHOED NIE

**OT=Eks. 23:2**,Jy mag nie agter die meerderheid aan doen wat verkeerd is nie. Wat jy in ‘n hofsaak getuig mag jy nie verdraai nie al doen die meerderheid dit ook.

**7-8**; en moet jy wegbly van leuens sodat jy nie onskuldiges en regverdiges doodmaak nie. Ek, die Here, vind nie 'n skuldige onskuldig nie. Wanneer jy regspreek, mag jy geen omkoop geskenk aanneem nie, want dit maak dié wat sien, blind en laat die saak van die onskuldige skeef loop.
**Lev. 19:15**; “Jy mag nie onregverdig wees in die regspraak nie: jy mag nie partydig wees vir dié wat geen aansien het nie of die vooraanstaande bevoordeel nie. Oordeel regverdig oor jou naaste.
**Deut. 1:17**; Moenie partydig wees as julle 'n saak verhoor nie, luister na klein en groot. Moenie vir mense bang wees nie. Wie regspreek, is in diens van God. Sake wat vir julle te moeilik is, moet julle na my toe bring en ek sal hulle verhoor.’
**16:19**; Jy moet die regspraak sy loop laat neem en vir niemand partydig wees nie. Wanneer jy regspreek, mag jy geen omkoopgeskenk aanneem nie, want dit maak dié wat van beter moet weet, blind en laat die saak van die onskuldige skeef loop.
**Psalm 82:2**; “Hoe lank gaan julle nog onregverdige beslissings vel, nog partydig wees vir die goddelose? Sela

**Spr. 17:15** Die Here het 'n afsku van wie die skuldige onskuldig verklaar én van wie die onskuldige skuldig verklaar.
**23**; 'n Goddelose mens bied omkoopgeskenke aan en verdraai die reg.
**24:23** 'n Regter wat 'n skuldige onskuldig verklaar, sal deur die hele bevolking vervloek word, deur almal verwens word.
**NT=Joh. 7:24**; Moenie op die oog af oordeel nie, oordeel regverdig."
**Hand 23:1-3**; Paulus het die lede van die Joodse Raad vierkantig in die oë gekyk en gesê: "Broers, ek het heeltemal 'n skoon gewete oor hoe ek tot vandag toe my lewe in diens van God gelei het. "Toe beveel die hoëpriester Ananias die mense wat by Paulus staan, om hom op sy mond te slaan. Daarop sê Paulus vir hom: "God sal jou slaan, jou skynheilige! Jy sit hier om my volgens ons wet te verhoor, maar in stryd met die wet beveel jy dat ek geslaan moet word."
**25:9-11**, Maar Festus wou die Jode 'n guns bewys en sê vir Paulus: "Sou jy bereid wees dat ek jou oor hierdie saak in Jerusalem gaan verhoor? "Paulus antwoord hom: "Ek staan tereg voor die keiserlike regbank. Hier moet ek verhoor word. Ek het die Jode geen kwaad aangedoen nie. Dit weet

u self baie goed. As ek skuldig is en iets gedoen het wat die doodstraf verdien, is ek bereid om te sterwe. Maar as daar niks in hulle beskuldigings teen my steek nie, kan niemand my as guns aan hulle uitlewer nie. Ek beroep my op die keiser."
**Jak 2:4** het julle dan nie onder mekaar onderskeid gemaak en mense op grond van verkeerde oorwegings beoordeel nie?

# REGTERS MAG NIE OMKOOP GELD ONTVANG NIE

**OT=Eks. 23:8**;Wanneer jy regspreek mag jy geen omkoopgeskenk aanneem nie, want dit maak die wat sien blind en laat die saak van die onskuldige skeef loop.

**Deut. 16:19**; Jy moet die regspraak sy loop laat neem en vir niemand partydig wees nie. Wanneer jy regspreek, mag jy geen omkoopgeskenk aanneem nie, want dit maak dié wat van beter moet weet, blind en laat die saak van die onskuldige skeef loop.

**Spr. 15:27;** Wie hom verryk ten koste van 'n ander, maak dat sy gesin verstoot word; wie omkoopgeskenke weier, sal lewe.

**17:23;** 'n Goddelose mens bied omkoopgeskenke aan en verdraai die reg.
**29:4** 'n Koning wat reg laat geskied, maak 'n land veilig; een wat net belastings oplê, ruïneer 'n land.

# WYSHEID IS NODIG VIR GEREGTIGHEID

**OT=I Kon 3:9**;Gee my die gehoorsaamheid aan U dat ek u volk reg sal regeer en in alles insig sal hê, want wie kan uit homself hierdie groot volk van U regeer.
**II Kron. 1:10** Gee my nou wysheid en kennis dat ek hierdie volk reg kan lei, want wie kan uit homself hierdie groot volk van U regeer?”
**NT=Jak 1:5** As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.

# REGTERS IS BEPERK TOT MENSLIKE SAKE

**OT=I Sam. 2:25** Wanneer een mens teen ‘n ander mens verkeerd optree sal die regters die saak uitmaak maar as ‘n mens teen die Here sondig

wie sal dan die saak uitmaak? Hulle het egter nie na hulle pa se vermaning geluister nie, want die Here het besluit om hulle dood te maak.

# HOF PROSEDURE

# VERPLIGTINGE VAN N GETUIE

**OT=Eks. 23:1**; Jy mag nie skinderstories versprei nie. Jy mag nie met ‘n misdadiger saamwerk en in sy guns vals getuienis lewer nie.
**Lev. 5:1**; “Wanneer iemand hoor of te wete kom dat 'n vervloeking uitgespreek is en hy verswyg dit, sondig hy. Hy was 'n getuie daarvan, en daarom rus daar skuld op hom.
**Deut. 17:7;** Die getuies moet die vonnis begin voltrek, en daarna moet die hele volk dit help uitvoer. Jy moet hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.”
**Spr. 24:28** Moenie teen jou naaste getuig as hy jou nie rede gegee het nie; moenie mense mislei met wat jy sê nie.
**NT=Matt. 18:15-17** “As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. Maar as hy nie luister nie,

neem nog een of twee met jou saam, sodat alles wat gesê word, deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit vir die gemeente. As hy ook na die gemeente nie luister nie, moet jy hom as 'n heiden en 'n tollenaar behandel.

# TWEE OF MEER GETUIES NODIG OM TE GETUIG TEEN N PERSOON

**OT=Num. 35:30**; Enigeen wat die dood van ‘n ander veroorsaak mag slegs as ‘n moordenaar dood gemaak word op grond van die getuienis van meer as een persoon. Een getuie is nie genoeg om iemand met die dood te straf nie.
**Deut. 17:6**; Die terdoodveroordeling mag net plaasvind op die eenparige getuienis van twee of drie getuies, nie op dié van net een nie.
**19:15** “Daar mag nie net een persoon teen iemand getuig nie, al was die oortreding of die misdaad ook wat, al het hy ook hoe verkeerd gehandel. 'n Beskuldiging kan net bewys word deur die getuienis van twee of drie getuies.
**NT=Matt. 18:16**; Maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat alles wat

gesê word, deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word.
**II Kor. 13:1**; Dit is nou die derde keer dat ek na julle toe kom. “Deur die getuienis van twee of drie getuies moet elke saak bewys word,” sê die Skrif.
**I Tim. 5:19**; 'n Beskuldiging teen 'n ouderling moet jy nie aanneem nie, tensy dit deur twee of drie getuies bevestig word
**Heb. 10:28** As iemand die wet van Moses oortree, en twee of drie getuies bevestig dit, word hy nie begenadig nie, hy word doodgemaak.

# MEINEED - VALS GETUIE VEROORDEEL

**OT=Eks. 20:16**; Jy mag nie vals getuienis teen ‘n ander gee nie.
**23:1**; “Jy mag nie skinderstories versprei nie. Jy mag nie met 'n misdadiger saamwerk en in sy guns vals getuienis lewer nie.
**Deut. 19:16-19**; “Wanneer 'n kwaadwillige getuie iemand van ontrou aan die Here beskuldig, moet die twee mans wat in die saak betrokke is, voor die Here verskyn, voor die priesters en die regters wat aan diens is. Die regters moet die saak deeglik ondersoek en as dit blyk dat die persoon

wat sy volksgenoot beskuldig het, 'n vals getuie is, moet julle hom aandoen wat hy sy volksgenoot wou aandoen. So moet hierdie soort kwaad tussen julle uitgeroei word.
**Psalm 27:12**; Moet my tog nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie, want daar staan vals getuies teenoor my en hulle blaas geweld teen my aan.
**Spr. 12:17**; Wie die waarheid aan die lig bring, lewer betroubare getuienis; 'n getuie wat lieg, maak alles vals.
**14:5**, 'n Betroubare getuie lieg nie; 'n vals getuie vertel een leuen na die ander.
**25**; 'n Betroubare getuie red lewens; die een wat leuens kwytraak, maak alles vals.
**19:5**, 'n Vals getuie bly nie ongestraf nie; wie leuens kwytraak, kom nie vry nie
**9**; 'n Vals getuie bly nie ongestraf nie; wie leuens kwytraak, gaan tot niet.
**25:18**;'n Knopkierie, 'n swaard, 'n skerp pyl, so is 'n man wat vals teen sy naaste getuig.
**Dan. 6:24** Die koning was baie bly en het beveel dat Daniël uit die leeukuil gehaal moes word. Toe Daniël uit die leeukuil gehaal is, was daar geen letsel aan hom nie, omdat hy op sy God vertrou het.

**NT=Matt. 15:19**; Uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vals getuienis, kwaadpratery.
**26:59**; Die priester hoofde en die hele Joodse Raad het vals getuienis teen Jesus probeer kry sodat hulle Hom kon doodmaak.
**Hand 5:1-10** Maar daar was ook 'n sekere man, Ananias, en sy vrou, Saffira, wat 'n eiendom verkoop het. Met die medewete van sy vrou het hy van die verkoopprys vir hulleself agtergehou en net 'n gedeelte daarvan gebring en vir die apostels gegee. Petrus sê toe vir hom: “Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg en van die verkoopprys van die grond vir jouself agter te hou? Die grond was mos joune, en toe dit verkoop is, kon jy met die geld gemaak het wat jy wou. Wat het jou besiel om dit te doen? Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God. ”Toe Ananias dit hoor, het hy dood neergeval; en al die ander wat dit gehoor het, het baie bang geword. 'n Paar van die jonges het nader gekom, hom toegedraai en gaan begrawe. Omtrent drie uur later het sy vrou daar aangekom, onbewus van wat gebeur het. Petrus vra toe vir haar: “Sê vir my, het julle die grond vir soveel verkoop?” “Ja,” sê sy, “vir soveel. ”Toe sê Petrus

vir haar: “Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here uit te tart? Die mense wat jou man begrawe het, is nou net weer by die deur, en hulle sal jou ook uitdra. ”Sy het onmiddellik voor Petrus dood neergeval. Die jongmanne het ingekom, gesien sy is dood, en haar by haar man gaan begrawe.

# MINAGTING VAN DIE HOF

**OT=Deut. 17:12-13** Die man wat nie luister nie en so die regter en die priester wat diens lewer in die heiligdom van die Here jou God met minagting behandel moet doodgemaak word . Jy moet die soort verkeerde ding uit Israel uitroei. Die hele volk sal hiervan hoor en bang word om so moedswillig op te tree.

**NT=Rom. 13:1-3**; Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God. Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry. 'n Mens hoef nie vir die owerhede bang te wees as jy goed doen nie, maar wel as jy kwaad doen. Wil jy

sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen dan wat goed is, en die owerheid sal jou prys,
**Titus 3:1** Herinner die mense nadruklik daaraan dat hulle hulle aan owerheid en gesag moet onderwerp, daaraan gehoorsaam moet wees en bereid moet wees om alles te doen wat goed is.

# VRYSTEDE MOET AANGESTEL WORD VIR DIEGENE WAT MANSLAG PLEEG

**OT=Eks. 21:12-14**; Wie iemand doodslaan moet doodgemaak word. Hy wat dit onopsetlik gedoen het deurdat God dit met hom laat gebeur het kan vlug na ‘n plek toe wat Ek vir jou sal aanwys . Wanneer iemand egter ‘n ander opsetlik doodmaak moet jy hom selfs by die altaar wegvat en doodmaak.
**Num. 35:11-15**, moet julle stede aanwys wat asielstede vir julle kan wees waarheen 'n persoon kan vlug wat onopsetlik die dood van 'n ander veroorsaak het. Dit moet vir julle plekke wees waar julle veilig is teen die wraak van 'n bloedverwant van die oorledene, sodat iemand wat 'n ander se dood veroorsaak het, nie hoef te sterf voordat hy sy saak voor die bevoegde vergadering gelê het

nie. Die ses stede wat julle gee, sal vir julle asielstede wees . Julle moet drie asielstede oos van die Jordaan en drie in Kanaän beskikbaar stel. Die ses stede moet plekke van asiel wees vir Israeliete sowel as vir vreemdelinge en ander uitlanders tussen julle, sodat elkeen wat onopsetlik die dood van 'n ander veroorsaak het, daarheen kan vlug.

**22-28**; “Maar as iemand sonder opset en sonder vyandskap 'n ander stamp of hom per ongeluk raakgooi of as iemand sonder dat hy kyk 'n klip gooi wat die dood kan veroorsaak, en dit 'n ander tref, sodat hy sterf, en hy wat gegooi het, het dit nie uit vyandskap of met verkeerde bedoelings gedoen nie, moet die bevoegde vergadering volgens hierdie bepalings uitspraak lewer tussen hom wat die dood veroorsaak het en die bloedverwant wat die dood wil wreek.

Die vergadering moet die beskuldigde bevry uit die mag van die bloedverwant en hom terugstuur na die asielstad toe waarheen hy gevlug het. Dáár moet hy bly totdat die hoëpriester, die man wat met gewyde olie gesalf is, gesterf het. Maar as die een wat die dood veroorsaak het, hom waag buite die gebied van die asielstad waarheen hy gevlug het, en die bloedverwant wat die dood wil wreek,

loop hom raak, mag die bloedverwant hom doodmaak sonder om skuldig te wees aan moord. Die man wat die dood veroorsaak het, moet in die asielstad bly tot die dood van die hoëpriester, en eers ná die dood van die hoëpriester kan hy na sy eie grond toe teruggaan.
**Deut. 4:41-42**; Toe het Moses drie stede oos van die Jordaan uitgesonder as stede waarheen iemand kon vlug as hy 'n ander doodgemaak het sonder voorbedagte rade en sonder dat daar voorheen vyandskap tussen hulle was. As hy dan na een van hierdie stede toe vlug, kon hy bly lewe.

# PUBLISEERING VAN DIE WET

**OT=Deut. 27:1-3**,Wanneer jy deurtrek om die land in te gaan die land wat die Here jou God aan jou sal gee die land wat oorloop van melk en heuning soos die Here jou God aan jou voorvaders beloof het moet jy al die woorde van hierdie wet op die klippe skryf.
**8**; Jy moet hierdie hele wet duidelik leesbaar skryf op die klippe wat jy opstapel."
**31:10-13** Toe het Moses hulle beveel: "Aan die einde van elke sewende jaar, op die vasgestelde tyd, die jaar waarin julle skuld moet afskryf, op die

huttefees, wanneer die hele Israel in die teenwoordigheid van die Here julle God moet verskyn op die plek wat Hy sal kies, moet julle hierdie wet lees in die teenwoordigheid van die hele Israel waar hulle dit kan hoor.
Julle moet die volk bymekaarroep: mans, vrouens en kinders, en ook die vreemdeling wat in julle stede by julle woon, sodat hulle kan luister en die wet kan leer, sodat hulle die Here julle God kan dien en gehoorsaam, sodat hulle kan leef volgens alles wat in hierdie wet staan. So sal hulle kinders wat nie hierdie wet ken nie, dit kan hoor en leer en sal hulle die Here julle God kan dien so lank as julle lewe in die land waarheen julle deur die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem.”

# ONDERRIG IN DIE WET

**OT=Eks. 24:12**;Toe se die Here vir Moses :’’Klim nou die berg verder uit na My toe en vertoef daar dat Ek vir jou die plat klippe kan gee waarop Ek die wette en gebooie neergeskryf het vir onderrig van die volk.’’
**Deut. 5:31**; Maar jy moet hier by My kom staan. Ek wil die hele wet vir jou gee, die voorskrifte en die bepalings wat jy vir hulle moet leer, en

waarvolgens hulle moet lewe in die land wat Ek vir hulle gee om te besit.
**6:6-9**, “Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.
**Spr. 22:6** Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie.
**NT=Matt. 28:19**; Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees,
**Mark 16:15**; Hy het vir hulle gesê: “Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.
**II Tim. 2:2** Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.

# GEHOORSAAMHEID AAN DIE WET

**OT=Lev. 18:4-5**;Julle moet my bepalings nakom en my voorskrifte gehoorsaam deur daarvolgens te lewe . Ek is die Here julle God. Wees gehoorsaam aan my voorskrifte en bepalings. Wie dit doen sal lewe. Ek is die Here.

**Deut. 5:32-33**; Julle moet nougeset doen wat die Here julle God julle beveel het. Julle moet nie in enige opsig daarvan afwyk nie. Bly op die pad wat die Here julle God vir julle aangewys het, sodat julle kan bly lewe en voorspoedig kan wees en lank kan woon in die land wat julle in besit sal neem."

**Esra 7:26**; Enigeen wat hom nie hou aan die wet van jou God en die wet van die koning nie, moet streng gestraf word, met die dood of met verbanning of met 'n boete of met gevangenisstraf."

**Eseg. 20:19** Ek, die Here, is julle God. Leef volgens my voorskrifte, kom my bepalings na en leef daarvolgens,

# SONDE IN SWAKHEID VAN DIE WET

**OT=Lev. 4:22-23,**As ‘n gesagsdraer sondig en ‘n misdaad teen die Here begaan deurdat hy sonder opset ‘n gebod van die Here sy God oortree en die sonde wat hy gedoen het word onder sy aandag gebring ,bring hy ‘n bokram sonder liggaamsgebrek as offer.

**27-28**; “As een van die burgers van die land sonder opset sondig en 'n misdaad teen die Here begaan deurdat hy 'n gebod van die Here oortree, en die sonde wat hy gedoen het, word onder sy aandag gebring, bring hy 'n bokooi sonder liggaamsgebrek as offer vir die sonde wat hy begaan het.

**Num. 15:27-29** As een persoon onopsetlik sondig, moet hy 'n jaaroud bokooi as sondeoffer bring. Die priester moet vir die persoon wat onopsetlik gesondig het, voor My versoening doen, en as die versoening vir hom gedoen is, sal die sonde hom vergewe word. Een en dieselfde wet geld vir elkeen wat onopsetlik gesondig het, of hy 'n gebore Israeliet is of 'n vreemdeling wat by julle woon.

**NT=Luk 12:48** Maar hy wat nie geweet het nie en dinge gedoen het wat straf verdien, sal 'n ligte straf kry. Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word; en van hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word.”

# MOEDSWILLIGE SONDE TEEN GOD SE WET

**OT=Num. 15:30-31**; Maar die landsburger of vreemdeling wat moedswillig sondig doen My die Here oneer aan en hy moet van sy volk afgesny word. Omdat hy die woord van die Here verag het en sy gebooie verbreek het moet so iemand doodgemaak word hy moet die straf vir sy sonde dra.

**Deut. 17:12**; Die man wat nie luister nie en so die regter en die priester wat diens lewer in die heiligdom van die Here jou God, met minagting behandel, moet doodgemaak word. Jy moet die soort verkeerde ding uit Israel uitroei.

**II Sam. 12:9-10**; Waarom het jy nou die woord van die Here geminag deur so 'n verkeerde ding te doen? Jy het Urija die Hetiet met die swaard doodgemaak en toe sy vrou vir jou gevat. Ja, jy het hom vermoor met die swaard van die

Ammoniete. “Daarom sal die swaard nou nooit meer uit jou huis weggaan nie, want jy het My geminag toe jy Urija die Hetiet se vrou vir jou gevat het.
**Esra 10:7-8**; Al hierdie ballinge in Juda en Jerusalem is toe opgeroep vir 'n byeenkoms in Jerusalem. Die ampsdraers en die leiers het besluit dat al die besittings van enigiemand wat nie binne drie dae daar was nie, gekonfiskeer sou word en dat hy self afgesny sou word van die gemeente van ballinge wat teruggekom het.
**Psalm 19:13** Wie sien sy eie dwalinge raak? Moet my tog nie straf vir sondes wat ek onwetend gedoen het nie.
**NT=Heb. 10:26**; Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie.
**II Pet 2:20-21** Mense wat van die besmettinge van die wêreld vrygekom het deurdat hulle ons Here en Verlosser, Jesus Christus, leer ken het, en wat weer daarin vasgevang en daardeur oorweldig word, is aan die einde slegter daaraan toe as aan die begin. Dit sou vir hulle beter gewees het as hulle die wil van God nie leer ken het nie as dat

hulle dit wel leer ken het en daarna afgewyk het van die heilige gebod wat aan hulle oorgedra is.

# OORDELE

## DIE OORDEEL KOM VAN GOD

**OT=Deut. 1:17**;Moenie partydig wees as julle ‘n saak verhoor nie, luister na klein en groot. Moenie vir mense bang wees nie. Wie regspreek is in diens van God. Sake wat vir julle te moeilik is moet julle na my toe bring en ek sal hulle verhoor.
**II Kron. 19:6** en hulle opdrag gegee: “Let goed op wat julle doen, want julle oefen die regspraak uit nie vir mense nie, maar vir die Here. Die verantwoordelikheid vir die reg rus op julle.

## LAAT DIE REGVERDIGE EN DIE GODDELOSE GEREGVERDIG VEROORDEEL WORD.

**OT=Lev. 19:15**;Jy mag nie onregverdig wees in die regspraak nie: jy mag nie partydig wees vir die wat geen aansien het nie of die vooraanstaande bevoordeel nie. Oordeel regverdig oor jou naaste.

**Deut. 25:1**;  “Dit kan gebeur dat twee mans in 'n hofsaak betrokke raak en dat die regters uitspraak lewer en die een onskuldig verklaar en die ander een skuldig.
**Spr. 17:15**; Die Here het 'n afsku van wie die skuldige onskuldig verklaar én van wie die onskuldige skuldig verklaar.
**18:5**; Dit is nie goed om partydig te wees vir die skuldige en om die onskuldige sy reg te ontsê nie.
**24:23-24** Wat nou volg, is ook afkomstig van wyse mense. Dit is nie reg om partydig te wees in die regspraak nie. 'n Regter wat 'n skuldige onskuldig verklaar, sal deur die hele bevolking vervloek word, deur almal verwens word.

# LAAT DIE STRAF  DIE MISDAAD PAS

**OT=Eks. 21:22-27**; “Wanneer mans met mekaar baklei en hulle 'n swanger vrou omstamp, sodat sy 'n miskraam het maar nie blywend beseer is nie, moet hy wat haar gestamp het, onderhewig aan die goedkeuring van die regbank, die boete betaal wat die eggenoot van die vrou hom oplê.
As sy blywend beseer is, is die straf: 'n lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand

vir 'n hand, 'n voet vir 'n voet, 'n brandwond vir 'n brandwond, 'n wond vir 'n wond en 'n kneusplek vir 'n kneusplek. “Wanneer 'n man sy slaaf of slavin op die oog slaan en dit blywend beskadig, moet hy die slaaf of slavin vrylaat as vergoeding vir die oog. As hy sy slaaf of slavin se tand uitslaan, moet hy die slaaf of slavin vrylaat as vergoeding vir die tand.

**Num. 35:16-21**, “As iemand 'n ander met 'n stuk yster slaan, sodat hy sterf, is hy 'n moordenaar en moet hy beslis doodgemaak word. As iemand in sy hand 'n klip het wat groot genoeg is om 'n mens mee dood te maak, en hy slaan 'n ander daarmee dat hy sterf, is hy 'n moordenaar en moet hy beslis doodgemaak word. As iemand in sy hand 'n stuk hout het wat groot genoeg is om 'n mens mee dood te maak, en hy slaan 'n ander dat hy sterf, is hy 'n moordenaar en moet hy beslis doodgemaak word. 'n Bloedverwant van die oorledene moet die dood wreek en die moordenaar doodmaak waar hy hom ook al kry. As iemand 'n ander uit haat stamp of hom doelbewus met iets gooi, sodat hy sterf of hom uit vyandskap met die vuis slaan, sodat hy sterf, moet so iemand doodgemaak word; hy is 'n moordenaar. 'n Bloedverwant van die

oorledene moet die dood wreek en die moordenaar doodmaak waar hy hom ook al kry.
**30-31**; Enigeen wat die dood van 'n ander veroorsaak, mag slegs as moordenaar doodgemaak word op grond van die getuienis van meer as een persoon. Een getuie is nie genoeg om iemand met die dood te straf nie. Julle mag nie loskoop geld aanneem vir die lewe van 'n moordenaar wat die dood skuldig is nie. Hy moet beslis doodgemaak word.
**Deut. 19:21** Jy mag so 'n persoon nie genade betoon nie: 'n lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand en 'n voet vir 'n voet."

# STRAF MOET SPOEDIG UIT GEOEFEN WORD.

**OT=Deut. 25:2-3**; Wanneer die skuldige dan lyfstraf opgelê is, moet 'n regter hom op die grond laat lê en hy moet in die teenwoordigheid van die regter soveel houe kry as hy verdien. Hy mag nie meer as veertig houe kry nie want  as hy meer kry word jou volksgenoot  voor jou oë verkleineer.
**Esra 7:26** Enigeen wat hom nie hou aan die wet van jou God en die wet van die koning nie, moet

streng gestraf word, met die dood of met verbanning of met 'n boete of met gevangenisstraf."

# DOODSTRAF TOEGEDIEN WORD VIR MISDADE VAN

# MOORD

**OT=Gen. 9:5-6**; Wanneer julle eie bloed vergiet word sal Ek daaroor rekenskap eis, want dit is julle lewe ;van 'n dier sal Ek rekenskap iets oor die lewe van 'n mens en van 'n mens sal Ek rekenskap eis oor die lewe van sy medemens. Wie die bloed van 'n mens vergiet deur 'n mens sal sy bloed vergiet word. God het die mens gemaak as sy verteenwoordiger.
**Eks. 21:12**; "Wie iemand doodslaan, moet doodgemaak word.
**Lev. 24:17** "Iemand wat moord pleeg, moet die doodstraf kry.

# ONTVOERING

**OT=Eks. 21:16**; Wie ‘n ander ontvoer om hom te verkoop of hom in sy besit te hou moet doodgemaak word.

# EGBREUK

**OT=Lev. 20:10**; Iemand wat egbreuk pleeg met die vrou van ‘n medeburger moet doodgemaak word. Dit geld vir die man en ook vir die vrou wat egbreuk pleeg.
**Deut. 22:22** “Wanneer 'n man betrap word terwyl hy gemeenskap het met 'n ander man se vrou, moet die man en die vrou wat gemeenskap gehad het, al twee doodgemaak word. So moet jy hierdie soort kwaad tussen die Israeliete uitroei.

# BLOEDSKANDE

**OT=Lev. 20:11-12**,Iemand wat gemeenskap het met een van sy pa se vrouens, bring skande oor sy pa. Hy en die vrou moet albei doodgemaak word. Hulle verdien die dood. Iemand wat met sy skoondogter gemeenskap het moet dood gemaak word en sy ook. Hulle het iets afskuweliks gedoen. Hulle verdien die dood.

**14** Iemand wat met 'n ma en haar dogter trou, begaan 'n afskuwelike sonde. Hulle moet al drie 'n vuurdood sterf. Julle mag sulke afskuwelike sondes nie duld nie.

# SODOMIE

**OT=Lev. 20:13**,Twee mans wat homoseksueel verkeer doen ‘n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.
**15-16** “'n Man wat met 'n dier geslagsgemeenskap het, moet doodgemaak word, en die dier ook. 'n Vrou wat met 'n dier geslagsgemeenskap het, moet doodgemaak word, en die dier ook. Sulke mense moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.

# VERKRAGTING

**OT=Deut. 22:25** Maar as ‘n man ‘n verloofde meisie in die veld raakloop en haar oorweldig en met haar gemeenskap het moet net die man sterf.

# TOWERNAARS

**OT=Eks. 22:18** Jy mag nie towenaars laat lewe nie.

# ONGEHOORSAAMHEID TEEN OUERS.

**OT=Eks. 21:15**,Wie aan sy pa of ma slaan moet dood gemaak word.
**17**; “Wie sy pa of ma vloek, moet doodgemaak word.
**Deut. 21:18-21** “Wanneer 'n man 'n opstandige en ongehoorsame seun het wat nie na sy pa en ma wil luister nie, selfs al straf hulle hom, moet hulle hom na die leiers van die stad toe vat by die stadspoort. Hulle moet vir die leiers van die stad sê: ‘Hierdie seun van ons is opstandig en ongehoorsaam. Hy luister nie na ons nie. Hy is 'n vraat en 'n suiplap. ’Dan moet al die mans van die stad hom met klippe doodgooi. So moet jy hierdie soort kwaad tussen julle uitroei, en die hele Israel sal daarvan hoor en bang wees.”

# AANBIDDING VAN VALSE GODE

**OT=Deut. 17:2-5** Dit kan gebeur dat jy in een van die  dorpe wat die Here jou God vir jou sal gee, ’n man of ‘n vrou kry wat die verbond verbreek en doen wat verkeerd is in die oë van  die Here jou God deur  ander gode te dien en te vereer: die son

of die maan of enige ander hemelliggaam. Die Here het nie hierdie soort diens beveel nie. Wanneer dit vir jou vertel word of wanneer jy dit hoor moet jy noukeurig navraag doen daaroor en as dit waar is dat so iets afskuweliks in Israel gedoen is moet jy die man of die vrou wat die verkeerde ding gedoen het, laat uitbring na die stadspoort toe en hy of sy moet daar met klippe dood gegooi word.

# KIND OFFER

**OT=Lev.20:1-2**;Die Here het vir Moses gesê: ’’Se vir die Israeliete :elke Israeliet en vreemdeling in Israel wat sy kind aan Molek wy moet met die dood gestraf word die burgers moet hulle met klippe doodgooi.
**Deut. 12:29-31**; Die Here julle God sal die nasies verslaan na wie toe julle op pad is om hulle te verdryf. As julle hulle oorwin het en in hulle land woon, moet julle sorg dat julle nie, selfs nadat hulle deur julle verslaan is, deur hulle in 'n valstrik gelei word wanneer julle na hulle gode sou begin uitvra nie. Moenie sê: ‘Hoe vereer hierdie nasies hulle gode? Ek sou dit ook so wou doen nie. Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop hulle hulle gode dien nie, want wat hierdie

nasies doen, is afskuwelik vir die Here: hulle verbrand selfs hulle seuns en dogters vir hulle gode. Die Here haat dit alles.
**Jer. 7:31**; Hulle het die hoogte van Tofet in die Ben-Hinnomdal gebou om daar hulle seuns en dogters in die vuur te offer. Dit was teen my bevel, so iets het selfs nie in my gedagte opgekom nie.
**19:5** julle het vir Baäl hoogtes gebou en julle seuns as brandoffers vir Baäl verbrand, 'n ding wat Ek nie beveel het nie en nie oor gepraat het nie en wat nooit by My opgekom het nie.

# GOD LASTERING

**OT=Lev. 24:14** Vat die man wat gelaster het uit die kamp uit. Laat almal wat hom hoor laster het, hulle hande op sy kop sit en laat die hele gemeente hom daarna met klippe doodgooi. Sê dan vir die Israeliete: Elkeen wat vir God laster sal die straf daarvoor kry. Wie die Naam van die Here oneerbiedig gebruik moet die doodstraf kry. Die hele gemeente moet hom met klippe doodgooi. Dit geld vir gebore Israeliete en vir vreemdelinge: wie die Godsnaam oneerbiedig gebruik moet sterf.
**16**, Wie die Naam van die Here oneerbiedig gebruik, moet die doodstraf kry. Die hele

gemeente moet hom met klippe doodgooi. Dit geld vir gebore Israeliete en vir vreemdelinge: wie die Godsnaam oneerbiedig gebruik, moet sterf.
**23** Moses het dit toe vir die Israeliete gesê. Hulle het die man wat gelaster het, uit die kamp gevat en hom met klippe doodgegooi. So het die Israeliete die bevele wat die Here vir Moses gegee het, uitgevoer.

# NIE DIE SABAT EER

**OT=Num. 15:32-35** Terwyl die Israeliete in die woestyn was het hulle ‘n man gekry  wat op die Sabbat hout bymekaar maak. Die mense wat hom gekry het terwyl hy besig was om hout bymekaar te maak het hom na Moses, Aaron en die hele gemeente toe gebring. Hulle het hom aangehou want dit was nie duidelik wat hulle met hom moes doen nie. Die Here het toe vir Moses gesê; ‘’Die man moet beslis sterwe. Die hele gemeente moet hom buite die kamp met klippe doodgooi.’’

# VERMINKING VAN N PERSOON.

**OT=Lev. 24:19-20**; As iemand ‘n medemens beseer  moet aan hom presies dieselfde gedoen word: as hy iemand se been gebreek het, moet sy

been ook gebreek word, as hy  iemand se oog beskadig het moet sy oog ook beskadig word, as hy iemand se tand uitgeslaan het moet sy tand ook uitgeslaan word. Daar moet aan hom gedoen word wat hy aan sy medemens gedoen het.
**Deut. 19:21** Jy mag so 'n persoon nie genade betoon nie: 'n lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand en 'n voet vir 'n voet."

# VIR DIEFSTAL

**OT=Eks. 22:1-5**; Wanneer ‘n man ‘n bees of ‘n skaap steel en dit slag of verkoop moet hy vyf beeste terugbetaal vir die bees en vier stuks kleinvee vir die skaap. As die gesteelde goed lewend in sy besit gevind word moet hy dit dubbel vergoed of dit nou beeste, donkies of skape is. ’n Dief moet ten volle vir sy diefstal vergoed. As hy niks besit nie moet hy vir die waarde van die gesteelde goed verkoop word.
**Num. 5:6-7** om vir die Israeliete te sê: “Wanneer iemand, man of vrou, 'n medemens benadeel en dus ontrou teenoor die Here is, is hy skuldig en moet hy sy sonde bely. Hy moet die volle bedrag

van die skade plus 'n vyfde daarvan teruggee aan die persoon wat hy benadeel het

# BRANDSTIGTING

**OT=Eks. 22:6** Wanneer ‘n man onkruid aan die brand steek en die vuur vang die rye gerwe of die ongesnyde graan of die land van ‘n ander moet die man wat met die brand begin het ten volle daarvoor vergoed.

# VERBREEKING VAN VERTROUE

**OT=Lev. 6:1-5** Die Here het vir Moses gesê: ’’Dit kan gebeur dat iemand sondig en troueloos handel teen die Here deurdat hy sy volksgenoot bedrieg met iets wat in sy bewaring gegee of aan hom geleen is of sy volksgenoot beroof of hom tekort doen. Of hy kry dalk iets wat weggeraak het, maar ontken dit en lê ‘n vals eed af oor enige saak waarin ‘n mens in die opsig sou kon sondig. As hy so gesondig en hom skuldig gemaak het, moet hy teruggee wat hy geroof het of waarmee hy iemand te kort gedoen het of wat in sy bewaring gegee was of wat weggeraak het en deur hom gevind is of wat ook al waaroor hy ‘n vals eed afgelê het. Op die dag sy skuld bekend word ,moet hy alles

terug betaal aan die persoon aan wie dit toekom en hy moet nog ‘n vyfde bysit. As skuldoffer bring hy vir die Here ‘n ram sonder liggaamsgebrek uit die klein veetrop na die priester toe volgens die vasgestelde waarde en die priester doen voor die Here versoening vir die skuldige en sy sonde word hom vergewe hoe hy hom ook al skuldig gemaak het.

# VIR DIE DOOD MAAK VAN N DIER

**OT=Eks. 21:35-36**; Wanneer ‘n man se bees iemand anders se bees doodsoot moet hulle die lewende bees verkoop en die geld gelykop onder mekaar verdeel ook die dooie dier moet gelykop verdeel word.

**Lev. 24:18,** As iemand 'n ander se dier doodmaak, moet hy dit vervang. Die beginsel is: 'n lewe vir 'n lewe.

**21** “As iemand 'n ander se dier doodmaak, moet hy dit vervang, maar as iemand 'n moord pleeg, moet hy die doodstraf kry.

# VIR DIE VERLIES VAN N DIER WAT IN N PUT GEVAL HET

**OT=Eks. 21:33-34** Wanneer ‘n man ‘n put oop laat of wanneer hy ‘n put grawe  en dit nie behoorlik toemaak nie en ‘n bees of ‘n donkie val daarin moet die eienaar van die put vir die verlies vergoed hy moet die eienaar van die dier uitbetaal en die dooie dier kan hy vat.

# VIR DIE VERLIES VAN N GELEENDE DIER

**OT=Eks. 22:14** Wanneer ‘n man ‘n dier van ‘n ander man leen en dit word verskeur of gaan dood terwyl die eienaar nie by is nie moet die eienaar ten volle daarvoor  vergoed word. As die eienaar by is , is daar nie ‘n eis nie. As die dier gehuur was moet die huur betaal word.

# HOFSAAK

**NT=Matt. 5:25** As iemand ‘n regsaak teen jou begin kom betyds tot ‘n skikking solank jy nog saam met hom op pad hof toe is ,sodat hy jou nie voor die regter bring en die regter jou aan die polisie oorgee en die jou in die tronk sit nie. Dit

verseker Ek jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie.’’
**40**; As iemand jou hof toe wil vat om jou onderklere te eis, gee hom ook jou boklere.
**I Kor. 6:1-8** Gaan iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander gelowige het, werklik so ver dat hy sy reg by heidense regters soek en nie by gelowiges nie? Of weet julle nie dat die gelowiges oor die wêreld sal oordeel nie? En as julle oor die wêreld sal oordeel, is julle dan onbevoeg vir sulke geringe hofsake? Weet julle nie dat ons oor die engele sal oordeel nie? Dan tog seker ook oor alledaagse dinge. As julle oor alledaagse dinge geskille het, laat julle dan dié mense as regters optree op wie die gemeente neersien? Ek sê dit om julle skaam te maak. Is daar dan nie 'n enkele verstandige mens onder julle wat 'n saak tussen gelowiges kan besleg nie? Maar gaan een gelowige nou met die ander hof toe, en dit voor ongelowige regters? Eintlik is julle saak al klaar verlore, omdat julle hofsake met mekaar het. Waarom ly julle nie liewer onreg nie? Waarom laat julle julle nie liewer te kort doen nie? In plaas daarvan pleeg julle onreg en doen ander te kort, en dit doen julle aan medegelowiges.

# METODES VAN STRAF

# DIE STRAF MOET DIE MISDAAD PAS

**OT=Gen. 9:6**; Wie die bloed van ‘n mens vergiet deur ‘n mens sal sy bloed vergiet word.

**Eks. 21:22-25**; “Wanneer mans met mekaar baklei en hulle 'n swanger vrou omstamp, sodat sy 'n miskraam het maar nie blywend beseer is nie, moet hy wat haar gestamp het, onderhewig aan die goedkeuring van die regbank, die boete betaal wat die eggenoot van die vrou hom oplê.
As sy blywend beseer is, is die straf: 'n lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand, 'n voet vir 'n voet, 'n brandwond vir 'n brandwond, 'n wond vir 'n wond en 'n kneusplek vir 'n kneusplek.

**Lev. 24:19-20**; “As iemand 'n medemens beseer, moet aan hom presies dieselfde gedoen word: as hy iemand se been gebreek het, moet sý been ook gebreek word; as hy iemand se oog beskadig het, moet sý oog ook beskadig word; as hy iemand se tand uitgeslaan het, moet sý tand ook uitgeslaan word. Daar moet aan hom gedoen word wat hy aan sy medemens gedoen het.

**Num. 35:33;** Julle mag die land waarin julle woon, nie onrein maak nie, want bloedvergieting verontreinig die land en daar kan alleen deur die dood van hom wat die bloed vergiet het, versoening gedoen word vir die land waarin die bloed vergiet is.
**Deut. 19:21** Jy mag so 'n persoon nie genade betoon nie: 'n lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand en 'n voet vir 'n voet."
**NT=Matt. 5:38**"Julle het gehoor dat daar gesê is: ''n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.';
**26:52**; Toe sê Jesus vir hom: "Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom.
**Op. 13:10** As iemand bestem is vir gevangenskap, gaan hy in gevangenskap; as iemand bestem is om met 'n swaard doodgemaak te word, word hy met 'n swaard doodgemaak. Hier het die gelowiges volharding en geloof nodig.

# DEUR VERBRANDING

**OT=Gen. 38:24**; Drie maande later is aan Juda vertel: ''Jou skoondogter Tamar het haar soos 'n prostituut gedra en is swanger, ''Toe se hy: ''Bring haar uit dat sy kan verbrand word.''

**Lev. 20:14** Iemand wat met 'n ma en haar dogter trou, begaan 'n afskuwelike sonde. Hulle moet al drie 'n vuurdood sterf. Julle mag sulke afskuwelike sondes nie duld nie.

# DOOD VIR MOORD

**OT=Eks. 21:12**;Wie iemand doodslaan moet doodgemaak word.
**Lev. 24:21**; "As iemand 'n ander se dier doodmaak, moet hy dit vervang, maar as iemand 'n moord pleeg, moet hy die doodstraf kry.
**Num. 35:16-21**, "As iemand 'n ander met 'n stuk yster slaan, sodat hy sterf, is hy 'n moordenaar en moet hy beslis doodgemaak word. As iemand in sy hand 'n klip het wat groot genoeg is om 'n mens mee dood te maak, en hy slaan 'n ander daarmee dat hy sterf, is hy 'n moordenaar en moet hy beslis doodgemaak word. As iemand in sy hand 'n stuk hout het wat groot genoeg is om 'n mens mee dood te maak, en hy slaan 'n ander dat hy sterf, is hy 'n moordenaar en moet hy beslis doodgemaak word. 'n Bloedverwant van die oorledene moet die dood wreek en die moordenaar doodmaak waar hy hom ook al kry. As iemand 'n ander uit haat stamp of hom doelbewus met iets gooi, sodat hy sterf of hom uit vyandskap met die vuis slaan,

sodat hy sterf, moet so iemand doodgemaak word; hy is 'n moordenaar. 'n Bloedverwant van die oorledene moet die dood wreek en die moordenaar doodmaak waar hy hom ook al kry.
**30-31**, Enigeen wat die dood van 'n ander veroorsaak, mag slegs as moordenaar doodgemaak word op grond van die getuienis van meer as een persoon. Een getuie is nie genoeg om iemand met die dood te straf nie. Julle mag nie loskoop geld aanneem vir die lewe van 'n moordenaar wat die dood skuldig is nie. Hy moet beslis doodgemaak word.
**33**; Julle mag die land waarin julle woon, nie onrein maak nie, want bloedvergieting verontreinig die land en daar kan alleen deur die dood van hom wat die bloed vergiet het, versoening gedoen word vir die land waarin die bloed vergiet is.
**Esra 7:26** Enigeen wat hom nie hou aan die wet van jou God en die wet van die koning nie, moet streng gestraf word, met die dood of met verbanning of met 'n boete of met gevangenisstraf.”

# DEUR VERMINKING

**OT=Deut. 25:11-12** Wanneer twee mans baklei en die een se vrou kom help haar man teen die een

deur wie haar man geslaan word en sy gryp die ander man aan sy geslagsorgane moet haar hand afgesny word . Jy mag geen genade betoon nie.

# DEUR HANG.

**OT=Deut. 21:22-23**; Wanneer iemand tereggestel word vir ‘n oortreding wat die doodstraf verdien en jy hang hom aan ‘n paal op mag sy lyk nie die nag daaraan bly hang nie. Jy moet hom dieselfde dag nog begrawe want wie opgehang word is deur God vervloek. Jy mag nie die land wat deur die Here jou God aan jou as besitting gegee is verontreinig nie.

# DEUR STENIGING.

**OT=Lev. 24:16** Die hele gemeente moet hom met klippe dood gooi.

# DEUR GELDBOETE

**OT=Esra 7:26**; Enigeen wat hom nie hou aan die wet van jou God en die wet van die koning nie, moet streng gestraf word met die dood of met verbanning of met ‘n boete of met gevangenisstraf.

# DEUR TRONKSTRAF

**OT=Esra 7:26** Enigeen wat hom nie hou aan die wet van jou God en die wet van die koning nie, moet streng gestraf word met die dood of met verbanning of met ‘n boete of met gevangenisstraf.

# DEUR VERGOEDING.

**OT=Eks. 21:19**,Wanneer mans aan die stry raak en die een slaan die ander met ‘n klip of met die vuis sonder om hom dood te slaan moet die slaner nie gestraf word nie. As die man wat geslaan is egter in die bed moet bly en eers later kan opstaan en met ‘n kierie buite kan rondloop moet die slaner hom vergoed vir die tyd wat hy nie kan werk nie en vir hom sorg tot hy behoorlik gesond is.

**32-36** As 'n bees 'n slaaf of 'n slavin doodstoot , moet drie honderd en veertig gram silwer aan die eienaar betaal word, en die bees moet met klippe doodgegooi word. “Wanneer 'n man 'n put oop laat of wanneer hy 'n put grawe en dit nie behoorlik toemaak nie, en 'n bees of 'n donkie val daarin, moet die eienaar van die put vir die verlies vergoed; hy moet die eienaar van die dier uitbetaal en die dooie dier kan hy vat. “Wanneer 'n man se bees iemand anders se bees doodstoot, moet

hulle die lewende bees verkoop en die geld gelykop onder mekaar verdeel; ook die dooie dier moet gelykop verdeel word. Of as dit bekend is dat die bees tevore al bakleierig was, maar as sy eienaar dit nie behoorlik opgepas het nie, moet hy 'n ander bees in die plek van die dooie bees gee. Die dooie dier sal syne wees.”

# DEUR DIE WEDEROPRIGTING VAN GESTEELDE OF GELEEN EIENDOM

**OT=Eks. 22:10-15** “Wanneer 'n man 'n donkie of 'n bees of 'n skaap of enige ander dier aan iemand anders gee om op te pas, en dit vrek of word verskeur of buitgemaak sonder dat daar 'n ooggetuie by is, moet hy in wie se sorg dit gegee is, in die teenwoordigheid van die Here 'n eed teenoor die eienaar aflê dat hy wat dit moes oppas, dit nie gesteel het nie. Die eienaar moet sy woord aanvaar, en in so 'n geval hoef niks betaal te word nie. As die dier egter gesteel is terwyl dit in die ander man se sorg was, moet die eienaar daarvoor vergoed word. As dit deur wilde diere verskeur is, moet die eienaar by die verskeurde dier gebring word, en dan hoef niks betaal te word nie. “Wanneer 'n man 'n dier van 'n ander leen, en

dit word verskeur of gaan dood terwyl die eienaar nie by is nie, moet die eienaar ten volle daarvoor vergoed word. As die eienaar by is, is daar nie 'n eis nie. As die dier gehuur was, moet die huur betaal word.”

# WIE GOD SE STRAF MAG TOEPAS.

# STAAT LAKSMAN.

**OT=Num. 35:27** bloedverwant wat die dood wil wreek loop hom raak mag die bloedverwant hom doodmaak sonder om skuldig te wees aan moord. **NT=Rom. 13:1-4** Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God. Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry. 'n Mens hoef nie vir die owerhede bang te wees as jy goed doen nie, maar wel as jy kwaad doen. Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen dan wat goed is, en die owerheid sal jou prys, want die owerheid is 'n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy kwaad doen, het jy rede om bang te

wees, want die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie. Hy is immers ook hierin die dienaar van God dat hy die kwaaddoener moet straf.

# NASIE

**OT=Joshua 7:25** Josua het gesê: “Jy het die dood oor óns gebring, vandag bring die Here die dood oor jóú!” Die hele Israel het toe vir Akan met klippe doodgegooi en hom en sy mense en sy besittings verbrand en met klippe toegegooi.

# PROFETE

**OT=I Sam. 15:33**;Samuel het vir hom gesê; ””Soos jou swaard vrouens kinderloos gemaak het so sal jou ma onder die vrouens kinderloos wees. ’’En Samuel het vir Agag in stukke gekap voor die Here in Gilgal.
**I Kon 18:40** Hierop sê Elia vir hulle: “Gryp die profete van Baäl! Nie een van hulle mag wegkom nie.” Toe die volk hulle gegryp het, het Elia die profete laat afbring na Kisonspruit toe en daar het hy hulle doodgemaak.

# SOLDATE

**NT=Matt. 27:27-35** Daarna vat die soldate  van die goewerneur vir Jesus in die ampswoning in en bring die hele leërafdeling rondom Hom bymekaar. Hulle trek toe sy klere uit en gooi ‘n pers mantel om Hom. Hulle vleg ‘n doringkroon en sit dit op sy kop en gee Hom ‘n stok in sy regterhand. Toe bespot hulle  Hom deur voor Hom te buig en te sê :’’Ons groet u Koning van die Jode!’’ Hulle het op Hom gespoeg en die stok gevat en Hom oor die kop geslaan. Nadat hulle Hom klaar bespot het, het hulle die mantel uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig. Toe hulle uitgaan, kry hulle ‘n man van Sirene met die naam Simon en hulle het hom gekommandeer om Jesus se kruis te dra ,hulle kom toe by ‘n plek wat Golgota genoem word; dit beteken Kopbeenplek .Daar het hulle Hom ‘n mengsel van wyn en gal gegee om te drink maar toe Hy dit proe wou Hy dit nie drink nie. Hulle het Hom gekruisig en sy klere verdeel deur te loot.

# MANIERE OM DIE WAT AAN MANSLAGTING SKULDIG IS TE BESKERM

# VRYSTEDE.

**OT=Eks. 21:13**; Hy wat dit onopsetlik gedoen het deurdat God dit met hom laat gebeur het kan vlug na ‘n plek toe wat Ek vir jou sal aanwys
**Num. 35:22-28**; “Maar as iemand sonder opset en sonder vyandskap 'n ander stamp of hom per ongeluk raakgooi of as iemand sonder dat hy kyk 'n klip gooi wat die dood kan veroorsaak, en dit 'n ander tref, sodat hy sterf, en hy wat gegooi het, het dit nie uit vyandskap of met verkeerde bedoelings gedoen nie, moet die bevoegde vergadering volgens hierdie bepalings uitspraak lewer tussen hom wat die dood veroorsaak het en die bloedverwant wat die dood wil wreek.
Die vergadering moet die beskuldigde bevry uit die mag van die bloedverwant en hom terugstuur na die asielstad toe waarheen hy gevlug het. Dáár moet hy bly totdat die hoëpriester, die man wat met gewyde olie gesalf is, gesterf het. Maar as die een wat die dood veroorsaak het, hom waag buite die gebied van die asielstad waarheen hy gevlug

het, en die bloedverwant wat die dood wil wreek hom raak, loop , mag die bloedverwant hom doodmaak sonder om skuldig te wees aan moord. Die man wat die dood veroorsaak het, moet in die asielstad bly tot die dood van die hoëpriester, en eers ná die dood van die hoëpriester kan hy na sy eie grond toe teruggaan.
**Deut. 4:41-42** Toe het Moses drie stede oos van die Jordaan uitgesonder as stede waarheen iemand kon vlug as hy 'n ander doodgemaak het sonder voorbedagte rade en sonder dat daar voorheen vyandskap tussen hulle was. As hy dan na een van hierdie stede toe vlug, kon hy bly lewe.

# BESKERMING TOT HOFSAAK

**OT=Num. 35:12** Dit  moet vir julle plekke wees waar  julle veilig is teen die wraak van ‘n bloedverwant van die oorledene sodat iemand wat ‘n ander se dood veroorsaak het nie hoef te sterf voordat hy sy saak voor die  bevoegde vergadering gele het nie.

# ONBEDOELDE DOODSLAG BEGAAN HET OM IN VRYSTAD TE BLY TOT DIE DOOD VAN DIE HOËPRIESTER

**OT=Num. 35:25-28**, Die vergadering moet die beskuldige bevry word uit die mag van die bloedverwant en hom terugstuur na die asielstad toe waarheen hy gevlug het. Daar moet hy bly totdat die hoëpriester die man wat met gewyde olie gesalf is gesterf het. Maar as die een wat die dood veroorsaak het hom waag buite die gebied van die asielstad waarheen hy gevlug het en die bloedverwant wat die dood wil wreek loop hom raak mag die bloedverwant hom doodmaak sonder om skuldig te wees aan moord. Die man wat die dood veroorsaak het moet in die asielstad bly tot die dood van die hoëpriester en eers na die dood van die hoe priester kan hy na sy eie grond toe teruggaan.

**32**; Julle mag ook nie loskoop geld aanneem vir iemand wat na sy asielstad toe gevlug het en voor die dood van die hoëpriester na sy grond toe teruggekeer het nie.

**Joshua 20:2-6** Julle moet nou die asielstede afstaan wat Ek julle deur Moses beveel het, sodat

iemand wat onopsetlik en sonder voorbedagte rade die dood van 'n ander veroorsaak het, daarheen kan vlug om aan die wraak van 'n bloedverwant van die oorledene te ontkom. “Wanneer so iemand na een van dié stede toe vlug, moet hy by die ingang van die stadspoort gaan staan en sy saak stel aan die leiers van die stad. Hulle moet hom dan in die stad opneem en hom 'n woonplek by hulle gee. As die bloedverwant van die oorledene hom agtervolg, moet die leiers hom nie aan die bloedverwant uitlewer as hy onopsetlik die dood van 'n ander veroorsaak het en nie kwaadgesind teen hom was nie. Die vlugteling moet in die stad bly totdat hy voor die bevoegde vergadering tereggestaan het en totdat die hoëpriester van dié tyd dood is. Eers dan mag die persoon wat die dood veroorsaak het, vry teruggaan huis toe na die stad waar hy vandaan gevlug het.”

# MOORDENAAR IS NIE BESKERM

**OT=Num. 35:30-31**;Enigeeen wat die dood van ‘n ander  veroorsaak mag slegs as moordenaar doodgemaak word op grond van die getuienis van meer as een persoon. Een getuie is nie genoeg om iemand met die dood  te straf nie. Julle mag

nie loskoop geld  aanneem vir die lewe van ‘n moordenaar wat die dood skuldig is nie. Hy moet beslis doodgemaak word.
**Deut. 19:11-13** “Wanneer daar vyandskap is tussen 'n man en sy buurman, en hy lê sy buurman voor en pak hom en slaan hom dat hy sterf, en die man vlug dan na een van hierdie stede toe, moet die leiers van sy stad hom van daar af laat haal en hom oorgee in die mag van die familielid wat die ander se dood wil wreek, en die familielid mag hom doodmaak. Jy mag hom nie genade betoon nie. Jy moet uit Israel uitroei dié wat onskuldige bloed vergiet, dan sal dit met jou goed gaan.”

# 24 TEMPLE DIENS

## PRIESTERS WORD DEUR GOD AANGESTEL VIR TEMPEL DIENS

**OT= Eseg. 2:62** Hierdie families het probeer vasstel of hulle in die registers opgeneem is, maar daar kon niks gevind word nie, en hulle is uit die priesteramp onthef.

## GEEN GEBREKE TOE GELAAT IN PRIESTERSKAP NIE

**OT=Lev. 21:17-13** se vir Aaron; ’’Geeneen van jou nakomelinge met ‘n liggaamlike tekortkoming mag ooit ‘n offer aan God bring nie. Geen persoon wat ‘n liggaamlike tekortkoming het, mag offer nie ;geen blinde of kreupele of iemand met ‘n misvormde gesig of liggaamsdeel , of met ‘n gebreekte voet of hand of met ‘n boggel of ‘n onderontwikkelde liggaam of met ‘n pêrel op die oog of met skurfte of veluitslag of ‘n beskadigde geslagsdeel nie . Geen persoon uit die priester geslag mag dus in die heiligdom ingaan om te

offer as hy ‘n liggaams tekortkoming het nie. Hy mag nie ‘n offer vir die Here sy God bring as hy ‘n liggaams tekortkoming het nie. Maar hy mag van die gewyde gawes eet, ook van die besondere gewyde gawes. Hy mag egter nie naby die voorhangsel of naby die altaar kom as hy ‘n liggaamlike tekortkoming het nie. Ek, die Here, het hierdie dinge geheilig en dit mag nie ontheilig word nie.’’

# DIE GEPASTE KLERE DEUR PRIESTERS GEDRA

**OT=Eks. 28:39-43;**Jy moet vir Aaron die priester klere van linne weef en jy moet vir hom ’n tulband van linne en ‘n geborduurde serp maak. Vir elkeen van sy seuns moet jy ‘n stel priester klere en ‘n serp maak. Jy moet vir hulle kopdoeke maak wat waardig en mooi is . Laat jou broer Aaron en sy seuns hierdie klere aantrek. Salf hulle , wy hulle en reinig hulle om vir My as priesters diens te doen. Jy moet vir hulle linnebroeke maak om hulle naaktheid te bedek. Die broeke moet van die heupe af tot by die bobene strek.

# BAD VEREIS VOOR DIE UITVOERING VAN PRIESTERLIKE PLIGTE .

**OT=Eks. 30: 19-21**; Aaron en sy seuns moet hulle hande en voete daarin was voordat hulle in die tent van ontmoeting ingaan, moet hulle hulle met die water was sodat hulle nie sterf nie. Voordat hulle na die altaar toe kom vir hulle diens om ‘n vuuroffer vir My ,die Here, aan die brand te steek, moet hulle hulle hande en hulle voete was sodat hulle nie sterf nie. Dit is ‘n blywende voorskrif vir hulle en vir hulle nageslagte.

# PRIESTER MOET N MAAGD TROU.

**OT=Lev. 21:14**;Met ‘n weduwee, ’n geskeide vrou ’n vrou wat nie meer ‘n maagd is nie , of met ‘n prostituut mag hy nie trou nie. Hy mag alleen met ‘n maagd uit sy eie stam trou,

# DIE LEVIETE AANGESTEL OM DIE DIENSWERK TE DOEN

**OT=Num. 1:50**; Jy moet die Leviete aanstel om toesig te hou oor die tabernakel met die getuienis , oor al sy gereedskap en al sy toebehore. Hulle

moet die tabernakel en sy gereedskap dra; net hulle moet daarmee werk en hulle moet hulle tente rondom die tabernakel opslaan.

# PLIGTE VAN DIE HOE PRIESTER DIENS VAN DIE HEILIGDOM

**OT=Eks. 27:21**; In die tent van ontmoeting, net buite die voorhangsel wat voor die getuienis hang, moet Aaron en sy seuns die lampe van die aand af tot die more toe voor My laat brand. Dit is ‘n voorskrif wat vir altyd geld vir die hele Israel.

# VERGIFNIS VAN SONDE

**OT=Lev. 14:19** Daarby moet die priester ook die sonde offerlam offer en so versoening doen vir die persoon wat gereinig word.

# BIED GAWES EN OFFERS VIR DIE HERE

**NT=Heb. 5:1**;Elke hoëpriester is ‘n mens wat uit die mense geneem en aangestel word om vir hulle by God in te tree deur gawes en offers vir die sonde te bring.

# LEER DIE WET AAN ISRAEL.

**OT=Lev. 10:11** Julle moet al die voorskrifte wat die Here deur Moses aan julle gegee het vir die Israeliete leer.

# SEEN DIE MENSE

**OT=Num.6:22-27** Die het vir Moses gesê; ’’Se vir Aaron en sy seuns; So moet julle se wanneer julle die Israeliete sien ;Die Here sal julle seën en julle beskerm die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee! So moet die priesters my Naam oor die Israeliete uitroep, en Ek sal hulle seën.’’

# SALF DIE KONING

**OT=I Kon 1:34** en laat die priester Sadok en die profeet Natan hom daar tot koning oor Israel salf . Dan moet julle die ramshoring blaas en roep: ’’Lank lewe koning Salomo!’’



DEUR RUAN KLOPPERS

# WETTE VAN DIE BYBLE

*direk uit die Byble uit*